'N HISTORIES-KRITIESE STUDIE VAN DIE GESKIEDENISLEERGANG VAN DIE TRANSVAALSE MIDDELBARE ONDERWYS 1859 - 1967

PHILIP CAREL SMIT M.A., M.Ed.

PROEFSKRIF INGEDIEN BY DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS TER GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOCTOR EDUCATIONIS

1971

PROMOTOR:

PROF. DR. B.C. SCHUTTE

AAN: AZIZZA

VOORWOORD

Aanvanklik is hierdie studie onderneem onder leiding van proff. drr. J. Chris Coetzee en H.J.J. Bingle. Ek bedank albei die professore vir hulle hulp, leiding en beplanning asook vir die latere belangstelling.

Later het prof. dr. B.C. Schutte as my promotor opgetree. My diepe erkentlikheid en dankbaarheid betuig ek aan professor Schutte vir sy leiding, simpatieke en positiewe kritiek en bemoediging.

Graag erken ek die ad hoc-toekenning vir navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap asook 'n studielening van die Transvaalse Onderwysdepartement wat my in staat gestel het om die onderwerp in die buiteland te gaan ondersoek.

Die personeellede van die biblioteke van die Potchefstroomse Universiteit, die Universiteit Pretoria, die Transvaalse Onderwysdepartement en die Institute of Education, London, word hartlik bedank vir die leen en aanstuur van lektuur. Die personeellede van die Staatsargief Pretoria het my baie gehelp en word ewe-eens bedank. Persoonlike onderhoude met Geskiedenisonderwysers, lektore, professore, inspekteurs van onderwys, skoolhoofde, te veel om op te noem, word met dankbaarheid erken.

Ook bedank ek mnr. P.J. van Zyl Hattingh vir die versorging van die taal, my eggenote wat my daadwerklik en moreel gesteun, gedra en verdra het en die voltooiing van hierdie proefskrif moontlik gemaak het en mev. Tina Viljoen vir die tikwerk.

Ten slotte bring ek my diepe dankbaarheid aan Hom, Ons Aller Heer en Vader, vir die genade geskenk om die studie te voltooi.

Die skrywer.

Randfontein.
1971.

INLEIDING

Hierdie werk kan slegs die voorloper of wegbereider wees op 'n terrein wat nog braak lê. Daar is wel baie deur onderwysers, eksaminatore, inspekteurs van onderwys en doserende lede van ons opleidingskolleges en universiteite oor Geskiedenis op skool geskryf.[1] Nieteenstaande 'n paar verhandelinge en proefskrifte[2] oor hierdie genoemde vak aangebied, is daar nog ruim geleentheid vir navorsing.[3]

So 'n studie tesame met gedagtes wat dit mag uitlok, asook bydraes van pedagoë kan meehelp dat 'n geheelbeeld oor die Geskiedenisleergang ontstaan. Daarna kan later tot 'n beter benadering van die waarheid of werklikheid geraak word. Daar is nie so iets soos 'n "laaste woord" oor hierdie onderwerp nie, te meer daar geskiedenis altyd oor en oor geskryf moet word.[4] Die verlede as werklikheid kan immers nooit absoluut benader word nie.[5]

Die doel met hierdie proegskrif is om die ontwikkeling van die Transvaalse provinsiale onderwys se Geskiedenisleergang, soos dit in verskillende leergange gestel en deur verskillende opvoedkundiges vertolk is, aan te dui. Die vernaamste tendense sal vasgestel word en die geleidelike ontwikkeling, indien enige, aangetoon word. Die finale Geskiedenisleergang 1967 sal aan die kriteria vir die opstelling van 'n Geskiedenisleergang getoets en beoordeel word. Ten laaste sal geprobeer word om die tendense van 'n volgende Geskiedenisleergang aan te toon.

/Ten einde.....

---

1. Van Jaarsveld, F.A . Die Afrikaner en sy geskiedenis, p.12.
2. Sien brommelys.
3. Van Jaarsveld, F.A. Haastige oordeel in die geskiedskrywing. Historia. 111, nr. 1. Maart 1958, p.1.
   Bosman, I.D. Enkele probleme by die geskiedenisonderrig. Historiese Studies. 111, nr. 1, Junie 1947, p.26.
4. Kruger, D.W. Geskiedenis: Werklikheid en beeld. Historia. 11. nr. 2. September 1957, p. 100. (Hy haal Leopold von Ranke aan).
5. Bosman, op. cit., p.27.
6. Van Rooyen, T.S. Verandering - 'n historiese "wet". Historia. IX. nr. 3. September 1964, p.189.

Ten einde hierdie doeleindes te bereik, word saaklik gestel:

(a) Die opsporing van die vorige en bestaande Geskiedenisleergange soos aangedui in primêre of sekondêre bronne of soos van hulle afgelei;

(b) die ontwikkeling van die leergang tot 1967;

(c) en 'n leergangsamestelling vir Geskiedenis in soverre die verstandelike, die geestelike en fisiese vermoëns van die middelbare skoolkind, die aard van die leerstof en die onderrigmetodes dit moontlik maak.

Met die oog op die aanduiding van die ontwikkeling van die Geskiedenisleergang asook die vasstelling van die tendense in die opstelling van die Geskiedenisleergang, is sowel die bestaande doeleindes vir Geskiedenisonderrig as die kriteria waarop hulle gefundeer is, opgespoor. Na aanleiding hiervan is nuwe kriteria vir die keuse van rangskikking van die leerstof vir Geskiedenis as leergang geformuleer teen die agtergrondse kennis in verband met die vereistes van die doelstellings, die vermoëns en behoeftes van die opvoedeling en die vereistes van die universiteit en die gemeenskap. Daarby is die huidige gedifferensieerde leergang van die Transvaalse Onderwysdepartement[1] ook aan die nuutgeformuleerde kriteria vir keuse en rangskikking van inhoud ten opsigte van sy doelmatigheid al dan nie getoets. Met die rangskikking van die verkreë resultate sal daar aangetoon word hoe die leergang ontwikkel het tot wat dit tans is en hoe dit bes moontlik volgens die onderliggende tendense verder sal ontplooi.

---

1. T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis Sts. IX en X.
Uitgegee 1967.
T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis Sts. VI - VIII.
Uitgegee 1967.

INHOUDSOPGAWE iv-xvii

VOORWOORD i

INLEIDING ii-iii

HOOFSTUK 1

DIE ONTWIKKELING VAN DIE GESKIEDENISLEERGANG VIR DIE MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL 1836 - 1920

A Inleiding. 1

B Die tydperk (1836 - 1881) toe daar nog nie middelbare onderwys in die volle sin van die woord was nie. 1

C Die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek gevestig (1881 - 1899). 6

D Die laaste fase van die Engelse Oorlog tot die verkryging van verantwoordelike regering (1900 - 1906). 12

1. Die Kampskole (1901 - 1902). 12
2. Die Kroonkolonieskole (1902 - 1906). 13
3. Die C.N.O.-skole (1902 - 1907). 17

E Verantwoordelike Bestuur (1906 - 1910). 18

F Die tydperk van konsolidasie (1910 - 1921). 20

1. Indeling van skole en klasse. 20
2. Medium. 22
3. Matrikulasie. 22

(A) Die 1912-leergang. 23
(B) Die 1913-leergang. 23
(C) Die 1914-leergang. 23
(D) Die 1917-leergang. 31
(E) Die 1918-leergang. 31

HOOFSTUK II

DIE GESKIEDENISLEERGANG VIR DIE MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL 1920 - 1968. 33

A Inleiding. 33

B Die Era 1920 - 1930, 33

1. Die Middelbare skoolsertifikaat. 33
Die Geskiedenisleergang van die Transvaalse Middelbare Skoolsertifikaat 1921 - 1922. 34
Die leergange vir 1926, 1927 en 1929 - 1930. 36
Die leergange vir 1931 - 1933. 36
2. Die Intermediêre Skool. 37
Die Geskiedenisleergang vir die Intermediêre skool 1925. 38

C Era van die Juniorsertifikaat-eksamen en die Eindsertifikaat-eksamen van die Middelbare Skool 1932 - 1950. 41
1. Die Juniorsertifikaateksamen 1934. 42
Die Geskiedenisleergang 1938. 44
2. Die Transvaalse Eindsertifikaat-Eksamen. 46
Die 1934 - 1935-leergang. 47
Die 1949 - 1952-leergang. 47

D Era van die Gedifferensieerde Onderwys op die Middelbare skool van Transvaal 1950 - 1968. 48
Die gedifferensieerde leergang vir die Middelbare Skool in Transvaal 1959. 49
Die Geskiedenisleergang. 50
Eksamen vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool. 55

E Inlui van nasionale onderwys. 64

HOOFSTUK III

DOELSTELLING VAN DIE GESKIEDENISONDERWYS 66
A Inleiding. 66
1. Geskiedenis. 66
2. Geskiedenis as skoolvak. 67

3. Die waarde van Geskiedenis as skoolvak. 67

B Oorsig oor bestaande doelstellings in die Geskiedenis-onderwys. 70

Inleiding. 70

1. Doelstellings soos van die Transvaalse Geskiedenis-leergange afgelei. 71

(A) Algemeen-vormend. 71

(B) Teleologiese-vorming. 71

(C) Religieuse-vorming. 72

(D) Etiese vorming. 72

(E) Emosionele vorming. 72

(F) Denke. 73

(G) Logiese vorming. 73

(H) Ontwikkeling van die verbeelding. 73

(I) Vorming van historiese begrip en historiese sin. 73

(J) Bewuswording van kontinuïteit. 73

(K) Bepaalde historiese kennis. 74

(L) Om die beskawing te verstaan. 74

(M) Vorming van vaderlandsliefde. 74

(N) Heldeverering. 75

(O) Nasionale vorming. 75

(P) Vorming van burgerskap. 75

(Q) Politiese vorming. 75

(R) Sosiale vorming. 75

(S) Vryetydsbesteding. 76

(T) Persoonlike gesindheid. 76

2. Vergelyking van die doelstellings van die Transvaalse Geskiedenisleergange met die van die ander provinsies en Engeland. 76

(A) Algemeen vormend. 76

(B) Teleologiese vorming. 77

(C) Religieuse vorming. 77

(D) Etiese vorming. 78

(E) Emosionele vorming. 78
(F) Denke. 78
(G) Logiese vorming. 79
(H) Ontwikkeling van die verbeelding. 79
(I) Vorming van 'n historiese begrip. 79
(J) Bewuswording van kontinuïteit. 80
(K) Bepaalde historiese kennis. 80
(L) Om die beskawing te verstaan. 80
(M) Vorming van vaderlandsliefde. 80
(N) Heldeverering. 81
(O) Nasionale vorming. 81
(P) Vorming tot burgerskap. 81
(Q) Politiese vorming. 81
(R) Sosiale vorming. 81
(S) Vryetydsbesteding. 81
(T) Persoonlike gesindheid. 82

3. Ontbrekende doelstellings van die Transvaalse Geskiedenisleergange. 82
(A) Psigologiese vorming. 82
(B) Wetenskaplike vorming. 82
(C) Belangstelling in die geskiedenis. 82
(D) Kulturele vorming. 82
(E) Historiese gesindheid. 83
(F) Internasionale vorming. 83
(G) Filosofiese vorming. 83

C Samevatting. 83
1. In Engeland. 83
2. In Suid-Afrika. 84
(A) Algemene doelstellings. 84
(B) Besondere doelstellings. 86

D Algemene opmerkings. 87
Inleiding. 87
1. Teleologiese doelstellings. 87

2. Godsdienstige vorming. 87
3. Nasionale eenheid tussen Afrikaners en nie-Afrikaners. 87
4. Internasionalisme. 87
5. Historiese begrip. 88
6. Vorming van intelligente lesers. 88
7. Die Transvaalse leergange stel min gemotiveerde doelstellings. 88

E Gevolgtrekkings. 88

HOOFSTUK IV

DIE PSIGOLOGIES-SOSIOLOGIESE KRITERIA VIR DIE KEUSE VAN LEERSTOF. 91

A Inleiding. 91
B Psigologiese vereistes. 92
1. Die adolessent van 12 tot 18 jaar. 92
2. Indeling van middelbare skoolleerlinge. 93
3. Karakteristiek van die twee groepe adolessente, juniors en seniors. 95
(A) Liggaamlike ontwikkeling. 97
(B) Taalontwikkeling. 97
(C) Die kenlewe. 98
(D) Die gevoelslewe. 102
(E) Die strewingslewe. 106
(F) Die adolessente persoonlikheid. 115
(G) Onderlinge verskille tussen adolessente. 116
Samevatting 116
4. Die opvoedkundige implikasies van die kenmerke van die adolessent. 117
5. Psigologiese kriteria vir leerstofkeuse. 121
(A) Kennis van die verlede moet voorsien word. 121
(B) Geleentheid vir die ontwikkeling van gewenste houdings en gesindhede. 121
(C) Voorsiening moet gemaak word vir onderlinge verskille. 122

C Sosiologiese vereistes. 123

1. Die Transvaalse gemeenskap gesien teen die agtergrond van die wêreldgemeenskap. 123
2. Samevatting. 127
3. Die opvoedkundige implikasies van die kenmerke van die gemeenskap. 128
4. Die sosiologiese kriteria vir leerstofkeuse. 129

D Formulering van Psigologies-sosiologiese kriteria vir leerstofkeuse. 130

1. Bepaalde historiese kennis moet verskaf word. 130
2. Keuring van leesstof moet aangeleer word. 130
3. Gewenste houdings en gesindhede moet ontwikkel word. 131
4. Voorsiening moet gemaak word vir indiwiduele verskille. 131
5. Die natuur moet benut word. 131
6. Die strewingslewe moet in ag geneem word. 131

HOOFSTUK V

BEPALING VAN DIE KRITERIA VIR DIE KEUSE VAN LEERSTOF.

A Inleiding. 132

B Oorsig van bestaande kriteria vir leerstofkeuse. 132

1. Die leerstof moet gekies word in ooreenstemming met 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. 132
2. Die leerstof moet gekies word in ooreenstemming met die doel. 132
3. Die vereistes van die moderne gemeenskap moet in ag geneem word. 134
4. Die vermoëns, belangstelling en behoeftes van die opvoedeling moet in ag geneem word. 134
5. Die leerstof moet met ander vakke gekorreleer word. 134

6. Die leerstof moet nuttig wees vir indiwidu en gemeenskap. 135
7. Die kronologiese orde moet in ag geneem word. 135
8. Die leerstof moet probleemoplossing bevorder. 135
9. Dit moet die leerlinge aktiveer. 136
10. Dit moet by vorige opgedane kennis aansluit. 136
11. Die induktiewe en deduktiewe metodes moet aangewend kan word. 136
12. Die leerstof moet geleentheid bied vir oordrag van oefening. 136
13. Die leerstof moet die vereistes van die universiteite in ag neem. 136
14. Die leerstof moet voorsiening maak vir onderlinge verskille. 138
15. Die leerstof moet voldoende geleentheid verskaf om 'n woordeskat op te bou wat by Geskiedenis tuishoort. 139
16. Die ooreenstemming tussen bestaande leergange moet in ag geneem word. 139
(A) Samevatting. 149
(B) Ontleding en vergelyking. 153
17. Die leerstof moet die geskiedenis tot die hede voer. 153
18. Die leerstof moet lei tot die vorming van wêreldburgerskap. 155
19. Die leerstof moet aanneemlik wees vir al die bevolkingsgroepe. 155
20. Aardrykskundige faktore moet in aanmerking geneem word. 156
21. Doeltreffende leerboeke moet opgestel kan word. 156
22. Die leerstof moet die bestaande Geskiedenis-metodiek in ag neem. 156
Inleiding. 156

1. Algemene metodes. 157

(A) Die biografiese metode. 157

(B) Die pragmatiese metode. 159

(C) Die genetiese metode. 160

(D) Die kronologies-progressiewe metode. 161

(E) Die onderwerpstudie-metode. 163

(F) Die Kronologies-degressiewe metode. 165

(G) Die konsentriese onderwysprosedure. 165

(H) Die kultuur-historiese prosedure. 166

(I) Die ontwikkelingslyne-prosedure. 166

(J) Die Happold-plan. 166

(K) Bronnestudie. 167

(L) Die globale metode. 167

(M) Geskiedenis volgens die almanak. 168

2. Besondere metodes. 168

(A) Die leerboekmetode. 168

(B) Die vertelmetode. 168

(C) Aantekeninge. 169

(D) Die onderwerpmetode. 169

(E) Die bronnemetode. 170

(F) Die probleemmetode. 170

(G) Die vraag- en antwoordmetode. 171

(H) Die laboratoriummetode. 171

(I) Oorsaak en gevolg. 171

(J) Korrelasie. 172

3. Hulpmiddele. 172

(A) Atlasse en kaarte. 172

(B) Uitstapies. 172

(C) Rolprente. 172

(D) Stilokiesfilms. 173

(E) Radio. 173

(F) Museums. 173

(G) Prente-kabinette. 173

(H) Biblioteek. 173

(I) Albums. 174
(J) Illustrasies. 174
(K) Hulpmiddels by die aanleer van tydsbesef. 174
(L) Dramatisering. 175
(M) Sandtafels. 176
(N) Modelle. 176

4. Meting. 176
(A) Eksamens. 176
(B) Die stel van vrae. 177
(C) Beoordeling. 178
(D) Die invloed en uitwerking van eksterne eksamens. 178
(E) Interne eksamens. 179
(F) Gestandaardiseerde toetse. 180
5. OPMERKINGS. 180

HOOFSTUK VI
BEPALING VAN DIE KRITERIA VIR DIE RANGSKIKKING VAN LEERSTOF.

A Inleiding. 181
B Doel van leerstoforganisasie. 181
C Die adolessent en leerstoforganisasie. 182
D Die opvoedkunde en die leerstoforganisasie. 183
1. Van die bekende na die minder bekende. 183
2. Motivering. 183
3. Analitiese ordening. 183
4. Integrasie van leerstof. 183
5. Korrelasie. 183
6. Eenhede of onderwerpe of strominge. 183
7. Probleemoplossing bevorder. 184
8. Induksie en deduksie 184
9. Selfwerksaamheid bevorder. 185
10. Verveling vermy. 185
E Ontleding van die beskouing oor leerstoforganisasie. 185
1. Organisasieplan. 185
2. Psigologiese plan. 186
F Formulering van kriteria vir die rangskikking van die leerstof. 186

G Algemeen aanvaarde stellings en menings oor die samestelling van 'n Geskiedenisleergang. 189

HOOFSTUK VII

KRITIESE BESKOUING VAN DIE FINALE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG 1967.

A Die Transvaalse Geskiedenisleergang getoets aan die kriteria vir leerstofkeuse. 193

1. Inleiding. 193
2. Doelstellings van die Transvaalse leergang. 193
3. Toetsing van die Transvaalse Geskiedenisleergang aan die kriteria vir leerstofkeuse. 194

(A) Die lewens- en wêreldbeskouing. 194
(B) In ooreenstemming met die doelstellings. 194
(C) Vereistes van die moderne gemeenskap. 194
(D) Vermoëns van die leerlinge in ag geneem. 194
(E) Korreleer met ander vakke. 195
(F) Nuttig. 195
(G) Kronologiese geheelbeeld. 195
(H) Probleemoplossing. 195
(I) Aktivering. 195
(J) Sluit by bekende aan. 195
(K) Assosiasievorming moontlik. 196
(L) Sluit aan by die leerstof van die universiteite. 196
(M) Voorsiening vir onderlinge verskille. 196
(N) Aanbieding van die leerstof. 197
(O) Uitbreiding van woordeskat. 203
(P) Stem ooreen met leergange van die ander provinsies. 203
(Q) Nie vir alle dele van die bevolking aanvaarbaar nie. 203
(R) Wêreldgeskiedenis ingesluit. 204

(S) Internasionalisme nie bevorder nie. 204
(T) Erkende praktyke en metodes moontlik. 204
(U) Evalueringsmoontlikhede. 204
(V) Moet in samehang met Aardrykskunde geleer word. 205
(W) Die leerstof moet geredelik in leerboeke aangebied word. 205
4. Tekortkominge van die leerstofkeuse van die Transvaalse Geskiedenisleergang. 205
(A) Geheelbeeld ontbreek. 205
(B) Fragmentariese aanbieding. 205
(C) Nie van bekende na minder bekende nie. 205
(D) Nie eietydse geskiedenis nie. 205
(E) Aanslae van die Tweede-Wêreldoorlog ontbreek. 205
(F) Sekere grootmoonthede nie ingesluit nie. 205
(G) Latyns-Amerika se geskiedenis weggelaat. 206
(H) Herkoms van die Indiërs ontbreek. 206
(I) Herkoms van die slawe ontbreek. 206
B Die Transvaalse Geskiedenisleergang getoets aan die kriteria vir die rangskikking van die leerstof. 206
. Inleiding. 206
(A) Voortreflikhede van die Transvaalse leergang. 206
(1) Voldoen aan psigologiese kriteria. 206
(2) Voldoen gedeeltelik aan die konsentriese indeling. 206
(3) Is kronologies-progressief. 206
(4) Kousaliteitsbeginsel in aanmerking geneem. 206
(5) Leerstof in tydperke ingedeel. 206
(6) Tematiese behandeling. 206
(7) Oorsigtelike behandeling van sekere gedeeltes. 206
(8) Erkende metodes aangewend. 206
(9) Help sosiale vorming. 206
(10) Lewens- en wêreldbeskouing moontlik. 206
(11) Kernleerstof kan aangebied word. 207

(12) Motivering kan aangedui word. 207
(13) Korrelasie moontlik. 207
(14) Indeling in eenhede. 207
(15) Induksie en deduksie moontlik. 207
(16) Selfwerksaamheid kan beoefen word. 207
(17) Afwisseling. 207
(B) Leemtes in die organisasie van die Transvaalse Geskiedenisleergang. 207
1.) Gaan nie uit van die bekende nie. 207
(2) Nie logiese indeling nie. 207
(3) Bevorder nie gestelde historiese begrippe nie. 207
(4) Leerstof word brokstukgewyse aangebied. 207
(5) Nie analities nie. 207
(6) Sluit nie met die eietydse geskiedenis af nie. 207
(7) Sekere gestelde aktiwiteite onuitvoerbaar. 207
Gevolgtrekking. 208

HOOFSTUK VIII

VERNAAMSTE TENDENSE IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE GESKIEDENISLEERGANG IN DIE TRANSVAALSE PROVINSIALE ONDERWYS EN TENDENSE VAN 'N VOORGESTELDE LEERGANG.

A Inleiding. 209
1. Opvallende tendense van die Transvaalse Geskiedenisleergang. 209
2. Moontlike rigtings waarin die Geskiedenisleergang ontwikkel. 212
3. Faktore wat by die samestelling van 'n toekomstige Geskiedenisleergang in aanmerking geneem kan word. 213

B Leerstof gekies volgens kriteria vir leerstofkeuse. 214

C Die rangskikking van die inhoud. 214
1. Kronologies-regressief. 214
2. Kronologies-progressief. 214

3. Konsentries. 214
4. Hooftrekke van die geskiedenis 214
5. Slegs breë trekke vir elke standerd. 214
6. Verwysing na vorige en latere gebeurtenisse. 214

D Tentatiewe leergang. 215

E Meting. 216

F Die leergang verantwoord. 217
1. Tekortkominge. 217
(A) Nie van die bekende na die minder bekende nie. 217
(B) Nie kronologies-regressief nie. 217
(C) Te lank. 217
(D) Voldoen nie genoegsaam aan die konsentriese vereistes nie. 217
(E) Geen vaste plan nie. 218
(F) Meting moeilik. 218
(G) Geen differensiasie nie. 218
2. Voortreflikhede. 218
(A) Kronologies-progressief. 218
(B) Behou kontinuïteit en die kousale. 218
(C) Stem ooreen met ander leergange. 218
(D) Prikkel die leerlinge se belangstelling. 218
(E) Voldoen aan die gestelde doelstellings. 218
(1) Gee perspektief aan die verlede. 219
(2) Verbind die verlede met die hede. 222
(3) Kweek gesonde burgerskap aan. 222
(4) Vaderlandse geskiedenis beklemtoon. 222
(5) Rasseverhoudeninge toegelig. 222
(6) Gee geleenthede vir die vorming van eie lewens- en wêreldbeskouing. 223
(7) Prikkel die denke. 223
(8) Oriëntering. 223
(9) Wêreldgeskiedenis ingesluit. 223
(10) Eietydse geskiedenis ingesluit. 224

(11) Seleksie deur leerlinge. 224
(12) Interpretasie van die geskiedenis. 224
(13) Belangstellingsfere. 225
(14) Historiese insig word verkry. 225
(F) Metodiek van onderrig. 226
(G) Hulp- en leermiddels 226
(H) Die vakonderwysers se aandeel in die opstelling van die leergang. 226
G SAMEVATTING. 226
H SLOT. 226

BYLAES.
Bylae 1. (1)
Bylae 11. (7)
Bylae 111. (22)

CONCISE SUMMARY. (27)

BIBLIOGRAFIE.
1. LITERATUURVERWYSINGS
A. Boeke. (29)
B. Tydskrifte en koerante (35)
C. Ongepubliseerde verhandelinge en proefskrifte (42)
D. Amptelike publikasies van die Zuid-Afrikaansche Republiek. (45)
E. Amptelike publikasies van die Transvaalse Onderwys Departement. (45)
F. Jaarverslae van die Transvaalse Onderwys - departement. (46)
G. Transvaalse leergange. (47)
H. Transvaalse Onderwyskommissies. (50)
I. Britse amptelike verslae. (51)
J. Persoonlike onderhoude. (52)
2. ANDER BRONNE. (53)

HOOFSTUK I

DIE ONTWIKKELING VAN DIE GESKIEDENISLEERGANG VIR DIE MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL 1836 - 1920

A. INLEIDING

Hierdie tydvak van die onderwys in Transvaal word in vyf afdelings behandel. Ten eerste word die jare 1836-1881 behandel toe daar nog nie eintlik middelbare onderwys as sodanig was nie. Naas ander vakke is Geskiedenis tog wel in die skole onderrig. Ten tweede is Geskiedenis as skoolvak van 1881 tot 1899 vir die middelbare onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek volgens goedgekeurde leergange voorgeskryf. Ten derde is vir die jare 1900-1906, dit wil sê, van die laaste fase van die Engelse Oorlog af tot die verkryging van verantwoordelike regering in Transvaal, in die middelbare skool van hierdie provinsie eintlik nog nie 'n eie Geskiedenisleergang aangebied nie. Ten vierde is van 1906 tot 1910 Geskiedenisleergang tog vir die laer klasse van die middelbare skool ingestel. Wat die Transvaalse Matrikulasie-eksamen betref, moes leerlinge die Geskiedenisleergang bestudeer soos deur die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop voorgeskryf. Gedurende die vyfde tydvak, nl. die tydperk van konsolidasie 1910-1920, het laerskole met middelbare afdelings en selfstandige middelbare skole Geskiedenis volgens eie leergange onderrig. Die matrikulante van hierdie twee tipes skole moes, om toelating tot die universiteit te verkry, die eksamen van die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop aflê.

B. DIE TYDPERK (1836-1881) TOE DAAR NOG NIE MIDDELBARE ONDERWYS IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD WAS NIE

Daar kan nie met sekerheid vasgestel word dat die Trekkers se kinders Geskiedenis geleer het nie. G.M. Theal is die mening toegedaan dat die Voortrekkers hulle kinders die geskiedenis van Israel meegedeel het. Sowel die Voortrekkers as die Israeliete het in 'n mate 'n nomadiese bestaan gevoer. Die Bybel, die bron waaruit die

/Trekkers.....

Trekkers hul geskiedenis gehaal het, was byderhand.[1)]

Wat die Transvaalse kinders van hulle eie Vaderlandse geskiedenis sedert 1834 geweet het, kon meestens deur oorkonde geskied het[2)] daar slegs De Lima se „Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop," in 1825 uitgegee, bestaan.[3)]

Reeds in 1856 pleit Lauts dat die geskiedenis van die voormuers, nl. die Trekkers, geleer moet word. Dit sou volgens hom dan die grondslag van 'n eie nasionaliteit vorm. Hy beweer dat die leer van Geskiedenis en kennis van die Hollandse Taal vir 'n eie nasionale opvoeding noodsaaklik is.[4)] Die Skoolkommissie van 1859 het dan ook vaderlandse geskiedenis naas algemene geskiedenis in sy leergange ingesluit.[5)]

In twee Geskiedenisboeke is die geskiedenis van die vaderland behandel, nl. :

1. Die bekende boek van J. Stuart : „De Hollandsche Afrikanen en hunne republiek in Zuid-Afrika." In hierdie boek met meer as vierhonderd bladsye word die lotgevalle van die Voortrekkers tot 1835 behandel.[6)]
2. U.G. Lauts : „De Kaapsche landverhuizers" van honderd agt en dertig bladsye. In saaklike aantekeninge word die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 1843 behandel.[7)]

/Die .....

1. Theal, G.M. History of South Africa, dl.v, p.225.
2. Onderwysdepartement van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Voortaan as O.D. aangedui). Rapport van H. van der Linde oor onderwys-toestande. Staatsargief, O.D.1/2.
3. De Lima, J.S. Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop.
   Raubenheimer, A.T. Die Geskiedenisboek op skool, p.5.
4. De Zuid-Afrikaan. Nr. 47. 28 April 1857.
5. Malherbe, E.G. Education in South Africa 1852-1928, p.229.
   Lugtenburg, A.H. Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, p.62.
6. Stuart, J. De Hollandsche Afrikanen en hunnen republiek in Zuid-Afrika.
7. Lauts, U.G. De Kaapsche landverhuizers of Neerlands afstammelingen in Zuid-Afrika.

Die kerkskole van die Gereformeerde Kerk wat omstreeks 1864 ontstaan het,[1] het die geskiedenis van Suid-Afrika, veral die van Transvaal en die hoofgebeurtenisse uit die Algemene Geskiedenis, in sy leergange ingesluit.[2] Presies watter leerstof behandel is, weet ons nie. Destyds is Geskiedenis in die Kaapkolonie onderrig en latere Trekkers en toggangers kon Geskiedenisboekies van die Kaapse skole saamgebring het. In die 1858-eksamens van die Board of Public Examiners is Geskiedenis afgeneem.[3]

Die Transvaalse onderwyswet van 1866 vir goewermentsonderwysers verplig die onderwysers om Geskiedenis te onderrig,[4] maar die reglement van 1867, wat die onderwys nader bepaal, maak geen melding van die onderrig van Geskiedenis nie.[5]

Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar van middelbare onderwys tot op daardie datum nog geen sprake was nie. Wel het eerwaarde J. Harris Wills wat 'n "grammar school" gestig het, middelbare onderwys in die vooruitsig gestel. Hiervan het min tereg gekom.[6]

Die bekende onderwyswet van president T.F. Burgers van 1874 het voorsiening vir die onderrig van Geskiedenis gemaak vir sowel die laer as die middelbare onderwys. Die leerstof was vaag omskryf.[7]

(A) Gewone laer onderwys: Beginsels van Geskiedenis.
Dit is vir wykskole bedoel;

(B) Meer uitgebreide laer onderwys (daarmee is distrikskole bedoel) :
Beginsels van die Geskiedenis;

(C) Hoër onderwys : Beginsels van die Geskiedenis, Algemene Geskiedenis en die geskiedenis van die Letterkunde.

/Vir .....

---

1. Staats Courant. Nr. 86, 28 Februarie 1865,p.2.
2. Coetzee, J.Chris. Die gereformeerde beginsel en onderwys in Transvaal 1859-1937, p.16.
3. Coetsee, A.G. Die geskiedenis van die middelbare onderwys in Transvaal 1902-1932,p.41.
4. Staats Courant. Byvoegsel, nr. 165, afdeling artikel 2, 4 September 1866.
5. Staats Courant. DL.X, nr. 213, 21 Augustus 1867.
6. Lugtenburg, op. cit.,p.80.
7. Zuid-Afrikaansche Republiek. Localen wetten, 577. 16 Desember 1874.

Vir die onderwyserseksamens word die volgende vereis:

(A) Onderwysersderdeklas : Bekendheid met die hoofpunte van die Algemene en veral van die Vaderlandse Geskiedenis in die algemeen;

(B) Onderwyserstweedeklas : Bekendheid met die hoofpunte van die Algemene en veral die Vaderlandse Geskiedenis en hulle onderlinge verband;

(C) Onderwyserseersteklas : Bekendheid met die hoofpunte van die geskiedenis in die algemeen en hulle onderlinge verband en met die Vaderlandse Geskiedenis in die besonder. Algemene Geskiedenis en geskiedenis van die Letterkunde.

Wat met die "beginsels van Geskiedenis" bedoel was, kon nie vasgestel word nie. Volgens Theal moes dit die geskiedenis van Isreal gewees het.[1] Dit kon ook die skeppingsverhaal en die eerste lotgevalle van die mens gewees het.[2]

Die vraag ontstaan of hierdie leergange vir die onderwyserseksamens as middelbare onderwys beskou kan word.

As in aanmerking geneem word dat Standerd III toentertyd as die afsluiting van die laerskool beskou is en Standerd VI toelating tot die Onderwysersderdeklas-eksamen verleen het, was hierdie eksamen van middelbare gehalte.

Omdat Transvaal in 1877 deur Engeland geannekseer is, kon president Burgers se onderwysstelsel nie ten volle uitgevoer word nie.

Gedurende die daaropvolgende Interimregering (1877-1881) het Vacy Lyle, die Superintendent van Onderwys onder die Britse regime, die bestaande onderwys nie onderbreek nie maar met Burgers se ingeslane weg voortgegaan.[3] Heelwat aandag is aan die onderwys van Geskiedenis gewy. In sy omsendbrief nr. 23, vra Lyle die onderwysers se menings oor die geskiktheid van skoolboeke.[4]

Hier en daar is Geskiedenisboeke aanbeveel. A. Noble beveel Collier se "History of England, Part I and Part II" aan.[5] Nog 'n onderwyser vra G.R. Cleig se "Life of Wellington" aan.[6]

/Collier.....

---

1. Theal, op.cit.,p.225.
2. Staats Courant. Nr.116. 3 Mei 1883,p.222.
3. Bot, A.K. Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836-1951,p.13.
4. O.D.1/2,255/a-255t. 10 en 12 Oktober 1877.
5. O.D.1/2,255/j. 14 November 1877.
6. O.D.255 ac.

Collier se lywige boek beslaan 237 bladsye waarin die geskiedenis van die Christelike era tot ongeveer 1860 behandel word.[1] Cleig se boek van 341 bladsye is 'n biografie van Wellington.[2] Collier se "History of the British Empire" het uit nege dele met sestig hoofstukke bestaan. Die geskiedenis word in tydvakke, met lyste van skrywers, kunstenaars en uitvinders ingedeel.[3]

Hierdie Geskiedenisboeke het Algemene Geskiedenis en Britse Geskiedenis geleer, maar geen geskiedenis van Suid-Afrika nie.

Toe ds. H.P. Bosman in 1879 Lyle opvolg,[4] het hy die volgende boeke voorgeskryf.[5]

(A) Cleig: "History of England, I and II."

(B) Juta: "History of England." [6]

(C) White: "Outline of History."

(D) Rose, J.H. "Verhalen uit de Algemeene Geschiedenis voor scholen en huisgezinnen" wat in 1877 gedruk is.

Rose se boek van 92 bladsye het 'n godsdienstige strekking wat die Ou Geskiedenis, Europese Geskiedenis tot 1815 en een hoofstuk oor die geskiedenis van "Ons Vaderland" behandel.[7]

(E) Theal, C.M.: "Compendium of South African History and Geography" wat in 1874 en weer in 1877 uitgegee is.[8]

(F) du Toit, S.J.: "Di geskiedenis fan ons lant in di taal van ons folk" wat in 1877 verskyn het.[9]

(G) Wilmot, A.: "History of the Cape Colony, for use in schools." Hierdie werk bestaan uit 122 bladsye met 29 hoofstukke. Dit behandel die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die Portugese se ontdekkingsreise om die Kaap tot die Sandrivier Konvensie 1854 en die Kaapse geskiedenis tot 1878.

(H) Noble, J.: "Zuid-Afrika, zijn verleden en zijn heden, eene beknopte geschiedenis van de Europesche volksplantingen aan de Kaap, uit het Engelsch 1878." Die werk beslaan 416 bladsye. Die Voortrekkers word veroordeel en die

/Eerste .....

---

1. Collier, F.W. The great events of history from the beginning of the Christian era till recent time 1860.
2. Cleig, G.R. The life of the Duke of Wellington.
3. Collier, History of the British Empire.
4. Bot, op.cit.,p.13.
5. O.D.1/2,255 at. O.D. 145/2, pp. 11 en 13 asook 1/2, p.14.
6. Royal School Series: History of England (1) en (2) is waarskynlik dieselfde boek.
7. Raubenheimer, op.cit.,p.31.
8. Ibid., p.11
9. Ibid., p.17

Eerste Anneksasie as lofwaardig bestempel.[1)]

Uit voorgaande is dit duidelik dat die onderrig van Geskiedenis gedurende die anneksasieperiode die aandag van beide superintendente geniet het, dat van die onderwysers in die vak belang gestel het, dat Geskiedenisboeke gebruik is en dat Geskiedenis in die middelbare skool onderwys is.

In die Suid-Afrikaanse Republiek is sowel die Britse as die Kaapse geskiedenis onderrig. Die voorgeskrewe leergang moes baie omvangryk gewees het. Die geskiedenis van Transvaal, nl. die Vaderlandse Geskiedenis kon op sy beste oppervlakkig gewees het, as gevolg van die gebrek aan die nodige boeke.

C. DIE ONDERWYS IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK GEVESTIG (1881 - 1899)

Nadat Transvaal sy onafhanklikheid in 1881 herwin het, is die onderwysbeleid in die Du Toit-onderwyswet van 1892 ingestel.[2)] Dit maak voorsiening vir staatsondersteunde onderwys wat ingedeel is in:[3)]

1. Elementêre onderwys (tot Standerd III);
2. Middelbare onderwys (Standerds IV-VI);
3. Hoër onderwys met Standerd VI as toelatingsvereiste.

Dit sou aan 'n normaalskool gegee word.[4)]

Die wet maak vir talle eksamens voorsiening.[5)] Eksamens vir die senior klas van die elementêre onderwys, Standerd III en alle klasse van die middelbare onderwys (Standerd IV tot VI) sou een keer per jaar in die Lettere en Wetenskappe afgeneem word. Ook sou daar onderwyserssertifikate, Eersteklas, Tweedeklas en Derdeklas aangebied word. Hieromtrent sê Lugtenburg: "Die eersteklasonderwyserssertifikaat het in die vakke wat ooreenstem, heelwat laer gestaan as matriek vandag."[6)]

/'n Bekende.....

---

1. du Plooy, W .J. Die handboek vir Geskiedenis in die Transvaalse middelbare skool, p.90.
2. Z.A.R. Localen wetten. Onderwyswet nr. 1069 van 1882.
3. Z.A.R. Staats Courant, artikel e. 23 Maart 1883.
   Coetzee, J. Chris. Ds. S.J. du Toit en die onderwys, p.15.
   Z.A.R. Jaarverslag van die Superintendent van Onderwys 1884, p.5.
4. Staats Courant, 3 Mei 1886,p.116.
5. Z.A.R. Volksraad notule. 5 Oktober 1881.
   Staats Courant. 25 Maart 1882.
6. Lugtenburg, op.cit.,p.172.

'n Bekende skooleksamen was die "Openbare Wedstryd van Scholen." Die Skoolwedstryd is in 1877 ingevoer en van tyd tot tyd gewysig. Die eerste Skoolwedstrydeksamen is in September 1888 gehou. Van hierdie tydstip dateer die Transvaalse eksamenstelsel in skole met die gepaargaande vasleggings van sekere standaarde vir die verskillende vakke in verskillende klasse.

Onder Du Toit (1882-1890) sou die vak Geskiedenis 'n groter aandeel in die onderwysstelsel van die Republiek kry. Hy sê:

> De onderwijzer moet Algemene geschiedenis doceeren. Hy moet alweder beginnen by het begin. Hoe zijn de dingen geworden? Hoe de wereld ontstaan? Van waar de Mensch? Wat zijn oorsprong? Welke zijn eerste lotgevallen? Vanwaar het mengsel van goed en van kwaad in de geschiedenis der menschheid? Alle dezen vragen worden slechts in den Bybel beantwoord. Ja, waar eeuwen en jaar duizenden voor de geschiedenis by andere volkeren spreekt, of waar ze nog onzeker of onverstaanbaar stamelt in legenden en fabelen spreekt de Bybel in zuivere historie. De Bybel is de beginsel van alle geschiedenis..... [1]

Die Geskiedenisleergang van die middelbare onderwys (Standerds IV-VI) sou die geskiedenis van Transvaal en van Suid-Afrika[2] en Algemene Geskiedenis omvat.

Die volgende boeke moes gebruik word:[3]

1. Standerd IV: Wilmot: Geschiedenis van Zuid-Afrika;[4]
2. Standerd V: De Liefde: Hoofgebeurtenissen der Algemene geschiedenis;[5]
3. Standerd VI: Bossoha: Schets van de Algemene geschiedenis.[6]

/In Standerd .....

---

1. Z.A.R. Staat Courant. Nr. 116. 3 Mei 1883, p.222.
2. Ibid.
3. Hierdie boeke word in die Pretoriase Onderwyskollege bewaar.
4. Wilmot, A. History of the Cape Colony, for use in schools.
5. de Liefde, J. Vaderlandsche geschiedenis, bewerkt door W. Swyneberg, met illustraties naar penteekiningen.
6. Bossoha, J. Het leven van Willem den Tweede, koning van Nederland en hertog van Luxemburg.

In Standerd IV moes volgens die voorgeskrewe boek die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die Portugese ontdekkingsreisigers tot die stigting van die Republiek van die Oranje-Vrystaat in 1854 geleer word. Die werk beslaan 122 bladsye en behandel die vernaamste gebeurtenisse in kronologiese volgorde.

Die leerboek van De Liefde (Standerd V) bestaan uit 293 bladsye met tagtig interessante illustrasies en tekeninge asook vier landkaarte. Dit is in 'n aangename styl geskryf en van talle sedeprekies voorsien. Wat goed is, word geloof; wat kwaad is, gesensureer. Die werk is te moeilik vir 'n Standerd V- klas.

Ongelukkig kon die voorgeskrewe boek van Bosscha vir Standerd VI nie opgespoor word nie.

Die genoemde voorgeskrewe boeke wat die inhoud van die leergang bepaal, was nie voldoende nie. Daar word aan die hand gedoen dat 'n premie vir 'n leerboek aangebied word.[1] In 1885 word R100 (£50) aangebied aan die skrywer van 'n geskikte Geskiedenisleerboek vir gebruik in Suid-Afrika.[2]

Skoolboeke maak hulle verskyning in die Kaapkolonie en van hulle sou stellig ook in die Transvaal beland het.[3]

Sedert 1884 begin die inspekteurs van onderwys oor die vordering wat Geskiedenis op skool gemaak het verslae in te dien.[4]

Wat Geskiedenis betref, is in 1888 eksamen vir die Skoolwedstryd, Toelating tot die Onderwyserederdeklas en Voorlopige Eksamens vir Onderwysers gehou. Hierdie Geskiedeniseksamens gee 'n beeld van watter geskiedenis behandel is.

Ongelukkig kon geen antwoorde oor Geskiedenisvraestelle gevind word nie.

Na aanleiding van die vraestelle van 1880 en daarna kan die volgende afgelei word:[5]

1. Dat die onlangse gebeurtenisse in die geskiedenis van die jeugdige Republiek die meeste aandag geniet het;
2. Dat die geskiedenis van Transvaal tussen 1858 en 1877 nie veel aandag geniet het nie;

/3. Dat die

---

1. Z.A.R. Eerste Volksraad notule 131. Verslag van openbare onderwys 1884, pp.4 en 5.
2. Z.A.R. Localen wetten der Z.A.R. Nr. 1341. 13 Junie 1885,p.400
3. du Plooy, W.J. op cit., p.93.
4. Z.A.R., E.V.R. notule. Artikel 131.
5. Z.A.R., E.V.R. notule. Artikel 95. 1 April 1888.

3. Dat die Voortrekkerperiode en die verwante gebeurtenisse die tweede meeste aandag ontvang het;
4. Dat die Kaapse geskiedenis net effentjies behandel is of van minder belang beskou is;
5. Dat die Algemene Geskiedenis glad nie behandel is nie of van so min belang gereken is dat nie een enkele vraag daaroor geregverdig was nie;
6. Dat die implikasies van die Londense Konvensies van 1881 en 1884 duidelik ingesien is;
7. en dat sake van die dag as Geskiedenis behandel is en baie resente gebeure in die lotgevalle van Transvaal ook as Geskiedenis gereken is. In die jaar 1899 is byvoorbeeld 'n vraag oor die Jameson-strooptog van 1896 gestel.[1)]

Toe dr. N. Mansvelt in 1891 aan die hoof van die onderwysdepartement kom, was die Raad van Eksaminatore in volle funksie. Die leervakke kon nader omskryf word en die leergange beter beplan word.

Die Onderwyswet, nr. 8 van 1892, bepaal dat die middelbare onderwys die Beginsels van Geskiedenis sowel Algemene as die van Suid-Afrika en die van die Suid-Afrikaanse Republiek in die besonder sal omvat.[2)] Voorts word dit verpligtend vir die inspekteurs van onderwys om oor die Geskiedenis van Suid-Afrika en in die besonder oor die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek verslae in te dien.[3)] Selfs vir die meisieskole sou Geskiedenis verpligtend wees.[4)]

Die amptelike Geskiedenisleergang van 1892 vir die middelbare skool was soos volg:

1. Standerd IV: Geskiedenis van Suid-Afrika in gereelde volgorde van 1486 tot 1814;
2. Standerd V: Die hele geskiedenis van Suid-Afrika in die besonder. Beknopte oorsig van die Nuwe Wêreldgeskiedenis, maar in die besonder die van Europa sedert 1789;
3. Standerd VI: Herhaling en uitbreiding van die geskiedenis van Suid-Afrika. Beknopte oorsig van die Wêreldgeskiedenis.

/Daar .....

---

1. Volkstem, 27 April 1899.
   O.D. 144.
2. Z.A.R. Staatsalmanak 1897, p.58.
3. Z.A .R., E.V.R. notule. Artikel 343, seksie 2. 1 Junie 1892.
4. Malherbe, op.cit., p.281.

Daar is ook besluit dat die Skoolwedstryd na die aflegging van Standerd VI afgeneem sou word, en wel in Septembermaand.[1] Die geskiedenis van Suid-Afrika in gereelde volgorde van 1486 tot 1806 is voorgeskryf.[2]

In die jaar 1892 is aan 2162 leerlinge Suid-Afrikaanse Geskiedenis onderrig en aan 766 leerlinge Algemene Geskiedenis. In 1894 was die getalle 2416 en 366 onderskeidelik.[3] Minder kinders het Algemene Geskiedenis geneem.

In 1893 is die Geskiedenisleergang gewysig. Die kernleergang vir die Vaderlandse **Geskiedenis** lui:

> Begin by 1835-1838. Die Groot Trek, griewe, eerste Trekkers, latere Trekkers, in Natal, die Zeeloes, die Trekkers in die Oranje-Vrystaat en Transvaal, Pretorius na Transvaal, prys op sy hoof, Sandrivierkonvensie, M.W. Pretorius, wapen en vlag, Keate, Burgers, Dorsland-Trek, Sekoekoeni, Shepstone-anneksasie, deputasies na Engeland, Zeeloe-Oorlog in Natal, Vryheidsoorlog, konferensie in Pretoria, wesgrens en die inboorlinge, bestuur van die Suid-Afrikaanse Republiek, Kruger, die myne, Swasieland.[4]

In 1895 is die leergang weer hersien in gevolge waarvan ons 'n nuwe benadering tot die vak vind.[5] In 'n memorandum oor die Geskiedenisonderwys stel die Superintendent o.a.:[6]

> Die Vaderlandse **Geskiedenis** moet die nasionaliteitsgevoel wek en dit versterk. Die lyding en marteling van die volk moet trou en besielend aan die jeug meegedeel word. Die kinders moet in die dade van die voorgeslag lewe en daaruit moed en besieling vir die toekoms put om "pal te staan in de ure des gevaarts."[7]

/Die ... .

---

1. Z.A .R. Wet nr. 8 van 1892, artikel 356. 2 Junie 1892.
   Z.A.R. Schoolgids 1892, p.4.
2. Z.A.R., E.V.R. notule. Artikel 1241. 30 Augustus 1893.
   Ibid., artikel 356. 2 Junie 1892.
   Z.A.R. Localen wetten der Z.A.R. 1890-1893, p.607.
3. Z.A .R. Staatsalmanak 1895, p.74.
4. Z.A.R. Staatsalmanak 1896, p.93.
   Ibid., 1894. 16 Oktober 1893.
5. Z.A.R. Schoolgids 1895, p.36.
6. Ibid., p.24.
7. Ibid., p.61.
   Vgl. Wessels, N.J. Die ontwikkeling van die laerskoolleerplan van Transvaal 1836-1946, p.61.

Die leergang van 1895 bepaal.

1. Standerd V: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, beginnende met die Groot Trek en die oorsake daarvan, in gereelde geskiedkundige verband; die geskiedenis van Suid-Afrika in gereelde volgorde van 1486 tot aan die einde van die sewentiende eeu;

2. Standerd V: Die hele geskiedenis van Suid-Afrika en van die Suid-Afrikaanse Republiek in die besonder. Die geskiedenis van die Hervorming in hooftrekke;

3. Standerd VI: Herhaling en uitbreiding van die geskiedenis van Suid-Afrika. Die vernaamste feite uit die Wêreld- en Kerkgeskiedenis sedert die geboorte van Christus.[1)]

Handleidings en Geskiedenisboeke.

Wanneer daar wysigings in die leergang ontstaan, dan word die bestaande leerboeke of gewysig of aangevul of vervang. Tydens dr. Mansvelt se dienstermyn (1891-1900) was daar al 'n hele aantal Geskiedenisboeke wat aan die eise van die Departement voldoen het. Boeke was makliker en goedkoper verkrygbaar en handleidings vir die 1895 leergang het minder hoofbrekings besorg.[2)]

Langsamerhand het die opstellers van die leergange die leerstof meer en meer afgebaken. 'n Ontleding van 200 Geskiedenisvraestelle wat gedurende die laaste 20 jaar van die Republiek gestel is, toon dat die leergang wyd en omvattend was. Die Ou Geskiedenis (Europa, die Nabye Ooste, Egipte en selfs die Verre Ooste), die geskiedenis van die Christendom, die Middeleeue, die Britse en Europese geskiedenis, die Amerikaanse geskiedenis, die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die geskiedenis van die Republiek is onderrig. Die jongste gebeurtenisse tot een of twee jaar voor die aflegging van die eksamen is in die vraestelle ingesluit. Hulle moes dus as geskiedenis beskou word.

Die leergang het die Vaderlandse Geskiedenis beklemtoon en die leiding van God erken. Die mens se ontwikkelingsgang is in breë perspektief volgens die ewige wet van God gesien.[3)]

Die Geskiedenisonderwys van die negentiger jare, soos deur die leerboeke weerspieël, was bereken om die kind met feitekennis toe te rus.[4)]

/Dog.....

---

1. Z.A.R. Schoolgids 1895, p.39.
2. Z.A.R. 97, p.12. (Omtrent 100 boeke is vir aanvullende leesstof aanbeveel).
3. Raubenheimer, op.cit., p.11.
4. Ibid., P.19.

Dog langsamerhand het vergelykende studie sy plek ingeneem en die plek van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis in die Wêreldgeskiedenis is bepaal, en daar is getrag om die Geskiedenis as 'n onverbrokkelde eenheid daar te stel. So het korrelasie tussen die Vaderlandse Geskiedenis en Algemene Geskiedenis ontstaan. [1]

Daar word afgelei dat die volgende in die samestelling van die Geskiedenisleergang tussen die twee Vryheidsoorloë (1881, 1899) in ag geneem is:

1. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral die geskiedenis van die vaderland, geniet die meeste aandag;
2. Wêreldgeskiedenis, met die plek wat die Suid-Afrikaanse Geskiedenis daarin moet inneem, moet geleer word;
3. eietydse geskiedenis moet geleer word;
4. burgerskap moet ingebring word;
5. die hand van God word in die geskiedenis geopenbaar;
6. aanduidings van die histories-genetiese opvatting van geskiedenis is waarneembaar;
7. die onderwys moet Christelik-nasionaal wees en derhalwe moet Geskiedenis in die gees daarvan onderrig word;
8. die plaaslike sosiale "klimaat" en tydsgees is opmerklik;
9. vaderlandsliefde moet by die leerlinge aangewakker word;
10. en die volkshelde moet geken wees.

B. DIE LAASTE FASE VAN DIE ENGELSE OORLOG TOT DIE VERKRYGING VAN VERANTWOORDELIKE REGERING (1900 - 1906)

1. DIE KAMPSKOLE (1901-1902)

Met die uitbreek van die Engelse Oorlog in 1899 het die middelbare onderwys feitlik tot stilstand gekom.[2] In die Kampskole wat vir kinders opgerig is, was daar wel middelbare klasse van Standerd IV af, maar in hierdie klasse was daar min leerlinge. Van die 800 leerlinge wat in die Irene- kamp was, was slegs 42 in Standerd III.[3]

/Sargant.....

---

1. Raubenheimer, op.cit., p.19.
2. Report of the Technical Education Commission 1903, pp. 4 en 5.
3. Assistent Direkteur van Onderwys, Transvaal. Maandrapport, Februarie 1902.

Sargant wat van 1900 tot 1903 direkteur van onderwys was, het dit onwenslik beskou om Geskiedenis in die Kampskole te laat onderrig.[1] Nogtans beweer Du Toit dat Geskiedenis wel in 1901 in Standerds VI en VII aangebied is.[2] Sargant se middelbare onderwys moes voldoen aan die vereistes van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop en hy moes teen wil en dank Geskiedenis in die vooruitsig stel.[3] Hy was ook genoodsaak om die Kaapse leergange vir Transvaal aan te wend.[4] Waar gevorderde werk aangebied is, is die Kaapse leergange gevolg.[5]

Die duur van die Kampskoolperiode was egter te kort om veel invloed op die ontwikkeling van die Geskiedenisleergang te vermag.

2. DIE KROONKOLONIESKOLE (1902-1906)

Na beëindiging van die Engelse Oorlog (31 Mei 1902) is die Kampskole geleidelik deur die Kroonkolonies oorgeneem. In Transvaal was ses persent van die leerlinge wat van die Kampskole na die Kroonkolonieskole oorgeplaas is, in die middelbare afdelings. In Desember 1904 was 11.5 persent van die leerlinge in Standerd IV en hoër.[6] In Desember 1904 het 50 kandidate Geskiedenis vir die Laer Sertifikaateksamen afgelê, 34 het geslaag.[7]

Oor Geskiedenis vermeld Symington:

> .....Lord Milner het voorgestel dat die onderwys in Geskiedenis 'n metamorfose moes ondergaan. Sy opdrag dat daar nie op Dingaansdag, Slagtersnek en Majuba gekonsentreer moes word nie, maar dat die kinders van die Empire moes hoor en dat by die onderrig van Geskiedenis en Aardrykskunde veral op gebeurtenisse en lande buite Suid-Afrika gewys moet word...[8]

/Sargant.....

---

1. Wessels, N.J. op.cit., p.61.
2. du Toit, P.K. 'n Histories-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne vir middelbare onderwys, p.95.
3. Jacobs, C.J. 'n Histories-kritiese studie van die leerplanne in Skei-Nat op die Transvaalse middelbare skole, p.14.
4. du Toit, P.K. op.cit., p.84.
5. Britse Blouboek. C.D. 1819.
6. Bot, A.K. Honderd jaar onderwys in Transvaal, p.67.
7. Transvaalse Onderwysdepartement (voortaan T.O.D.) Moderator's report on work of government schools 1905, p.12.
8. Symington, F.C. Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode 1900-1907, p.31.

Sargant wat toentertyd nog direkteur van onderwys was, wou voorlopig geen Suid-Afrikaanse geskiedenis toelaat nie.

'...The History of South Africa is best left untaught at present....to avoid political questions.....'[1)]

Geskiedenis is in die skole aangewend om die kinders van die gewese Republiek te angliseer.[2)]

In 1903 het die Inspekteurskomitee vir Hoërskole aanbeveel dat waar dit Geskiedenis en Aardrykskunde betref, Transvaal en Suid-Afrika die basis van die onderrig moet uitmaak. Verder behoort die Europese agtergrond vir beide vakke 'n belangrike rol te speel. In 1903 is Geskiedenis wel in die leerplan ingesluit en die destydse inspekteur van hoërskole het gesê dat Geskiedenis 'n daadwerklike deel van die kurrikulum was.[3)]

Gedurende hierdie periode moes die leerboeke en die leergang vir die Engelse bewindhebbers hoofbrekens besorg het. Synge se boeke sou tegelyk as leerboeke en leergang dien.[4)]

Dit was tewens die eerste leergang van die twintigste eeu. Dit is soos volg voorgeskryf:

(A) Standerd I en II: Folk Stories;

(B) Standerds III, IV en V: The story of the world. Part 1;

(C) Standerds VI en VII: The story of the world. Part 1 & II.

Wessels beweer dat hierdie boeke swak leerboeke was.[5)] En tog het skrywer as 'n 12-14 jarige seun die boeke so intens geniet dat hy dele vandag nog, na 'n halfeeu, kan kwoteer.

Soos reeds vermeld, het die Matrikulasie van die Kaap de Goede Hoop die onderwys van Transvaal beïnvloed. Die Matriekulasie Eksamen was ingestel as toelatingeksamen tot die universiteit. Die eindeksamen

/van die .....

---

1. Wessels, op.cit., p.61.
   Britse Blouboek, C.D. Affairs in South Africa, p.71.
2. Raubenheimer, op.cit., p.20.
   Postma, P.W. Die eselskakebeen, pp. 39 en 41.
3. Transvaal Education Department (Voortaan T.E.D.): Report 1903, p.39.
4. T.E.D. Provisional code of regulations for elementary schools with schedules 1903, p.4.
5. Wessels, op.cit., p.61.
   Synge, M.B. The story of the world. Book I.
   On the shores of the Great Sea. Book II.
   The discovery of new worlds. Book III.
   The awakening of Europe. Book IV.
   The struggle for sea power. Book V.
   Growth of the British Empire. Book VI.

van die Transvaalse middelbare skool is ook so ingestel dat dit toegang tot die universiteit kon vergemaklik. 'n Baie klein persentasie van die middelbare skoolleerlinge is deur die universiteit opgeneem. Om hierdie rede het die middelbare skool nie in die behoeftes van die oorgrote meerderheid van die leerlinge voorsien nie. Alhoewel die toestand verbeter het, het die Geskiedenisleergang ook nie aan die behoeftes van die oorgrote meerderheid van die middelbare skoolleerlinge voldoen nie.

Van die eerste Transvaalse leergange wat op die Kaapse lees geskoei was, het ook in 1903 verskyn, nl. :[1)]

(A) Lower Certificate wat aan die einde van die "Lower V" afgeneem is. Die tydperk 1748-1815 van die Europese geskiedenis is voorgeskryf. Eers moes die geskiedenis van Europa wat die tydperk vooraf gaan, oorsigtelik bestudeer word en wel soos volg:

(1) Engeland: Die Hannoverse opvolging soos deur Walpole verseker;
(2) die val van Swede en die opkoms van Rusland;
(3) Frankryk na die dood van Lodewyk XIV tot die herroeping van die Edik van Nantes.

Hierdie tydperk is in drie onderafdelings ingedeel:

a. 1748-1763:
i. Die Oostenrykse opvolging en wat daarop volg;
ii. Die Sewejarige Oorlog asook die stryd tussen Engeland en Amerika in Indië.
b. 1763-1789:
Hervormings in Europa en die Amerikaanse Vryheidsoorlog.
c. 1789-1815:
Voordat hierdie tydperk behandel word, moet die voorafgaande omstandighede bestudeer word. Hierdie periode is ook onderverdeel
i. 1789-1795: Die Franse Rewolusie;
ii. 1795-1803: Die Franse geskiedenis tot by Marengo;
iii. 1803-1815: Die Franse geskiedenis tot by die slag van Waterloo.

(B) Leaving Certificate wat aan die einde van Vorm VI afgele moes word. Dit is kortliks soos volg saamgevat:

(1) Groei van die Britse ryk:
a. Die Britse Oosindiese Kompanjie en die stryd in Indië;
b. kolonisasie in Amerika en die ontstane stryd.
(2) Teorieë oor kolonisasie:

/ a. Die.....

1. T.E.D. Report for the school year January to December 1903, p.124.

a. Die Spaanse ryk en die stryd teen Holland en Engeland;

b. die stryd tussen Engeland en Nederland;

c. die Amerikaanse Vryheidsoorlog.

(3) Die Franse Rewolusie: Die gevolge op:

a. Engeland, b. Frankryk, c. Italië en Duitsland.

(4) Moderne kolonisasie:

Die ontwikkeling van kolonisasie na die Rewolusie:

a. Selfregerende Britse kolonies;

b. kroonkolonies;

c. Indië.

Opmerkings.

i. Hierdie kursus kan in drie of vier jaar afgele word, al na gelang die hoof sy skool organiseer (Lower V, Upper V, Lower VI, Upper VI). Die leergang behandel hoofsaaklik die geskiedenis van Europa van 1748 tot 1815, die kolonisasie deur die Europese moondhede en die daaropvolgende Amerikaanse Vryheidsoorlog, die Franse Rewolusie en die kolonisasie na die Rewolusie;

ii. Slegs Suid-Afrikaanse geskiedenis wat in verband met koloniale ontwikkeling staan, is voorgeskryf;

iii. 'n baie kort tydperk in die geskiedenis, ongeveer honderd jaar, is voorgeskryf;

iv. die leergang vir Aardrykskunde wat saam met hierdie Geskiedenisleergang voorgeskryf was, is so opgestel dat dit goed met die Geskiedenis korreleer, en

v. dit behandel weinig van die geskiedenis soos in die leergange van die Suid-Afrikaanse Republiek vervat.

Samevattend kan van die onderrig in Geskiedenis vir die middelbare skool gedurende die Kroonkolonie-era gesê word dat die waarde van Geskiedenis as skoolvak besef is en die moontlikheid daarvan om burgerskap aan te kweek duidelik gesien is. Dat dit aangewend kan word om die leerlinge te angliseer is onderskryf. Gebrek aan geskikte leerboeke asook die taalmedium was verantwoordelik vir die feit dat hierdie vak in skole waar die kinders van die verowerdes hulle bevind het, nie gewild was nie.

Ten opsigte van die leergangsamestelling word opgemerk dat:

i. Geskiedenis op skool vir politieke doeleindes aangewend is;

ii. 'n ander taalmedium, wat die Afrikaanssprekende kind betref, as die moedertaal gebruik is om Geskiedenis te leer;

iii. Europese geskiedenis as agtergrond vir die Suid-Afrikaanse

/geskiedenis.....

geskiedenis gedien het;

iv. Suid-Afrikaanse geskiedenis in die leergang 'n ondergeskikte plek geniet het en

v. die blik van die leerlinge na buite toe in ruimte en terugwaarts in tyd gerig is.

3. C.N.O. - SKOLE (1902-1907)

Na die Vrede van Vereeniging wou baie Transvaalse Boere nie hulle kinders in die goewermentskole plaas nie. Die strekking van die onderwys was die tenoorgestelde van die van voor die oorlog.[1] Private skole is opgerig en die bekende C.N.O.-skole het ontstaan.

In September 1903 is die C.N.O.-leergang gedruk. Dit vergelyk gunstig met die "Provisional code of regulations for elementary schools" van die regering.[2] 'n Eksamenkommissie en 'n inspekteur, J.H. te Bokhorst, sou oor die onderwys brandwag staan.[3] In 1905 was tien persent van die leerlinge in Standerds IV, V en VI.[4] Met Standerd V as toelatingsvereiste is leerling vir die Matrikulasie-eksamen opgelei.[5]

In die Geskiedenisleergang van die C.N.O. word die Vaderlandse Geskiedenis op die voorgrond geplaas met die Algemene Geskiedenis op die agtergrond. Verhale van die helde van die Suid-Afrikaanse geskiedenis was vir die laer klasse verpligtend. Die kinders moes die jaartalle leer. Wat die doeleindes van die leerstof betref, is die standpunt ten opsigte van Christelik- Nasionale onderwys van die negentiger jare herbevestig.[6] Daar is terloops aangehaal dat in die jongste onderwyswet ons opvoedingstelsel uitdruklik op die Christelik-Nasionale beginsel gefundeer is.[7]

/E. Verantwoordelike..

---

1. Redaksie. De oorsprong van de commissie voor C.N.O. Het Christelijk Schoolblad. VI, nr. 64. Des. 1904. Postma, op.cit., pp. 30-50.
2. Redaksie. Nog eens de staatsexamens. Het Christelijk Schoolblad. 1 Junie 1905 p.3.
3. Redaksie. Verslag. Het Christelijk Schoolblad. Nr. 63. 1 November 1904.
4. De Volkstem. 3 Junie 1905.
5. Symington, op.cit., p.315.
6. Wessels, op. cit., pp. 61 en 62.
7. du Toit, G.J. Keurbende nodig vir volk se opvoeding. Die P.U.-Kaner. 14 Oktober 1968, p.2. Wet op die nasionale onderwysbeleid nr. 39 van 1967, 2 (a) en (b)

E. VERANTWOORDELIKE BESTUUR (1906 - 1910)

Toe Het Volkparty in Februarie 1907 aan die bewind van Verantwoordelike Regering gekom het, het die C.N.O.-skole geleidelik weer by die regeringskole aangesluit.[1] J.E. Adamson wat ongeveer die middel van 1905 direkteur van onderwys geword het, bly in hierdie hoedanigheid aan.[2] Adamson se "Provisional code" van 1906 bied drie kursusse aan:[3]

1. vir kleuterskole;
2. vir ouer leerlinge van alle skole en
3. vir leerlinge wat die Sertifikaat van Bekwaamheid (sewe vakke) wou verwerf.

In 1906 verskyn die regulasies vir die verskillende onderwysersekeksamens.[4] Deel 2 van die Onderwysersderdeklas-eksamen was die akademiese eksamen wat toelating tot die professionele deel, DeelI, verleen. Hierdie Deel 2 van O.3 was soortgelyk aan matriek. Dit het egter nie toegang tot die universiteit verleen nie. Agt vakke, waaronder Geskiedenis, is voorgeskryf. Geskiedenis het 100 punte uit 'n groottotaal van 1050 getel.

Die Geskiedenisleergang van Deel 2 het uit twee dele bestaan, nl.:[5]

1. Moderne Europese Geskiedenis van 1517 tot 1815;
2. Suid-Afrikaanse Geskiedenis van die ontdekking van die Kaap tot die Matabele-Oorlog.

Die tydperk 1517 tot 1815 van die Europese geskiedenis wat voorgeskryf was, sou langer as 'n halfeeu 'n groot deel van die leergang van matriek uitmaak.

DIE GESKIEDENISLEERGANG VAN DIE MIDDELBARE SKOOL 1909.

Voor 1909 is uiteenlopende rigtings in verband met die Geskiedenisleergang vir die middelbare onderwys gevolg. In 1909 verskyn "Bepalingen en leergangen voor lager en middelbare scholen" wat o.a. bepaal dat Geskiedenis en Aardrykskunde in alle klasse van die laerskool onderwys moes word en daarby is gevoeg "...Men zal opmerken, dat de leerstof een nationaal zowel als algemeen karakter draagt." Alle skole

/moes.....

---

1. De Volkstem. 23 Januarie, 10 en 24 April 1907.
2. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936, p.81.
3. T.E.D. Provisional code of regulations for elementary schools with schedules 1906.
4. T.E.D. Regulations for issuing teachers'certificates 1906.
5. Ibid., pp.10 en 16.

moes die neergelegde kursus volg.[1] Die leerstof kom met die 1903-leergang ooreen en word dus nie in sy geheel weergegee nie.
Verskilpunte is onder andere:

1. Klas IV: Hierdie klas volg die leergang van die Lower Certificate van 1903.
2. Klas V: Hierdie klas volg die kursus soos vir matriek voorgeskryf, nl. die Algemene Geskiedenis van Europa sedert 1517.

Opmerkinge:

Om die leer van Geskiedenis beter te laat geskied, sal aan elke skool die kern van 'n biblioteek geskenk word.[2]

Die aantal ure per week aan Geskiedenis afgestaan, het van 1½ uur tot 3½ uur gewissel.

Hierdie leergang maak daarop aanspraak dat die leerlinge 'n noukeurige kennis sal opdoen van die hoofgebeurtenisse uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis asook die totstandkoming en die werking van die verantwoordelike bestuur in Suid-Afrika,[3] maar in die Geskiedenisvraestelle van die Laersertifikaat-eksamen 1907, 1908, 1909 en 1910 verskyn nie een enkele vraag oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie.[4]

Oor die periode wat Unifikasie voorafgaan, nl. die vier jaar van die Verantwoordelike Bestuur, 1906-1910, kan die volgende opmerkings gemaak word:

1. Die leergange word voortaan in sowel Engels as Nederlands uitgegee. Die vertaling sou nie altoos dieselfde begrippe aandui nie;
2. die Afrikaanssprekende leerlinge leer nog steeds Geskiedenis deur 'n vreemde taalmedium - of Nederlands of Engels;
3. die tydperke wat in die leergange voorgeskryf word, is duideliker afgebaken;
4. en die Suid-Afrikaanse geskiedenis bly nog steeds op die agtergrond geskuiwe, so nie in die leergange nie dan tog wel in die eksamen en dus in die praktyk.

Wat toelating tot die universiteit betref, moes die Kaapse Matrikulasie-eksamen afgelê word. Dit was die 1898- leergang wat ook vir die Kaapse Seniorsertifikaat voorgeskryf was.[5]

/Hiervan .....

---

1. T.O.D. Bepalingen voor lagere en middelbare scholen en afdelingen voor blanke kinderen 1909, p.32 en p.83.
2. Ibid., p.32.
3. Ibid., p.32.
4. T.E.D. Report 1909, pp.141, 146 en 153.
   T.E.D. Report 1910, p.215.
5. Coetsee, A.G. Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.75.

Hiervan sê Coetsee onder meer: "... Die Geskiedenisleerplan lui: The General History of Modern Europe from 1517... Lord's Modern Europe will sufficiently indicate the range of the examination." 'n Paar jaar later is die periode uit die Algemene Geskiedenis gewysig tot die tydperk tussen 1517 en 1815 en is die eerste volledige leerplan vir matriek uitgewerk. Die leergang skryf die Hervorming en sy politieke gevolge, die oppergesag oor Europa en die magsewewig en die stryd om politieke vryheid voor.[1]

Volgens Coetsee is dit 'n lang leergang wat met stof oorlaai is. Saam met die leergang van die Juniorsertifikaat vorm dit nie 'n eenheid nie en die leerling sou gedurende sy middelbare loopbaan nie 'n begrip van die ontstaan en ontwikkeling van die beskawing kry nie. Vaderlandse Geskiedenis was nie ingesluit nie.[2]

F. DIE TYDPERK VAN KONSOLIDASIE (1910-1921)

1. INDELING VAN SKOLE EN KLASSE.

Na die Engelse Oorlog het in Transvaal aparte middelbare skole ontstaan. Die oorgang van laer na middelbare skole moes gereël word. Vrae ontstaan: Waar eindig die laerskool en waar begin die middelbare skool? Waarom is laer- en middelbare onderwys nie as een beskou nie?[3]

In 1903 was Standerd III die vereiste toelating tot die middelbare skool, en die eindeksamen van die middelbare skool sou die einddoel van die middelbare onderwys wees.[4] In 1909 moes 'n leerling Standerd V van die laerskool slaag aleer hy tot die middelbare skool toegelaat is. Die middelbare kursus sou vyf jaar duur.[5]

Gedurende 1911-1915 het die hoërskole se klasse uit Standerds IV en V en Klasse (Vorms) I, II, III, IV, en V bestaan maar in die jare 1916 en 1917 sou dit Klasse (Vorms) I, II, III, IV en V wees. Die klasse van middelbare afdelings van die laerskole het in die jare 1911-1913 bestaan uit Standerds IV en V en Klasse (Vorms) I, II, III, IV en V, en in die

/jare.....

1. Coetsee. Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.75.
2. Cape of Good Hope University Calender 1909-1910, p.363.
3. Coetzee, J. Chris. Ds. S.J. du Toit en die onderwys, p.iv.
4. T.E.D. Regulations in regard to government secondary schools with schedules 1903.
5. T.E.D. Regulations governing primary and secondary schools and departments for white children 1909, p.79.

jare 1914 en 1915 uit Klasse (Vorms) I, II, III, IV, en V.[1] Met en na 1918 is leerlinge tot die hoërskole toegelaat na voltooiing van Standerd VI en die middelbare onderwys, wat vier jaar geduur het, het uit Vorms II, III, IV en V bestaan.[2]

Aan talle laerskole was middelbare afdelings verbonde. Sommige middelbare afdelings het tot Standerd VII en ander tot Standerd X gegaan.[3]

Die Direkteur van Onderwys besef dat daar vir die leerlinge wat die skool verlaat voordat hulle in matriek slaag, voorsiening vir 'n afgeronde kursus gemaak moet word. Reeds in 1914 het Adamson aan agt rigtings of kursusse gedink. Hy wou die middelbare onderwys differensieer in akademiese hoërskole, ambagskole, handelskole, huishoudskole, skoolplase, plattelandse tegniese skole, stedelike tegniese skole en voorbereidende klasse aan normaalkolleges.[4]

In 1917, nadat skoolplig verhoog is,[5] differensieer hy die middelbare onderwys soos volg:[6]

(A) 'n Algemene kursus wat vier jaar na Standerd VI sal duur en wat by matriek eindig;

(B) 'n handelskursus van drie jaar na Standerd VI;

(C) 'n ambagskool van twee jaar na Standerd VI;

(D) 'n tegniese kursus van twee of drie jaar na Standerd VI en

(E) 'n huishoudkundekursus van twee jaar na Standerd VI.

Benewens genoemde openbare eksamens (Laerskoolsertifikaat-eksamen na Vorm IV en die Skooleindsertifikaat-eksamen na Vorm VI)[7] was daar ook die toelatingseksamen tot die Transvaalse Universiteitkollege en die eksamen vir die algemene gedeelte vir die Derdeklasonderwysereksamen (Akademiese deel van O.3 of deel I van O.3). Die negende jaar word gebruik vir voorbereiding tot die Skoolsertifikaat-eksamen of te wel die Skooleindsertifikaat-eksamen en die tiende jaar om matriek af te lê.[8]

/2. Medium.....

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1918, statistiek.
2. T.O.D. Jaarverslag 1920, statistiek.
3. Coetsee. Die Geskiedenis van die middelbare onderwys in Transvaal 1902-1928, P.V.
4. T.O.D. Verslag 1914, p.19.
5. Transvaalse Ordonnansie nr. 16 van 1916. Artikel 5.
   T.O.D. Verslag 1918, p.27.
6. T.O.D. Leergangen voor de voornaamste vakken onderwijzen op de gewone lagere school en voor de voornaamste middelbare leervakken, alsmede de bezondere middelbare leergangen voor handelsvakken en huishoudkunde 1917, pp. 6-9.
7. Ibid.
8. T.O.D. Jaarverslag 1918, p.27.

2. MEDIUM

Parallelskole, parallelklasse, enkelmediumskole en dubbelmediumskole het die medium van onderrig bemoeilik.[1] Daarby moes talle Afrikaanssprekende leerlinge hulle lesse in Afrikaans aanhoor maar die eksamen in Nederlands aflê.[2]

In 1914 word besluit dat Afrikaans, die moedertaal van baie leerlinge, in die skole ingevoer sou word.[3] Dit is geleidelik ingevoer en in 1922 in Standerd VI in die hoërskool gebruik. Die leerboekprobleem het weer akuut geword. Geskiedenisboeke moes in Afrikaans vertaal of geskrywe word.[4]

Ondertussen het die middelbare onderwys gegroei. In 1918 was daar 3382 leerlinge in 20 Transvaalse hoërskole en 304 leerlinge in die middelbare afdelings van 11 laerskole. In 1922 het 48 verskillende inrigtings middelbare onderwys aan 8764 leerlinge verskaf.[5]

3. MATRIKULASIE

Nog 'n verwikkeling was die oorname van sekere funksies van die Universiteit die Kaap de Goede Hoop deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in 1918.[6] Die eindeksamen van die hoërskool word die toelatingseksamen tot die universiteit. Die kwessie van jaarsyfer het die aandag geniet.[8] Die Middelbare Skoolsertifikaat sou in twee trappe afgeneem word:

Trap I na Vorm IV en Trap II na Vorm V.

Wat Geskiedenis betref, was die onderwysdepartement onseker oor hoe en watter Geskiedenis gegee moes word:

> "....There is still too much difference of opinion amongst those who would claim to speak with authority as to the character and range of history syllabus for the results of scho.. work in this subject to give real satisfaction to any one. [9]

/Dit is.....

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1918, p.27.
2. Persoonlike ondervinding van skrywer.
   Anoniem. Afrikaans als onderwysvak. Het Christelik Schoolblad. XVII, nr. 200. Sept. 1916. p.8.
3. T.O.D. Jaarverslag 1915, p.40.
4. Ibid., p.128.
5. T.O.D. Jaarverslag 1922, p.64.
   Doman, F.H. 'n Histories-kritiese studie van die Hollands-Afrikaanse leergange van die laer- en middelbare skole van Transvaal (1874-1942), p.85.
6. Doman, Op. cit., pp.85 en 86.
   T.O.D. Verslag 1918, p.17.
7. Ibid. (Die eerste vergadering van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vind plaas op 16 en 17 Julie 1918).
8. Redaksie. Jaarsyfer vir Matriek. Het Christelike Schoolblad. XX. nr. 232. Mei 1919, p.2.
9. T.E.D. Report 1914, p.32.

Dit is dan ook geen wonder dat die dekade 1910-1920 'n tiental leergange opgelewer het nie. Soms is ou leergange met klein veranderinge herdruk en soms is nuwes opgestel. Die leergange vir die middelbare skool van 1909, 1910, 1911 en 1912 bied naastenby dieselfde materiaal aan.

In die 1909- en 1912- leergange kan die hoofpunte soos volg vergelyk word:

(A) DIE 1912- LEERGANG

Klasse I, II en III. (In albei die leergange is dit 'n driejarige kursus).

(1) Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Die geskiedenis van Suid-Afrika (net soos in 1909).

(2) Algemene kenmerke en ontwikkeling van Britse kolonisasie in die sestiende eeu, sewentiende eeu, agtiende eeu en in die negentiende eeu.

(3) Hooftrekke van die konstitusionele geskiedenis van die Britse Eilande (net soos in 1909).

(4) Regering en burgerpligte (Vir 1909 lui dit: Soos omskrywe vir die laeronderwys).

Klas IV.

Die leergang vir 1912 skryf die tydperk 1713 tot 1815 voor en die vir 1909 die tydperk 1748 tot 1815.

(B) Die 1913- LEERGANG [1)]

Die 1913- leergang het maar 'n kortstondige bestaan gehad. Wat van belang is, is die reëling dat waar 'n Standerd VII- klas aan 'n laerskool verbonde was, hierdie klas of die werk moes doen wat vir Groep II (Standerds V en VI) voorgeskryf was, of die werk uit die leerboek leer.

(C) DIE 1914- LEERGANG.[2)]

Baie leerstof vir Geskiedenis is in die laerskool voorgeskryf. 'n Groot hoeveelheid van hierdie leerstof is in die laer standerds van die hoërskool herhaal. Kinders wat die middelbare skool in Standerd VI of VII binnegetree het, was met baie geskiedkundige feite bekend en was derhalwe ingestel om Geskiedenis te leer. Die laerskoolleergange het baie jare bykans dieselfde werk voorgeskryf. Die 1914- leergang is 'n aanduiding van die Geskiedenis

/waarmee. . . . . .

1.T.O.D. Bepalingen en leergangen voor buitenscholen 1913.
2.T.O.D. Bepalingen voor lagere scholen voor blanke kinderen. Benevens het voorgeschreven leerplan of de leergang 1914.

waarmee die leerlinge bekend is.

Die 1914- leergang stel die werk wat van Standerd I tot Standerd VII behandel moet word. Standerd I behandel sowel Suid-Afrikaanse as Algemene Geskiedenis in verhaalvorm. Veertien onderwerpe word genoem wat, as hulle aanskoulik vertel word en met prente en illustrasies toegelig word, die kinders se belangstelling gaande sou maak.

STANDERD II: Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis begin met Hendrik die Seevaarder en eindig met die stigting van Johannesburg. Veertien onderwerpe waarvan sommige soos die Groot Trek, uitgerek kon word, is voorgeskryf. Die Algemene Geskiedenis noem agt persone of gebeurtenisse wat behandel moes word, maar meer kon geneem word as daar tyd beskikbaar was.

STANDERD III: Die handel met die Ooste oor land. Die ontdekkinge van seeweë. Die Oos-Indiese Kompanjie. Die Kaapse geskiedenis van Jan van Riebeeck tot 1849. Die Groot Trek. Die Trekkers in die Vrystaat en Transvaal tot by Rhodes en Kruger.

Vir die Algemene Geskiedenis word elf onderwerpe uit die Ou Geskiedenis, Europese Geskiedenis en Koloniale Geskiedenis gegee.

STANDERD IV:

SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS.

(A) Uitbreiding van die Hollandse nedersetting tot Rondebos 1657; die eerste burgers.

(B) Oorsprong van die veeboere: jag, weiding.

(C) Toestande in Frankryk, Holland en Engeland; besitname van die Kaap deur die Britte; oproer op Graaff-Reinet.

(D) Eerste jare van Britse bestuur.

(E) Slagtersnek (1815).

(f) Gevolge van die vrymaking van die slawe; die beleid van Graaf Glenelg.

(G) Opkoms van die Zoeloe- en Basoetomag.

(H) Die Groot Trek; vernietiging van die Zoeloemag; stigting van die Republiek Natalia; die Britte verower Natal; geveg by Berea.

(I) Die grensoorlog (1846-1847); oorsaak en gevolge.

(J) Die Sandrivierkonvensie (1852) en die Bloemfonteinse Konvensie (1854); erkenning van die onafhanklikheid van die Suid- Afrikaanse Republiek en die prysgee van die Oranje-Vrystaatse soewereiniteit.

/(K) Anneksasie..

(K) Annoksasie van Transvaal 1877; die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881); ontdekking van goud; die Engelse Oorlog (Tweede Vryheidsoorlog) (1899-1902).

(L) Verantwoordelike regering; die pligte van 'n burger; Unifikasie (1910).

ALGEMENE GESKIEDENIS.

(A) Geografiese gesteldheid en samestelling van die Britse Eilande en die ontwikkeling van 'n onafhanklikheidsgees en liefde vir die see.

(B) Ontdekkingstogte in die sestiende eeu; Hawkins, Drake, Raleigh.

(C) Stigting van die Britse kolonies in Noord-Amerika.

(D) Gibraltar.

(E) Aanwins van Indië en Kanada in die middel van die agtiende eeu; uitbreiding van die Indiese keiserryk; ontwikkeling van Australië, Kanada en Nieu-Seeland.

(F) Algemene kenmerke van die Britse kolonisasie:

(1) In die sestiende eeu; betreklik laat in vergelyking met die van ander Europese lande.

(2) In die sewentiende eeu: weswaarts; in die hande van ontdekkingsreisigers en kompanies en aangewakker deur burgeroorlog en godsdienswang in Engeland.

(3) In die agtiende eeu: hoofsaaklik in die oostelike halfrond; byna uitsluitlik deur verowering, in verband met honderdjarige stryd met Frankryk; meer onder die kontrole van die staat as onder die van individue.

(4) In die negentiende eeu; gekenmerk deur ontdekkinge en uitbreidings.

STANDERD V.

SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS:

(A) Die oudste bewoners van Suid-Afrika: Boesmans, Hottentotte en Bantoes.

(B) Ontdekking van Suid-Afrika deur die Portugese; Diaz, da Gama.

(C) Aanleidende oorsake vir die besitname van die Kaap deur die Hollands-Oos-Indiese Kompanie; opkoms van die Republiek van die Verenigde Nederlande; die Hollands-Oos-Indiese Kompanje; stranding van die Haarlem, voordele verbonde aan die Kaap (Tafelvallei); Jan van Riebeeck; die

/eerste.....

eerste koloniste.

(D) Die stigting van 'n verversingstasie aan die Kaap deur die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie; handel met die Hottentotte; uitbreiding tot aan Rondebos.

(E) Stigting van die Kaapkolonie; invoer van slawe en Asiate; eerste Hottentot-Oorlog; aankoop van grondgebied.

(F) Die tweede Hottentot-Oorlog en sy gevolge; oorsprong van die veeboere; uitbreiding van die nedersetting deur die aankoms van Nederlandse en Franse immigrante; Simon van der Stel; ontdekkingstogte.

(G) Die vooruitgang van die Kaapkolonie, 1700-1750; lewenswyse van die eerste koloniste; Willem Adriaan van der Stel; die regeringstelsel; pogings om Tafelbaai te verbeter; groei van die volksplanting.

(H) Verloop van gebeurtenisse in die Kaapkolonie, 1750-1785; Ryk Tulbach; ondersoek van Namakwaland; tog van goewerneur van Plettenberg; die eerste Grensoorlog; die aankoms van Franse troepe; klagtes van die koloniste; beweging in die Kolonie.

(I) Einde van die beheer van die Kompanjie in Suid-Afrika; roekelose uitgawes; die tweede Grensoorlog; sake in Europa; aankoms van 'n Britse leërmag en besitname van die kolonie; oorsig van die regering van die Kompanjie.

(J) Die eerste Engelse besetting; karakter van die koloniste; eerste dae onder die Engelse beheer; oorgawe van die Hollandse vloot in Saldanhabaai; opstand in Graaff-Reinet; derde Grensoorlog.

(K) Die Kolonie onder die Bataafse Republiek; onderhandelinge met die Khosa-opperhoofde; tweede Engelse aanval; oorgawe van Kaapstad; vertrek van generaal Janssens.

(L) Die eerste jare onder Engelse bestuur; mag van die goewerneur, toestand van die Hottentotte; vierde Grensoorlog; instelling van 'n Rondgaande Hof; oormaak van die Kolonie deur die Weense verdrag.

ALGEMENE GESKIEDENIS.

(A) Die Spaanse, Portugese, Hollandse en Franse kolonies aan die einde van die sestiende eeu.

/ (b) Die.....

(B) Die aanwins van Newfoundland; Nieu-Brunswyk en Nova Scotia.

(C) Die aanwins van verskillende Wes-Indiese eilande, veral Jamaika.

(D) Die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die onafhanklikwording van die Verenigde State van Noord-Amerika.

(E) Latere botsing gedurende die einde van die agtiende eeu tussen Engeland as eerste seemag en Frankryk as eerste landmag; aanwins van Malta en Mauritius.

(F) Die omstandighede wat tot die aanwins van Ceylon gelei het.

(G) Die geografiese uitgestrektheid van die Britse keiserryk by die Vrede van Parys (1814).

STANDERD VI.

SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS.

(A) Die bewind van Lord Charles Somerset; opstand van Slagtersnek; vyfde Grensoorlog; aankoms van die Britse immigrante; tekens van vooruitgang; ontslagneem van die goewerneur.

(B) Gebeurtenisse in die Kaapkolonie 1826-1835; Katrivierse Hottentotte; toestand en vrymaking van die slawe; gevolge van die vrymaking; sesde Grensoorlog; provinsie van Koningin Adelaide; Graaf Glenelg.

(C) Opkoms van die Zoeloe- Matabele- en Basoetomagte; Tjaka, Silkaats, Dingaan en Mosjoe.

(D) Die Groot Trek uit die Kaapkolonie; verdrywing van Silkaats uit die land besuide die Limpopo; eerste Voortrekkers; aanval deur die Matabele; Vegkop, neerlaag van die Matabele; Winburg; eerste grondwet.

(E) Vernietiging van die Zoeloemag en die stigting van die Republiek Natal; Natal en Zoeloeland, 1837; Besoek aan Dingaan, ooreenkoms met Dingaan, moord op Retief en geselskap, moord van emigrantegeselskappe; inval in Zoeloeland; dood van Piet Uys; aankoms van Pretorius, slag van Bloedrivier; opstand van Panda, vernietiging van die Zoeloemag; laaste neerlaag en vlug van Dingaan.

(F) Inbesitname van Natal deur Britse troepe; instelling van 'n regering in Natal; beleg van die Britse kamp, Richard King, ontset van die kamp; instelling van verdragstate langs die grens van die Kaapkolonie; die Grickwas;

/gevolge.....

gevolge van die verdrae.

(G) Gebeurtenisse tot die einde van die sewende Grensoorlog, 1874; hulpekspedisie aan Adam Kok, tekens van vooruitgang; sewende Grensoorlog, oorsaak en gevolge van die oorlog.

(H) Gebeurtenisse gedurende die bewind van sir Harry Smith, 1847-1852; einde van die verdragstate; geveg op Boomplaas; kragtige verset teen die plan om van die Kaap 'n strafkolonie te maak; agste Grensoorlog; kolonisering van Brits-Kafferland.

(I) Erkenning van die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek en afstand van die Oranje-Rivier-Soewereiniteit; eerste Basoeto-oorlog; Sandrivierkonvensie; slag by Berea; aankoms van sir George Clerk.

(J) Brits-Kafferland, staatkunde van sir George Grey; self-vernietiging deur die Xhosas; anneksasie aan die Kaapkolonie.

(K) Die kolonie Natal en Zoeloeland; instroming van Bantoes, invoer van Indiërs; lewenswyse van die Europeërs; Cetewayo, Zoeloe-Oorlog.

(L) Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland; presidente Hoffman en Boshof; tweede Basoeto-Oorlog; gedrag van Mosjes; Brand en Mosjes; ontdekking van diamante; Oranje-Vrystaat en Basoetoland; president Brand se besoek aan Engeland.

ALGEMENE GESKIEDENIS.

(A) Die verband tussen die Romeinse keiserryk en die moderne beskawing; lesse wat uit die verval van die Romeinse keiserryk geleer kan word.

(B) Die verbreiding van die Christendom.

(C) More, Tartare en Turke.

(D) Die Hervorming, 'n algemene skets; die godsdiensoorloë, die Edik van Nantes.

(E) Oppermag van Holland en Engeland in maritieme aangeleenthede.

(F) Clarkson en Wilberforce.

(G) Die Franse Rewolusie, oorsake en gevolge.

BURGERGOEWERMENT EN BURGERPLIGTE.

(A) Die onafhanklikheid van vrye instellings; die pligte van medeburgers.

(B) Behoefte aan openbare opvoeding en onderwys.

/c. Vernaamste.....

(C) Vernaamste funksies van die sentrale bestuur.

(D) Die Eerste Minister; die belastingbetaler, die kieser.

(E) Munisipale bestuur.

(F) Die wet; die medeburger as maker van die wet deur sy verkose verteenwoordigers; die medeburger as dienaar van die wet; die Parlement as wetmaker; die toepassing van die wet.

STANDERD VII.

SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS.

Hersiening van die voorgeskrewe onderwerpe vir Standerds V en VI met byvoeging van:

(A) Rhodesië, besetting; oorlog met die Matabele, muitery van die inboorlinge; vooruitgang.

(B) Die Portugese besittinge, die huidige toestand; Lourenco Marques.

(C) Die Britse protektoraat; die Duitse protektoraat; Walvisbaai.

(D) Oproer in Johannesburg, 1896; inval van 'n strydmag van die Britse Suid-Afrikaanse kompanjie onder dr. Jameson; runderpes.

(E) Die oorlog tussen Groot Brittanje, die Transvaal en die Oranje-Vrystaat.

(F) Verantwoordelike bestuur aan Transvaal en die Oranje-Vrystaat gegee in 1906.

(G) Die groot depressie deur die hele Suid-Afrika (1903-1909).

(H) Hoe die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom het.

ALGEMENE GESKIEDENIS.

Hersiening van die voorgeskrewe onderwerpe vir Standerd VI en daarby:

(A) Die mate van wetenskap in die middeleeue.

(B) Die mededinging van die noordelike nasies met Spanje en Portugal om die seehandel.

(C) Willem van Oranje en die Groot Verbond.

(D) Die Sewejarige Oorlog; Indië en Kanada.

(E) Oorloë van die Franse Rewolusie.

(F) Koloniale selfbestuur.

(G) Stoomseevaart; deurgrawe van die Suezkanaal; Panama.

(H) Ontdekkingsreise en annoksasies in Afrika; Stanley

/(I) Veranderinge....

(I) Veranderinge in Europa.

BURGER-REGERING EN BURGERPLIGTE.

(A) Ou Vorms van gemeenskapslewe; die ontwikkeling van die staat; politieke vryheid.

(B) Betrekkinge tussen regerende en onderhorige rasse.

(C) Die konstitusie van die Unie van Suid-Afrika; die bestuur van 'n geoktrooieerde kompanjie (kompanjie met charter), inboorlinge-protektoraat.

(D) Die staat en wetgewing.

(E) Die staat en beheer.

(F) Die staat en verdediging.

(G) Die plig van spaarsaamheid en liefdadigheid.

BOEKELYS.

'n Lys van 11 boeke oor die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 6 oor die Britse geskiedenis, 19 oor die Algemene Geskiedenis en 3 oor burgerpligte is bygevoeg.

OPMERKINGS:

1. Sowel Suid-Afrikaanse as die Algemene Geskiedenis volg die konsentriese leergang. Telkens word die leerstof herhaal en nuwes word bygevoeg.

2. In Standerd VII, wanneer die leerlinge vir die eerste keer die middelbare onderwys betree, word die werk van Standerds V en VI in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis en die werk van Standerd VI in die Algemene Geskiedenis oers herhaal.

Die bakermat van die Westerse beskawing is weggelaat.

In die Suid-Afrikaanse Geskiedenis word eietydse geskiedenis gegee. Toe politieke gevoelens tydens die Rebellie van 1914 opgevlam het, is gemaan dat die geskiedenis met omsigtigheid gegee moes word. In 1917 is besluit dat geen skool toegelaat sou word om die geskiedenis na 1892 te behandel nie[1)]

Na afloop van Standerd VII sou die toentertydse leerlinge 'n redelike goeie beeld van die verloop van die geskiedenis gehad het van die Romeinse era af tot die eie tyd. Daar is wel gapinge, soos die

/geskiedenis.....

---

1. T.O.D. Leergangen voor de voornaamste vakken onderwezen op de gewone lagere school en voor de voornaamste middelbare leervakken 1915. Geschiedenis.
T.E.D. Report 1914.p.165 ('n Eksaminator rapporteer dat sentiment beklemtoon word en dat feite verdraai word om daarby aan te pas).

geskiedenis van Sentraal-Europa, die Ooste en die verdeling van Afrika.

(D) DIE 1917 - LEERGANG.[1]

Die 1917-leergang verskil heelwat van die van 1914. Dit maak voorsiening vir wat Standerd I tot Standerd X aangebied word. Geskiedenis word ook anders benader. Twee leergange word gegee, nl. Kursus A en Kursus B.

(1) In Kursus A word onderwerpe aan die hand gedoen. Onderwysers stel hulle die leergange op.

(2) Albei kursusse begin eers in die derde jaar. Die verhaaltjies van die eerste twee jare gaan oorboord.

(3) Na die einde van die sesde skooljaar sal die leerlinge die Suid-Afrikaanse en die Algemene Geskiedenis in hooftrekke ken.

Daar is ook oorweeg om Geskiedenis as 'n eksamenvak af te skaf; nietemin word Geskiedenis as 'n eksamenvak behou.

Alhoewel die onderwyser in Kursus A sy eie leergange kon opstel, word hy egter deur die twee eksterne eindeksamens aan bande gelê (Skoolsertifikaat en Matrikulasie).

Van die 1917- leergang sê Doman dat dit die eerste poging in die ware sin van die woord is om 'n volledige beeld en aaneenlopende leergang vir alle klasse van die Grade tot Standerd X saam te stel. Leerlinge kan die kursus van Standerd VI tot matriek binne vyf jaar aflê.[2] Geskiedenis en Aardrykskunde word geskei.

(E) DIE 1918- LEERGANG.[3]

Hierdie leergang vir "buiteskole" vermeld in sy inleiding

> ...Dit is meer as eens verander, oor die algemeen in die rigting van groter eenvoudigheid. Dit is duidelik dat, afgesien van inwendige ontwikkeling, die geskiedenis van Suid- Afrika in verband staan met die uitbreiding van die Westerse beskawing... Daar word natuurlik volledig voorsiening gemaak vir Suid-Afrikaanse en vir Europese en spesiaal Britse en Hollandse Geskiedenis in hul verhouding daartoe....[4]

/Oor die.....

---

1. T.O.D. Leergangen voor de voornaamste vakken onderwezen op de gewone lagere school en voor de voornaamste middelbare leervakken 1917.
2. Doman, op. cit., p.185.
3. T.O.D. Bepalingen en leergangen voor buitenscholen 1918.
4. Ibid., p.27.

Oor die samestelling van die leergange vir hierdie periode (1910-1921) word vereers volstaan deur die bewering dat ondanks die moeitevolle arbeid van die Departement, onderwysers en leerlinge daar nog nie bevrediging is nie.[1] Die inspekteur van middelbare onderwys stel dit so

> ... It is time to consider whether the schemes prescribed and the expectations of examiners are not most at fault and whether demands are not being made for an estimate of historical sequence and a level of philosophical discussion of the cause and effect that are beyond the capacity of the ordinary school pupil [2]

In die 1917- en 1918- leergange is opgemerk dat die leergange van die laerskool en die middelbare skool 'n aaneenlopende beeld van die geskiedenis wou gee.[3] In die volgende hoofstuk sal opgemerk word dat die leergange van die middelbare skool al meer en meer van die laerskool se leergange af wegbreek.

---

1. T.E.D. Report 1914, p.72.
   T.O.D. Verslag 1918, p.171.
2. T.E.D. Report 1914, p. 72.
   Vgl., T.O.D. Verslag 1918, p.171.
3. Doman, op. cit., p.185.

HOOFSTUK II

DIE GESKIEDENISLEERGANG VIR DIE MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL 1920 - 1967

A. INLEIDING

Geleidelik sou Transvaal sy eie leergange opstel wat sy middelbare onderwys sou afrond, toelating tot die universiteit verleen en by die breë nasionale onderwys van die Republiek van Suid-Afrika inpas. Hierdie era kan in vier tydperke ingedeel word:

Ten eerste is in 1920 die Trap I en Trap II van die Middelbare Skoolsertifikaat-eksamen ingestel. Tot 1930 het die middelbare skole hulle eie leergange gehad. By wyse van proefneming was dit in die intermediêre skool van 1922 tot 1930 ook van toepassing.

Ten tweede is in 1930 begin met die Juniorsertifikaat-eksamen wat die sogenaamde volksonderwys moes afsluit, en met die Eindsertifikaat-eksamen van die middelbare skool wat Standerd Tien moes afrond en toegang tot die universiteit verleen. Dit was ook in die skoolplaas, die juniorhoërskool, die landbouhoërskool en die akademiese hoërskool van toepassing.

Ten derde volg die periode 1950-1967 toe die Juniorsertifikaat-eksamen, die juniorhoërskool en die skoolplaas afgeskaf is en die akademiese hoërskool en die gedifferensieerde groot hoërskool ingestel is.

Ten vierde word die era van nasionale onderwys in 1968 ingelui.

B. DIE ERA 1920 - 1930

1. DIE MIDDELBARE SKOOLSERTIFIKAAT

In 1920 is 'n skema vir die Middelbare Skoolsertifikaat van die Transvaalse Onderwysdepartement deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad aanvaar as absoluut gelykstaande aan Matrikulasie.[1)]

Die eksamen is in twee trappe afgeneem : Trap I is na Vorm IV, en Trap II (bekend as die Transvaalse Matrikulasie)[2)] na Vorm V afgeneem. Die eksamen sou sowel mondeling as skriftelik wees. Ook is die skool-rekord in aanmerking geneem.

/Vir.....

1. T.E.D. Report 1920, p.49.
2. T.O.D. Verslag 1922, p.12.

Vir Trap I moes die leerlinge ses vakke, met Geskiedenis as opsionele vak, en vir Trap II vyf of ses vakke, met Geskiedenis as opsionele vak, aanbied.[1)]

Aanvanklik het die nuwe stelsel hoofbrekens besorg. Die eerste paar jaar se eksamenuitslae was onbevredigend.[2)] Die persentasie geslaagdes was laer as die vir matriek. Die vraestelle was te lank. Die skoolrekord het slegs 'n klein persentasie van die leerlinge begunstig.[3)]

Geleidelik is die kreukels uitgestryk. Wysigings in die opstelling van vraestelle, die moderering van vrae en punte,[4)] die toekenning van simbole, die wysiging in slaagpunte en die wysiging van vakke vir vrystelling van die Matrikulasiesertifikaat kom voor in die handboek 1926-1927, 1929-1930 en 1931-1932.

GESKIEDENISLEERGANG VAN DIE TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOOLSERTIFIFIKAAT 1921 - 1922

Inleidende opmerking: Die Standerd VI van die laerskool en Vorm I van die hoërskool moes dieselfde leergang volg.[5)]

TRAP 1

Geskiedenis van 1665 tot 1802.

(A) Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

(B) Algemene geskiedenis van Europa, Amerika en Indië.

Toeligting : Die werk van die Geskiedenisklas moes eerder bestaan uit die aanwakkering van belangstelling in die opvolging van belangrike gebeurtenisse en hulle invloed op die teenswoordige wêreld as uit die memorisering van en die bestudering van afsonderlike gebeurtenisse.

Die eksaminatore sou dus ruim keuse van vrae moet gee en kandidate nie verplig om 'n juiste verdeling van hulle werk tussen afdelings (A) en (B) te maak nie.

/Trap II.....

---

1. T.O.D. Transvaalse Middelbareskoolsertifikaat. Handboek 1926-1927, pp.11-17. Ibid., Handboek 1929-1930, pp. 16 en 180.
2. T.O.D. Verslag1926, pp.177 en 178.
3. T.O.D. Verslag 1922, p.14.
4. Ibid., Bylae V, p. XVI.
5. T.O.D. Bepalinge en leergange vir buiteskole 1927, p.16.

TRAP II

LAER GRAAD:

1. Suid-Afrikaanse Geskiedenis van 1802 tot 1892.

2. Unie of federasie van Suid-Afrika, Kanada, Australië en die Verenigde State van Amerika, met 'n kennis van die gebeurtenisse wat tot 'n nouer unie gelei het.

3. Algemene Europese geskiedenis 1802 tot 1870 met spesiale verwysing na Engeland, Frankryk, Italië, Duitsland en met besondere nadruk op die gebeurtenisse van 1830, 1832 en 1848 en op die gebeurtenisse wat tot die vereniging van Italië en die van Duitsland gelei het. 'n Kennis van die gevolge van die Franse Rewolusie sou veronderstel word.

4. Staatkundige Aardrykskunde van Afrika.

TRAP II

HOËR GRAAD:

Daar is voorgestel dat leerlinge die werk van die program vir die laer graad sou doen en ook werk gelykstaande aan ses maande gereelde studie wat daarop bereken was om hulle in die verstandige gebruik van geskiedkundige bronne op te lei.

Spesiale boeke sou van tyd tot tyd genoem word hoewel hulle nie noodwendig elke jaar verander sou word nie.

Toeligting:

Dit sou vir leerlinge moontlik wees om in vraestelle volle punte te behaal deur vrae te beantwoord wat ongeveer drie vyfdes van die program behandel. Onderwysers sou dan alleen die dele van die program kon behandel wat hulle van besondere nut vir hulle leerlinge ag.

Dit sou vir 'n leerling moontlik wees om ten minste 50 persent van die totale punte te behaal deur vrae oor Suid-Afrikaanse Geskiedenis te beantwoord.

Vir sowel die Eerste as die Tweede Trap is die volgende vorm van die vraestel en skema van punte aan die hand gedoen:

Deel I:

Hierdie deel sou 12 vrae bevat waaruit kandidate enige 5 vrae kon kies. Vier van die twaalf vrae moes oor louter Suid-Afrikaanse Geskiedenis gaan, hoewel sommige betrekking kan hê op gebeurtenisse

/van.....

van buite wat Suid-Afrika beïnvloed het.

Die 5 vrae in deel I beantwoord, sou elk 15 persent van die totale punte dra.

Deel II:

Hierdie deel sou 3 of 4 vrae bevat waarvan slegs 1 deur die leerlinge gekies sou word. Die antwoord op die gekose vraag sou 25 persent van die totale punte dra.

Opmerking: Groot dele van die werk van Trap I en Trap II is reeds in Standerd V en VI van die laerskool gedoen. In Trap II is die Ou Geskiedenis en die vroeë Europese Geskiedenis weggelaat. Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis sluit by 1912 af.

LEERGANGE VIR 1926, 1927 en 1929-1930

TRAP I

Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is met 13 jaar vervroeg. Die gewysigde tydperk was nou 1652-1802. Die Algemene Geskiedenis van Europa, Amerika en Indië is begrens en val nou in die tydperk 1685-1802.

TRAP II

Die werk van Trap I moes eers herhaal word voordat met Trap II s'n begin word.

LEERGANGE VIR 1931 - 1933

Vorm IV (Voorheen Trap I)

Suid-Afrikaanse Geskiedenis: 1760-1850 (i.p.v. 1652-1802).

Algemene geskiedenis: 1760-1850 (i.p.v. 1685-1802).

Vorm V (Voorheen Trap II)

Soos vir Vorm IV benewens:

1. Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1850-1914 (i.p.v. 1802-1892).
2. Algemene Geskiedenis 1850-1914 (i.p.v. 1802-1870).

Toeligting:

1. Die staatkundige aardrykskunde van Afrika is gewysig sodat dit voortaan nodig sou wees om die noue verband tussen Geskiedenis en Aardrykskunde aan te toon.
2. Die opstel van die vraestelle is gewysig.

Opmerking: Die leergang het die tydperke gewysig en gevolglik is meer moderne geskiedenis geleer

/B. DIE.....

2 DIE INTERMEDIÊRE SKOOL

Daar is algemeen besef dat die middelbare onderwys nog maar net op universiteitsonderwys geskoei is. Die hoërskool het vir matriek opgelei en aan die toendertydse behoeftes vir middelbare onderwys van 'n min of meer akademiese aard voldoen.[1] Dit het egter aan meer as 80 persent van die leerlinge wat die skool voor Vorm V verlaat, geen alsydige, waardevolle, algemene ontwikkeling verskaf nie.[2]

In Transvaal het 'n tipe onderwys wat verder as Standerd VI gaan, maar voor matriek eindig, nodig geword.[3] In 1922 al het die Uitvoerende Komitee besluit om die intermediêre skole op die Rand en Pretoria op te rig.[4]

Die intermediêre skool moes voorsiening maak vir:[5]

(A) meer uitgebreide laer onderwys;

(B) 'n driejarige kursus na Standerd V wat deur ongeveer 60 persent van die middelbare skoolleerlinge gevolg sou word en

(C) 'n vyfjarige kursus na Standerd V wat op matriek uitloop.

Die eerste intermediêre onderwys is in stedelike gebiede gegee maar later is dit na die platteland uitgebrei. In 1923 was daar 1867 leerlinge van Standerd VI tot Standerd VIII in 18 skole wat intermediêre onderwys verskaf het.[6]

/Geskiedenisleergang...

---

1. T.O.D. Verslag 1930, p.49.
   T.O.D. Verslag 1927, p.63.
   Notulen van den 23ste jaarvergadering der V.V.O.O.Z.A.
   - Het Christelike Schoolblad. XXI, nr. 224. 1 Mei 1920, pp. 3 en 4.
2. Deur Iemand wat Buite Staan. Ons sekundêre leerplan. Die Kristelike Skoolblad. XXIV, nr. 287. 1 Desember 1923, p.16.
   Brink W.W. Terug Matriek toe!! OF. Die Kristelike Skoolblad. XXVI, nr. 309. Desember 1925, p.17.
   T.O.D. Verslag 1922, p.27.
   Pauw, J.C. Ons middelbare skoolwese. Kwartaalblad vir middelbare skole. IV, 16. Desember 1924, pp. 7 en 8.
3. T.E.D. Report 1922, p.27.
   T.E.D. Report 1924, p.16.
4. T.O.D. Verslag 1921.
5. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936, p.119.
   T.O.D. Verslag 1922, pp. 14-18.
   Pienaar, A.F. Die ontstaan en die ontwikkeling van die intermediêre skool vir Transvaal, pp. 37 en 38.
6. T.O.D. Verslag 1925, p.50.
   Ibid., Verslag 1927, p.115.
   Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936, p.115.

GESKIEDENISLEERGANG VIR DIE INTERMEDIÊRE SKOOL 1925 [1]

Inleiding.

Die leergang volg op die werk voorgeskryf vir die sesde jaar. 'n Biblioteek met geskikte naslaanboeke was nodig. Alhoewel daar geen lys van onderwerpe oor burgerskap was nie, moes van elke geleentheid gebruik maak word om gedurende die lesse na burgerskap te verwys.

Sewende Jaar.

1. Suid-Afrikaanse Geskiedenis.
   a. Vroeëre verdeling van Transvaal in afsonderlike republieke.
   b. Die begin van die Suid-Afrikaanse Republiek, die Dorsland Trek.
   c. Thomas Burgers en sy planne, anneksasie van Transvaal deur die Britte.
   d. Eerste Vryheidsoorlog, Konvensie van Londen.
   e. Ontdekking van goud, politieke gevolge.
   f. Jameson se inval en gevolge.
   g. Tweede Vryheidsoorlog in hooftrekke.
   h. Kroonkolonieregering, Sjinese arbeid.
   i. Verantwoordelike regering.
   j. Spoorwegunie, tolunie, die Unie van Suid-Afrika.

1. Algemene Geskiedenis.
   a. Die staatkundige kaart van Europa na die val van Napoleon.
   b. Kongres van Weenen, stelsel van Metternich, die Heilige Verbond.
   c. Reaksie: Griekeland en Turkye, Holland en België, Portugal en Spanje.
   d. Rewolusie van 1848 (oorsake en gevolge). Frankryk onder Karel X en Louis Philippe, Oostenryk, einde van die bestuur van Metternich, Pruise, Kongres van Olmutz, Rusland en Oostenryk werk die stigting van die Duitse Keiserryk teen.
   e. Opkoms van die Groot Moondhede: Italië, Cavour, Victor Emmanuel, Garibaldi. Wêreldlike mag van die Pous afgeskaf.
   f. Pruise: Oorlog met Sleeswyk-Holstein, Oostenryk uitgesluit uit Duitse Bond. Frans-Duitse Oorlog.
   g. Turkye: Verdrag van Berlyn.
   h. Verdeling van Afrika onder Europese nasies.

/ix.....

1. T.O.D. Regulasies vir laerskole (dorpskole) insluitende die leerplan of leergange wat in die skole gevolg moet word tesame met die instruksies en wenke betreffende die kursusse vir intermediêre skole 1925.

i. Die eerste en tweede Balkanoorlog.

j. Die Groot Oorlog: Oorsake en geskiedenis in hooftrekke.

k. Die nuwe Europa. Verdeling en moeilikhede. Staatkundige nuus van die dag.

Agste Jaar.

(1) Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

Suid-Afrika: Die ontwikkeling van persoonlike en staatkundige vryheid van die neersetting aan die Kaap tot op die teenswoordige tyd.

a. Posisie van die bewoners, die stryd om persoonlike vryheid.

i. Die begin onder die Oos-Indiese Kompanje

ii. onder Simon van der Stel (Hugenote as 'n nuwe element) en

iii. onder W.A. van der Stel (Opstand van Adam Tas en andere).

b. Die stryd om staatkundige vryheid:

i. Verval van die Oos-Indiese Kompanjie;

ii. die eerste Engelse besetting;

iii. die hervormings van de Mist;

iv. die tweede Engelse inbesitneming en

v. Lord Charles Somerset, Britse koloniste van 1820.

c. Die nuwe grondwet in die Eerste Parlement.

d. Sir George Grey: immigrasie.

e. Uitbreiding van grondgebied: Griekwaland, Kaffraria.

f. Verantwoordelike regering vir die Kaap.

g. Jan Hofmeyr en die Afrikanerbond.

h. Verwikkelinge in verband met die wens van die Boere-republieke vir uitbreiding (Betsjoeanaland, Stellaland, Goosen, Nuwe Republiek, Klein Vrystaat).

i. Die diamantmyne.

j. Britse Suid-Afrikaanse Kompanjie (Rhodesië), Matabele-opstand.

k. Teenswoordige toestand in Suid-Afrika: Staatkundige en industrieel.

l. Suid-Afrika se aandeel in die Wêreldoorlog, Mandaat oor Suidwes-Afrika.

2. Algemene Geskiedenis.

a. Industriële rewolusie, beginnende in die laaste helfte van

/ die.....

die agtiende eeu, staatkundige gevolge.

b. Ontwikkeling van die yster- en koolindustrie (smeltoonde, steenkool en kooks vervang houtskool).

c. Ontwikkeling van die katoenindustrie (spinmasjien, meganiese weefgetou).

d. Stoomkrag (Watt, lokomotief, stoomskepe), veiligheidslamp van Davey.

e. Beter verkeersmiddels: Kanale, ysterbrugge, gemakadamiseerde weë.

f. Sedert 1815: Spoorweë, stoomskepe, motors, onderseese bote, vliegtuie, penniepos en telefoon.

Ander ontdekkings en uitvindings: Fotografie, bioskoop, bakteriologie, bederfwerende middels (Pasteur), radium ens.

Uitwerking op arbeid: Trek na die stede (fabrieke), misbruik van kinderarbeid in fabrieke en myne (Lord Shaftesbury). Werkloosheid na die Napoleontiese oorlog en Amerikaanse Burgeroorlog, emigrasie na Afrika en Amerika.

g. Onafhanklikheid van die Amerikaanse State (Peru, Chili, Meksiko), die Amerikaanse Burgeroorlog.

h. Parlementêre hervorming.

i. Indië: Uitbreiding van die Britse Ryk, Afgaanse- en Sikhoorlog, die opstand in Indië, destydse toestand van Indië.

j. Sjina en Japan: Oorlog met Sjina, Frankryk, Engeland, Duitsland en Rusland brei hulle sfeer uit, Bokseropstand, opkoms van Japan, die Russies-Japanese Oorlog.

k. Die destydse Britse Ryk: Australië, Suid-Afrika, Kanada ens. as susterstate en nuwe nasies.

Opmerking:

Alhoewel hierdie leergang 'n kortstondige bestaan gehad het, het dit stellig invloed op die Transvaalse leergang uitgeoefen. Die volgende afleidings word gemaak:

1. Dit kon dien as 'n prototipe van latere "verdunde" leergange;
2. die leerstof is tematies, afgebaken en gedetailleer;
3. dit kom ooreen met die leerstof wat in later jare vir die Juniorsertifikaat voorgeskryf is, asook vir leerstof wat vir Standerds VII en VIII in die 1958-1959-leergange gegeld het.

/(4.....

4. Ou Geskiedenis is nie voorgeskryf nie;
5. Moderne Geskiedenis is gelees;
6. 'n bietjie Suid-Amerikaanse Geskiedenis verskyn vir die eerste keer in die leergange;
7. dit behandel die vroegste Transvaalse republieke, asook die Dorsland-Trek;
8. in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis word eers die moderne geskiedenis van Transvaal (1838-1910) behandel en dan die meer verwyderde Suid-Afrikaanse Geskiedenis van 1652-1900;
9. burgerkunde word op 'n indirekte wyse aangebied;
10. en dit het tog die leerling wat die skool na Standerd VIII verlaat, met 'n redelike kennis van geskiedenis toegerus en die wêreld waarin hy leef, verstaanbaarder gemaak.

Ondertussen probeer die owerhede om hierdie skole te laat posvat[1] by ouers wat die intermediêre skool maar nie as volkskool wou aanvaar nie,[2] en onderwysers wat nog aan die ou metode vasgekleef het.[3]

Met die Middelbare skoolsertifikaat-eksamen het dit ewe min goed gegaan. Dit was moeiliker as die Matrikulasie-eksamen en wel om twee redes:

1. Omdat daar belemmering vir toelating tot die Transvaalse Middelbare Skoolsertifikaateksamen was weens die bestaan van 'n belemmerde toelatingseksamen (Trap I) in die vorige jaar;
2. en omdat die standaard van die eksamen self hoër was.[4]

Daarby was dit nie 'n uitgemaakte saak dat die Middelbare Skoolsertifikaatstudente op Universiteit beter as die matrikulante was nie.[5]

C. ERA VAN DIE JUNIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN EN DIE EINDSERTIFIKAAT-EKSAMEN VAN DIE MIDDELBARE SKOOL 1932-1950.

Die poging om die volksonderwys na Standerd VIII op te skuif,[6] het aanleiding gegee tot die instelling van die Juniorsertifikaat-

/eksamen.....

---

1. T.O.D. Verslag 1928, pp.47-55.
2. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936, p.126.
3. T.O.D. Verslag 1927, pp. 96 en 97.
4. du Toit, P.K. op. cit., P.95.
   T.O.D. Verslag 1925, pp. 13 en 14.
5. T.O.D. Verslag 1925, p.15.
6. Die Scott-kommissie van 1927.

eksamen aan die einde van Standerd VIII.[1] Leerlinge wat Standerd VIII voltooi het en wat verder wou leer, moes kies tussen:

'n tweejarige kursus met die oog op beroepsonderwys gevolg deur 'n interne eksamen,

'n twee- of driejarige kursus met die oog op toelating tot die universiteit gevolg deur 'n eindeksamen onder eksterne beheer.[2]

1. Die Juniorsertifikaat-eksamen.

In Desember 1932 is die Juniorsertifikaat-eksamen, wat Trap I vervang, vir die eerste keer afgeneem. Die eksamen was nie verpligtend nie.[3]

Leerlinge wat in Standerd IX was, het in 1931 die Trap I-eksamen vir die laaste keer afgelê.

Die leergange vir die verskillende vakke is so opgestel dat dit vir twee groepe leerlinge voorsiening maak, nl.

(A) diegene wat na Vorm III (Standerd VIII) die skool verlaat en die sertifikaat as bewys van peil van ontwikkeling wil hê;

(B) en diegene vir wie die sertifikaat as erkenning van bevoegdheid moet dien om na Vorm IV (Standerd IX) aan te gaan.[4]

DIE GESKIEDENISLEERGANG VIR DIE JUNIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN 1934.

Geskiedenis (met inbegrip van die verwante Aardrykskunde) 1934.

Standerd VII (Vorm II).

Burgerkunde: Hoewel veel hiervan terloops onderwys kan word, behoort daar tog gesorg te word dat die leerlinge aan die einde van die kursus vir Vorm III soveel kennis van plaaslike, provinsiale en nasionale regering en administrasie het dat hulle in staat sal wees om op intelligente wyse belang te stel in publieke sake. (Die leerlinge moet byvoorbeeld bekend wees o.a. met die wyse waarop publieke geld gein en bestee word).

Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

Suid-Afrika 1806-1872.

Die nuwe regering aan die Kaap.

/Die.....

1. T.O.D. Verslag, Onderwyskommissie 1928, p.10.
2. T.O.D. Verslag 1930, p.8.
3. Jacobs, op. cit. p.55.
4. T.O.D. Regulasies en sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen 1934, p.6.

Die Groot Trek.

Die instelling van vaste regerings in die dele wat deur die Trekkers bewoon word.

Die ontdekking van diamante.

Algemene Geskiedenis.

Die ontwikkeling van die teenswoordige beskouing met betrekking o.a. tot godsdiens, wetenskap en kuns. Daar word aanbeveel dat die verband van die Suid-Afrikaanse tot die Algemene Geskiedenis deurgaans aangetoon moet word, soos dit geskied in bv. Hope se "Ons Plek in die Geskiedenis" en in Gie se "Geskiedenis vir Suid-Afrika").

Wat die Westerse beskawing aan Griekeland en Rome verskuldig is vir kultuur en regeringsvorme.

Die Christendom van die Weste gedurende die Middeleeue; Een Pous en een keiser.

Die Renaissance met sy gevolge op godsdiens, kuns en staatkunde.

Die Hervorming in Duitsland, Frankryk, Engeland en Holland. Godsdienstige onverdraagsaamheid.

Standerd VIII (Vorm III).[1)]

Die ontdekking van goud. Ekonomiese veranderings. Die armblanke-vraagstuk. Die inboorling-vraagstuk. Gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika.

Die konstitusie van die Unie van Suid-Afrika (slegs in hooftrekke).

Suid-Afrika as deel van die Britse Gemenebes van Nasies. Die samestellende dele van die Gemenebes. Die Imperiale konferensies.

Suid-Afrika se betrekking tot die wêreld.

(A) As lid van die Volkerebond;

(B) as mandaathouer;

(C) en as 'n ekonomiese eenheid. Ontwikkeling op die gebied van sowel landbou as nywerheid en die ontstaan van handelsbetrekkinge met ander nasies.

Algemene Geskiedenis.

Die groot moondhede: Die faktore wat gelei het tot hulle huidige belangrikheid: Rusland, Peter die Grote en Catharina II. Pruise: Frederick die Grote. Frankryk: Lodewyk IV. Stryd om koloniale opperheerskappy. (Alleen in hooftrekke).

/Geskiedenisleergang...

1. T.O.D. Voorwaardes en sillabusse. Transvaalse Juniorsertifikaat-eksamen 1938, p.40.

GESKIEDENISLEERGANG 1938

Die 1938-leergang het voorsiening gemaak dat skole waarvan die leerlinge na Vorm V gaan, die geleentheid aan leerlinge bied om nie weer die werk van Vorms IV en V wat alreeds in Vorms II en III gedoen is, te herhaal nie.

Die leergang is in vier afdelings ingedeel:

Afdeling A: Algemene Geskiedenis vir Standerds VII en VIII (Vorms II en III). Dit kom in hooftrekke ooreen met die Algemene Geskiedenis van 1934, met byvoeging van die tydperk van ontdekking in Nederland, die teenhervormings wat op oorlog uitloop, byvoorbeeld Engeland en Spanje en die Dertigjarige Oorlog; die stigting van koloniale ryke in Noord-Amerika deur Engeland en Frankryk in die sewentiende eeu met weglating van politieke onverdraagsaamheid, en Catharina II.

Afdeling B: Vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is soos vir 1934 vir Standerds VII en VIII, ook die tydperk 1806-1910 voorgeskryf maar met byvoeging van konstitutionele ontwikkeling van die Kaap 1806-1872; naturellevraagstukke om die uitbreiding van die grense van die Kaap tot 1872 aan te toon, die Oranje-Vrystaat en die Basoeto's; Carnarvon se federasiebeleid en die gevolge daarvan; Paul Kruger en Rhodes, vernaste oorsake wat aanleiding tot die Tweede Vryheidsoorlog gegee het en die heropbouing na die oorlog.

Die volgende word weggelaat:

(A) Suid-Afrika as 'n deel van die Britse Gemenebes van Nasies, die samestellende dele van die Gemenebes en die Imperiale konferensie;

(B) Suid-Afrika se betrekking tot die wêreld, as lid van die Volkebond en as mandaathouer.

Die 1938-leergang het die leerlinge die geleentheid gegee om die periode 1600-1795 in plaas van 1806-1910 te neem. Vir Standerd VII is voorgeskryf: Die grondvestiging van die Nederlandse koloniale ryk in die Ooste tot die geskil tussen W.A. van der Stel en die burgers.

Vir Standerd VIII is geneem: Die uitbreiding van 1700-1795 (Die einde van die bestuur van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie in die Kaap).

Afdeling D is 'n herhaling van die leerstof van 1934 se Suid-

/Afrikaanse...

Afrikaanse Geskiedenis, soos:

(A) Nasionale vraagstukke: armblankes, naturelle en Asiate.

(B) Suid-Afrika as 'n ekonomiese eenheid: Ontwikkeling op die gebied van landbou, nywerhede en handel met die byvoeging van veeteelt en die invoeging van publieke gelde en die aanwending daarvan.

Onder afdeling D is twee onderafdelings, wat nuwe leerstof behandel, ingesluit, nl.:

(A) Konstitutionele vooruitgang: 'n Oorsig van die ontwikkeling van die grondslag van ons moderne regeringstelsel in Engeland sedert 1688 deur middel van die "Bill of Rights", "Act of Settlement", verantwoordelike regering, partyregering, kabinet, eerste minister, tot die bereiking van 'n demokratiese regeringsvorm met die "Reform Act" van 1832 en die daaropvolgende wette van dieselfde strekking;

(B) Burgerkunde en Suid-Afrika se verhouding tot die buitewêreld waaronder nuwe leerstof vervat is soos voorregte en pligte van burgerskap, leerstof van 1934 soos die Volkerebond en die Britse Gemenebes van Nasies.

Die 1938-leergang is 'n verbetering op die van 1934 daar dit 'n groter keuse aanbied. In die eksamen word die vrae in vier afdelings met vier vrae in elke afdeling gestel. Van die sestien vrae moet slegs vier beantwoord word.[1] Die eksaminator het skutskaarte vereis.[2]

'n Bietjie kultuurgeskiedenis is ingevoeg terwyl uitvoerige kennis van die middeleeue nie vereis is nie.

Die aanbod van 'n alternatiewe tydvak in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis (1600-1795 vir 1806-1910) is van min waarde vir die leerlings wat die skool na Standerd VIII verlaat aangesien dit tog nie 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis gee nie.

Die werk wat in twee jaar se tyd geleer moet word, is te veel.

DIE VOORGESTELDE LEERGANG VIR STANDERDS VI, VII EN VIII VAN 1942 [3]

Hierdie leergang gee 'n driejarige kursus van Standerd VI tot

/Standerd.....

---

1. T.O.D. Voorwaardes en sillabusse 1938.
2. Ibid., p.46.
3. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis, vir Grade tot Standerd VIII, Oktober 1942, p.12.

Standerd VIII en deel die leerstof soos volg in:

(A)(1) Leerlinge wat skole met klasse tot slegs Standerd VIII besoek, moet die hele kursus, soos voorgeskryf, volg.

(2) Leerlinge wat klasse tot Standerd IX en X besoek het, was nie verplig om die hele kursus, soos vir Standerds VII en VIII voorgeskryf, te volg nie. Met sodanige leerlinge moes alleen die dele van die leergang behandel word wat kon dien as 'n grondslag van die werk wat later in Standerd IX en X gedoen sou word.

By skole wat tot Standerd IX en X gaan en waar daar 'n aantal leerlinge voornemens was om die skool na Standerd VIII finaal te verlaat, moes die kwessie of die geheel en/of slegs 'n gedeelte daarvan gevolg moes word, deur die hoof in oorleg met die inspekteur van onderwys geregel word.

(B) Burgerkunde was vir alle klasse verpligtend.
Hierdie leergang, wat tot 1958 in gebruik was, het bepaal dat leerlinge wat verder as Standerd VIII gaan nie die hele leergang hoef te bestudeer nie.[1] Verder is die leerstof nou oor drie jaar versprei.

2. DIE TRANSVAALSE EINDSERTIFIKAAT-EKSAMEN.

Vir die senior klasse, Standerd IX en X, moes ook voorsiening gemaak word. Hulle moes Standerd VIII die B-vraestel aflê en dan, in Standerd X, die Transvaalse Eindsertifikaat-eksamen.

Gedurende 1931 is van die Transvaalse Middelbare skoolsertifikaat-eksamen, Trap II, tot die Transvaalse Eindeksamen van die Middelbare Skool oorgegaan.

Die leergang het die volgende wysigings ondergaan.

(A) Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Vir Trap I van die middelbare skool was voorgeskryf die tydvak 1652 tot 1802, terwyl vir Vorm IV die tydvak 1760 tot 1850 gevorg is. Vir Trap II is gevra die periode 1802 tot 1892 en vir Vorm V 1850 tot 1914. Met ander woorde, voor 1931 is die tydperk 1652-1892 gestel en na 1931 die tydperk 1850-1914.

/(b)Algemene....

---

1. T.O.D. Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool. Handboek 1931-1933, p.25.

(B) Algemene Geskiedenis: Voor 1931 moes die tydperk 1685-1870 behandel word en na 1931 was die tydperk 1850-1914 vereis.

Albei die leergange sluit in: Unie of Federasie van Suid-Afrika, Kanada, Australië en die Verenigde State van Amerika, met 'n kennis van gebeurtenisse wat tot 'n nouer unie gelei het.

Toeligting: Onder toeligting word o.m. vermeld:

(1) die verband tussen Geskiedenis en Aardrykskunde bly behoue;
(2) die vorm van die laer vraestel bly onveranderd;
(3) vrae moes oor die hele leergang (Vorm IV en Vorm V) gestel word.

Die daaropvolgende leergange is kort-kort gewysig. 'n Paar van die ooglopende wysigings was:

DIE 1934-1935-LEERGANG

Daar is nie meer afsonderlike leerstof vir Vorm IV voorgeskryf nie, maar slegs wat vir die Eindsertifikaat nodig was.

SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS:

a. 1771-1914.
b. Die unie of federasie van die state soos vir 1931 voorgeskryf.

Algemene Geskiedenis: 1762-1914.

1938-1948-LEERGANG.

(A) Suid-Afrikaanse Geskiedenis: 1795-1914.
(B) Algemene Geskiedenis: 1763-1914.

Die Algemene Geskiedenis sluit nou in die Amerikaanse Vryheidsoorlog, die vorming van die groot stelsel van Europese verbonde 1871-1914, vraagstukke van die Nabye Ooste en die Afrikaanse uitbreiding en die gevolglike verhouding tussen Europese moondhede asook die hoofgebeurtenisse wat tot die uitbreek van die Groot Oorlog (Eerste Wêreldoorlog) gelei het.[1)]

DIE 1949-1952-LEERGANGE [2)]

Geringe wysigings is aangebring: Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Die tydperk 1795-1914 word in drie dele onderverdeel en detaillering aangebring.

/(1) 1795.....

1. T.O.D. Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool 1949, p.38.
2. T.O.D. Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool 1952, p.102.

(1) 1795 - 1834.

Die invloed op Suid-Afrika van gebeurtenisse in Europa.

(2) 1834 - 1860.

Die Groot Trek: stigting van die Boerrepublieke, verhouding tussen hierdie republieke en die Britse regering.

In hooftrekke die rol deur die Bantoe (Zoeloes, Matabele, Basoeto's en Xhosas) in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel.

(3) 1860 - 1899.

Die vernaamste faktore wat die maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling van Suid-Afrika beïnvloed het.

a. Ontwikkeling van selfregering in die Kaapkolonie.

b. Pogings van Grey en Carnarvon om federasie tot stand te bring.

c. Uiteindelike ontstaan van Unie.

d. Die grondwet van die Unie van Suid-Afrika.

Algemene Geskiedenis: Die Algemene Geskiedenis verskuif van 1763-1914 na 1789-1914.

Die volgende leerstof is weggelaat:

Die Amerikaanse Vryheidsoorlog en die nywerheidsontwikkeling.

Bygevoeg:

Staatsreëling in Europa getref aan die einde van die Napoleontiese tydperk.

D. ERA VAN DIE GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS OP DIE MIDDELBARE SKOOL VAN TRANSVAAL 1950 - 1968

Belangrike onderwyskommissies[1] het binne die bestek van 12 jaar indringende studie van onderwystoestande gemaak en belangrike aanbevelings aan die hand gedoen.[2] Die Lynch-kommissie het op aanbeveling van die De Villierskommissie o.a. aanbeveel dat elke blanke leerling minstens drie jaar middelbare onderwys ontvang, die skoolplig opgeskuif moet word tot aan die einde van die jaar waarin die leerling sestien jaar geword het, Standerd V die hoogste klas van die laerskool

/moet.....

1. Die Nicol-kommissie, Transvaal 1939. Die Wilks-kommissie, Natal 1945. Die De Villiers-kommissie, Unie 1948. Die Pretoriuskommissie, Vrystaat 1951. Die Lynch-kommissie, Transvaal 1950. Die Steyn-kommissie, Transvaal 1953 en die Van Wyk-kommissie, Transvaal 1955.
2. Steyn-verslag, Aanhangsel C, 5 Maart 1953. Die onderwys sou i.v.m. juniorhoërskole en skoolplase op 'n dwaalspoor gewees het.

moet wees en dat alle leerlinge die jaar waarin hulle veertien jaar oud word, in 'n middelbare skool of -afdeling geplaas word, die middelbare skool gedifferensieerde onderwys verskaf en die vorming van die hele mens deur die skool in ag geneem moet word.

Die Oorsese Sending i.v.m. Gedifferensieerde Middelbare Onderwys het onder andere aanbeveel:[1)]

1. Dat, met die oog op doeltreffende differensiasie, die opvoedbare skoolbevolking van hoërskooloulerdom op grond van verstandspeil, prestasie en aanleg in drie bekwaamheidsgroepe ingedeel word;
2. dat voorsiening vir die oorplasing van individuele leerlinge van een bekwaamheidsgroep na die ander gemaak word;
3. dat die huidige Matrikulasieskooleindeksamen met sy tweeledige funksie vervang word deur algehele afsonderlike meting vir skooleindvereistes aan die een kant en vir universiteitstoelating aan die ander kant;
4. dat Standerd VI as 'n verkennings- en ontdekkingsjaar beskou word en dat die onderwys sover moontlik aan een onderwyser toevertrou word en
5. dat leerplanne ook wenke moet bevat in verband met die onderwysmetodes wat by die verskillende bekwaamheidsgroepe toegepas word.

Die Transvaalse provinsiale middelbare-onderwys het ondertussen tot algehele differensiasie oorgegaan en die eerste eksamens onder die nuwe stelsel is in Desember 1961 afgeneem.

DIE GEDIFFERENSIEERDE LEERGANG VIR DIE MIDDELBARE SKOOL IN TRANSVAAL 1959

Die Transvaalse Onderwysdepartement het binne die raamwerk van sy gedifferensieerde onderwysbeleid (n gedifferensieerde geskiedenisleergang vir die drie bane A, B en C opgestel,[2)] dit onder die onderwysers versprei en kommentaar gevra. 'n Komitee bestaande uit 'n inspekteur van onderwys, skoolhoofde en een dosent van 'n onderwyskollege is benoem om die verslae en menings van die professie te bestudeer en daarna

/'n.....

1. Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare-onderwys, pp.9 en 10 (Voortaan: Oorsese Sending).
2. Oorsese Sending, pp. 9 en 10. Die woord "stroom" is later na "baan" en nog later na "kursus" verander. Daar is dus 'n Standerd VIII-kursus, 'n Standerd X- kursus en 'n Universiteitstoelatingskursus.

'n gedifferensieerde leergang op te stel. Aan die einde van 1958 is 'n gedifferensieerde leergang vir Standerds VI, VII en VIII aangebied en in Julie 1959 die leergang vir Standerd IX en X.[1)]

Hierdie leergange het algemene doeleindes soos

(A) die opdoen van bepaalde kennis wat tot beter verstandhoudinge lei en wat die mens geestelik verryk,

(B) leiding van 'n volk deur God tot godvrugtige dade,

(C) die etiese en sosiale vorming van die mens, asook

(D) die intellektuele ontwikkeling van die mens.

Omdat ingrypende veranderings in hierdie leergang aangebring is, word dit in sy geheel aangehaal.

DIE GESKIEDENISLEERGANG

A-STROOM: STANDERD VI, VII en VIII.

Opmerking.

Sowel Suid-Afrikaanse as Algemene Geskiedenis is verpligtend. Waar 'n skool nie die hele leergang kon doen nie en sekere dele weglaat, moes dit met goedkeuring van die inspekteur geskied.

Standerd VI.

Algemene Geskiedenis:

Opmerking:

Daar word aanbeveel dat gedurende die eerste twee kwartale al die Algemene Geskiedenis afgehandel word, asook 'n deel van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

(A) Die bakermat van die Westerse beskawing.

(B) Die nalatenskap van Griekeland en Rome aan die mensdom.

(C) Die vernaamste kenmerke van die Middeleeue.

(D) Uitvindings en ontdekkingstogte gedurende die Renaissance.

(E) Portugal handel met die Ooste.

(F) Die Nederlanders seil om die Kaap.

Suid-Afrikaanse Geskiedenis: 1652 - 1895.

Van die doel en stigting van die Nederlandse Nedersetting aan die Kaap tot die laaste jare van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap (1771 - 1795).

/Standerd.....

---

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Sts. VI-VIII), November 1958.

Standerd VII.

Algemene Geskiedenis:

Opmerking:

Hierdie geskiedenis moet oorsigtelik behandel word.

(A) Die Renaissance en die uitwerking daarvan op die staatkunde, die kunste, die wetenskappe en die godsdiens.

(B) Die Hervorming in Duitsland, Frankryk en Engeland.

(C) Die Tagtigjarige Oorlog.

(D) Die opkoms van Frankryk: Richelieu en Lodewyk XIV. Die opkoms van Pruise: Frederik II. Die opkoms van Rusland: Peter die Grote.

(E) Die Amerikaanse Vryheidsoorlog.

(F) Die Nywerheidomwenteling in Engeland.

Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1795 - 1872.

(A) Van die Britse besetting van die Kaap tot die Oranje-Vrystaat en die Basoeto's.

(B) Konstitusionele ontwikkeling van die Kaapkolonie: Kroonkolonie 1806), Raad van Advies (1825), Uitgewende Raad (1834), Verteenwoordigende Regering 1854, Verantwoordelike Regering 1872.

Standerd VIII.

Algemene Geskiedenis:

(A) Die Franse Rewolusie: Oorsake en baie kortliks die verloop en gevolge.

(B) Napoleon Bonaparte.

(C) Die Weense Kongres.

(D) Die Liberale en Nasionale verset teen die Metternichstelsel, 1815-1848.

(E) Afrika na 1839: Oorsigtelike behandeling. Bv.

(1) Britse gebiede:

a. Sentraal-Afrikaanse Federasie.

b. Kenia-Tanganjika.

(2) Ander gebiede:

a. Franse gebiede: Strewe na onafhanklikheid.

b. Portugese gebiede.

c. Belgiese gebiede.

d. Onafhanklike state: (a) Egipte, (b) Abbessinië, ens.

/Opmerking.....

Opmerking:

Daar word nie verwag dat alles soos in paragraaf E genoem, behandel moet word nie. Deurgaans moet o.a. gewys word op die belangstelling van die groot moondhede in Afrika.

Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1872 - 1910.

(A) Van die ontdekking van diamante (1867) en die gevolge daarvan tot die faktore wat tot die vorming van die Unie van Suid-Afrika aanleiding gegee het.

(B) Die grondwet van die Unie van Suid-Afrika 1910, met enige opmerkingswaardige wysigings, in hooftrekke.

Burgerkunde:

(A) Voorregte en pligte van burgerskap.

(B) Hoe munisipale regulasies, ordonnansies en wette in ons land gemaak en uitgevoer word.

(C) Belastings en besteding van publieke geld.

(D) Die Gemenebes van nasies en Suid-Afrika se plek daarin.

B-STROOM.

Die stof bly dieselfde, maar hier kan gedifferensieer word wat metode van aanbieding en wyse van toetsing betref.

C-STROOM.

Standerd VI.

Aangesien daar die eerste twee kwartale nie gedifferensieer word nie, en hulle die langste twee kwartale van die jaar is, moet die onderwyser al die Algemene Geskiedenis asook 'n deel van die Suid-Afrikaanse in die eerste halfjaar afhandel. In die laaste halfjaar kan die onderwyser self bepaal watter gedeeltes hy wil behandel.

Standerds VII en VIII.

Algemene Geskiedenis:

Ongeveer een kwartaal, (nl. die eerste) word bestee aan die Algemene Geskiedenis.

In Standerd VII kan die onderwyser self besluit watter dele hy wil behandel. In Standerd VIII moet paragraaf E, nl. Afrika, behandel word.

Suid-Afrikaanse Geskiedenis:

Dieselfde as vir die A-stroom maar die onderwyser moet die leerstof so behandel dat hy dit in drie kwartale dek.

/Die Geskiedenis-.....

DIE GESKIEDENISLEERGANG VIR STANDERD IX EN X [1]

1. Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1834-1939. (Behalwe waar anders vermeld).
2. Algemene Geskiedenis 1848-1 39. (Behalwe waar anders vermeld).

Toeligting:

Die aard van die werk kan soos volg aangedui word:

(A) Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1834-1939.

(1) 1834-1854:

Die Groot Trek, stigting van die **Boererepublieke** verhoudinge tussen hierdie republieke en die Britse regering.

(2) Die Bantoestamme:

a. Die Zoeloes: Oorsprong, Dingiswayo, Tjaka, Dingaan, verhouding tot die blankes tot 1906.

b. Die Basoeto's: Oorsprong, vroeëre geskiedenis, verhouding tot die blankes tot 1884.

c. Die Matabele: Oorsprong en verhouding tot die blankes tot 1896.

d. Die Xhosas: Stamorganisasie op die Oosgrens voor 1819. Verhouding tot die blankes 1819 tot 1894.

(3) 1854-1902.

Die vernaamste faktore wat die maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling in Suid-Afrika beïnvloed het, (bv. diamante, goud, doeane, spoorweg en hawens, arbeids- en kiesregprobleme, Kruger en Rhodes).

(4) Die unifikasie van Suid-Afrika:

a. Die ontwikkeling van selfregering in die Kaapkolonie van 1806 tot 1872.

b. Pogings van Grey en Carnarvon om federasie tot stand te bring.

c. Die stappe wat tot unifikasie gelei het.

(5) Burgerkunde.

a. Die grondwet van die Unie van Suid-Afrika soos in 1910 opgestel en later gewysig. Die samestelling en funksies van die verskillende onderdele van die regeringstelsel.

b. Die Statebond en Suid-Afrika se plek daarin: Statuut van **Westminster.** 1931.

c. Voorregte en pligte van burgerskap.

/(6) Behandeling.....

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis. St. IX en X. Uitgegee in Junie 1959.

(6) Behandeling van die volgende temas:

a. Politieke partye: Die ontstaan en ontwikkeling van politieke partye in Suid-Afrika van 1910-1939.

b. Die Bantoe: Sy plek en rol in die huidige maatskaplike, ekonomiese en politieke struktuur van Suid-Afrika met verwysing na die reservate, verstedeliking en wetgewing in verband met die Bantoe.

c. Die Indiërvraagstuk: Die ontstaan, ontwikkeling en wese.

d. Die Kleurlingvraagstuk: Die ontstaan en wese.

2. Algemene Geskiedenis 1848-1939.

(A) 1848-1871:

(1) Frankryk onder Napoleon III: sy vroeër lewe; agtergrond van Napoleon III se troonbestyging, 1848-1852; binnelandse en buitelandse beleid, 1852-1871.

(2) Die unifikasie van Italië: die werk van Mazzini, Cavour en Garibaldi; die unifikasie volvoer.

(3) Die unifikasie van Duitsland: Beweging vir eenheid van 1848, Bismarck en Wilhelm I.

(4) Die vernaamste stadia in die opkoms van die demokrasie in Engeland sedert 1832. Kort oorsig van die toestand voor 1832; die hervormingswet van 1832; Chartistebeweging en uiteindelike verwesenliking van meeste doelwitte; hervormingswette van 1867 en 1884-5; melding van daaropvolgende uitbreiding van die mag van die Britse Hoërhuis.

(5) Die ontwikkeling van verantwoordelike regering in die Britse Ryk met spesiale verwysing na gebeurtenisse in Kanada. Oorsake, gebeurtenisse en stappe wat tot die federasie van Kanada en Australië gelei het ('n Vergelyking tussen die verskillende soorte konstitusies word nie verwag nie).

(B) 1871-1914:

(1) Stigting van Drievoudige Verbond en Drievoudige Entente.

(2) Verdeling van Afrika met spesiale betrekking tot die aspekte wat die verhouding tussen die Europese moondhede beïnvloed het en met verwysing na gebeurtenisse in Suid-Afrika.

(3) Die Oosterse Vraagstuk: Die Balkanstate en die Nabye Ooste.

/(4) Die.....

(4) Die algemene toestand voor die oorlog van 1914-1919.
Faktore en gebeurtenisse wat internasionale spanning veroorsaak het.
Groepering van die moondhede voor die oorlog.

(C) 1814-1839.
'n Studie van die volgende temas:

(1) Die ontwikkeling van die V.S.A. na 1914 as 'n groot Moondheid
(2) Die opkoms en wese van die Kommunisme in Rusland. Die Russiese Rewolusie en gebeurtenisse wat tot die daarstelling van die konstitusie van 1936 gelei het.
(3) Die opkoms en wese van die Nasionaal-Sosialisme in Duitsland in hooftrekke.
(4) Die uitbreidingsbeleid van Duitsland, Italië en Japan asook ander oorsake wat tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gelei het.

Algemene opmerkings: Die voorgenoemde bepaling dat die Suid-Afrikaanse en die Algemene Geskiedenis met mekaar in verband gebring moet word, dat Aardrykskundige kennis aangebring moet word en dat die oorbodige behandeling van veldslae en oorloë vermy moet word, word herhaal.

EKSAMEN VIR DIE TRANSVAALSE EINDSERTIFIKAAT VAN DIE MIDDELBARE SKOOL

Daar sal net een openbare eksamen wees, nl. Eksamen vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool wat op twee vlakke aangebied word:

(A) Matrikulasie (Universiteitsvrystelling) en
(B) Standerd Tien.

In Desember 1961 is die eerste eksamen onder die gediffirensieerde leergange afgeneem. Die kandidate moes vyf vrae uit 'n wye keuse beantwoord.

Samevatting:-

Alhoewel die finale Transvaalse Geskiedenisleergang in hoofstuk VII ontleed, gekritiseer en gewaardeer is, is dit in hierdie stadium van die studie wenslik om die verskillende Transvaalse leergange saam te vat, tendense aan te dui en om op 'n paar rigtings te let.

/(1) Doelstelling....

(1) Doelstelling-

Gedurende die vroegste jare van die middelbare onderwys in Transvaal (1872-1881) is geen doelstellings vir die Geskiedenisonderwys ingestel nie. In 1883 het superintendent Du Toit dit 'n vormende vak genoem. Hy het die religieuse en nasionale strekking van Geskiedenis beklemtoon. Gedurende die Kampskole- en die Kroonkolonieperiode is die anglisering van die Transvaalse kind beoog. Met die instelling van die C.N.O. - onderwys het die religieuse en nasionale in die leergange weer rigtinggewend geword. Alhoewel enkele doelstellings in die leergange van die laerskole met middelbare afdelings verskyn, maak doelstellings eers in 1957 hulle verskyning in die leergange van die middelbare skool.

(2) Leerstofkeuse-

Aanvanklik is die geskiedenis van Israel en die geskiedenis van die Christendom in die leergange opgeneem, maar dit het later weer verdwyn. Wêreldgeskiedenis is sporadies aangebied, nl. in 1892 vir Standerd VI en in 1893 en 1906 vir die onderwyserseksamens. Die Vaderland' geskiedenis, (die Transvaalse in die besonder) het met uitsondering van die periodes 1877-1881 en 1900-1906 voorrang geniet. Britse geskiedenis is gedurende die anneksasieperiode (1877-1881) en die jare 1900-1910 (behalwe in die C.N.O.-skole) dik onderstreep. Die geskiedenis van Europa is aanvanklik as 'n eenheid voorgeskryf, maar later is dit in samehang met die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangebied.

Eintlike vryheid van leerstofkeuse, soos in Engeland in gebruik, het in Transvaal min voorgekom.[1] In 1917 het die laerskool met middelbare afdeling wel twee leergange aangebied. Daarvan kon een gekies word. Die hoërgraad-leergang Trap II van 1921-1922, het die onderwyser die geleentheid gebied om op sekere gedeeltes van die voorgeskrewe leergang te konsentreer. Met die instelling van die skoolplase kon die hoofde hul eie leergange opstel. Geleidelik is keusevrae so opgestel dat dit moontlik was om nie die voorgeskrewe leergang in sy geheel te bestudeer nie. Die 1959-leergang bied vir die waaghalsige onderwyser die

/geleentheid.....

1. Ginn, G.W.C. The English attitude to the curriculum, Associateship report, 74: "...For instance, history and custom have, in England endowed the teaching staff with a degree of authority in determining the curriculum which puzzles and sometimes scandalises visitors from abroad, for in the British Dominions minute regulations give the educational system a uniformity which the English mind views with distrust."

geleentheid om slegs 'n deel van die leergang te behandel en nogtans goeie eksamenresultate met sy leerlinge te behaal.

(3) Tydperke.

Sedert 1893 is tydperke of tydvakke in die Geskiedenis voorgeskryf. Soms is die tydvakke weer onderverdeel. Die onderstaande tabel dui naastenby aan hoe die tydperke voorgeskryf is.

TABEL I.

Voorgeskrewe tydperke.

Jaar	Klas of eksamen.	Tydperk
1893	Openbare eksamens	Europese Gesk., sedert 1789. S.A. Geskiedenis, 1486-1806.
1903	Lower Certificate (Vorm V)	Europese Gesk., 1748-1763.
1906	Onderwysersderdeklas	Moderne Gesk., 1517-1815. S.A. Gesk., 1486-1879.
1909	Klasse IV	Europese Gesk., 1748-1815.
	Matriek	Europese Gesk., 1517-1815.
1912	Klasse IV	Alg. Gesk., 1713-1815.
1717	Skoolsertifikaat:	
	Geskiedenis A.	Europese Gesk., 1713-1815.
	Geskiedenis B.	Europese Gesk., 1713-1815.
	Matriek	Britse Gesk., 1700-1900. S.A. Gesk., 1850-1917.
1921	Trap I	S.A. Gesk., 1665-1802. Alg. Gesk., 1665-1802.
	Trap II	S.A. Gesk., 1802-1892. Alg. Gesk., 1802-1892.
1925	Intermediêr:	
	St. VII	Transvaalse Gesk., tot 1910.
	St. VIII	Alg. Gesk., 1652-1925.

/1926.....

1926	Trap 1	S.A. Gesk., 1662-1802. Alg. Gesk., 1685-1802.
	Trap II	S.A. Gesk., 1802-1892. Alg. Gesk., 1802-1870
1931	Transvaalse Eindsertifikaat:	
	Vorm IV	S.A. Geskiedenis 1760-1850 Alg. Geskiedenis 1760-1850.
	Vorm V	S.A. Gesk., 1850-1914 Alg. Gesk., 1850-1914.
1934	Vorm II	S.A. Gesk., 1806-1872. Alg. Gesk., Ou Gesk. - Hervorming.
	Vorm III	S.A. Gesk., 1872-1910.
1938	Juniorsertifikaat:	
	Vorm II	Alg. Gesk., Ou Gesk. - 1648. S.A. Gesk., tot 1700 of 1806 - 1872
	Vorm III	Alg. Gesk., 1517-1763. S.A. Gesk., 1700-1795 of 1872 - 1910.
	Eindsertifikaat:	S.A. Gesk., 1795-1914. Alg. Gesk., 1763-1914.
1952	St. VI.	S.A. Gesk., 1652-1806.
	St. VII	S.A. Gesk., 1806 - 1872.
	St. VIII	S.A. Gesk., 1872 - 1935
	St. IX en X	S.A. Gesk., 1795-1914. Alg. Gesk., 1789 - 1914.

/1958.....

1958	St. VI	S.A. Gesk., 1652-1795.
	St. VII	S.A. Gesk., 1795-1872.
	St. VIII	S.A. Gesk., 1872-1910
1959	Sts. IX en X	S.A. Gesk., 1834 - 1939.
		Alg. Gesk., 1848 - 1939
1967	St. VI.	S.A. Gesk., 1652 - 1805
		Alg. Gesk., Oudheid - Renaissance.
	St. VII.	S.A. Gesk. 1820 - 1902.
		Alg. Gesk. 1600 - 1776.
	St. VIII	S.A. Gesk., 1856 - 1948.
		Alg. Gesk. 1789 - 1948.
	Sts. IX en X	S.A. Gesk., 1652 - 1910.
		Alg. Gesk., 1789 - 1948.

Uit bostaande word opgemerk dat by uitsondering dieselfde tydvakke vir sowel die Suid-Afrikaanse as die Algemene Geskiedenis voorgeskryf is.

(4) Indeling van leerstof-

'n Paar opvallende indelings in die Geskiedenisleergang word aangestip:

a. Geskiedenis in die laerskool geleer-
Met uitsondering van die jare 1954 tot 1966, toe Sosiale Studie Geskiedenis vervang het, kon die samestellers van die leergange aanvaar dat die leerlinge by die deurloping van die laerskool 'n vry algemene kennis van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis opgedoen het.

b. Wêreldgeskiedenis in sy engere betekenis is selde voorgeskryf.

c. Oudste beskawings-
Die geskiedenis van die ou westerse beskawings is in die reël in die laer klasse van die middelbare skool voorgeskryf.

/d. Die.....

d. Die Renaissance-

Die Renaissance is ewenoens vir die laer klasse voorgeskryf.

e. Die Kerkhervorming en die Teenhervorming-

In 1909 is die Hervorming en Teenhervorming vir matriek voorgeskryf; later, en in 1917 en 1938 vir Standerd VIII en sedert 1952 vir Standerd VIII.

f. Europese Geskiedenis-

Die Europese Geskiedenis, veral die opkoms van Rusland, Pruise en Frankryk en wat daaruit voortvloei, het 'n belangrike deel van die leergange uitgemaak. Dit beklee vandag nog steeds 'n belangrike deel. Gedurende die jare 1903-1952 is dit meestal in die senior klasse onderrig, maar die neiging na 1952 was om dit in Standerd VII te gee.

g. Koloniale Geskiedenis-

Die wedywering van die koloniale moondhede wat gedurende die sestiende, sewentiende, agtiende en negentiende eeu na oppermag op see en in die kolonies gestrewe het, het van 1903 tot 1952 in die leergange verskyn.

h. Die Franse Rewolusie-

Die Franse Rewolusie is reeds in 1892 (StanderdV) voorgeskryf. Dit beklee nog steeds 'n plek in die leergang.[1] Tot omstreeks 1952 is dit aan standerds IX en X-klasse gegee. Op die huidige tydstip word dit in standerd VIII onderrig. Die leerstof oor die Franse Rewolusie is heelwat gewysig en in 1964 is slegs die hooftrekke daarvan behandel.

i. Napoleon Bonaparte-

Napoleon Bonaparte is tot 1952 ook merendeels in die senior klasse behandel. Sedert 1958 is dit 'n tema vir Standerd VIII.[2]

j. Opkoms van nasionalisme in Europa-

Die Metternichstelsel en die opkoms van nasionalisme in Europa is sedert 1903 in die leergange van die senior klasse opgeneem. In 1959 is dit vir Standerd VIII voorgeskryf.

k. Die unifikasie van Duitsland en die unifikasie van Italië-

Alhoewel die unifikasie van Duitsland en die unifikasie van

/Italië.....

1. Die Franse Rewolusie is toe alreeds jare tevore in die laerskole geleer.
2. Die storie van Napoleon is sedert 1909 baie jare in die laerskool behandel.

Italië in 1952 in Standerd VIII behandel is, is dit sedert 1903 meestal in die hoër klasse behandel.

l. Opkoms van demokrasie in Engeland-
Die sg. Reformbeweging of die opkoms van demokrasie in Engeland is reeds in 1903 (Leaving Certificate, Vorm V) opgeneem. Dit word byna uitsluitlik in die hoër klasse onderrig.

m. Industriële Rewolusie-
Die Industriële Rewolusie in Engeland het vandat dit in 1925 in die intermediêre skool se leergang opgeneem is, in die leergange bly voortbestaan. Alhoewel dit soms in die senior klasse geleer is, is dit in 1958 vir Standerd VIII voorgeskryf.

n. Engelse of Britse Geskiedenis-
Die geskiedenis van Engeland is deur Lyle en Bosman gedurende die Interim-Regering (1877-1881) voorgeskryf. In 1903-1912 verskyn dit weer in die leergange om daarna as sodanig te verdwyn.

o. Britse Konstitsionele Geskiedenis-
Die geskiedenis van die ontwikkeling van die Britse konstitusies val meestal saam met die Britse Geskiedenis, maar dit het voortbestaan onder die tema "Opkoms van Demokrasie in Engeland" (Eindsertifikaat 1938).

p. Die Amerikaanse Vryheidsoorlog-
Die Amerikaanse Vryheidsoorlog is gedurende die era 1883-1899 in die leergange opgeneem. Alhoewel dit in verskeie leergange van die laerskool voorkom, is dit gedurende 1903-1938 in die senior klasse van die hoërskool behandel. In 1963 beklee hierdie geskiedenis 'n ondergeskikte plekkie in die Standerd VII-leergang en soms verskyn dit nie in die onderwysers se skemas nie.[1)]

q. Suid-Amerikaanse State-
Die Geskiedenis van die Suid-Amerikaanse State is tans (1964) nie van belang vir die leergangsamestellers nie. In 1925 is dit wel in die intermediêre skool onderrig.

r. Nabye Ooste-
Die geskiedenis van die Nabye Ooste en die Balkanstate is sedert 1938 in die senior klasse behandel.

s. Eerste Wêreldoorlog-
Die oorsake van die Eerste Wêreldoorlog en die toestande wat

1. Persoonlike waarneming.

/voor.....

voor die oorlog geheers het, is in 1925 in Standerds VII en VIII behandel en in 1938 en 1952 in die matriek-leergang geplaas.

t. Tweede Wêreldoorlog-

Die oorsake van die Tweede Wêreldoorlog is in 1959 vir Standerds IX en X voorgeskryf. Die ontstaan van die Drievoudige Verbond en die Drievoudige Entente is in 1952 en 1959 vir dieselfde standerds voorgeskryf.

u. Vroeë ontdekkingsreise om die Kaap-

Die vroegste Portugese en Nederlandse ontdekkers wat om die Kaap gereis het, is sedert 1883 (standerd IV- tot vandag toe in die leergange opgeneem, meestal vir die junior klasse.

v. Kaapse Geskiedenis-

Die Kaapse Geskiedenis het circa 1883-1900 min aandag geniet. Van 1909 af is dit in die laerskool se leergange opgeneem. Hierdie deel van die geskiedenis word ook in middelbare skole gedoen. Die Konstitusionele Geskiedenis van die Kaap 1825-1872 kom van 1909 tot 1964 in bykans alle leergange van die middelbare skool voor.

w. Die Groot Trek-

Die geskiedenis van die Groot Trek verskyn in die eerste Transvaalse leergange. Met uitsondering van die periode 1900-1906 neem dit 'n vername plek in die leergange in. In 1958 en 1959 is dit sowel vir Standerds VII as vir Standerds IX en X voorgeskryf.

x. Transvaalse Geskiedenis-

Die Transvaalse Geskiedenis is gedurende die jare 1883-1899 as die Vaderlandse Geskiedenis aanvaar. Taamlike neutvars gebeurtenisse is as geskiedenis beskou. Behalwe in die S.M.O.-skole is die Transvaalse Geskiedenis gedurende die jare 1900 1907 stiefmoederlik behandel.

Van die eerste Transvaalse republiekies, die Dorsland Trek en die uitbreidingspogings van die Republiek word sporadies melding gemaak en wel in die intermediere leergang van 1925.

y. Die Vrystaat en Natal-

Die geskiedenis van die Vrystaat en Natal is in hooftrekke die hele geskiedenis van die Groot Trek en gebeurtenisse wat tot

/die.....

die stigting van die republieke gelei het. Die Vrystaatse geskiedenis eindig as't ware met die ontdekking van diamante en die Natalse met die anneksasie van 1843.

z. Temas-

In 1909 is 56 temas in die laerskoolkursus opgeneem, en in 1914 is 'n aantal temas vir Standerd VI en VII in die Algemene Geskiedenis opgeneem: in 1925 is byvoorbeeld die mandaatgebied Suidwes-Afrika vir Standerd VIII opgeneem. Vraagstukke soos die armblankes en die inboorlinge (Vorm III in 1934) en die naturelle en Asiate (Juniorsertifikaateksamen 1938) is opgeneem. Ander temas soos die ontdekking van diamante en goud met die gevolge daarvan, Paul Kruger en Cecil Rhodes, die federasie-pogings van Grey en Carnarvon en die unifikasie van die Britse kolonies het afgelope dertig jaar bykans onafgebroke in die leergange verskyn. Dit lyk asof resente vraagstukke en instellings soos die Bantoes, die Indiërs, die Kleurlinge, politieke partye, die grondwet met sy wysigings vir die senior klasse afgesonder word. Ook temas van wêreldformaat soos die ontwikkeling van die moderne Verenigde State van Amerika in 1914, Kommunisme in Rusland, Nasionaalsosialisme in Duitsland en Italië en die uitbreidingsbeleid van Duitsland, Italië en Japan moet deur die senior klasse behandel word. Die verdeling van Afrika is vir Standerd VIII asook Standerds IX en X voorgeskryf. Die Oosterse vraagstuk is ook besig om die leergang van die seniorklasse binne te dring.

(5) Burgerkunde-

Burgerkunde is reeds in 1883 by Geskiedenis gevoeg en is nog steeds 'n aanhangsel van die Geskiedenisleergang.

(6) Konsentriese aanbieding-

Die leergang dra die kenmerke van konsentriese benadering. In 1895 is bepaal dat Standerd V die werk van Standerd IV moes herhaal en daarop uitbrei. Hierdie eise is in 1903, 1914 en 1938 herhaal. Die voorgeskrewe leerstof van die 1959-leergang vir Standerds IX en X herhaal leerstof wat vir Standerds VI, VII en VIII voorgeskryf is.

(7) Aardrykskunde-

Een van die eerste leerboeke, nl. Vaderlandse Geschiedenis van J. de Liefde wat in 1883 gebruik is, is van 4 landkaarte voorsien om die geskiedenis nader te belig. Bykans alle leergange sedert 1903 wys op die noodsaaklikheid van die nodige Aardrykskundige kennis om die

/Geskiedenis.....

Geskiedenis op te helder.

(8) Bronnestudie.

Slegs in die leergange van 1917, Intermediêre 1925 (Standerd VIII en Trap II (Hoër graad) van 1921 is van bronnestudie gewag gemaak.

(9) Resente Geskiedenis

Soos reeds gestel, was dit gebruiklik vir die opstellers van die eerste Transvaalse leergange om die jongste gebeure wat op die verloop van die Transvaalse Geskiedenis invloed uitgeoefen het, as Geskiedenis voor te skryf. Na 1900 was die opstellers meer omsigtig; hulle wou nie resente gebeure opneem nie. In 1914 is die Geskiedenis by 1899 afgesluit en in 1917 is die Geskiedenis slegs tot 1892 gevoer. In die jongste Transvaalse leergang (Julie 1959) is sowel die Suid-Afrikaanse as die Algemene Geskiedenis by 1939 afgesluit. Gebeure wat dus twintig jaar oud was, is as historiese gebeure beskou.

(10) Metodiek van geskiedenisonderrig.

Slegs 'n paar leergange verskaf wenke hoe Geskiedenis onderrig moet word. Die leerplan van 1958 noem die verskillende metodes van onderrig en vermeld ook hulpmiddels wat aangewend kan word. Dit is ook voorsien van 'n boekelys wat die metodiek van Geskiedenisonderrig behandel.

(11) Aanvullende leerstof.

Talle leergange bevat aanhangsels waarin boeke vir aanvullende leesstof aanbeveel word.

E. INLUI VAN NASIONALE ONDERWYS [1]

Op 1 April 1968 is tot 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika oorgegaan. Kernleergange vir Geskiedenis is opgestel.

In Transvaal is daar vir Geskiedenis drie leergange ingestel:

1. Leergange vir Geskiedenis in die laerskool.[2] Dit vervang die leergang vir Sosiale Studie wat vir ongeveer agt jaar in gebruik was.
2. Leergang vir Geskiedenis Standerd 6 - 8.[3] Hierdie leergang moes in 1968 gelyktydig in elk van die drie standerds, naamlik 6, 7 en 8 ingevoer word.

/3.Leergang....

---

1. Wet op die nasionale onderwysbeleid nr. 39 van 1967.
2. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis in die laerskool: Uitgegee in 1966.
3. T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis St. 6 - 8: Uitgegee in 1967.

3. Leergang vir Geskiedenis St. 9 - 10.[1] Hierdie leergang moes in 1968 in Standerd IX ingevoer word aangesien die eerste eksamen daaroor in November/Desember 1969 gehou sou word.

Hierdie leergange word aan die nuutgeformuleerde kriteria in keuse en rangskikking van inhoud ten opsigte van hul doelmatigheid al dan nie getoets, en wel in hoofstuk VII van hierdie werkstuk.

---

1. T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis St. 9 - 10: Uitgegee in 1967.

HOOFSTUK III

DOELSTELLING VAN DIE GESKIEDENISONDERWYS

A INLEIDING

Ter inleiding word 'n paar opmerkings oor die wese en aard van Geskiedenis gemaak, die menings van enkele persone oor Geskiedenis as skoolvak weergegee en die nut wat dit mag inhou, bespreek. Vervolgens word die doelstellings van die Transvaalse Onderwysdepartement, soos dit in die Geskiedenisleergange voorkom of daaruit afgelei word, vasgestel. Daarna word hierdie doelstellings gekritiseer in die lig van hul tekortkominge aan die hand van wat andere sê. Laastens word kriteria vir doelstellings in die Geskiedenisonderwys aan die hand gedoen.

1. Geskiedenis.

Geskiedenis leen hom nie tot 'n eksakte definiese nie. Historiese konstruksie het gedurende die eeue gevarieer en dit verander nog steeds en wel in so 'n mate dat gesê is dat Geskiedenis oorgeskryf moet word en dat die laaste woord nooit geskryf sal word nie.[1] Ons geskiedenisbeskouing is altyd betreklik. Dit verskil van denkrigting tot denkrigting, van volk tot volk en van geslag tot geslag.[2]

Geskiedenis in sy wyere betekenis is die verhaal van alles wat gebeur het en wat in die reël onherhaalbaar en uniek is. Dit is die hele verlede van die wêreld, wat dit ook al mag wees.[3]

Geskiedenis is niks minder nie as die verslag van alles wat in die ontwikkeling van die mens plaasgevind het[4] die gekonsentreerde ervaring van baie geslagte.[5] Ons kan dus die geskiedenis omskryf as 'n stelselmatige ondersoek na en 'n beredeneerde voorstelling van die bedrywighede van die mens in die verlede in soverre die bedrywighede 'n sosiale betekenis het en in soverre ons na 'n oorsaaklike samehang in die menslike ontwikkeling soek.[6]

/Geskiedenis.....

---

1. Kruger, op. cit., p.100. (Hy haal Leopold von Ranke aan "...Die Historie musz immer umgeschrieben werden.")
   Nevins, A. The gateway to History, p.9.
2. Van Rooyen, op.cit., p.189.
3. Jonnson, H. Teacning of History in elementary and secondary schools, p.18.
   Van Jaarsveld, F.A. & Rademeyer, J.J. Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig, p.15.
4. Happold, F.F. The approach to History, Introduction.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, ibid., p.17.
5. Pelzer, A.N.P. Geskiedeniskonferensie, Pretoria, 11 Feb. 1956. (deur skrywer bygewoon.)
6. van Wyk, A.H. Toespraak. Historia, 1, nr. 1, 1956.

Geskiedenis is ook die nalatenskap van alle tydperke; die steentydperk, die ystertydperk, asook van die beskawings. Geskiedenis stuur eerder op 'n wêreldsamelewing af as op 'n nasionale grootheid en parlementêre demokrasie. Dit is die geestelike vorm waarin 'n kultuur homself rekenskap van sy verlede gee.[1)]

2. Geskiedenis as skoolvak.

Dit is vir die Westerse lande reël dat bepaalde leerstof vir skoolgebruik vasgestel word.[2)] Een van die redes is stellig dat Geskiedenis moeilik is.

> ...The study of History requires, in the main, a background of greater expierence for its understanding than is possessed by the average child. History in its true sense is an adult subject ...[3)]

Van die rypende jeug word verlang dat hulle in staat moet wees om waardes te bepaal, oordele te vel, goed of af te keur. Hulle moet as aanklaer en as regter tegelyk optree teenoor die handelinge van volwassenes van vervloë tye.

Gewoonlik word leerstof gekies wat betrekking het op die Vaderlandse Geskiedenis en Wêreldgeskiedenis wat direk of inderek invloed op die verloop van die Vaderlandse Geskiedenis gehad het.

3. Die waarde van Geskiedenis as skoolvak.

Daar Geskiedenis in die leerplanne van die Transvaalse skole ingesluit is, ontstaan die vraag of Geskiedenis sovoel waarde het dat dit ondanks die moeilikhede voorgeskryf moet word.

Opvoedkundiges bewoer dat Geskiedenis voortreflike opvoedkundige waardes het.[4)] Geskiedenis is 'n instrument van ware opvoeding wat 'n

/gesonde.....

---

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis in die middelbare skool (St. VI-VIII) November 1958.
   Kruger, op. cit., p.100.
2. T.O.D. Verslag 1922, p.71.
   Ministry of Education. Pamphlet no. 23, pp. 5 & 10.
3. Jeffreys, M.A. History in schools, The study of development, p.2.
   Vgl. ook Rowse, A.L. The use of History, p.183.
   Kaapstadse verteenwoordiger. Geskiedenis nie vir kinders nie. Die Vaderland. 7 Desember 1966. (Hy haal aan).
4. Mulder, J.J. Geskiedenisuitstalling. Onderwysnuusflitse. Nr. 22, Maart 1970, p.19.
   Rowse, op. cit., p.156.
   du Plooy, J.L. Geloof in hulle lewe. Historia. Nr.1. Junie 1956, p.23.

gesonde nasionale bewustheid en selfagting skep.[1)]

'n Algemeen gangbare opvatting van opvoedkundiges is dat Geskiedenis 'n historiese begrip by leerlinge ontwikkel wat Geskiedenis wetenskaplik benader.[2)] Hierdie begrip lei tot praktiese kennis wat meehelp om huidige of eietydse probleme op te los.[3)] Opeenvolgings word betekenisvol en is nie toevallig nie. Gebeurtenisse is nie losstaande nie maar is 'n deel van 'n reeks wat van Geskiedenis 'n voortvloeiende stroom maak wat op die gedagtewêreld van die leerlinge inwerk en hulle sedelike lewe beïnvloed deur middel van die dwingende krag van die voorbeeld wat gestel word.[4)] Dit het inderdaad betekenis en die ontdekking van hierdie betekenis selfs in die verlede moet die mens in staat stel om homself,[5)] asook die wêreld waarin hy woon, beter te verstaan en daarom ook die aard van die lewe self.[6)] Dus kan kennis van die verlede die huidige vrae selfs die van die toekoms beantwoord. Die probleem wat ontstaan, word met behulp van opgedane historiese kennis krities ondersoek[7)] en daar word getrag om die probleme te verklaar of op te los.[8)]

Geskiedenis help om die leerlinge in die kontemporêre wêreld te oriënteer.[9)] In hierdie wêreld met sy menigte probleme is dit nodig dat die mens hulle in perspektief sien. Dit is ons taak om ons sosiaal en staatkundig by die masjieneeu aan te pas. Die atoomeeu met sy skrikwekkende omvang is alreeds op die gesigseinder. Die mens moet hom by die nuwe aanpas en desnoods die nuwe aan sy behoeftes diensbaar maak. Om dit te kan doen, is kennis nodig - kennis nie net van die masjien en die atoom nie, maar kennis van die sosiale ewolusie[10)]

> ...If we are not to destroy ourselves and civilizations, we must build up the social and political organizations to bring these terrible forces under control and turn them into forces for the good of mankind; that in fact the human sciences are in this age the most vital, the most /exciting.....

1. Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, Transvaal 1939, p.154. (Voortaan Nicolverslag.)
2. Scottish Education Department. Memorandum on the study of History in Scottish Schools 1907, p.4.
3. Rowse, op. cit., p.70.
4. Dewey, J. Experience and education, p.54.
   du Plooy, J.L. op. cit., p.25.
5. du Plooy, J.L. op. cit., p.17.
6. Ibid., op. cit., p.14.
7. Jeffreys, op. cit., p.15.
8. Burston, W.H. The explanation in History and the teaching of History. British journal of educational studies. II, no 2. May 1954, p.117.
9. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.31.
10. The journal of incorporated association of assistant masters in secondary schools. XI, no.3. May 1945, p.46.
    du Plooy, J.L., op. cit., p.18.

exciting objects of our intellectual effort .[1]

Geskiedenis noodsaak die leerling dus om meer belang in openbare sake te stel. Kennis so verkry, sal hom toerus om staatkundig beter te oordeel.[2] Sodoende sal die openbare mening ingelig en gelei word.[3]

Namate 'n volk opgevoed en ingelig word, is dit vir die volk moontlik om ander volke en hulle tradisies te verstaan.[4] Namate die leerlinge se historiese kennis verruim en hul oordeel oor gebeure ryper word, word hulle bewus van groot prestasies behaal en groot foute begaan. Hulle besef ook dat daar baie flaters in die annale van die mensdom begaan is. Hulle sien die ooreenkomste en kontraste in die geskiedenis van die verskillende volkere. Die paralelle gevalle sal hulle nie ontgaan nie. En dis alles 'n onderdeel van die geskiedenis. Hierdie besonder saamvoegende studie lei tot historiese insig.[5] Die grootste les wat die geskiedenis leer, is dat waarhede en edel dade, deugde en ondeugde, nie eie aan slegs bepaalde volkere is nie, maar aan almal.[6]

In teenstelling hiermee getuig ons daglikse doen en late, staatkundig en sosiaal, egter hoe bevooroordeeld, hoe onkundig, hoe eensydig ons die strydvrae benader en hoe ons tot gevolgtrekkings kom sonder om die minste benul te hê van waarop dit uiteindelik gaan uitloop. Met gebruik van die kennis en insig deur die geskiedenis verkry, kan 'n wetenskaplike gesindheid of houding aangekweek word om hierdie gebrek te herstel. Geskiedenis kan by die leerlinge 'n verruimde blik en 'n kalm gees aankweek om verskillende standpunte wat maar altoos voorkom, te benader. Hierdeur word 'n geesteshouding aangekweek wat hom vrywaar van die soms twyfelagtige propoganda wat deur die pers, rolprente en die radio versprei word. [7]

Deur die positiewe kennis wat so by die leerlinge aangebring word, word die gees van die leerlinge opgevoed. Namate die probleme van vergange dae bestudeer word, kry hulle breër insigte en leer hulle kalm en bedaard aan sake deelneem.[8]

/Kennis.....

---

1. Rowse, op. cit., p.158
2. Ibid., p.185
   du Plooy, J.L. op. cit., p.18
3. Trevelyan, G.W.. History and the reader, p.13.
4. du Plooy, J.L. op. cit., p.26.
5. Trevelyan, op. cit., p.44
   du Plooy, J.L. op. cit., p.22
6. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis, Sts. ix en x, 1959.
7. Trevelyan, , p.44.
8. Ibid., op. cit., p.23

Kennis lei tot beter verstandhouding en 'n beter begrip van ander se standpunte. Geleidelik werk dit etiese vorming by die leerlinge in die hand.[1)]

Geskiedenis word ook gelees omdat dit bekoorlik is. Die mens se geskiedenis, prehistories, ou-middeleeus, middeleeus, modern en eietyds imponeer die leser. Dit omvat godsdiens, literatuur, kuns en geskiedenis van die wetenskap. Met ander woorde, dit omvat die onopgeloste geheime in die een groot bedryf van die skepping tot die hede.[2)]

By die bestudering van literatuur, vreemde tale, antropologie, sosiologie, vergelykende wet en etiek vorm Geskiedenis die gemeenskapsband van die mense en die tyd.[3)] Geskiedenis gee dus insig in die staatkundige en maatskaplike toestande van vervlo'd tye, maar ook van die huidige tyd. Dit vorm die grondslag van 'n humane opvoeding.[4)]

Alhoewel die omvang van Geskiedenis geweldig is en die adolessent se tydsbesef soms verwronge en foutief is, verkry hy geleidelik tog 'n besef van tyd en ruimte.[5)]

Die keerkant van die beeld is dat daar geleerdes is wat beweer dat die inligting van Geskiedenis verkry, vir verdere leiding in die lewe bykans waardeloos is. Historiese feite is byvoorbeeld vir Spencer ongeorganiseerde feite wat geensins 'n mens se gedragshoudinge bepaal nie. Seignobos en Langlois onderskryf Spencer waar hulle beweer dat die toestande waaronder menslike houdings plaasvind, baie selde op twee verskillende tye so eenders is dat 'n mens lesse daaruit kan leer.[6)]

B OORSIG OOR BESTAANDE DOELSTELLINGS IN DIE GESKIEDENISONDERWYS

INLEIDING

As 'n mens 'n standpunt ten opsigte van Geskiedenisonderwys wil

/inneem.....

1. Wheeler, Olive, A. Youth, the psychology of adolescence and its bearing on the reorganization of adoloscent education, p.44
2. du Plooy, J.L. op. cit., p.22
3. Rowse, op. cit., p.160
4. Jarvis C.H. The teaching of history, p.10
5. Bavinck, H. De opvoeding der rypere jeugd, p.24
6. Langlois, C.H.C. & Seignobos, C.R. Introduction to the study of History, p.319.

inneem, moet daar duidelike doelstellings wees. Die vraag ontstaan: Wat is die duidelike, standhoudende, kontrolerende doelstellings van die Geskiedenisonderwys? In hierdie studie word eers die doelstellings soos in die Transvaalse Geskiedenisleergange gestel of geïmliseer en deur verskeie outoriteite geïnterpreteer, aangedui en daarna word hierdie genoemde doelstellings met die algemeen bekende en gangbare doelstellings vergelyk.

1. DOELSTELLINGS SOOS VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENIS-LEERGANGE AFGELEI.

(A) Algemeen vormend:

In Transvaal is die strewe in die opvoedkunde om die algemeen vormende volksonderwys van elke kind te verhoog.[1] Geskiedenisonderwys moet die kind geestelik verryk[2] deur die verbeelding te prikkel, die romantiese aan te wakker [3] en sy vrye tyd te leer gebruik deur Geskiedenis te lees en te geniet.[4] Kennis wat deur Geskiedenisonderwys aangebring is, moet tot karaktervorming en kulturele opvoeding dien.[5]

(B) Teleologiese vorming:

Aan die kinders van gelowige ouers mag Geskiedenis nie bloot as 'n kontinue, kousale ontwikkeling voorgestel word nie, maar moet die beginsel van teleologie baie duidelik aan hulle gestel word. Vir die

/gelowige....

1. Mulder, J.J. Geskiedenisuitstalling. Onderwysnuusflitse, nr. 22. Maart 1970.
   Coetsee, A.G. Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.160.
2. van Wyk, A.H. Geskiedenis en die onderrig van Geskiedenis. Historia. 1, nr.1. Junie 1956, p.12.
   T.O.D. Leergang vir Geskiedenis in die middelbare skool St.vi-viii 1958.
3. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis. Grade tot St.viii 1942, p.4.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis. Sts. ix en x 1967, p.1.
4. T.O.D. Handboek, Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool 1934.
5. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool St. vi-viii, 1958.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis
   Sts. vi-viii 1967, p.1.

gelowige kinders word die ganse historiese gebeurtenis gesien as die ontvouing van 'n raadsplan van 'n Almagtige en Alwyse God en die verlossing van die mens deur Jesus Christus. Dit is dus die ontwikkeling na 'n Godbestemde einddoel, die wederkoms van Christus en die oordeel van die mens.[1)]

(C) Religieuse vorming:

Die mens moet God ken en dien. Die mens is die kroon van Gods skepping en daarom neem die kennis aangaande die mens die eerste plek onder alle sekulêre leerstof in.[2)]

(D) Etiese vorming:

Die Geskiedenis is 'n skoutoneel van dapperheid, opoffering en trou, maar ook van lafhartigheid en ontrou, verraad en baatsug en is dus ook van waarde vir die etiese vorming van die mens. Die geskiedenis is 'n verskaffer van treffende voorbeelde tot karaktervorming deur middel van afskrikking en navolging.[3)] Die etiese opvoedkundige betekenis wat geskiedenis vir ons inhou, is die uitwerking van die voorbeeld van goeie, mooi, edel persoonlikhede in die geskiedenis[4)] en die ontdekking en bekendmaking van waarhede.[5)]

(E) Emosionele vorming:

Die romantiese aspek van die verlede moet beklemtoon word. Vreugde word ondervind by die lees van edel dade, en meegevoel by mistastinge en mislukkings. Die leerlinge se emosionele lewe word opgevoed.[6)]

/F. Denke.

---

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die Middelbare skool St. vi-viii 1958.
2. Ibid.
3. Ibid.
   Van Wyk, Toespraak, Historia, II, nr. 1, 1956.pp. 9 en 10.
4. Van Jaarsveld & Rademeyer. Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig, p.83
5. Kruger, op. cit., p.99.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis Sts. vi-viii 1967, p.1.
6. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942. p.2.
   Van Jaarsveld, Die Afrikaner en sy geskiedenis, p.38.

(F) Denke:

Die doelstellings van Geskiedenisonderwys om die leerlinge te leer dink, is genoem. Denke moet kennis en insig tot stand bring,[1] en die aanskouingsmiddels moet 'n konkrete basis aan die abstrakte gee.[2]

(G) Logiese vorming:

Die leerlinge moet geleer word om die geskiedenismateriaal te rangskik, orden en om afleidings te maak.[3]

(H) Ontwikkeling van die verbeelding:

Die leerlinge se verbeelding moet geprikkel word en beelde van die verlede, hoe onvolmaak ook al, opgebou word.[4]

(I) Vorming van historiese begrip en historiese sin:

Die leergange stel as doel die ontwikkeling van historiese begrip, historiese oordeel en historiese sin.[5] Die leerlinge moet 'n historiese perspektief verkry wat o.a. deur beelde van die verlede opgebou is. Daarbenewens moet die leerlinge begryp[6] hoe verskillende gebeurtenisse in tydsverband met mekaar staan - die verband tussen oorsaak en gevolg.[7] Visie en insig in ruimtebegrip moet aangebring word. Algaande moet die verkryging van feitekennis tot 'n begrip van historiese denke lei om daardeur die eie geestelike horison te verruim.[8] 'n Lewende verlede sal daardeur verkry word.[9]

(J) Bewuswording van kontinuïteit:

Verskillende leergange dring daarop aan dat die leerlinge geleer

/word.....

---

1. Van Jaarsveld en Rademeyer, op. cit., pp.82 en 248.
2. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942.
3. T.E.D. Report 1914, p.65.
   T.O.D. Verslag 1916, p.146.
4. Stevens, T.W. The teaching of History - as I see it.
   Historia. 1, nr.3, Februarie 1957.
   T.O.D. Finale leergang 1967, p.1.
5. T.E.D. Regulations governing primary schools for white children 1923.
   Van Jaarsveld. Die Afrikaner en sy geskiedenis, voorwoord.
   Van Wyk, Geskiedenis en die onderrig van Geskiedenis, p.11.
6. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis 1967, p.1.
7. T.O.D. Regulasies vir laerskole 1925, p.38.
   T.O.D. Bepalingen en leergangen voor buiten scholen 1913, p.27.
8. T.O.D. Leergange vir Geskiedenis vir die middelbare skool 1958.
   du Plooy, J.L. op. cit., pp. 16 en 17.
9. T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis 1967, p.1.

word dat alles geleidelik en langsamerhand in ooreenstemming met eie aard en wese verander en alles wat bestaan, in verband staan met ander dinge.[1] In die leergange self word getrag om die organiese eenheid van die Geskiedenis te behou en daarbinne soveel moontlike onderwerpe volgens die idee van kontinuïteit te behandel. Geskiedenis moet as 'n onverbrokkelde eenheid gesien word.[2]

(K) Bepaalde historiese kennis:

'n Primêre doelstelling, alhoewel nie gestel nie, maar in elke leergang beliggaam, is die aanbring van bepaalde historiese leerstof. Dit wissel van leergang tot leergang. As kernleerstof is Vaderlandse Geskiedenis, Europese Geskiedenis, Britse Geskiedenis, Ou Geskiedenis en Eietydse Geskiedenis ingesluit.[3]

(L) Om die beskawing te verstaan:

Met die Vaderlandse Geskiedenis as die middelpunt en met die Algemene Geskiedenis as agtergrond moet die leerlinge gelei word om die ontwikkeling van die beskawing te verstaan.[4] So word 'n beeld van die wêreld, hoe onvolledig ook al, opgebou.[5]

(M) Vorming van vaderlandsliefde:

Die leergange vereis dat vaderlandsliefde beklemtoon word, maar daar word gekwalifiseer dat dit verstandige, verligte en rasionele vaderlandsliefde sonder chauvinisme moet wees.[7]

/(n) Heldeverering.....

---

1. Pelzer. Toespraak, Geskiedenis Konferensie, Pretoria, 1956.
2. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942, p.2.
   T.O.D. Jaarverslag 1922, p.73
   T.E.D. Moderators Report 1904, p.12.
   Raubenheimer, op. cit., p.45.
   Coetsee, Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, pp.170-180.
   Van Dyk, J.H. Geskiedenis as 'n opleiding tot burgerskap, pp.17-22.
3. Van Jaarsveld. Die Afrikaner en sy geskiedenis, voorwoord.
   du Toit, P.K. op. cit., p.56.
4. T.O.D. Leerplanne vir die middelbare skool 1952.
   Wessels, op. cit., p.66.
5. Van Jaarsveld en Rademeyer, op. cit., p.76.
6. Van Wyk, op. cit., pp. 9 en 10.
7. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942.
   Wessels, op. cit., p. 61.
   Robbertse, G.F. Gedagtes oor die onderwys van Geskiedenis en Burgerkunde in die lig van die Christelik-Nasionale Opvoedingsideale van die T.O. Onderwysblad, LIX, nr. 677, Mei 1955, p.5.

(N) Heldeverering:

Leerlinge moet die verhale van die helde uit hulle geskiedenis leer asook hulle aandeel in die bou van ons nasie en die handhawing van die beskawing.[1)]

(O) Nasionale vorming:

Die nasionale geskiedenis of die geskiedenis van die vaderland het gedurende die regime van die Zuid-Afrikaanse Republiek voorrang geniet,[2)] maar eers in die afgelope halfeeu werklik 'n Afrikaanse gees en karakter gekry.[3)] Geskiedenis sou nie meer neutraal bly nie.[4)] Dit moet uit 'n Suid-Afrikaanse standpunt gestel word.[5)]

(P) Vorming van burgerskap:

Burgerkunde is in talle leergange ingesluit en is ook as doel gestel.[6)]

(Q) Politiese vorming:

By die bestudering van politieke partye, die Bantoe, die Indiër- en Kleurlingvraagstuk word die leerlinge met die politiek van die land in aanraking gebring.[7)] Dit sal stellig tot die leerlinge se politiese vorming bygedra het.[8)]

(R) Sosiale vorming:

Enkele leergange maak van sosiale vorming melding.[9)]

/(s) Vryetyds.....

---

1. Wessels, op. cit., p.62.
   Stevens, op. cit., p.218.
   Van Dyk, op. cit., p.38.
2. Moll, G.R.A. 'n Ondersoek na die gesindheid van hoërskoolleerlinge teenoor die onderwys van Geskiedenis, p.38.
   Z.A.R. Schoolgids 1892, p.28.
3. Boekbespreking. Onderwysblad LXIV, nr. 729, 1 Julie 1960.
4. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir Transvaalse middelbare skool 1958, p.1.
5. Van Jaarsveld, Die Afrikaner en sy geskiedenis, p.249.
6. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1948.
   T.O.D. Bepalingen voor lagere en middelbare scholen 1909, p.32.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis 1967. Standerds 6-8, p.3.
7. Ibid.
8. Moll, op. cit., p.105.
   Van Jaarsveld, F.A. History teaching and responsibility. Historia, VIII, nr. 1. Maart 1962.
   Van Dyk, op. cit., p.53.
9. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1948.
   Wessels, op. cit., p.65.
   Van Jaarsveld en Rademeyer op. cit., p.80.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis 1967, p.3.

(S) Vryetydsbesteding:

By die doelstellings van Geskiedenis word vermeld dat Geskiedenis so aangebied word dat dit deur die leerlinge geniet word.[1] Die aanwending van die biblioteek, lees van naslaanwerke en geskiedenisboeke moet tot gewoontevorming lei waar die vrye tyd nuttig en aangenaam aangewend word.[2]

(T) Persoonlike gesindheid:

As nog 'n doelstelling word aangevoer die aankweking van die korrekte gesindheid van die leerlinge teenoor almal en alles met wie en waarmee hulle in aanraking kom. Hierdie persoonlike gesindheid lei tot beter verstandhoudinge.[3]

Nou dat die vernaamste doelstellings van die Transvaalse Geskiedenisleergange aangedui is, word vasgestel of dusdanige doelstellings ook in die Geskiedenisleergange van die drie buurprovinsies en van Engeland voorkom.

2. VERGELYKING VAN DIE DOELSTELLINGS VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANGE MET DIE VAN DIE ANDER PROVINSIES EN ENGELAND.

(A) Algemeen vormend:

Waar die Transvaalse leergange die algemene vorming van die leerlinge beoog, stem dit ooreen met soortgelyke doelstellings van Engeland waar Geskiedenis as 'n hoogs waardevolle faktor in die opvoeding beskou word[4] en waar dit 'n persoonlike vak is wat persoonlike reaksies vra en verkry.[5] Dit moet die basis van 'n humane opvoeding vorm.[6]

/Doelstellings..

---

1. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942, p.4.
2. T.O.D. Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool. Handboek 1934.
   Nicolverslag 1939, p.167.
   T.O.D. Regulasies vir laer skole insluitende die leerplan of leergange vir intermediêre skole 1925.
3. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis 1958.
   T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis 1942, p.2.
   T.O.D. Finale leergang vir Geskiedenis 1967, p.3.
4. Jarvis, op. cit., p.10.
   Trevelyan, op. cit., pp.13 en 23.
   Johnson, op. cit., p.70.
5. Worts, F.R. The teaching of History in Schools. A new approach, p.23.
6. Rowse, op. cit., p.193.

Doelstellings van ons buurprovinsies:[1] Om deur die studie van die mensdom en die volke deur die eeue heen waardering by die leerlinge te kweek vir sekere fundamentele lewenswaardes en ideale soos geregtigheid en vryheid. Die leergange stel hulle ten doel om die leerlinge se kennis so uit te brei en te verryk dat persone, plekke en gebeurtenisse waarna in boeke, koerante en gesprekke, die radio en die rolprent verwys word, betekenis vir hulle sal kry en dat hulle in staat gestel sal word om verstandig daaromtrent te dink, te skrywe en te gesels.[2]

Dus word die algemene vorming van die leerlinge as doelstelling, ook elders nagestreef.

(B) Teleologiese vorming:

Die opvatting dat Geskiedenis in die adolessent se lewe rigting - bepalend is, word deur ander instansies ook duidelik gestel.[3]

(C) Religieuse vorming:

Religieuse vorming van die leerlinge word vry algemeen onderskryf.[4] Geskiedenis moet sy bydrae lewer om die leerlinge van die hoër geestelike dinge bewus te maak.[5] Die Christendom is self, 'n interpretasie van die geskiedenis.

> ....The true order of history was nothing but the Divine Plan for the redemption of the world, foreordained at least in outline from the Creation to the last Judgement. Now that the fulness of the Plan had been revealed in the New Testament, the history has only to record the steps in execution.[6]

/(d) Etiese.....

---

1. Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek vir Matrikulasie-eksamen 1960, p.137.
   Natalse Onderwysdepartement. Handboek vir die Seniorsertifikaat-eksamen 1956, p.43.
2. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Senior Sekondêre Kursus 1956, p.73.
3. Coetsee. Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.159.
   Pelzer, A.N. Die reëling vir en die organisasie van die laer, middelbare en voorbereidende hoër onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika, p.108.
   Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, pp.319-320.
4. Worts, op. cit., p.22.
5. Nason, H.M. **Reorganisation** of secondary education in England, p.30.
6. Clarke, F. The foundation of History teaching, p.3.
   Childe, C. History, p.36.

(D) Etiese vorming:

Etiese vorming as doelstelling van die Geskiedenisleergang word nie net in Transvaal nie, maar vry algemeen onderskryf.[1] Die voorbeelde van groot voorgangers en die heldedade van persoonlikhede van die verlede prikkel die pogings om die eie sedelike lewe te verhoog.[2] Geskiedenis moet tot die sedelike ontwikkeling bydra, deug bevorder, ondeug beveg en leer om die waarheid te handhaaf.[3]

(E) Emosionele vorming:

Hierdie Transvaalse doelstelling van die Geskiedenisonderrig word ook deur ander instansies aanvaar.[4] Aanvanklik is Geskiedenis vir die jeugdiges 'n avontuur waar hulle in aanraking kom met die mens, die jagter, die heerser oor diere, die koning oor die aarde, koning oor mense en ryke. Hierdie aanraking met mense van vlees en bloed wek by die kinders emosies op van bewondering of veragting, van haat of liefde en van verering van helde of verdoeming van skurke. In iedere geval word die emosies geprikkel en die Geskiedenis kan aangewend word om die edeler emosies te prikkel en tot volle ontplooiing te laat gedy.[5]

(F) Denke:

Alle leergange is stellig saamgestel om die denke te ontwikkel. Die belangstelling van die leerlinge moet so geprikkel word dat dit tot denke oorgaan.[6] Die gewoonte van onafhanklike oordeel moet aangemoedig word en aangeleer word deur op skool geskikte geleentheid te bied om te dink en te redeneer.[7] Die leerlinge sal dan vanself ingestel wees om oorsake en gevolge te soek.[8] Hierdie doelstelling kom ook vry algemeen in die ander Suid-Afrikaanse provinsies voor.[9]

/(g) Logiese.....

---

1. Jeffreys, op. cit., p.11.
2. Scottish Education Department. Memorandum on the study of History in Scottish schools, p.4.
   Nason, op. cit., p.30.
3. Johnson, op. cit., p.60.
   Jarvis, op. cit., pp.7, 26 en 30.
4. Worts, op. cit., pp.18 en 21.
5. Ibid.
6. Nason, op. cit.,p.30.
   Jarvis, op. cit., pp.7 en 173.
7. Spens Report, Report of the Consultative Committee on secondary education, p.129.
8. Kjeldstadli, S. The teaching of History in Norwegian grammar schools, p.59. (Hy verwys na skole in Engeland.
9. Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek vir Matrikulasie-eksamen 1960.
   Departement van openbare onderwys. Kaap die Goeie Hoop.
   Senior Sekondêre Kursus 1956, p.73.
   Natalse Onderwysdepartement. Handboek vir Seniorsertifikaat-eksamen 1958, p.43.

(G) Logiese vorming:

Dit is 'n gemeenplaas dat alle opvoedkundiges 'n logiese denkwyse by die leerlinge wil aankweek. Hierdie logiese vorming by die adolessente word dan ook sowel in die leergang van Transvaal as in die van die ander drie provinsies van die Republiek en van die Westerse lande aangetref. Die leerlinge moet leer om sosiale, ekonomiese en staatkundige probleme op te los.[1)]

(H) Ontwikkeling van die verbeelding:

Die prikkeling van die verbeelding van die leerlinge is universeel. Dit word by implikasie aanvaar. Geskiedenis moet die verlede so laat herleef dat dit na werklikheid lyk. Om die verlede so werklik te laat lyk, moet materiële toestande so in die gees opgetower word dat hulle lyk soos die toestande en gebeurtenisse soos hulle werklik was.[2)]

Hierdie aankweek van konstruktiewe verbeelding is 'n belangrike doelstelling van die Geskiedenisonderwys.[3)]

(I) Vorming van 'n historiese begrip:

Om by die leerlinge 'n historiese begrip te ontwikkel deur menings en gebeurtenisse op te weeg en deur onpartydige gevolgtrekkings te maak, word ook deur ander instansies as doel gestel.[4)] Daarby moet Geskiedenis as vak ooreenstem met die opvattings van die historici.[5)] Daar moet nie getrag word om die formele en gesistematiseerde Geskiedenis te leer nie.[6)]

/(j) Bewuswording..

---

1. Kjeldstadli, op. cit., p.59.
   Worts, op. cit., p.21.
   Johnson, op. cit., p.76.
2. Johnson, op. cit., pp.61, 75 en 202.
   Coetsee, Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.150.
3. Jarvis, op. cit., pp.21 en 22.
   Brooks, F.D. The psychology of adolescence, p.256.
4. Spens Report, p.129.
   Board of Education. Report of the Consultative Committee on the education of the adolescent 1926, p.148. (Voortaan Hadow Report).
5. Findlay, J.J. History and its place in education with special reference to English schools and colleges, p.11.
6. Burston, op. cit., p.73.
   Johnson, op. cit., p.16.

(J) Bewuswording van kontiniïteit:

Vir opvoedkundiges oorsee en hier te lande is dit die mees fundamentele omvattende doelstelling om vir die kind die wêreld verstaanbaar te maak.[1] Geskiedenis van wetenskaplike aard word deur die ontwikkelingsgedagte oorheers.[2] Volgens hierdie opvatting was en is daar nie bepaalde dinge nie, maar is alles in wording.

Die belangrikste gebeurtenisse, ontwikkelings en invloede van die verlede word ontleed en die betekenis daarvan op die hede vasgestel.[3] Daardeur word die onveranderlike gees van die eeue besef,[4] wat meehelp dat geskiedenis 'n organiese geheel uitmaak. En dit verseker dat kultuur nie verdoof nie.[5] Met ander woorde, die geskiedenis gaan onafgebroke voort in 'n kontinue beweging.[6]

(K) Bepaalde historiese kennis:

Alle Geskiedenisleergange sluit sekere historiese kennis in. Die Transvaalse leergange doen **insgelyks**.

(L) Om die beskawing te verstaan:

Nog 'n doelstelling van die Transvaalse leergang, nl. om die beskawing te verstaan, word vry algemeen in ander leergange opgemerk.[7]

(M) Vorming van vaderlandsliefde:

Waar die Transvaalse leergange die vorming van vaderlandsliefde beoog, kom dit ooreen met ander leergange asook die menings van talle onderwysmanne. Die Vaderlandse Geskiedenis moet as uitgangspunt dien.[8]

/(n) Heldeverering...

---

1. Trevelyan, op. cit., p.16.
2. Ministry of Education Pamphlet No. 23, p.9.
3. Jeffreys, op. cit., p.104.
   Coetsee, Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, pp.15 en 216.
4. Worts, op. cit., p.21.
   Trevelyan, op. cit., p.16.
5. Malherbe, op. cit., p.11.
6. Coetsee, op. cit., p.170.
   Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek 1960, p.130.
7. Memorandum on the study of History in Scottish schools, p.18.
   Rowse, op. cit., p.165.
   Trevelyan, op. cit., pp.16, 20 en 72.
8. Coetsee, op. cit., p.153.
   Brimble, L.J.F. & May, F.J. Social studies and world citizenship, p.104.
   Wessels, op. cit., p.61.

(N) Heldeverering:

Nie net in die Transvaalse leergange nie, maar ook in ander leergange word aangedring op die aankweek van heldeverering by die leerlinge.

(O) Nasionale vorming:

Nasionale vorming word ook deur meer instansies as die Transvaalse leergange beoog.[1)]

(P) Vorming tot burgerskap:

Die vorming tot burgerskap kom as doelstelling in talle leergange voor.[2)]

(Q) Politiese vorming:

Politiese vorming word as doelstelling deur sommige instansies genoem.[3)]

(R) Sosiale vorming:

Dat die leerlinge tot sosiale wesens opgelei word, is ook die doelstelling van gesaghebbendes. Geskiedenisonderwys moet leer dat vooruitgang deur samewerking, gesamentlike optrede, met die welvaart van die samelewing in gedagte, verkry word. Daar word gestrewe om by die leerlinge 'n gevoel van verantwoordelikheid te kweek.

(S) Vryetydsbesteding:

Vryetydsbesteding van die jeug geniet deesdae universele aandag. Dit word as doelstelling ook in ander lande gestel.[5)]

/(t).....

---

1. Wessels, op. cit., p.61.
2. Ministry of Education, Pamphlet 23, p.34.
   London County Council. Education Committee. Report of a conference on the teaching of History in London elementary schools 1911, p.72.
   Wheeler, op. cit., p.95.
3. Hadow Report, p.96.
   Kuhlen, R.C. The psychology of adolescent development, p.96.
   Fahmy, A.M. The History syllabus in the Egyptian secondary schools, p.59.
4. Johnson, op. cit., pp.75, 78 en 186.
   The English association for education in citizenship in secondary schools, pp. 7-9.
   Kjeldstadli, op. cit., p.57.
5. Trevelyan, op. cit., p.192.
   Hurlock, Elizabeth B. Adolescent development, p.225.

(T) Persoonlike gesindheid:

Daar die inwerking van verhoudinge die opvoedelinge se waarneming, leer en geheue beïnvloed,[1] word hulle algaande geleer om gesindhede, wat hulle aanpasbare sosiale wesens maak, as deel van hulle persoonlikhede te aanvaar.[2] Die daarstelling van goeie gesindhede wat die Transvaalse leergange beoog, word deur opvoedkundiges onderskryf.[3]

3. ONTBREKENDE DOELSTELLINGS VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANGE.

Die Transvaalse leergange noem nie pertinent die volgende doelstellings nie:

(A) Psigologiese vorming:

Die genoemde Transvaalse Geskiedenisleergange noem nie die psigologiese vorming van die adolessente nie "by which the growing personality of the pupil can be strengthened." 4)

(B) Wetenskaplike vorming:

Die leergange noem nie die wetenskaplike vorming van die leerlinge nie. Daar word nie vereis dat die historiese faktore en hulle relatiewe betrekking tot mekaar en ander betrek word om 'n historiese houding by die leerlinge te ontwikkel nie.

(C) Belangstelling in geskiedenis:

Om belangstelling in geskiedenis gaande te maak en lewendig te hou, veral na skoolverlating, ontbreek.[5]

(D) Kulturele vorming:

Volksgewoontes, tradisies, gebruike en houdings van die eie nasie en die van ander volkere moet pertinent onder die opvoedelinge se aandag gebring word. Die skool is 'n eie lewensgemeenskap en 'n inrigting vir die

/voortsetting.....

---

1. Kuhlen, op. cit., p.405.
2. Wheeler, op. cit., p.103.
3. Malm, Marquerite Jamison, P.C. Adolescence, p.257.
4. Worts, op. cit., p.3.
   Fahmy, op. cit., p.84.
5. Moll, op. cit., p.9.
   Nicolverslag, p.152.
   Van Dyk, op. cit., p.28.
   T.O.D. Jaarverslag 1924, p.147.

voortsetting van die kulturele lewe van die volk en daarom moet die ontwikkeling van die kultuur van die eie gemeenskap, lande van herkoms en vroeëre beskawings tot die algemene vorming van die kinders bydra. Hierdie doelstelling word nie gestel nie.

(E) Historiese gesindheid:

As doelstelling word nie genoem die bereiking van historiese gesindheid wat tot die vorming van 'n eie sienswyse oor alledaagse probleme bydra nie.[1] Die leergange verswyg die beoefening van waardemaatstawwe vir die opbou van 'n eie mening. Daar word nie teen oorhaastige oordeelvorminge gewaak nie, wat tot onbesonnenheid kan lei; en die hoogste vrug van historiese opvoeding word nie verkry nie.[2]

(F) Internasionale vorming:

Die verklaring dat die beskawing en kultuur 'n gesamentlike erfenis en verantwoordelikheid van alle nasies is, word verswyg.[3] 'n Internasionalisme wat kan meehelp om verdraagsaamheid, jammerhartigheid, waarheid, regverdige oordeel, weldadige menslike neigings te bevorder en hooghartige nasionalisme teen te werk, word nie vermeld nie.[4]

(G) Filosofiese vorming:

Geskiedenis moet by die leerlinge 'n lewensbeskouing bewerkstellig.

> ...The beginnings of a determinate outlook on things that we trust will prove a serviceable guide to a happy existence.[5]

Hierdie doelstelling ontbreek in die Transvaalse leergange.

C SAMEVATTING.

Opsommend kan die verskillende doelstellings soos volg gestel word:

1. In Engeland:

(A) 'n Breë, algemene oorsig oor die vordering van die menslike

/beskawing.....

---

1. Stevens, op. cit., p.214.
2. Van Jaarsveld en Rademeyer, op. cit., p.4.
3. Coetsee, op. cit., pp. 152 en 158.
4. Kjeldstadli, op. cit., p.156.
5. Clarke, op. cit., p.3.

beskawing;

(B) historiese perspektief, insluitende 'n besef van tyd en ruimte;

(C) 'n juiste waardering van die verlede;

(D) vorming van akkurate denke, van uitdrukking, waarneming en oordeel;

(E) 'n begrip van die interaksie (tussenwerking) van gebeurtenisse en van die ontwikkeling van gegewe toestande met die verloop van tyd;

(F) die vermoë om die hede as 'n ontwikkeling van die verlede te sien;

(G) belangstelling in die vak wat voortduur nadat die leerlinge die skool verlaat het;

(H) kennis van die verantwoordelikheid van burgerskap;

(I) besef te kry van hoe die maatskaplike toestande ontstaan het en die samestelling van die sosiale niveau;

(J) die nasionale en internasionale lewe wat die leerlinge meemaak en

(K) die uitlewing van die godsdiens in die Geskiedenisonderrig.

Die Engelse opvoedkundige Henry Johnson som die doelstellings van Geskiedenisonderwys soos volg op:

> "...To discipline the memory, the imagination, the judgement; to teach the nature of historical evidence and fix the habit of weighing historical evidence; to give training in the use of books; to furnish entertainment; to set up for the conscious imitation of ideals of conduct; of patriotism of social service; to include practical knowledge that can be turned to account in the daily concerns of life; to illuminate other studies, especially Geography and Literature; to cultivate a discriminating taste for historical reading; to enrich the humanity of the pupil, enlarge his vision, incline him to charitable views of his neighbours; to give him love and truth; make him in general an intelligent well disposed citizen of the world as it is by making him a citizen of the ages." 1)

2. In Suid-Afrika.

(A) Algemene doelstellings:

(1) Om aan die leerlinge te verduidelik wat die erfenis van

/hul.....

---

1. Johnson, op. cit., p.59.

hul verlede is, dit wil sê, wat die Westerse beskawing in die algemeen en hul eie land in die besonder aan hulle nagelaat het;[1)]

(2) om voldoende kennis aan die leerlinge te gee:

a. van die geskiedenis van hul vaderland,

b. van die wyse waarop die landsbestuur in hul eie land ontwikkel het,

c. van die geskiedenis van belangrike gebeurtenisse en bewegings in moderne tye wat in die besonder die hedendaagse leefwyse in Suid-Afrika raak,[2)]

d. van die geskiedenis van wêreldgebeure van die 19de en 20ste eeue.[3)]

(3) om aan die adolessente 'n insig te gee in hedendaagse toestande en vraagstukke wat hulle onder die oë sal moet sien, en om deur die studie van die mensdom en van volke, deur die eeue heen, waardering by hul aan te kweek vir sekere fundamentele lewenswaardes en ideale soos geregtigheid en vryheid.[4)]

(4) om hul kennis so uit te brei en te verryk dat persone, plekke en gebeurtenisse waarna in boeke, koerante, gesprekke, die radio en die rolprent verwys word, betekenis vir hulle sal kry en dat hulle in staat gestel sal word om verstandig daaromtrent te dink, te skrywe en te gesels;[5)]

(5) om hulle te lei sodat hulle in staat sal wees om hul kennis doeltreffend aan te wend:

a. Om gegewens bymekaar te bring en te rangskik,

b. om daaruit te kies wat vir hulle bepaalde behoeftes nodig is,

/c. om.....

---

1. Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek 1960, p.137.
   Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop.
   Senior Sekondêre Kursus 1956, p.73.
   Natalse Onderwysdepartement. Handboek vir Seniorsertifikaat-eksamen 1958, p.43.
   T.O.D. Verskillende leergange.
2. Departement van Openbare Onderwys. Ibid.
3. Natalse Onderwysdepartement. Ibid.
4. Gemeenskaplike Matrikulasieraad, Handboek 1960, p.137.
   Natalse Onderwysdepartement, Handboek vir Seniorsertifikaat 1958, p.43.
5. Ibid.
   Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop,
   Senior Sekondêre Kursus 1956, p.73.

c. om objektief en krities te dink,

d. om gegewens sowel mondeling as skriftelik duidelik te stel,[1)]

e. om as leerlinge te leer uit hul eie kennis doeltreffend uit te soek wat op hulle eie behoeftes betrekking het,[2)]

f. om by die leerlinge 'n begrip van tyd en van wisselwerking van oorsaak en gevolg aan te bring;[3)]

g. om deur die bestudering van geskiedenis van een of twee van die groot moondhede van die moderne wêreld 'n beter begrip van die onderlinge afhanklikheid te verkry;[4)]

h. om te trag om sekere begrippe by die leerlinge aan die verstand te bring, byvoorbeeld dat daar 'n verband tussen die leefwyse van die hedendaagse mens en die van sy voorvaders bestaan, en dat die mens se bedrywighede en leefwyse in werklikheid pogings is om hom by sy omgewing aan te pas en dit te wysig en 'n lewenspatroon te skep wat hom in staat stel om met ander in 'n gemeenskap saam te lewe.[5)]

(B) Besondere doelstellings:

(1) Die kursus is opgestel met die doel om aan die leerlinge 'n duidelike beeld te gee van uitstaande kenmerke van ons hedendaagse wêreld soos gevorm deur strominge, wat hulle veral uit die lande van Wes-Europa, Noord-Amerika en Suid-Afrika gedurende die afgelope anderhalwe eeu laat geld het,

(2) stromings wat in die geskiedenis voorkom, moet in breë trekke bestudeer word,

(3) die leerlinge moet 'n onderlinge verband tussen 'n aantal feite en 'n ontwikkelingsgang as 'n proses sien,

(4) die verband tussen Suid-Afrikaanse en buitelandse gebeurtenisse moet aangetoon word,[6)]

/(5) oorsake.....

---

1. Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Senior Sekondêre Kursus 1956, pp.73 en 137.
2. Natalse Onderwysdepartement, Handboek vir Seniorsertifikaat 1958, p.43.
3. Ibid., pp.74 en 137.
4. Ibid., p.45.
5. Departement van Onderwys. Kaap die Goeie Hoop. Junior Sekondêre Onderwys, p.74.
   Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Handboek vir Matriek 1960, p.139.
6. Ibid.
   Junior Sekondêre Onderwys 1953, pp.74 en 75.

(5) oorsake en gevolge en algemene beginsels van wette, verdrae en konvensies is van belang.[1)]

D. ALGEMENE OPMERKINGS.

Inleiding.

Van die algemene doelstellings van die Geskiedenisonderwys is deur etlike Transvaalse opvoedkundiges genoem.[2)] Van die talle Transvaalse leergange maak net enkele egter melding van duidelike doelstellings. Onder opmerkings, toeligting en hulpmiddels maak 'n paar terloops melding van doelstellings.

Oor doelstellings soos in die Transvaalse leergange aangedui, word opgemerk:

1. Teleologiese doelstellings:

Die Geskiedenisleergang vir Standerd IX en X van 1959 vermeld die teleologiese as doelstelling vir die Geskiedenisonderwys. Nog die aard van die leerstof, nog die inhoud daarvan dui aan dat 'n teleologies gefundeerde leergang aangebied word.

2. Godsdienstige vorming:

Godsdienstige vorming word selde in die leergange genoem.

3. Die doelstellings dui nie 'n gemeenskaplike basis aan waarin nasionale eenheid tussen Afrikaners en nie-Afrikaners bewerkstellig kan word nie. Wat die twee hooftaalgroepe betref, kan sodanige basis die twee tale en die twee kulture met wedersydse waardering langs mekaar laat bestaan.

4. Internasionalisme:

Die strewe om die betekenis van internasionalisme aan te kweek, vind geen plek in die Transvaalse leergange nie. Dit word net in die verbygaan genoem.[4)]

/5. Historiese....

---

1. Natalse Onderwysdepartement, Handboek vir die Senior-sertifikaat 1958, p.45.
2. Van Jaarsveld, Geskiedenis as skoolvak, pp.76-83.
   Van Wyk. Toespraak, Geskiedenis Konferensie 1954.
   Van Dyk, op. cit., pp.21-22.
   Coetsee, op. cit., p.160.
   T.O.D. Algemene omsendbrief nr. 58 van 1958. Aanhangsel H.
3. Pienaar S. Aanstoot oor volk en nasie. Die Beeld, 7 Julie 1968.
4. Skrywer is bewus van die subtiele propaganda wat onder die dekmantel van internasionalisme versprei word.

5. Historiese begrip:

Die begrip van ruimte en tyd wat saam met die historiese begrip gaan, geniet nie die aandag wat dit toekom nie. Dit is 'n doelstelling wat volgens sommige opvoedkundiges bokant die bevattingsvermoë van gemiddeld bedeelde skoolleerlinge is.[1)]

6. Vorming van intelligente lesers.

Vorming van intelligente lesers as doelstelling word nie genoegsaam benadruk nie.

7. Die Transvaalse leergange stel min gemotiveerde doelstellings. Die leergange vir Standerds IX en X van die afgelope drie dekades verneld dit herhaaldelik, maar daarby bly dit ook.

(A) Die Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis moet, waar moontlik, met mekaar in verband gebring word,

(B) kennis van Aardrykskunde met betrekking tot Geskiedenis moet as noodsaaklik beskou word en

(C) terwyl dit nodig is om die belangrike oorloë te behandel, moet hulle belangrikheid nie oormatig of verkeerdelik beklemtoon word nie. Planne van veldslae en veldtogte word beslis nie verwag nie.

E. GEVOLGTREKKINGS

By die ontleding van die doelstellings soos vir die middelbare skool in Transvaal gestel, word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

1. Die Transvaalse leergange toon 'n gebrek aan gesistematiseerde en geordende formulering van doelstellings;

2. die bestaande doelstellings is verskeidend en uiteenlopend;

3. die Transvaalse doelstellings toon ooreenkoms met die van Brittanje en die res van die Republiek van Suid-Afrika;

4. geen enkele formulering sluit al die doelstellings in nie;

5. die doelstellings beoog die vorming van die leerlinge as indiwidue, sosiale wesens en landsburgers,

/(a) Die.....

1. Van Wyk, Geskiedenis en die onderrig van Geskiedenis, p.11.
Swart, M.J. Leemtes in ons studie van die Geskiedenis, Historia. III, nr. 4. Desember 1952, p.276.
Verslag van Geskiedenis-bespreking. Onderwysblad, LXIV, nr. 726, 1 April 1960, p.59.
Worts, op. cit., p.43.
Van Jaarsveld en Rademeyer, op. cit., p.43.
Hadow Report, p.202.
Raubenheimer, op. cit., p.48.

(A) Die vorming van die persoon word nagestreef en die Geskiedenisonderwys kindsentries gemaak. Deur van bepaalde historiese kennis gebruik te maak, waarby die denke en oordeel aangewend word om afleidings te maak, kry die persoonlikheid gestalte. Navolgenswaardige voorbeelde uit die geskiedenis soos deug, offervaardigheid, trou en vaderlandsliefde word geleidelik as die hoogste goed gestel. Dit lei weer tot etiese, emosionele en godsdienstige vorming wat uiteindelik 'n intelligente persoonlikheid met 'n eie lewens- en wêreldbeskouing daar stel,

(B) die vorming van 'n sosiale wese word verkry deur die leerlinge in die gemeenskap te plaas, hulle te aktiveer om hul vrye tyd te laat aanwend tot voordeel van die gemeenskap en 'n gesindheid aan te kweek wat tot samewerking met die medemens sal lei,

(C) vaderlandsliefde, patriotisme, nasionalisme en alles wat daarmee saamval, omvorm die adolessente, wat in die vroeë adolessensie baie in hulleself gekeer is, tot landsburgers en vaderlanders.

6. As tekortkominge van die doelstellings van die Transvaalse middelbare onderwys vir die Geskiedenisonderwys word bevind:

(A) dat die pertinente stelling van 'n einddoel in die religieuse vorming van die opvoedelinge ontbreek,

(B) dat die teleologiese doelstelling te vaag gestel word,

(C) dat daar 'n doelbewuste strewe ontbreek om internasionalisme by die leerlinge in te skerp,

(D) die gestelde bepaalde kennis wat aangebring word, laat die huidige konstellasie van die volkere van die wêreld buite rekening, veral die Suid-Amerikaanse state, die Nabye Ooste en die Verre Ooste. Die leerlinge kom nie tot 'n duidelike beeld van hoe die wêreld en daarby ook Suid-Afrika in die toestand gekom het waarin dit tans verkeer nie,

(E) propedeutiese doelstellings, nl. die ontdekking van aanleg, belangstelling en vermoëns van leerlinge sodat hulle by die keuse van geskikte loopbane gelei kan word en sodat hulle

/vir.....

vir die universiteit voorberei kan word, ontbreek,

(F) benadrukking van die groeiproses van die mensheid, veral die groei van die menslike gees wat Geskiedenis 'n intrinsieke waarde gee en die geestelike horison verruim, ontbreek.

Uit voorgaande blyk dit dat daar veelvuldige doelstellings vir die Geskiedenisonderwys bestaan, dat hierdie doelstellings ongeorganiseerd skyn te wees en dat dit nie op aanvaarbare kriteria berus nie of op verswee kriteria gefundeer is nie. Dit is gevolgelik nodig dat kriteria vir die doelstellings van 'n Geskiedenisleergang vir die middelbare skool gevind moet word. In die volgende hoofstuk word dan getrag om dusdanige kriteria, wat tot georganiseerde doelstellings kan lei, op te stel.

HOOFSTUK IV

DIE PSIGOLOGIES-SOSIOLOGIESE KRITERIA VIR DIE KEUSE VAN LEERSTOF

A. INLEIDING

Die doelstellings vir die Geskiedenisonderrig, soos in die leergange aangetref, het stellig as rigsnoere by die keuse van leerstof gedien. Die vraag ontstaan of die doelstellings op betroubare kriteria gefundeer is al dan nie. Die leerstof moet immers aan besondere eise voldoen.[1)]

Omdat die meerderheid middelbare skoolleerlinge kinders van gelowige ouers is en omdat die onderwys kindsentries geword het,[2)] gaan hierdie ondersoek van die standpunt uit dat kriteria bepaal word waaraan die leerstof moet voldoen om denkende, aanpasbare, nuttige, onbaatsugtige, godvresende individue en burgers te vorm wat vir alle goeie werke volkome toegerus is. Dit moet ook pedagogiese kriteria insluit wat voldoen aan al die kennis, vaardighede en gesindhede wat nodig is om die kind filosofies, eties, esteties, logies, psigologies, sosiologies, polities en biologies te vorm.[3)]

In die middelbare skool word daar met Engelssprekende en Afrikaanssprekende adolessente gewerk. Hulle val tussen die ouderdomme 12-18 jaar,[4)] vroeë en middel-adolessente dus.[5)] Hierdie opvoedelinge beskik oor vermoëns, aanleg, belangstellings, gesindhede, behoeftes en beperkinge

/wat.....

---

1. Coetzee, Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.137.
   Hopkins, T.L. Curriculum principles and practices, pp.127-128.
   Dewey, op. cit., p.99.
2. van Wyk, A.H. Geskiedenis, Historia, 1, nr. 1 Junie 1956, p.12.
3. Cole, Luella, The psychology of adolescence, p.17.
   Nicolverslag. p.151.
   Spens Report, p.134.
   Coetsee, A.G. Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.129.
4. Coetzee, Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.305.
5. Smit, G.J.J. Die leerplanne vir Geskiedenis. Historia, IX, nr. 3. September 1964, p.175.

wat by die opstelling van 'n leergang,[1] en in hierdie studie meer bepaaldelik die Geskiedenisleergang, in ag geneem moet word.

Dog ook die gemeenskap, die plaaslike, die Transvaalse en die wêreldse, stel eise aan die opgroeiende Suid-Afrikaanse burgers. Wanneer pedagogiese kriteria vir leerstofkeuse geformuleer word, moet dit die eise van bogenoemde gemeenskappe in aanmerking neem.[2]

Dit is derhalwe nodig om die besondere eise van die middelbare skoolkind en die gemeenskap te bepaal. Alhoewel die menings en beskouings oor die adolessent uiteenlopend is,[3] is daar tog genoegsame ooreenstemming om 'n beeld van die adolessent daar te stel.

B. PSIGOLOGIESE VEREISTES:

1. Die adolessent van 12 tot 18 jaar:

Daar die adolessent die afgelope dekades aandag van opvoedkundiges, sielkundiges, sosioloë, teoloë en staatsmanne geniet en alhoewel hulle die klem verskillend laat val,[4] word hiermee volstaan deur net 'n paar van die vernaamste kenmerke van adolessensie, 'n belangrike fase in die mens se lewe, te noem. Waar dit die adolessent se gedrag, opvattings, lewensbeskouing en moontlikhede in verband met die onderwys van Geskiedenis raak, word dit behandel.

Adolessensie is die oorgangstydperk tussen kindheid en volwassenheid. Gewoonlik begin dit net voor of saam met puberteit.[5] Hierdie ontwikkeling wat nie in statiese terme beskryf kan word nie, is 'n totale grootwording in biologiese, fisiologiese sosiologiese, staatkundige, intellektuele, sedelike, estetiese, filosofiese en religieuse opsig.

/Die.....

---

1. Kuhlen, op. cit., p.6.
   Spens Report, p.134.
2. Bereday, Z.F. & Lauwerys, J.A. The yearbook of education 1958, p.495.
   Coetzee, J. Chris & Bingle H.J.J. Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p.16.
   Koos, L.V. The American secondary schools, p.49.
3. Brooks, op. cit., p.59.
   Waterink, J. Puberteit: de psychologie van de jongen mensch in de rijpingsjaren p.7.
   Koen, A.J. Die probleme van die tienderjariges en hulle aanpassing by die skool en die samelewing. Onderwysblad. LXIV, nr.727.Mei 1960.
4. van Wyk, A.H. Geskiedenis en die onderrig van Geskiedenis. Historia, Eerste Jaargang nr. 1, Junie 1956, p.12.
   Board of Education. Handbook of suggestions. For the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.136.
5. Kuhlen, op. cit., p.25. Spens Report, p.120.
6. Pelzer, A.N. Die reëling vir en die organisasie van die laer, middelbare en voorbereidende hoër onderwys in Nederland, met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudings in die Unie van S.A., p.123.

Die dertienjarige moet in sy volgende 5 tot 7 jaar wat hy op skool is, die volwassene se standpunte, waardes, sedeleer, standaarde en ideale aanvaar,[1] en wat meer is, 'n bewussyn verkry van die samehang van 'n eie psigiese lewe, die eie ek ontdek en die eenheid van die persoonlikheid belewe.[2] En in hierdie proses tree hy met sy hele persoonlikheid op; hy funksioneer met sy hele persoonlikheid.[3]

Sommige navorsers bestempel hierdie periode in die lewe van die kind as gevaarlik, swanger van wanaanpassing of wantoestande[4] en gekenmerk deur konflikte wat ontstaan uit die dubbelslagtigheid van die groeiende mens wat homself wil laat geld maar terselfdertyd nog onseker is en hom selfs onveilig voel.[5] Ander weer wil hê dat adolessensie as 'n natuurlike stadium in die groei en ontwikkeling van die mens gesien moet word.[6]

In die algemeen moet die opvoeder besef dat die ewewig tussen die intellek en die emosies baie delikaat is.[7] en dat latere wanaanpassings die persoonlikheid beheer,[8] soos minderwaardigheidsgevoel, onmag om agting te win en sosiaal onaangename persoonlike eienskappe.[9]

2. Indeling van middelbare skoolleerlinge:[10]

(A) Indeling volgens die duur van puberteit:

GROEP		SEUNS	MEISIES
(1)	Geslagsrypheid of puberteit.	14-16 jr.	13-15 jr.
(2)	Puberteit of jongelingskap.	16-20 jr.	15-19 jr.
(3)	Afrondingsfase.	20-24 jr.	19-23 jr.

(B) Indeling in Amerikaanse skole.

(1)	Voor-adolessente.	10-12 jr.
(2)	Vroeë adolessente.	13-16 jr.
(3)	Laat-adolessente.	17-21 jr.

/Meisies.....

1. Malm & Jamison, op. cit., p.3.
2. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.71.
3. Thayer, V.J., Zachry, C and Kotensky, R. Reorganizing secondary education, p.94.
4. Wheeler, op. cit., p.24.
5. Malm & Jamison, op. cit., p.10.
6. Ibid., p.3.
7. Wheeler, op. cit., p.XVI.
8. Waterink, op. cit., p.44.
9. Ibid., p.44.
10. du Toit, P.K. op. cit., p.41.

Meisies ondergaan hierdie stadia 'n paar maande voor die seuns.[1]

(C) Indeling volgens karaktereienskappe:

Groep I: Grootprater: Verwaand, eksihibisionisties, praat groot, stry, hooghartig, koppig, veglustig, taktloos, vyandig, koud-egoïsties, wreed, versamel graag, lê skuld op ander, harteloos teenoor minderes, vlei meerderes.

Groep II: Student: Bedagsaam, wys, oorspronklik, opbouend, intelligent, onafhanklik, volhardend, vertroubaar, beplanner, vindingryk, ordelik, sin vir kultuur.

Groep III: Skroomvallige: Naïf, nederig, onderdanig, dankbaar, verdraagsaam, vredevol, kinderagtig, sag, sonder selfvertroue, stil, afhanklik.

Groep IV: Losbol: Impulsief, veranderlik, onbedagsaam, spelerig, spandabelrig, opgeruimd, humorsin, laf, onderhoudend, belangeloos, amusant.

(D) Indeling volgens genetiese orde:

Waterink weer stel 'n genetiese orde van geestelike verskynsels in die ontplooiing van die lewe soos dit by die adolessent waarneembaar is. Hy maak melding van vier fases, nl. die persoonsbesef, die rig van die persoon na die waarde van dinge en die nuwe verhouding wat ontstaan; reëling in interne ordening van die voorstellingsdrifte, gevoelens, waarnemingsbeelde, verlangens en aandoenings; en laastens die soek na ewewig tussen die uiterste spanningservarings van die gevoel en denke.[2]

(E) Indeling van die Transvaalse Onderwysdepartement:

In die Transvaalse onderwysstelsel word leerlinge in die middelbare skool in drie groepe ingedeel, nl.:

(1) Universiteitsgroep: Leerlinge tussen die ouderdomme 12 plus tot 16 jaar met 'n intelligensiekwosiënt van 105 en meer. Hulle volg 'n vyfjarige kursus aan die middelbare skool en rond die kursus af deur die Transvaalse Eindeksamen van die middelbare skool met universiteitstoelating af te lê.

/Hulle.....

---

1. Cole, op. cit., p.129.
2. Waterink, op. cit., p.44.

Hulle bied ses of sewe vakke vir die eksterne eksamen aan en moet in vier vakke, w.o., die twee landstale, 'n derde taal en/of Wiskunde en 'n vasgestelde minimum punte behaal. Hulle volg die Universiteitstoelatingskursus.

(2) Standerdtiengroep: Leerlinge tussen die ouderdomme 12 plus 18 jaar met 'n intelligensiekwosiënt van ongeveer 98 en hoër. Hulle volg 'n vyfjarige kursus en le die Transvaalse Eindeksamen van die Middelbare Skool af in ses of sewe vakke. Hulle hoef nie 'n derde taal of Wiskunde aan te bied nie. Die verkreë sertifikaat verleen o.a. toegang tot die staatsdiens en verskillende onderwysdiploma-eksamens aan onderwyskolleges en universiteite. Hulle volg die Standerd X-kursus.

(3) Standerdagtgroep: Hierdie leerlinge volg 'n driejarige kursus wat hulle 'n gesertifiseerde verklaring van prestasie na aflegging van 'n interne eksamen besorg. Gewoonlik verlaat hulle die skool aan die einde van die jaar waarin hulle die ouderdom van sestien bereik het. In die reël is hulle intelligensiekwosiënt tussen 80 en 100. Soms is daar onder hulle leerlinge met intelligensiekwosiënt hoër as 100. Hulle volg die Standerd VIII-kursus.

By die leerstofkeuse vir hierdie grie groepe moet gedifferensieerde leergange aangebied word.[1)]

Wanneer alleen die ouderdomme in aanmerking geneem word, ontstaan twee groepe leerlinge, nl. die ouderdomsgroep 12-15 jaar wat gerieflikheidshalwe die juniors genoem word en die ouderdomsgroep 16-18 jaar wat as die seniors bekend staan.[2)]

3. Karakteristiek van die twee groepe adolessente, juniors en seniors, van die Transvaalse middelbare skole:

Om 'n volledige beeld van hierdie twee leerlinggroepe, juniors en seniors, te vorm, word die groepe eers in twee inleidende paragrawe bespreek en daarna word hulle liggaamlike ontwikkeling en hulle taalontwikkeling, hulle ken- gevoels- en strewingslewe en hulle persoonlikheid nader aangedui.

/Indeling:.....

---

1. Die laat ontwikkelaar sal hom moet aanpas namate hy sy ouderdomsgroep inhaal. Cf. Historical Association. The Journal of Education, Vol, 84, no. 993. April 1952, p.155.
2. du Toit, P.K. op. cit., p.41.
   du Plooy, W.J. op. cit., pp.28 en 36. Hy deel hulle in as pubers en jongmense.

Indeling:

a. Juniors (13-15 jr.):

Wanneer die leerlinge op ongeveer dertienjarige leeftyd die middelbare skool binnetree, het hulle die leerinstrumente baasgeraak en kan hulle hulle toepas vir die selfstandige verwerking van kennis en vaardigheid.[1] Hulle is liggaamlik en geestelik te ver gevorder vir die laerskool maar nie ver genoeg om saam met die leerlinge van 17 en 18 jaar geplaas te word nie.[2]

Omdat daar 'n deurlopende verband tussen die leergange van die laer en die middelbare skole en korrelasie van leervakke is, kan die jonger adolessente (die praterige, lawaaierige, eersugtige en redelik bedrywige) hulle aanpas en belangstel in die "nuwe" wat die middelbare skool bied.[3] In die nuwe wereld wat vir hulle oopgestel word, is hulle ontdekkers.[4] Natuurlik hang baie af van die soort kinders wat die indiwidue voor adolessensie was,[5] asook die geslag waartoe hulle behoort. Die seun rig hulle tot wat hulle kan doen en die meisies tot wat hulle is.[6]

b. Seniors (16-18 jr.):

Gedurende hierdie laaste twee skooljare is die eerste fase van die adolessensie agter die rug en bevind die leerlinge hulle in die vol adolessente lewe. Die moeilike periode is verby en die anti-sosiale "streke" is besig om te verdwyn en hul besef dat verpligtinge van die samelewing nagekom moet word. Hulle stel belang in hulle werk, stel ideale en wil presteer.[7] Die belangstelling mag minder wees maar dit i

/dieper.....

---

1. Jacobs, op. cit., p.118.
2. du Toit, P.K., op. cit., p.306.
   Association of assistant mistresses in secondary schools, curriculum eleven to eighteen. A memorandum based on an inquiry undertaken by a representative panel of members of the A.M.M. of grammar schools, p.9
3. Board of Education, Curriculum and examinations in secondary schools. Report of the Committee of the secondary school. Examinations Council, p.1.
4. du Toit, P.K., op. cit., p.132
   Malm & Jamison, op. cit., p. 41.
   Worts, op. cit., p.79.
5. Waterink, op. cit., p.15.
6. Hauson, A.N. Society and the History teacher, The Journal of the Incorporated Association of assistant masters in secondary schools. Vol XLII, no. 3. May 1945, p.10.
7. Malm & Jamison, op. cit., p.48.

dieper. Hul sosio-ekonomiese status kry betekenis.[1] Daar hulle nog nie volwassenes is nie, bestaan hul behoeftes uit 'n aangename en aantreklike huis, onafhanklikheid, 'n goeie vriend of twee, sosiale sukses, beter seksuele aanpassing, ontspanningsgeleenthede, geld en werk, afgehandelde beroepsplanne en 'n algemene versekerdheid.[2)]

(A) Liggaamlike ontwikkeling:

Omdat die liggaamlike behoeftes van die adolessente by die leerstofkeuse in ag geneem moet word, word die volgende genoem:

a. Juniors:

Wanneer die juniors op die middelbare skool kom, net puberteit al 'n aanvang geneem.[3)] Die endokrienkliere funksioneer met groter tempo, die liggaam groei in lengte en gewig en die geslagsorgane kom tot rypheid.[4)] Die hart en longe neem egter nie in dieselfde verhouding toe in gewig as die res van die liggaam nie en hulle kan ooreis word.

b. Seniors:

Op sestienjarige ouderdom is die liggaam nog glad nie volgroeid nie. Die groeiproses duur voort tot minstens agtien jaar. Swaar liggaamlike oefeninge en werk is te veeleisend asook lang studie-ure en min slaap.[5)]

(B) Taalontwikkeling.

a. Juniors:

Wanneer die Transvaalse leerlinge na die middelbare skool oorgeplaas word, is hulle in staat om prosa en poësie in Afrikaans en Engels te lees. Hulle taal is idiomaties, deurspek met plattaal en kragwoorde, kleurryk maar niksseggend en sonder inhoud.[7)]

/Die juniors.....

---

1. Kjaldstadli, op. cit., p.64.
2. Malm & Jamison, op. cit., p.48.
   du Toit, P.K., op. cit., p.31.
3. Kuhlen, op. cit., p.6.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.71.
4. Wheeler, op. cit., p.29.
   Koos, op. cit., pp.88-94.
   Cole, op. cit., pp.5-9.
5. Wheeler, op. cit., pp.29-31.
6. Spens Report, pp.110 en 126.
7. Cole, op. cit., p.230
   Kuhlen, op. cit., p.250

Die juniors lees die Bybel, mites en verhale van groot manne en awonture,[1] en eerlank ontwikkel hulle 'n groot liefde vir lees.[2] Die lees van strokiesverhale word geniet. Die leesbelange neem met die jare 13-15 egter af.[3]

Dog hierdie groep beskik nie oor genoegsaam kennis om alle woorde en uitdrukkings wat in hulle Geskiedenis voorkom, te verstaan nie.[4]

b. Seniors:

Die woordeskat, taalkundige vaardigheid en leesbelangstelling van die 16 tot 18-jariges is reeds feitlik gelyk aan die van volwassenes.[5] Nogtans is onderwysers van mening dat hulle nie 'n kritiese verslag oor 'n gebeurtenis kan skrywe nie, en baie uitdrukkings en begrippe in die Geskiedenisleerboeke nie verstaan nie.[6] Die woordeskatlas word derhalwe te swaar.[7] Selfs vir hierdie ouderdomsgroep is die begrippe soos koningskap, demokrasie, outokrasie, Anglikanisme, leerstellings, reformasie en goddelike reg van die koning verwarrend, te meer daar hierdie begrippe gedurende verskillende tye verskillend geïnterpreteer word.[8]

(C) Kenlewe:

(1) Waarneming:

a. Juniors:

Reeds by die twaalfde jaar het die waarnemingsfunksie sy toppunt bereik.[9] Wat die Geskiedenis egter betref, kan ruimte en tyd

/beswaarlik.....

---

1. Malm & Jamison, op. cit., p.44.
   Coetsee. Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, p.133.
2. Wheeler, op. cit., pp.32-39.
3. The Journal of the incorporated association of assistant masters in secondary schools, Vol. XI. no. 4. June-July 1945, p.1942.
4. Kjaldstadli, op. cit., p.65.
   History Report. Leeds 1931, p.9.
   Kuhlen, op. cit., p.105.
5. Preller, S.J. Die Transvaalse Biologieleergang, pp.141 en 148.
6. Hadow Report, p.195.
   Kuhlen, op. cit., pp.101 en 350.
   du Toit, P.K. op. cit., p.5.
   Raubenheimer, op. cit., p.46.
7. Kuhlen, op. cit., p.105.
   Kjaldstadli, op. cit., p.65
8. Hadow Report, p.195.
   Raubenheimer, op. cit., p.46.
9. Coetzee, Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, p.152.
   Cole, op. cit., p.248.

beswaarlik besef word.[1] Alhoewel ruimtebesef in 'n geringe mate by die juniors aangetref word,[2] word tydsbesef selde aangetref.[3] Geleidelik ontwaak by hulle egter 'n sin vir tydperke; die tydskenmerke, tydsstyl en tydsatmosfeer begin aandag kry.[4]

b. Seniors:

Worts beweer dat tydsbesef by die agtienjariges gering is, maar die ruimtebesef is meer ontwikkel as by juniors.[5] Hierteenoor verklaar Van Jaarsveld dat die seniors in staat is om die tydslyn en tydsruimtes te voorsien en in te deel.[6]

(2) Opmerksaamheid:

a. Juniors:

Hulle is meer praktiës en is noulettend op kleinere verskilpunte.[7] Die vermoë tot volgehoue aandag groei vinnig van die dertiende jaar.

b. Seniors:

Hulle kan hul aandag by 'n saak bepaal; hulle is minder afleibaar en konsentreer goed op sake waarin hulle belang stel.[9] Hierdie groep sien reeds die breër aspekte van sake raak.

(3) Geheue:

Middelbare skoolleerlinge het redelik goeie geheues maar is nie geneig om te memoriseer nie.[10]

a. Juniors:

Die dertien- en veertienjariges se vermoë om intelligent te onthou, neem toe. Hulle hou egter nie van meganiese herhaling nie.[11]

/Geskiedenis....

1. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis, Grade 7 tot Standerd VIII 1942, p.4.
   Worts, op. cit., p.98.
2. Ibid., pp.98 en 99.
   Johnson, op. cit., p.53.
3. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.9.
   Johnson, op. cit., p.52.
   Happold, op. cit., Preface.
   Worts, op. cit., p.102.
4. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.72.
5. Worts., op. cit., p.101.
6. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.73.
7. Neill, A.S. Hearts not heads in the school, p.3.
8. Preller, op. cit., p.24.
9. Cole, op. cit., p.248.
   Coetzee. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, pp.156-157.
   Worts, op. cit., p.78.
10. Sadler, W.S. Adolescent problems, p.282.
11. Spens Report, p.126-128.
    Warr, E.B. The new era in the junior school, p.25.
    Averill, L.A. Adolescence, p.10.
    Sadler, op. cit., p.56.

Geskiedenis moet dus vir hulle konkreet of persoonlik gemaak word.[1)]

b. Seniors:

Van die twaalfde jaar tot by die agtiende jaar vind 'n merkwaardige ontwikkeling van die logiese geheue plaas. Hierdie ontwikkeling by die kind hou tred met die ontwikkeling van die redenering.[2)]

Herhaling met langer tussenposes is 'n vereiste vir die retensie van leerstof.[3)] Daarby moet gewaak word teen die gebruik om baie geheuewerk by die Geskiedenis as 'n vereiste te stel.[4)]

(4) Denke:

a. Juniors:

Die juniors is nog nie denkend-krities nie[5)] en beoordeel verskynsels en waardes soos die maats dit doen. Tot op die vyftiende jaar is hulle nog affektief-gerig.[6)] Die juniors kan in 'n mindere of meerdere mate, al na gelang hul intelligensie en ervaring toegeneem het, oorsaak en gevolg opspoor,[7)] die dieper betekenis van 'n gebeure sien,[8)] die proses van induktiewe afleiding in beredenering so effens beoefen[9)] en die onderlinge verband in gebeurtenisse sien.[10)]

b. Seniors:

Hulle kan geredeliker en komplekser en eksakter denkprosesse baasraak en ingewikkelder betekenisse en verhoudinge verstaan.[11)] Hulle dink rasioneel, kry groter beheer oor logiese begrippe, verstaan hulle beter, verbind hulle suiwerder tot oordeelvellings en lei uit die oordeelvellings korrekte gevolgtrekkings af. Hulle is in staat om te redeneer,

/te dink.....

1. Brooks, op. cit., p.264.
2. Preller, op. cit., p.24.
   Coetzee. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, pp.159-160.
3. Brooks, op. cit., p.263.
4. T.O.D. Jaarverslag 1923, p.95.
   T.E.D. Director's Report 1924, p.147.
   Jarvis, op. cit., p.25.
5. Coetsee, op. cit., p.12.
6. Happold, op. cit., p.67.
   Wheeler, op. cit., p.147.
7. Warr, op. cit., p.16.
   Jarvis, op. cit., p.19.
   Spens Report, p.129.
8. Jarvis, op. cit., p.51.
9. Spens Report, p.128.
10. Worts, op. cit., p.16.
    van Jaarsveld, F.A., et. al., Geïllustreerde Geskiedenis vir Senior Sertifikaat.
11. Kuhlen, op. cit., p.86.

te dink, oordele te vorm, insig te verkry en gevolgtrekkings te maak. Die seniors is derhalwe in staat om 'n kettingreeks-patrone van oorsake en gevolge op te bou en insig in Geskiedenis te verkry.[1)]

(5) Verstand:

a. Juniors:

Die juniors kan beswaarlik abstrakte idees verstaan[2)] en die vermoë om idees wat anders as die van die leerlinge self is, te verstaan asook om die gedrag en optrede van volwassenes te begryp, is gebrekkig. Ook is hulle nie in staat om te veralgemeen nie.[3)] Dog hulle begin darem Geskiedenis te begryp mits abstrakte begrippe soos "die goddelike reg van konings", "puritanisme", "vryheid" ens. verduidelik word.[4)] Juniors kan nie opstelle of kritiese verslae oor gebeurtenisse lewer nie.[5)]

b. Seniors:

Verstandelike groei eindig omstreeks die veertiende tot die agtiende lewensjaar.[6)] Met ervaring en oefening behoort die seniors die vermoë te ontwikkel om selfstandig te kan onderskei tussen die propagandistiese, die tendensieuse en die waaragtige; tussen bedrieërs en opregtes, tussen waarheid, verdraaiing en verdigting.[7)] Ook kan die skranderes verwyderde en saamgestelde historiese proleme redelik snap.[8)] Hulle is in staat tot historiese begripsvorming en abstraksie. Hulle kan die besondere tot 'n geheelbeeld integreer. Daarby toon hulle 'n begrip vir die indiwiduele en unieke verskynsels van die Geskiedenis. Hulle toon dus 'n begrip vir objektiwiteit.[9)] Maar wanneer die Geskiedenis die motiewe en handelinge van volwasse mense betrek, word die leerstof bokant die begripsvermoë van die leerlinge.[10)]

/(F) Verbeelding.

---

1. Henriques, Ursula R.Q. Some reflections on teaching History in a grammar school. The journal of the Historical Association. XL, nos. 138 and 139. February and June 1955, p.99.
2. Brooks, F.D. Child psychology, pp.83, 89 & 90.
3. Worts, op. cit., pp.39 en 44.
   Spens Report, p.126.
4. History Report, Leeds 1931, p.9.
   Worts, op. cit., p.90.
5. Happold, op. cit., pp. 67 en 74.
6. Spens Report, p.124.
   Coetzee & Bingle, op. cit., p.134.
7. Preller, op. cit., p.25.
   Van Dyk, op. cit., p.25.
   Reid, R.R. & Toyne, S.M. The planning of a History syllabus for schools. Historical association pamphlet. No. 128, p.3.
8. Henriques, op. cit., p.103.
9. Van Jaarsveld & Rademeyer, Teorie en metodiek, pp.73, 74.
10. Ibid., p.3.

(6) Verbeelding:

a. Juniors:

Op dertienjarige leeftyd word die verbeelding taamlik lewendig.[1] Die opstelle word kleurryk en soms verbeeldend. Hierdie verbeelding gee 'n diepere betekenis aan wat waargeneem is.[2] Die leerlinge verstaan die geskiedenis eerder deur die verbeelding as deur die intellek en hul[3] geskiedenisbeeld kom dus nie ooreen met die werklikheid nie.

b. Seniors:

Die seniors se verbeelding word deur ondervinding steeds nugterder. Die Geskiedenis prikkel die konstruktiewe en skeppende verbeelding wat lewe en aksie, drama en menslike waarde aan beelde van die verlede verleen. Hulle begin om mense wie se idees en gedrag met die van die huidige mense verskil te verstaan. Abstrakte begrippe word bemeester.[4]

(B) Die gevoelslewe:

By die belewing van emosies ondergaan die adolessent se persoonlikheid 'n omvattende gemoedsbeweging (" a stirred-up state of the entire organism"). Hierdie toestand word in die emosionele lewe weerspieël en word vererger wanneer hy in 'n toestand van konflik en spanning verkeer. Normaalweg gaan hy oor om die konflik op te los of die spanning te laat verslap. Hierdie ervaring affekteer en prikkel hom tot groter aktiwiteite.[5]

Die indiwidu maak emosioneel 'n reeks ontwikkelings deur wat meetbaar is, en dit is vasstelbaar of die emosionele ontwikkeling normaal is al dan nie. Sommige ondersoekeres stel hierdie ontwikkeling parallel met die verstandelike ouderdom.[6]

/Hoofsaak.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, Teorie en metodiek, pp.73,74.
   Worts, op. cit., p.78.
2. Spens Report, p.127.
3. Happold, op. cit., p.37.
4. Jarvis, op. cit., p.22.
   Brooks, The psychology of adolescence, p.256.
   Worts, op. cit., p.90.
5. Cole, op. cit., p.85.
   Wheeler, op. cit., p.63.
   Petersen, P. Die Nieu-Europese opvoedingsbeweging, p.15.
6. Ibid., pp.129 en 113.

Hoofsaak in hierdie werkstuk is om die gevoelslewe as 'n normale verskynsel te aanvaar en by die opvoeding in rekening te bring en te besef dat die adolessent groot skommelings in sy emosionele lewe ondergaan,[1] dat die ouerhuis en omgewing dit beïnvloed[2] en dat die oortollige energie wat losgelaat word, in die regte kanale gevoer word.[3] En daar die opvoeding die gevoelens moet bevredig,[4] word die gevoelslewe van die adolessent nader bespreek.

(1) Angs-vrees:

a. Juniors:

By die juniors is die angs of vrees hoofsaaklik sosiaal. Vrees vir die onderwyser en meeste vir die eksamens is 'n paar verskynsels in die skoollewe wat op hulle lewe inwerk.

b. Seniors:

Die vrees is in 'n hoë mate onder beheer gebring. Hulle voel veiliger en het gepaste reaksies ontwikkel.[5]

Daar vrees min waarde in die lewe het en slegs die nugter denke vertroebel, moet hierdie verskynsel onthou word wanneer leergange opgestel word.[6]

(2) Toorn:

a. Juniors:

Wanneer die adolessente in situasies beland wat hulle in verleentheid plaas, of bespotlik maak, of hulle verontreg word of beledig word of aanstoot neem, ontstaan woede of toorn. Selfs te veel take vir huiswerk of swak punte in eksamen versteur die emosionele lewe.[7] In sulke gevalle mag juniors aggressief word of heeltemal negatief raak en weier om saam te werk.

/(b) Seniors.....

---

1. Coetsee, op. cit., p.135.
   Cole, op. cit., pp.7 en 146.
2. Kuhlen, op. cit., 7 en 146.
3. Wheeler, op. cit.,pp.41 en 63.
4. Neill, op. cit., p.11.
5. Preller, op. cit., p.26.
   Coetzee. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, pp.181-182.
6. Brooks, Child psychology, p.218.
7. Cole, op. cit., p.93.

b. Seniors:

Hulle is in 'n mindere mate gevoelig vir geringskatting en raak hieroor selde tot woede-uitbarsting. Woede-emosies het min waarde in die hedendaagse lewe en die opvoeder moet dit probeer vermy.[1)]

(3) Jaloesie en afguns:

a. Juniors:

Wanneer liefde ontneem word of voorreg aan ander gegee word, kan jaloesie ontstaan.[2)]

b. Seniors:

Jaloesie kom nog voor, veral met betrekking tot sosiale status, skool en skoolprestasies en persoonlike welgevalligheid. Die uitdrukking van jaloesie het egter verander van die fisiese daad tot die geestelike, nl. verfynde spot, beskindering en beskimping. Deur gebruik te maak van heldeverering kan Geskiedenis hierdie emosies sublimeer.

(4) Liefde en seks:

a. Juniors:

Van die veelvuldige uitings van die liefdeslewe van die juniors is die volgende vir hierdie ondersoek van belang, nl. die onttrekking van die ander geslag, toenadering tot die ander geslag, belangstelling in eie liggaam, belangstelling in liefde en vriendskap, heldeverering en intense lojaliteit aan die skool[3)] en simpatie met die minderbevoorregtes in die lewe.[4)] Hul liefde wat altruïsties, verhewe en verfynd kan wees, hul lojaliteit aan hul skool en maats en heldeverering moet met die opstelling van die leergang in aanmerking geneem word.[5)]

b. Seniors:

Hierdie groep toon meer belangstelling in die teenoorgestelde geslag[6)] en die meerdere mate van volwassenheid sal meer ewewigtigheid meebring.

/v. Haat.....

---

1. Coetzee: Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, pp.185-186.
2. Brooks. Child psychology, p.217.
   Cole, op. cit., p.96.
3. Journal of incorporated association of assistant masters in secondary schools, p.110.
   Moll, op. cit., p.17.
4. Wheeler, op. cit., p.41.
5. du Toit, P.K. op. cit., p.49.
6. Malm & Jamison, op. cit., pp.182-184.

(5) Haat en onverdraagsaamheid:

a. Juniors:

Afsydigheid vermeerder teenoor die "andersoortige" leerlinge selfs in dieselfde skool en onverdraagsaamheid ontstaan.

b. Seniors:

Namate die leerlinge ouer word, word hulle intellektueel meer, maar emosioneel minder verdraagsaam.[1] In die senior klasse ontstaan honderd persent voorkeur vir die eie ras.[2] Opvoeding, voorligting en lektuur beïnvloed die standpunt.

Daar hulle onverdraagsaam en irrasioneel is, is dit moeilik om die kenmerke uit die leerlinge se lewens te verwyder. Dit maan tot versigtigheid en oordeel by die keuse van leerstof.[3]

(6) Vreugde:

Liefde is een van die emosies wat tot vreugdevolle gedrag en arbeid lei;[4] en arbeid lei tot innerlike arbeidsvreugde, vreugdevolle aandoening en innerlike verryking.[5]

Albei die groepe leerlinge ondervind vreugde, plesier, blydskap en opgewektheid. Hulle vind hulle genot in lees, gesellige verkeer, sport en musiek.[6] Geskiedenisleerstof moet dus ook vreugde in die adolessent se lewe bring.

(7) Meegevoel:

Meegevoel is by sowel die juniors as by die seniors wispelturig. Hulle menings oor vriend en vyand kan in verband gebring word met die vriend of vyand se mislukking of sukses.[7] Die adolessente leer egter gaandeweg wat egte vreugde en diepe lyding is en kom so tot meegevoel.[8] Die Geskiedenisleerstof moet so aangebied word dat meegevoel by wyle ontstaan.

Samevatting

Ervarings wat die adolessente in hulle gevoelslewe opdoen,

/het.....

1. Rowse, op. cit., p.179.
2. Kuhlen, op. cit., p.416.
   Cole, op. cit., p.352.
3. Ibid., op. cit., p.348.
4. Brooks, op. cit., p.217.
   Cole, op. cit., pp.348 en 352.
5. Bavinck, op. cit., pp.14-15.
6. Coetzee. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, p.196.
7. Malm & Jamison, op. cit., p.18.
8. Coetzee, op. cit., pp.198-199.

het invloed op hulle hele persoonlikheid. Die minder selfversekerde adolessente neem maklik aanstoot en waar hulle sienswyse en standpunte in twyfel getrek word, word dit soms as persoonlike aanvalle beskou.[1)]

Vir die opgroeiende adolessente van vandag is die huidige gemeenskap se sinisme en goedkoop ongeloof verbluffend en die volwassenes se huigelary i.v.m. die werklike motiewe skokkend en sy uiteenlopende groepstandaarde bring vertwyfeling in die gemoed.[2)] Veral die jongere adolessente, die juniors, wat die skool vroeg verlaat, ly aan aggressiwiteit, opwellings in die geslagslewe en angs oor die toekomstige loopbaan.[3)] Dit stoot die emosies op en hierdie emosionele versteuring lei tot obsessies, fobieë, psigosomatiese toestande, minderwaardigheidsgevoel, angsneurose, buierigheid, neurose, histerie, fanatisme en psigopatiese persoonlikheid.[4)] Dit is vanselfsprekend dat hierdie toestande die oplossing van probleme eensydig maak want die denke is nie meer suiwer nie.[5)]

By die opstelling van die Geskiedenisleergang moet skadelike prikkels vermy word en die leerlinge die geleentheid verskaf word om uiting aan die hoër emosies te gee,[6)] want hierdie uitinge verbreek die eentonigheid in die "lewe van die masjieneeu", kan groter prestasies moontlik maak, stereotipe standpunte verbreek, kwaliteit aan die persoonlikheid gee wat die dinamiese aspekte van die menslike persoonlikheid bevorder.[7)]

(E) Die strewingslewe:

Die verskillende strewings of node vorm die stukragte van lewe en werk.[8)] Om tot die vernaamste aspekte van die strewingslewe te geraak, moet die belangstellings en die behoeftes van die twee groepe middelbare skoolleerlinge ondersoek word.

(1) Sosiale aanpassing:

In die lewe van die adolessent soos in die lewe van 'n volk is daar 'n stryd tussen twee groot magte nl. die stryd om te bestaan wat deur egoïsme en patriotisme gekenmerk word en die gevoel vir onderlinge

/hulpverlening.....

---

1. Spens Report, p.135.
2. Zachary, C.B. Emotion and conduct in adolescence, p.171.
3. Journal of incorporated association of assistant masters in secondary schools, XLII, no. 4, p.143.
   Cole, op. cit., p.155.
4. Ibid., p.162.
5. Kuhlen, op. cit., p.406.
6. Cole, op. cit., pp.91 en 132.
7. Ibid., pp.132 en 387.
   Brooks. Child psychology, p.220.
   Neill, op. cit., p.104.
8. Coetzee, Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, p.202.

hulpverlening met sy altruïstiese en kosmopolitiese ideale.[1] Om hieraan te voldoen, moet die adolessent in die samelewing staan en hom dus sosiaal aanpas.

a. Juniors-

Die behoefte ontstaan om na die sosiale waarde van dinge te soek.[2] Hulle maak van vriendskap 'n ideaal want ouers, broers en susters s'n beantwoord nie meer nie. Hulle wil behoort aan eiesoortige groepe, bestaande uit albei die geslagte.[3] Losmaking van die ouergesag en die keuse van eie vriende volg op hierdie behoefte.[4]

b. Seniors-

Namate die adolessente ouer word en meer ervaring opdoen, is hulle begaan oor die stand wat die familie beklee, hul stoflike en kulturele besittings en eie persoonlike en sosiale prestasies. Dit spreek dus vanself dat hierdie adolessente graag meer van sosiale toestande sal wil weet asook die van vergange se dae.

(2) Voorbereiding vir burgerskap:

Op die sosiale aanpassing by ander indiwidue en groepe volg die aanpassing by die verantwoordelikheid en regulering van 'n groter maatskaplike orde.

Junior en Seniors-

Die juniors is onwillig om verantwoordelikheid te aanvaar of vrywilliglik take wat persoonlike opoffering verg.[5] Hulle stel nie belang in regeringsvorms nie. Koöperatiewe ondernemings is egter verstaanbaar en die Kruistogte byvoorbeeld word verstaan.[6] Die belangstelling van die seniors in algemene sake is 'n goeie instrument in die hande van die bekwame Geskiedenisonderwyser. Hulle belangstelling in sosiale en staatkundige[7] probleme kan toegespits word op die sosiale, staatkundige en

/ekonomiese.....

---

1. Van Dyk, op. cit., p.47.
2. T.O.D. Algemene omsendbrief, nr. 10. 1 September 1942.
3. Worts, op. cit., p.128.
   Cole, op. cit., pp.220, 234 en 256.
4. Preller, op. cit., p.28.
   Kuhlen, op. cit., p.5.
5. Ibid., op. cit., pp.4 en 354.
6. Worts, op. cit., pp.79 en 114.
7. Wheeler, op. cit., p.42.

ekonomiese probleme van eie volk van vandag, van die van hul volk se verlede en van ander volkere se probleme wat deur die eeue heen aan die mensdom gekoppel was.[1]

(3) Instandhouding en verbetering van gesondheid:

Juniors en Seniors-

Hulle stel intens belang in die probleme van persoonlike, fisiese en geestelike gesondheid en fiksheid.

Die geskiedenis van sterk manne, die fisiese prestasies van die Grieke en Romeine en die uithouvermoë van die Spartane boei hulle.

(4) Insig in geslagsake:

Alhoewel die adolessent 'n besondere belangstelling vir geslagsake openbaar,[3] kan hierdie aspek van die strewingslewe nie veel in die Geskiedenisleergang ingevleg word nie.

(5) Gesinsvoorligting:

Die laat tienderjariges streef na insig en die plek van die gesin in die lewe van die individu en gemeenskap en in die voorwaardes wat suksesvolle gesinslewe bevorder.[4] Maatskaplike toestande, hul oorsake en gevolge, kan klem op die gesinslewe laat val.

(6) Beroepsleiding:

Die skoolverlater, hetsy in Standerd VIII, hetsy na Standerd X, besef die belangrikheid van deskundige leiding by die keuse van 'n beroep en van die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van die vaardighede wat op die arbeidsmark van waarde is.[5] Geskiedenis is vir die adolessent egter geen "praktiese vak" nie.[6]

(7) Leiding by die besteding van vrye tyd:

Deur meganisering en outomatisering van die werk word allerlei kragte in die mens vrygestel. Die werker het dan meer vrye tyd en sal as kompensasie soek na sensasie, spanning en intense emosies.

/Vryetydsbesteding.....

---

1. Pelzer, Die reëling vir en die organisasie van die laer, middelbare en voorbereidende hoër onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika, p.153.
2. Preleer, op. cit., p.28.
3. Preller, op. cit., p.29.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Cole, op. cit., p.597.

Vrytydsbesteding is een van die grootste vraagstukke waarmee ons kultuur moet worstel.[1] Die jeug moet dus opgevoed word om sy vrye tyd voordelig te gebruik.[2]

Daar word aan die hand gedoen dat liefde vir die natuur, 'n bepaalde soort handwerk, musiek, lees, besoek aan musea, konserte, rolprente en klubwerk aangemoedig word.[3] Ook word die lees van Geskiedenis aanbeveel.[4]

a. Juniors-

'n Studie wat oor die naweekaktiwiteite van juniorhoërskoolleerlinge in die Verenigde State handel, toon dat spel in die buitelug, lees, luister na die radio en besoek aan die bioskoop 'n groot deel van die naweek in beslag neem.

b. Seniors-

Tuis lees hulle minder en ry hulle meer rond as die juniors. Hulle lees graag vir die pret, maar koerante geniet heelwat aandag. Seuns lees grappies, sportberigte, nuus en die hoofartikels van koerante. Meisies lees grappies en die sosiale nuus.[5] Vyf-en-twintig persent van hierdie seniors lees boeke.[6]

Die adolessente se vrye tyd moet so ingedeel word dat 'n goeie verhouding verkry word tussen aktiwiteite wat genot verskaf en die wat van sosiale waarde is.[7] Gekeurde geskiedenisleerstof kan onder hierdie aktiwiteite resorteer.

(8) Leiding in die belangstelling vir geskiedenis:

Gedurende die adolessente jare wanneer die jeugdige die romantiese en die emosionele ondervind, behoort geskiedenis opwindende leerstof te wees.[8] Die verlede word ook dan interessant bevind[9] en gebeurtenisse van die volksverlede soos deur ouers, familielede en deur ander intieme kennisse meegedeel, prikkel die belangstelling.[10]

(a. Juniors.....

---

1. Bavinck, J.H. & van Veldhuizen, G. Mens of robot, pp.236-238.
2. Worts, op. cit., p.134.
3. Bavinck & Van Veldhuizen, op. cit., p.239.
   Moll, op. cit., p.117.
4. Worts, op. cit., p.134.
5. Ibid., p.199.
6. Malm - Jamison, op. cit., p.50.
7. Preller, op. cit., p.29.
8. Worts, op. cit., p.83.
9. Board of Education, Handbook of suggestions for the consideration of teachers and other concerned in the work of public elementary schools, p.402.
10. Moll, op. cit., p.9.
    Ministry of Education, Pamphlet no. 23, p.23.

a. Juniors:

> ... Wat die aard van belangstelling betref, begin die vroeë adolessent (12-16 jaar) blyke gee van 'n strewe na 'n geheeloorsig oor die Geskiedenis. Daar is belangstelling vir oorsaaklikheidsamehange en die motiewe wat mense beweeg het om sekere handelinge uit te voer. 'n Mens merk ook 'n belangstelling vir samehange van kultuur-historiese aard. Die lewensloop van groot historiese persoonlikhede kry aandag. Hulle heroïese opofferinge word gewaardeer, hulle handelinge ondersoek en dan of geloof of verdoem. Die groot objektiewe waardes van Geskiedenis soos 'vaderland', 'staat' en 'volk' is vir die jeugdige van groot betekenis want hy soek na voorbeelde waarop hy sy eie lewe kan oriënteer. Hiermee hang saam die politieke vraagstukke van die dag. Hierdie dinge word egter minder rasioneel behandel- meer met die hart en die gemoed. 1)

b. Seniors-

> ... Die latere adolessente se belangstellings is vir sowel politiek as vir geestes- en ekonomiese geskiedenis. Die student is ryp vir 'n begrip van die idees en tendense van een of ander tydperk. Hy stel belang in die wetmatigheid in die geskiedenis en wil weet of die gebeurtenisse gedetermineer is dan wel of die menslike handelinge vry is. 2)

Om Geskiedenis beter te verstaan, word aan die hand gedoen dat die leerlinge kontemporere fiksie lees, want dan sal die leerlinge 'n beter begrip kry van die ekonomiese staatkunde en sosiale toestande van die tyd waarin die handelinge plaasvind.[3)]

(9) Leiding in die belangstelling vir historiese figure:

Opvoedkundiges beweer dat die adolessent as sy ideale persone stel, eerstens persone wat deur sy verbeelding saamgestel is; dan volg ouer jeugdiges, dan verhooghelde, dan ouers en grootouers, dan helde of heldinne uit die geskiedenis.[4)]

Geskiedenisonderwysers dring daarop aan dat figure uit die volksverlede (van sowel die eie as ander volkere) asook biografiese leerstof

/by.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.72.
2. Ibid., p.73.
3. Peterson, op. cit., p.15.
   Board of Education, Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.406.
4. Kuhlen, op. cit., p.432.
   Coetsee, Die leerplan in Geskiedenis as leervak op die Kaaplandse middelbare skole, pp.137 en 217.
   Journal of incorporated association of assistant masters in secondary schools, XLII, no. 3, June-July 1945, p.112.
   Moll, op. cit., pp.8 en 17.
   Rowse, op. cit., p.166.

by leergangsamestelling oorweging moet geniet.[1] Voorts word gewys op die waarde wat hierdie belangstelling in helde vir die leerlinge self inhou.[2]

(10) Leiding in die belangstelling in die omgewing:

Die leerlinge is nuuskierig oor die ontstaan van dinge wat om hulle is,[3] veral praktiese dinge soos skryfkuns, die kalender, landbou en boukuns.[4] Ook die omgewingsgeskiedenis geniet aandag.[5]

(11) Leiding in die belangstelling in rolprente:

Ouderdom, geslag en verstandspeil van die leerlinge is die faktore wat die belangstelling in die bioskoop beïnvloed.[6]

a. Juniors:

Hulle besoek die bioskoop meer as die seniors. Seuns stel meer belang in stories van die Wilde Weste, awontuur en oorlogsprente as die meisies wat meer belangstel in die romantiese, komiese en spanningsverhale.[7]

b. Seniors:

Slegs 'n geringe persentasie van die seniors gee voorkeur aan geskiedenisprente en historiese persoonlikhede.[8] Garrison beweer egter dat die seniors (seuns en meisies) historiese prente 'n hoë rangorde toeken.[9]

(12) Leiding in die belangstelling in die radio:

By die ontleding van radioprogramme is bevind dat daar ooreenkoms bestaan tussen die leerlinge se algemene leesbelangstellings en die waarin hulle in die bioskoop belang stel.[10]

(13) Leiding.....

---

1. Coetsee, op. cit., p.133.
   Geskiedenis op laerskool. Onderwysblad, XLIII, nr. 500. November 1941, p11
   Butterfield, H. The Whig interpretation of History, p.11.
2. Rowse, op. cit., p.166.
   Ministry of Education, Pamphlet no. 23, p.12.
   Stevens, T.W. The teaching of History - as I see it.
   Historia, Derde jaargang, nr. 3, Februarie 1951, p.216.
3. Hadow Report, p.196.
4. Coetsee, op. cit., p.217.
5. Joubert, C.J. "Die plek van die omgewingsgeskiedenis in die Geskiedenisleergang op die middelbare skool. Historia, Eerste jaargang, nr. 2. Oktober 1956, p.111.
6. Garrison, K.C. Psychology of adolescence, pp.143 en 144.
   van Zyl, S.J. 'n Ontleding van die belangstellingsrigtinge van skoolgaande kinders van Standerd III tot en met Standerd VIII in vyf plattelandse skole met verwysing na die invloed van die omgewing op die belangstellingsrigtinge, p.85.
7. Kuhlen., op. cit., p.204.
   Ibid., p.85.
8. Ibid., p.85.
   Ibid., p.204.
9. Garrison, op. cit., p.143.
10. Ibid., p.145 .
    Kuhlen, op. cit., p.207.

(13) Leiding in oordeelkundige verbruikerskap:

Preller beweer dat die adolessent baie belang in ekonomiese probleme stel; hy streef na insig in die koop en verbruik van goedere en dienste, in waardebepalings en die ekonomiese gevolge van transaksies.[1] Die adolessent sal dus in ekonomiese gevolge van die Geskiedenis belang stel.

(14) Leiding in selfaktiwiteite:

Die jeug wil graag dinge self doen en skep. Die leerstof moet so gekies word dat die leerlinge geleenthcid kan vind om self te kies, te beplan en uit te voer.[2]

(15) Leiding by die vorming van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing:

Die hedendaagse adolessent kom in aanraking met die losbandige individualisme en materialisme van baie mense en baie uiteenlopende standpunte van denkende mense. Hy ontvang nie meer 'n afgeronde standpunt van sy eie milieu nie. Rondom hom ervaar hy uiteenlopende standpunte van die volwassenes. Sy opvattinge oor reg en verkeerd is verward. Hy staan wars van kontraste van die volwassenes.[3]

Geskiedenis op skool kan 'n gevoel van sekerheid en vastheid aanbied wat die snel veranderde gemeenskap nie gee nie en 'n emosionele bevrediging wat die koue, wetenskaplike wêreld nie aanbied nie.

(16) Godsdienstige leiding:

a. Juniors:

Die vroeë-adolessente stel belang in ideale van liefde en geloof, maar liefde wat in verband met persone staan en 'n geloof in God. By die opstelling van 'n Geskiedenisleergang moet hierdie feit in gedagte gehou word.[4]

b. Seniors:

By die laat-adolessente bestaan daar twyfel oor godsdienstige aangeleenthede. Hoe ouer hulle word hoe minder openhartig is hulle ten opsigte van godsdiens.[5] Baie laattienderjariges toon egter weer 'n intense belangstelling in godsdiens. Hulle belewe bekering of een of

/ander.....

---

1. Preller, op. cit., p.29.
2. Cole, op. cit., p.384.
   Wheeler, op. cit., p.148.
3. Cole, op. cit., p.384.
   Malm & Jamison, op. cit., p.248.
4. Wheeler, op. cit., p.40.
5. Kuhlen, op. cit., p.441.
6. Rombouts, S. Psychologie voor opvoeders, pp.65-76
   Coetzee, Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 206.
   [illegible]

ander intensifisering van godsdienstige aard sodat 'n nuwe oriëntasie in die godsdienstige lewe nodig word.[1] Die Geskiedenis het dus hier ook 'n taak ten opsigte van die opvoeding van die jeugdiges.

(17) Bevrediging van die belangstelling in die natuur:

Die adolessente stel belang in die natuur.[2] Uitstappies word geniet. Deur van hierdie verskynsel gebruik te maak, kan die leerlinge gelei word om historiese plekke te besoek.

(18) Bevrediging van die etiese sin:

a. Juniors:

Die juniors in die middelbare skool beskik nie oor die abstrakte idee van eerlikheid nie.[3] Namate hulle ouer word, kry wat reg en wat verkeerd is, 'n inhoudsbepaling.[4]

Namate die adolessente ouer word en tot groter insig kom, kan die voorbeelde uit die Geskiedenis vir hul etiese ontwikkeling bevordelik wees. Daarom moet die etiese in aanmerking geneem word by die opstelling van die leergang.

(19) Bevrediging van die estetiese sin:

Die adolessente openbaar belangstelling vir skoonheid.[5] Die Geskiedenis bied ruimskoots geleenthede waar die leerlinge met kuns, literatuur, musiek en die natuur in aanraking kom.[6]

(20) Bevrediging van die belangstelling in die wetenskap:

Daar die adolessent in die wetenskap belangstel, veral in hoe dinge ontstaan of uitgevind is en ontwikkel het, kan Geskiedenis in hierdie behoefte voorsien. Die "Line-method" wat in Brittanje gewild is, maak met groot sukses van hierdie feit gebruik.[7]

(21) Bevrediging...

---

1. Wheeler, op. cit., p.42.
   Waterink, op. cit., p.11.
2. Preller, op. cit., p.30.
3. Cole, op. cit., p.372.
   Moll, op. cit., p.31.
4. Kuhlen, op. cit., p.434.
5. Jacobs, op. cit., p.28.
   du Toit, P.K. op. cit., p.49.
6. Coetzee, Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, pp.214-215.
   Rombouts, op. cit., pp.63-64.
7. Happold, op. cit., pp.36-84.

(21) Bevrediging van die belangstelling vir denke:

Die adolessente **streef** na ontwikkeling van hul vermoë om helder en rasioneel te dink en om hul gedagtes helder uit te druk en om met insig te lees en te luister.[1)]

Die leerlinge se geheue, hul verbeelding, hul redeneervermoë en hul oordeel by die versameling, ondersoek en korreleer van feite om gevolgtrekkings van die mens se handeling af te lei, kan in die Geskiedenis beoefen word.[2)]

(22) Leiding by die vorming van gesindhede:[3)]

Een van die gedugste wapens in die voering van die koue oorlog is vertroebeling van gesindhede deur agterdog, jaloesie en haat te verkondig en vreesaanjaging aan die orde van die dag te stel. Die adolessente is vatbaar vir hierdie negatiewe propoganda wat hulle hoor, lees en sien.[3a)] Dit is van lewensbelang dat regte gesindhede gekweek word. Onder meer moet 'n goeie gesindheid vir Geskiedenis gekweek word, 'n gesindheid teenoor die staat om 'n volwaardige lid van die kultuurgroep te word, 'n gesindheid teenoor burgerskap, teenoor die ander rasse in veelrassige Suid-Afrika, teenoor ander volksgroepe, teenoor alle nasies van die wêreld om internasionale verhoudings te bestendig.

(23) Leiding by die vorming van standpunt in die Geskiedenis:

Die adolessente stel belang in volksbewegings, maatskaplike en staatkundige probleme, sake van die dag en dus in die geskiedenis in die algemeen.[4)] Die Suid-Afrikaanse adolessente is lede van 'n heterogene gemeenskap. Hulle kom in aanraking met gedagtebotsings tussen verskillende bevolkingsgroepe en teenstrydige ideologieë wat die verskillende groepe daarop nahou.[5)] Hulle wil tereg dan ook weet waar hul in die lang ketting van gebeurtenisse en lotgevalle staan[6)] en hulle sal

/gevolglik.....

---

1. Preller, op. cit., p.25.
2. Reid & Toyne, op. cit., p.3.
3. Moll, op. cit., pp.18-27.
3a. an Jaarsveld, F.A. 'n Vertolking van die nasionale kernleergange vir Geskiedenis in die middelbare skool, Historia. Vyftiende jaargang, nr. 2. Junie 1970, p.81.
4. Fahmy, op. cit., p.22.
   Wheeler, op. cit., p.42.
5. Moll, op. cit., p.12.
6. Raubenheimer, op. cit., p.59.

gevolglik ook 'n eie standpunt inneem. Alhoewel hierdie standpunt of gesindheid relatief blywend is, ondergaan dit tog veranderings en sal die indiwidue onder sekere omstandighede sekere standpunte of gesindhede teenoor voorwerpe, persone of strydvrae openbaar.[1)]

Geskiedenis as skoolvak moet vinnige en ratse oordeelvellinge by die leerlinge kweek.[2)] Dit moet gesindhede daarstel, aanvul, verder ontwikkel en bestendig, sodat hulle hulself in die lewe kan oriënteer en sodat hulle rigsnoere vir die toekoms kan vind.[3)]

F. Die adolessente persoonlikheid:

Die persoonlikheidsvorming geskied hoofsaaklik in die puberteitsjare, maar die adolessente verlaat die skool voordat volwassenheid bereik is. Hulle is dus nog nie sosiaal aangepas nie.[4)] Gedurende die 3 tot 5 jaar wat hulle in die middelbare skool is, maak hulle nie alleen 'n geleidelike ontwikkeling van die eie geesteslewe deur nie,[5)] maar hulle kan temperamenteel onder die selfrigtendes of aanpasbares, of gehoorsaam inskiklikes of opstandiges of onaanpasbares ressorteer.[6)] Baie van hierdie leerlinge is selfbewus en onbestendig; hulle vind dit moeilik om te konsentreer en raak maklik verveel.[7)]

Gaandeweg gaan die jongmens egter oor tot onafhanklikheid en selfrigting en slaan hy 'n meer altruïstiese rigting in.[8)]

Die twee groepe adolessente vertoon onder andere die volgende karaktertrekke:

a. Juniors:

Gaandeweg ontdek hulle die vastheid en konstante in die lewe. Die geldigheid van die tradisionele word ervaar en die vroeë-adolessente

/pas.....

---

1. Kuhlen, op. cit., pp.400 en 407.
   Cole, op. cit., p.358.
2. T.O.D. Jaarverslag 1906: J. Adamson oor middelbare onderwys.
   u Toit, P.K. op. cit., p.93.
3. Moll, op. cit., pp.16 en 23.
4. Waterink, op. cit., p.32.
5. Ibid., p.31.
   Kuhlen, op. cit., p.25.
6. Main & Jamison, op. cit., p.45.
7. Departement van openbare opvoeding Kaapprovinsie.
   Jaarverslag 1953, p.2.
8. Preller, op. cit., p.31.

pas hulle sosiaal aan.[1] Die sosiale ideaal hang in die lug terwyl hulle na verankering soek en dit in die sedelike vind. Die belewing van sedelike waardes vind plaas en die adolessente word geordende persoonlikhede met 'n eie ewewigspunt. Hulle is gerig na die sedelike en, daar waar hulle God kan dien, na norme wat God vir die lewe gegee het.[2] By hulle ontstaan 'n geleidelike opwaartse neiging na samewerking, onbekrompenheid en betroubaarheid.

b. Seniors:

Hulle het minder maar dieper belange as die jonger adolessente en kry 'n verbeterde insig in menslike verhoudings.[3] Hul optrede is taktvoller maar miskien minder eerlik.[4] Ondertussen ontwikkel die eie wil, persoonlike lojaliteit, selfvertroue en leierskap, wat tot ooreenstemmende karaktertrekke van hoflikheid, selfgelding en samewerking lei.[5]

(G) Onderlinge verskille tussen adolessente:

Die onderlinge verskille wat tussen die adolessente bestaan, wat hulle verstandelike vermoëns, fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling, belange en ondervinding betref, asook verskille tussen meisies en seuns, vereis leergange wat van mekaar verskil.[6] By die opstelling van 'n Geskiedenisleergang sal 'n gedifferensieerde leergang oorweeg word.[7] Alhoewel die indeling van die twee groepe leerlinge in die middelbare skool, die juniors en die seniors, ietwat arbitrêr is, en die groepe nie sterk omlyn en getipeer kan word nie, sal daar vir elk van die twee groepe 'n Geskiedenisleergang opgestel moet word. Dit is tewens ook al jare lank in Transvaal die gebruik.

SAMEVATTING.

Geskiedenis kan die adolessente behulpsaam wees deur bestendigheid

/in.....

1. Waterink, op. cit., p.63.
   Kuhlen, op. cit., p.453.
2. Waterink, op. cit., p.
   Kuhlen, op. cit., p.431.
3. Cole, op. cit., p.212.
4. Ibid., p.374.
5. Preller, op. cit., p.32.
6. Board of Education, Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.136.
7. T.O.D. Verslag van die oorsese sending, pp.71-77.
   Preller, op. cit., p.32. Hy verwys na talle skrywers en opvoedkundiges.
   Smit, G.J.J. Die leerplanne in Geskiedenis, Historia. IX, nr. 3. September 1964, p.175.

in hul lewe te bring, 'n eie lewensbeskouing te gee, 'n ewewigtige persoonlikheid te vorm, gebeurtenisse van die dag vir hul op te helder, antwoorde op vrae oor hulself, hul oorsprong, hul bestemming, hul funksie, hul vriende en hul vyande te gee.[1)]

Dit kan ook 'n integrasie van die hiërargie van die "ekke" bring.

> ... The process of maturation should be the establishment of an integration among an hierarchy of selves. The adolescent must find a vocation, an economic self; must establish relations with contemporaries - a social self; an adjustment in the emotional life - a sexual self; a workable philosophy of life - an ethical or religious self. 2)

4. Die opvoedkundige implikasies van die kenmerke van die adolessent.

By die ontleding van die kenmerke van die juniors en die seniors wat in die middelbare skool aangetref word, behoort die volgende beginsels in die Geskiedenisonderwys beliggaam te word as hulle aard, vermoëns, belangstellings en behoeftes in ag geneem word.[3)]

(A) Die bepaalde ontwikkelingspeil van die drie akademiese groepe, die Standerd agt-groep, die Standerd tien- en Universiteits-groep, moet in ag geneem word.[4)] Die juniors sal deur duidelike prente of afbeeldinge, uitmuntende persoonlikhede en gebeurtenisse geprikkel word.[5)] In die senior klasse moet gewaak word teen die neiging om die Geskiedenis so omvattend te maak dat dit die leerlinge oorweldig. Die onderwyser moet besef dat die Geskiedenis wat hy op universiteit geleer het (toe hy 19-23 jaar oud was) nie vir die middelbare skoolkind geskik is nie (13-18 jaar).[6)]

/B. Die.....

---

1. Findlay, op. cit., p.129.
   The journal of the incorporated association of assistant masters in secondary schools. XLII, no.3, p.110.
2. Ibid., p.110.
3. Board of Education, report of the consultative committee on the education of the adolescent, p.197.
4. Cole, op. cit., p.597.
   Neill, op. cit., p.4.
5. Board of Education, handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.411.
6. Worts, op. cit., p.71.

(B) Die taalontwikkelingspeil van die juniors is deur oefening wat deur luister, lees en pogings om die eie gedagtes in woorde uit te druk, so ver ontwikkel dat dit vir hulle moontlik geword het om idees in gedagtes te formuleer,[1] maar hulle besit nog nie die gawes om hulle duidelik uit te druk nie. Oor die algemeen is hierdie groep nog nie ryp vir opstelwerk nie.[2]

Alhoewel Preller beweer dat die senior leerlinge van die middelbare skool in staat is om 'n ingewikkelde en omvattende biologiese woordeskat te bemeester,[3] twyfel Geskiedenisonderwysers en eksaminatore of hierdie leerlinge talle begrippe wat in Geskiedenisleerboeke voorkom, verstaan.[4] Dit is dus voor die hand liggend dat Geskiedenis wat begrippe soos burokrasie, diktatuur, geregtigheid bevat, òf uitgelaat word òf deur die onderwyser en leerboeke baie deeglik verduidelik word.[5]

Leerlinge van 13 plus in Engelse skole sal die volgende vrae (geneem uit ou vraestelle) stellig te moeilik vind:

Vraag 1. Toon die verskil aan tussen:
(a) Staatkundige reformasie,
(b) Leerstellige reformasie en
(c) Teen-reformasie.

Vraag 2. Wat is die hoof verskilpunte tussen Puritanisme, Anglikanisme en Katolisisme?

(C) Daar word aanvaar dat die adolessente goed konsentreer op en belang stel in sake wat hulle van persoonlike belang beskou en dinge van hul onmiddellike omgewing.[6] Geskiedenis soos oor die radio bespreek of in die koerante meegedeel, geniet hulle spontane belangstelling.[7]

/Die.....

---

1. Board of Education, report of the consultative committee on secondary education with special reference to grammar schools and technical high schools, p.127.
   T.E.D., Director's report 1907, p.122.
   Ibid., 1908, p.134.
2. Happold, op. cit., p.67.
3. Preller, op. cit., p.34.
4. T.O.D., Talle rapporte van eksaminatore in Geskiedenis.
   Kjaldstadli, op. cit., p.111.
   Happold, op. cit., p.22.
5. Jarvis, op. cit., p.51.
6. Preller, op. cit., p.34.
7. Kjeldstadli, op. cit., p.66.

Die persoonlike belangstelling van die adolessente moet dus in ag geneem word wanneer 'n Geskiedenisleergang opgestel word.

(D) Die adolessente is in staat tot en stel belang in abstrakte denke; hulle kan redeneer, dink, oordele vel, insig verkry en gevolgtrekkings maak.[1] In die laer klasse van die middelbare skool is dit nog in 'n embrionale stadium,[2] en die leerlinge is gebonde aan hul eie subjektiewe reaksies en vooroordele.[3] Nogtans redeneer hulle graag.[4]

Die latere adolessente begin te kritiseer. Hulle kan geleer word om oorsake en gevolge, motiewe en handelswyse te waardeer en hul oordeelvellings agterwee te hou totdat al die beskikbare getuienis gelewer is.[5] Die belangrike word van die onbelangrike geskei en dinge word in samehang gesien. Die verband waarin hulle dinge sien, weerspieël hul intelligensie, denkvermoë en gesindheid.[6]

Die adolessente kan oorgaan tot objektiewe ondersoek van sake en gebeure en tot die maak van eie gevolgtrekkings eers as voldoende en geldige gegewens verkry is. Langs hierdie weg sal die huidige wêreldtoestande vir hulle verstaanbaarder wees en hulle kan hulself dan oriënteer in die patroon waarin die wêreldgebeure nou voorkom.[7] Kenmerkende strydvrae van die dag, hetsy staatkundig, hetsy ekonomies, hetsy maatskaplik, moet bevredig word. Die adolessente wil weet waarop dit alles afstuur.

(E) Die adolessente se genieting van die skoonheid moet ontwikkel en gevoed word. Dit kan bewerkstellig word deur die bestudering van die ontwikkeling van die kuns deur die eeue, naamlik die skryfkuns, die letterkunde, die skilderkuns, die beeldhoukuns en die boukuns.

/f) Die.....

---

1. Board of education. Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.107.
   Preller. op.cit., p.34.
2. Happold. op. cit., preface.
3. Kruger. op. cit., pp.100 - 102.
4. Neill. op. cit., p.2.
5. Henriques. op. cit., p.107.
6. Van Jaarsveld. Geskiedenis en eksamens, p.143.
7. Worts. op. cit., p.90.

(F) Die middelbare skoolkinders wil graag weet hoe die wetenskaplike en ander uitvindings gekom het en hoe ver dit gevorder het. Die ontwikkeling van die land-, see- en lugvervoer, wapentuig, wonings en ander geboue, meubels, masjinerie, fotografie, radio, beeldradio en kleredrag is almal dinge waarin hulle belang stel. Die "Line-method" word vir hierdie doel in Brittanje aanbeveel.

(G) Die adolessente word gekenmerk deur verskille in belangstelling, aanleg en vermoëns. Daar bestaan ook verskil tussen seuns en dogters wat belangstelling, aanleg en vermoëns betref. By die keuse van inhoud moet hierdie verskille derhalwe in ag geneem word.[1)]

(H) Die jeug toon belangstelling in die toestande waarin ander groepe lewe, hulle gewoontes en sedes asook die van vroeëre geslagte. Hiervoor kan voorsiening gemaak word deur na maatskaplike en ekonomiese toestande te verwys. Deur uitstappies en skoolreise, byvoorbeeld besoeke aan die tuistes van verskillende Bantoestamme, kan hulle eerstehandse kennis opdoen. Selfs in hulle eie omgewing kan nul leer van die Bantoe se gewoontes en tradisies.

(I) Die sosiale belangstelling in verhoudings tussen individu en groep, in burgerskap en oordeelkundige verbruikerskap behoort deur die Geskiedenis bevredig te word. Die leerstof moet betrekking hê op die gemeenskapslewe en internasionale verhoudinge.

(J) Die adolessente het behoefte aan gesosialiseerde optrede. Die leerstof moet so gekies word dat leerlinggroepe take kry om uit te werk. Skoolreise om historiese plekke te besoek, bied ook geleentheid vir gesamentlike optrede aan.

(K) Die jeug stel belang in godsdiens en het 'n behoefte aan lewens- en wêreldbeskouings. Hulle wil iets weet van die oorsprong, doel en samestelling van die skepping.[2)] Hierdie dringende behoefte kan deur Geskiedenis aangevul word. Godsdienstige verskille en oorenstemmings met persone, groepe of nasies se handelswyses beïnvloed en het bygedra om die gang van die geskiedenis te stuur tot waar dit vandag staan.

/(1) Om .....

1. Preller, op. cit., p.25.
   Burston, W.H. Explanation in History and the teaching of History, British journal of education. II, no.2. May 1954, p.112.
2. Preller, op. cit., p.124.

(L) Om die altruïstiese idealisme van die adolessent te kan bevestig en uitbou, moet die deel of dele van die Geskiedenis wat hieraan beantwoord, ingesluit word.

5. PSIGOLOGIESE KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE

In ooreenstemming met die kenmerke, eienskappe en vermoëns van die adolessente kan die volgende as psigologiese kriteria vir leerstofkeuse aanvaar word:

(A) Kennis van die verlede moet voorsien word. Die leergang moet insluit:

(1) die ontstaan en herkoms van die mens,
(2) die hooftrekke van die wêreldgeskiedenis,
(3) die ontstaan van die Westerse beskawing en verdere uitbreiding,
(4) die oorplant van die Westerse beskawing in Suid-Afrika en die verdere lotgevalle van die stigters,
(5) die geskiedenis van die inboorlingrasse,
(6) latere bevolkingstoevoegings en die herkoms van hierdie nuwe groepe,
(7) die verhoudings wat gevolglik in Suid-Afrika en in die buiteland ontstaan het,
(8) internasionale verhoudings met die verskillende ideologieë wat daartoe aanleiding gegee het.

(B) Die leerstof moet sodanig gekies word dat dit geleentheid bied vir die ontwikkeling van gewenste houdings en gesindhede.

(1) Die leerstof moet geleentheid bied vir die ontwikkeling van 'n objektiewe houding, vir waarheid, vry van vooroordeel. Die leerlinge moet die geleentheid kry waar hulle tussen waarheid, verdigting en propaganda sal moet onderskei. Hulle moet 'n oordeel oor politieke aangeleenthede kan vel. Al na gelang van die eie oordeel moet hulle die sedelike moed hê om 'n beleid te aanvaar of te verwerp.

(2) Die leerstof moet die lewensgeskiedenis en bydraes van historici insluit sodat die leerlinge bekend raak met verskillende standpunte in die geskiedenis Hierdie standpunte sal hulle moet ontleed en met mekaar probeer versoen sodat dit vir hulle moontlik sal wees om saam met ander persone, groepe of nasies 'n vreedsame bestaan te voer.

/3. Die.....

(3) Die leerstof moet die lewensgeskiedenis van helde, leiers en nasiebouers insluit.

(4) Die leerstof moet so gekies word dat dit gesindhede beklemtoon wat in menslike verhoudings aanwesig behoort te wees. Hierdie gesindhede moet die jeugdige lei tot die besef dat 'n veilige bestaan moontlik is, en dat die mensdom in harmonie, so nie in vrede nie, kan saamwoon.

(5) 'n Gesindheid van eerbied vir en waardering van die skepping van God ten einde die adolessente te laat verstaan dat die Here die Here is van alle nasies en volkere, dat Hy in sy wysheid die Skepper van 'n groot verskeidenheid is en dat die lotgevalle van elke nasie 'n deel van sy plan is.

(C) Voorsiening moet gemaak word vir onderlinge verskille:

Wanneer onderlinge verskille van die leerlinge in ag geneem word, is dit duidelik dat leergange vir daardie verskille voorsiening moet maak.[1] Die volgende gevalle ontstaan meestal in die middelbare skool:

Geval A: Slaag in Standerd VII op vyftienjarige leeftyd, verkry vrystelling van verdere skoolbesoek en word vakleerling.

Geval B: Slaag in Standerd VIII op sestienjarige leeftyd en verlaat die skool.

Geval C: Slaag in Standerd VIII voordat hy sestien jaar bereik het en kom nog net een jaar skool toe en slaag in Standerd nege.

Geval D: Slaag in Standerd VIII en volg die Standerd X-kursus (Skooleindeksamen) sonder Geskiedenis.

Geval E: Slaag in Standerd VIII en volg die Standerd X-kursus (Skooleindeksamen) met Geskiedenis as eksamenvak.

Geval F. Slaag in Standerd VIII en 16 die Universiteitstoelatingseksamen af sonder Geskiedenis as eksamenvak.

Geval G: Slaag in Standerd VIII en 16 die Universiteitstoelatingseksamen af met Geskiedenis as eksamenvak.

Uit bostaande gevalle moet daar ten minste drie Geskiedenisleergange opgestel word:

Standerd VI tot VIII: Vir leerlinge wat die skool na of selfs voor die voltooiing van Standerd VIII verlaat of wat tot Standerd X gaan en

/nie.....

1. T.O.D. Algemene omsendbrief, nr. 10, 1 September 1942.

nie Geskiedenis in st. IX en X leer nie.

Standerd X met skooleinieksamen as eindidoel.

Standerd X met universiteitstoelating as doel.

Die drie leergange moet so opgestel word dat sowel die meisies as die seuns se belangstelling gaande gehou word.

C SOSIOLOGIESE VEREISTES

Maatskaplike veranderings vind so verbysterend snel plaas dat dit haas onmoontlik is om 'n Geskiedenisleergang op te stel wat in al die behoeftes van die veranderde maatskaplike lewe sal voldoen.[1] Daarby moet die leerlinge ook opgevoed word vir die lewe wat voorlê.[2] Dit is derhalwe nodig om die huidige gemeenskap te ontleed en sy behoeftes en tendense van vandag en die toekoms vas te stel ten einde leerstof aan te beveel.[3] Nie net die Transvaalse of Suid-Afrikaanse toestande moet in ag geneem word nie, maar ook die van die hele wêreld, want die huidige vervoermiddels en kommunikasiemiddels plaas die res van die wêreld op Suid-Afrika se drumpel.[4]

Daarby bly die staatkundige, maatskaplike en ekonomiese leerstellings nie tot die plek van hul oorsprong beperk nie, maar deurdring alle lande. Wisselwerking van gedagtes en denkbeelde vind tussen die een volk en die ander volk plaas.[5]

1. Die Transvaalse gemeenskap gesien teen die agtergrond van die wêreldgemeenskap-

Die moderne menslike samelewing vertoon tans deurgaans die volgende kenmerke en probleme:

(A) Die Natuurwetenskap: Dit lyk asof die natuurwetenskap die denke van die huidige mensdom oorheers. Ontsettende en ontstellende uitvindings op bykans alle terreine word deur pers en radio aangekondig.

/Die.....

---

1. T.O.D. Algemene omsendbrief nr. 10, 1 September 1942.
   Jacobs, op. cit., p.72.
2. Garrison & Garrison, Fundamentals of psychology in secondary education, pp.179-180.
   van Jaarsveld, History teaching and responsibility, Historia. Vierde jaargang, nr. 3. September 1959, p.186.
3. van Wyk, A.H. du Preez, Geskiedenis en die onderrig van Geskiedenis. Historia. Eerste jaargang. Junie 1956, p.10. Hy haal Von Ranke aan: "Geskiedenis is die begrip van die maatskappy op grond van die verlede."
4. Scholtz, G.D. Die gevaar uit die Ooste, pp.91 en 191.
5. Moll, op. cit., p.15.

Die Transvaalse gemeenskap bevind hom binne hierdie gebeure. Ook Transvaal hou tred met die snelle uitbreiding van die natuurwetenskappe.[1)]

Dit is dus verstaanbaar dat die leerstof in die Transvaalse onderwysstelsel hiermee rekening sal hou.[2)]

(B) Industrialisasie: Die meeste volkere van die wêreld het tot industrialisasie oorgegaan. Dit het geweldige veranderings in die volkere se gewoontes en sedes aangebring. Die ekonomiese, maatskaplike en staatkundige gevolge is haas onvasstelbaar. Vir die gewone man het dit spesialisasie van arbeid meegebring met die daarby gepaardgaande voordele en euwels.

Transvaal ondergaan ook industrialisasie teen 'n geweldige tempo. Die Onderwysdepartement hou hiermee rekening en probeer die ontstane probleme oplos. Die vaardigheidsvakke kry 'n groter plek in die leerplan as voorheen.[3)]

(C) Verstedeliking: In Wes-Europa en die Verenigde State asook in Latyns-Amerika, Kanada, Australië en Rusland het industrialisasie en meganisering van boerderye 'n groot deel van die plattelandse bevolking in die stede saamgetrek. In Transvaal het bovermelde verskynsel die platteland as't ware ontvolk en die proses van ontvolking vind nog steeds plaas.

In die Transvaalse stede kon baie plattelanders aanvanklik nie 'n heenkome vind nie. Talle huisgesinne het in armblankedom verval en 'n reeks nadelige gevolge het ontstaan. Ondertussen vind die plattelanders in die stede 'n beter heenkome en raak geassimileer. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie verskynsel ook in die Transvaalse leergange 'n plek sal vind.

(D) Klasseverskil: Alhoewel dit nie graag toegegee word nie, bestaan klasseverskil in Transvaal. Dit kom in Blanke-, Kleurling- en Indiërgemeenskappe voor. Nie alleen besitting nie maar ook die mate van geleerdheid, kerkverband, herkoms en taal vorm die grondslae waarop die klasseverskil gebaseer is.

Die sensitiewe adolessente ondergaan die inwerking van hierdie

/klasseverskil.....

---

1. Mouton, W. Wetenskaponderrig in skole. Onderwysblad, LXI, nr. 697. 1 November 1957, pp.345-550.
2. Jacobs, op. cit., p.72.
3. Bot, A.K. Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836-1951, p.181.

klasseverskil en dit kan bydra tot 'n minderwaardigheids- of meerderwaardigheidsgevoel, allerlei inhibisies, introvertisme, ekstrovertisme en die keuse van 'n beroep of professie beïnvloed.

(E) Gemeenskapslewe: Groot dele van die beskaafde wêreld se gemeenskapslewe het groot veranderings ondergaan.[1] Die sedes het losser geword; kerkbesoek is aan die verval en die persoonlike verantwoordelikheid van die individu is aan die kwyn.

Ook Transvaal ondervind hierdie veranderings. Daarom moet hierdie verskynsels in die leergange weerspieël word.

(F) Vrye Tyd: Oor die hele beskaafde wêreld het die werkman korter werkure verkry. Korter werkure bring meer vrye tyd mee. Kinderarbeid is ook opgehef en veral die jeug is belas met meer vrye tyd.

Ook in Transvaal word hierdie verskynsel aangetref. Die huisgesin in sy geheel neem nie gesamentlik aan die besteding van vrye tyd deel nie. Ouers en kinders het afsonderlike ontspanningsbelange. Lêegleery, rondlopery en besoeke aan die bioskoop is die gevolg.

Die Transvaalse Geskiedenisleergang kan so opgestel word dat die adolessente van hul vrye tyd aanwend om uitstappies te onderneem, biblioteke te besoek en op hoogte met die omgewingsgeskiedenis te kom.

(G) Gesinsverval: Gesinsverval is 'n verskynsel wat al die in die huisgesinne van die Westerse volke geword het. Industrialisasie en verstedeliking dra baie hiertoe by. Baie huisgesinne in Transvaal ondergaan ook hierdie gesinsverval. Die oorsake en omvang word nie in hierdie studie bespreek nie. Daar word net vermeld dat die gesinshegtheid, godsdienstigheid, karakter, omvang en kultuurskepping onder die milieuverandering ly.

Wanneer 'n Geskiedenisleergang opgestel word, kan na hierdie verskynsel verwys word.

(H) Jeugmisdaad: Die toenemende jeugmisdaad dwarsdeur die wêreld wat aan gesinsverval en die nawee van die Tweede Wêreldoorlog te wyte is, is een van die probleme wat aan alle volkere gemeen is.

In Transvaal het jeugmisdaad geweldig toegeneem. Toestande is vererger deurdat jeugdiges uit die verskillende dele van die heterogene bevolking en jeugdiges van allerlei slag aan dieselfde organisasies en sametrekkerye deelneem.

/(I) Emansipasie.....

---

1. Johnson, op. cit., p.61.

(I) Emansipasie van die vrou: In bykans alle dele van die wêreld het die vrou dieselfde regte as die man verkry.

In Transvaal ontvang sy op agtienjarige ouderdom stemreg en word sy al tot amper alle professies toegelaat. Dit bring mee dat sy meer uithuisig is en daardeur die opvoeding van die kinders verwaarloos of dit aan beliendes oorlaat.

Hierdie kenmerke en probleme van ons volkslewe kan in die Geskiedenisleergange weerspieël word. Maar ook moet die voortreflike rol wat die vrou in die geskiedenis vervul het, genoem word.

(J) Groei van middelbare skole: Middelbare onderwys neem oor die hele wêreld met versnelde tempo toe. Ook in Transvaal is dit die geval soos o.s. tabel toon. [1]

TABEL 1.

Getal leerlinge in middelbare klasse.

1916	1927	1937	1947	1957	1967
3,941	11.425	15,955	36,470	91,512	115,867

Dit bring mee dat verskillende Geskiedenisleergange vir die gedifferensieerde middelbare onderwys aangebied moet word.

(K) Lewensbeskouing: Die opkoms van liberalisme en vreemde ideologieë het die wêreld in beroering en vertwyfeling gebring.

Transvaal ondervind ook die volle lading van lewensbeskouings en mense verwelkom die ideologieë as die nuwe "evangelie" van vrywording of gelykstelling en buit dit vir propagandadoeleindes uit.

Die Transvaalse adolessente bevind hulle op hierdie gebied in 'n toestand van vertwyfeling en onsekerheid. Dit is dus van die grootste belang dat die Geskiedenisleergang die aandag op hierdie verskynsels vestig. Op grond van kennis van maatskaplike misstande kan die leerlinge tot 'n begrip van die probleem kom en 'n gesonde lewensbeskouing ontwikkel.

(L) Opkoms van die Nie-blankes: Die opkomende Ooste en die ontwakende Afrika het die afgelope dekade 'n grief teen die Weste opgebou wat soos 'n Frankensteinmonster onbeheerbaar word.

In Transvaal word die Nie-blankes opgerui om die "wit-kolle" in "hul" land te verwyder. Vanuit die Ooste, die Midde-Ooste en Rusland word ook die Transvaalse bevolking dag en nag met 'n vloedgolf propaganda bestook. Vir die adolessente beteken dit angs, vrees, onsekerheid en selfs ondergang.

/Indien.....

1. T.O.D. Verslae 1920, 1927, 1940, 1948, 1957 en 1967.

Indien geen ander skoolvak soos Volkekunde of Sake-van-die-dag gevind kan word wat begrypende kennis in die beangste gemoed van die adolessente kan bring nie, is dit die taak van die Geskiedenisleergang om die opkoms van Rusland, die ontwaking van die Ooste en die ontluiking van Swart Afrika as leerstof aan te bied.

Hiermee gaan ook gepaard die geskiedenis van die inheemse rasse en die geskiedenis van die uitheemse Indiërs wat hulle op Transvaalse bodem bevind.

(M) Die Verenigde Volke-Organisasie: Die organisasie van die Verenigde Volke is stellig een van die grootste magte wat in die wêreldpolitiek gebruik en misbruik word.

Ook in Transvaal laat die V.V.O. hom geld. Waar sommige Nieblankes van Suid-Afrika hulle heil in hierdie organisasie en ten koste van die Blankes soek, is dit nodig dat die Transvaalse middelbare skoolkind kennis van die Verenigde Volke-Organisasie asook van sy voorganger, die Volkerebond, sal dra.

(N) Die weldadige natuur: Die Suid-Afrikaanse natuur is besonder gematig. Die somers is nie te warm nie en die winters nie te koud nie. Die Transvaalse klimaat leen hom vir uitstappies en skoolreise. Die natuurskoon is op baie plekke aangrypend mooi. Daarby is die Transvaalse velde ryk aan plekke van historiese belang.

By die opstelling van 'n Geskiedenisleergang kan uitstappies en veldwerk oorweeg word.

2. Samevatting.

Die Transvaalse skoolseuns en -dogters bevind hulle in 'n snel veranderende gemeenskap. Verbluffende uitvindings op wetenskaplike terrein kan wel by hulle angs en onsekerheid laat posvat, maar aan die ander kant prikkel dit die verbeelding en wakker dit die awontuurlus aan soos nog nooit voorheen nie. Industrialisasie en die landsekonomie voorsien die middele om aan die gejaag saam te doen. Die verval van die gesinslewe en daarmee die verslapping van die ouerlike gesag en die baie vrye tyd skep 'n vrugbare bodem waarop die jeug die angs van die lewe aanvoel en 'n lewensbeskouing ontwikkel wat vreemd teenoor die Christelike lewensfilosofie van die ouer geslag staan.

Die blitsige kommunikasiestelsel bring hulle in noue voeling met alle nasies op die aardbol. Die propaganda van liberalis of Kommunis

/assimileer.....

assimileer hulle sonder dat hulle daarvan bewus is. Hulle bevind hulle in die dilemma: If we do not go out into the world and call every man our brother, there are those who will go out and call him "comrade!" 1)

Met die onnoembare getalle Bantoes, Kleurlinge, Indiërs en immigrante om hulle word hulle gekonsisioneer om toestande soos hulle is, sonder meer te aanvaar.

Dit is dus die taak van die Geskiedenis om die Transvaalse adolessente die herkoms, omvang en betekenis van die bonte lewe om hul te belig en aan te dui waarop dit alles afstuur.

3. Die opvoedkundige implikasie van die kenmerke van die gemeenskap

(A) Sowel Transvaal as die ganse wêreld vereis dat die opvoeding die volgende in ag neem:[2)]

(1) Voorsiening van wetenskaplikes en tegnici.
(2) Leiding by vryetydsbesteding.
(3) Voorsiening van wetenskaplike kennis.
(4) Bekamping van gesinsverval.
(5) Bekamping van jeugmisdaad.
(6) Voorsiening van 'n eie lewensbeskouing.
(7) Oplossing van die wêreldvoedselprobleem.
(8) Verskaffing van historiese insig.
(9) Voorsiening van gedifferensieerde leergange.

(B) Die Transvaalse gemeenskap het die volgende besondere behoeftes wat in ag geneem moet word.

(1) Versoening van wetenskap met godsdiens:-

In die Geskiedenis staan die evolusieleer lynreg teenoor die skeppingsverhaal soos in die Woord van God geopenbaar.

Opvoedkundiges het probeer om, wat die leerlinge betref, hierdie strydvraag te omseil deur die ontstaan en leefwyse van die oermens uit die leergang te laat.[3)] Dan is daar weer diegene wat trag om die proses van ewolusie in die skeppingsleer op te neem en die Skepping as 'n geleidelike proses te verstaan wat in ses lang tydperke plaasgevind het. In ooreenstemming met die Christelike geloof wat ons huldig, word geen kompromis aangegaan nie en aanvaar ons die skeppingsverhaal soos in Genesis gestel.

/(2) Die.....

---

1. Clarcia, A. Reader's Digest, March, 1956, p.70.
2. Preller, op. cit., pp.50 en 51.
3. Cf. Die Transvaalse Geskiedenisleergange.

(2) Die Transvaalse gemeenskap vereis dat Moderne Geskiedenis geleer word. Die kinders moet hulself in die huidige wêreld kan oriënteer. Geskiedenis wat betrekking op Suid-Afrika het, sal voorrang geniet asook die geskiedenis van die huidige wêreldmoondhede en die opkomende state. Met die verskillende ideologieë en die nuwe nasionalismes sal deeglik rekening gehou moet word.

(3) Transvaal vereis van sy leerlinge dat hulle op hoogte moet wees met die industrialisering wat op so 'n hewige tempo aan die gang is en wat die ontvolking van die platteland en die verstedeliking van die plattelander tot gevolg het.

(4) Kennis van die verskillende rasse:

Die geskiedenis van verskillende rasse waaruit die bevolking bestaan, is baie noodsaaklik.

(5) Konstitusionele ontwikkeling:-

Daar Suid-Afrika onlangs tot 'n republiek verklaar is en daar 'n groot deel van die bevolking nog nie met die idee van 'n onafhanklike republiek versoen is nie, is dit wenslik dat konstitusionele geskiedenis aangebied word.

4. Die Sosiologiese kriteria vir leerstofkeuse

Wanneer sowel die wêreld as die Transvaalse gemeenskap en die opvoedkundige implikasies van hul kenmerke ontleed word, dan dui dit daarop dat die Transvaalse Geskiedenisleergang aan die volgende vereistes moet voldoen:

(A) Die leergang moet bepaalde geskiedeniskennis by die leerlinge aanbring. Hierdie geskiedenis moet objektief benader word sodat die leerlinge 'n redelike getroue beeld verkry van wat werklik in die verlede plaasgevind het.

(B) Die leergang moet die vorming van gewenste gesindhede bevorder. Weens legio probleme waarmee die wêreld vandag te kampe het moet die onderlinge gesindhede reg wees. Die uiterste standpunte wat die wêreldmoondhede teenoor mekaar inneem, veroorsaak hoogs plofbare toestande. Dog binne die Republiek Suid-Afrika moet die onderlinge verskille wat tussen die talle rasse bestaan, in goeie gesindhede aangepak en opgelos word.

Die kinders moet egter in hulle lewe regte gesindhede openbaar: teenoor hul medeleerlinge, medemense, hul land, hul volk, en selfs hul vrye tyd.

/Teenoor.....

Teenoor hul God en Skepper moet hulle eerbied en liefde betoon.

(C) Dit moet voorsiening maak vir onderlinge verskille:

Die hele Transvaalse middelbare onderwysstelsel dui daarop dat aan die verskille in aanleg en vermoë wat daar by kinders bestaan, aandag geskenk word. Die Geskiedenisleergang moet hieraan voldoen deur desnoods 'n kern van verpligte leerstof aan te bied en in verskillende studierigtings te differensieer.

D. FORMULERING VAN PSIGOLOGIES-SOSIOLOGIESE KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE

Wanneer die psigologiese en sosiologiese kriteria vir die keuse van leerstof in oënskou geneem word, blyk dit dat daar enkele psigologies-sosiologiese kriteria vir leerstofkeuse bestaan.

1. Bepaalde historiese kennis moet verskaf word:

(A) Die leerlinge moet 'n geheelbeeld van die geskiedenis sedert die eerste beskawing tot vandag toe in hom omdra. Hierdie beeld sal vaag en onvolmaak wees en groot gapings in die verloop van die geskiedenis toon.

(B) Hul eie herkoms moet in hooftrekke geken word, asook die geskiedenis van die land van hul herkoms.

(C) Die invloed van buitelandse gebeurtenisse, waaronder die van Afrika, op sy geskiedenis moet gesien word.

(D) Die eie Vaderlandse geskiedenis soos dit met die rassegroepe van die Republiek ingevleg is, is hoofsaak. Dit sluit staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en konstittusionele geskiedenis in.

2. Keuring van leesstof moet aangeleer word-

(A) Belesenheid is 'n voorvereiste indien die adolessente hul geskiedenis in die regte perspektief wil sien. Dog dit is onmoontlik om alles te lees en daarom moet die leerlinge opgelei word om hul leesstof vir geskiedenis te keur. Die groot hoeveelheid lektuur (Afrikaans en Engels) wat oor die geskiedenis handel, kan nie alles gelees en geassimileer word nie.

(B) Tweedens moet die leerlinge leer om te onderskei tussen propoganda in die geskiedenis en die ware en suiwere weergawe van geskiedenis. Daarby moet hulle hul leerstof objektief beoordeel.

(c) Die.....

(C) Die geestelike vermoëns soos waarneming, opmerksaamheid, geheue, denke, verstand en verbeelding moet beoefen en ontwikkel word.

3. Gewenste houdings moet ontwikkel word.[1)]

(A) In die gevoelslewe moet die verskynsels soos angs, toorn woede, jaloesie, liefde en seks, haat en onverdraagsaamheid, vreugde en meegevoel gesublimeer word.

(B) Die objektiewe, wetenskaplike houding wat kan meehelp om persoonlike en gemeenskaplike probleme op 'n objektiewe, onbevooroordeelde wyse te benader, moet aangekweek word.

(C) 'n Altru"istiese houding wat die indiwidue sal voer tot ideale van onbaatsugtige naastediens en samewerking met die medemens, die gemeenskap en ander volke.

(D) 'n Gesindheid van eerbied en waardering vir die grootse skepping Gods, wat kan bydra tot die ontwikkeling van die estetiese sin, die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die geskiedenis.

(E) 'n Gesindheid van waardering van vrye tyd wat kan lei tot die versameling van historiese materiaal, besoeke aan biblioteke en musea en selfs aan die argiewe.

(F) Die aankweek en ontwikkeling van 'n etiese gesindheid is 'n houding wat gebiedend noodsaaklik is aangesien sedelikheid met die groei van die kind aangekweek word, dit alle maatskappye en volkere omvat en op die gedagtewêreld van die hele wêreld inwerk. 2)

4. Voorsiening moet gemaak word vir indiwiduele verskille.

Daar die leerlinge verskil in aanleg, belangstelling en vermoë en daar ook verskille in die belangstelling van seuns en meisies is, moet die onderwys gedifferensieer wees.

5. Die natuur moet benut word-

Uitstappies veral om met die omgewingsgeskiedenis vertroud te raak, moet aangewend word.

6. In die strewingslewe moet die verskillende belangstellings, die strewinge wat op sosiale aanpassing, burgerskap, gesondheid, gesinsvoorligting, besteding van vrye tyd, bestudering van die omgewing, lesse deur die radio en rolprent geleer, afstuur, aanmoedig en bevorder.

---

1. Preller, op. cit., p.54. Woordeliks oorgeneem.
2. Cole, op. cit., p.375.
   Kuhlen, op. cit., p.434.
   Malherbe, E.G. Educational adaptions in a changing society.

HOOFSTUK V

BEPALING VAN DIE KRITERIA VIR DIE KEUSE VAN LEERSTOF

A. INLEIDING

Alle geskiedenis kan nie sonder meer as leerstof vir Geskiedenis in die middelbare skool voorgeskryf word nie. 'n Keuse moet uit die byna onoorsigtelike massa geskiedenis gemaak word. Daarby moet die vereistes waaraan die Geskiedenisleerstof moet voldoen, in aanmerking geneem word, soos die persoon van die opvoedeling en die aanvaarde opvoedkundige praktyke en beginsels.[1)]

Aanvanklik is die keuse van die inhoud bepaal deur die vereistes van die universiteit[2)] asook deur die noodsaaklikheid om die minimum kennis aan te bring wat elke beskaafde mens nodig het.[3)] Die algemene vorming van die hele mens is betrek.[4)]

B. OORSIG VAN BESTAANDE KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE

1. Die leerstof moet gekies word in ooreenstemming met een of ander lewens- en wereldbeskouing.

Die leerstof word dan sodanig gekies dat dit meehelp om die ewewigtige, biologiese, fisiologiese, sosiologiese, logiese, politiese, etiese en religieuse vorming van die opvoedeling te verseker.[5)]

2. Die leerstof moet gekies word in ooreenstemming met die doel.

In ooreenstemming met die doelstellings van persoonlike en sosiale

/vorming.....

---

1. Preller, op. cit., p.56.
2. Swart, op. cit., p.274.
   Worts, op. cit., pp.64, 65, 68, 115 en 136.
   Nicolverslag, p.202.
   Ministry of Education, Pamphlet no. 19, p.3.
3. Nicolverslag, p.202.
   Seitz, J.A. Variability of examination results, p.286.
4. Hanson D.S. Teaching a History Six, p.158.
   Nicolverslag p.155.
   Worts, op. cit., pp.3 en 24.
5. Jacobs, op. cit., p.112.
   Cruywagen & Kingle. Beginsels en Metodes van die middelbare Onderwys, p.20.
   Preller, op. cit., p.57.

vorming word die volgende vereis:

(A) Historiese feite, hulle oorsake en gevolge en aandeel in die verloop van die geskiedenis, moet in so 'n mate geken word dat hulle uitwerking op die individu en gemeenskap kenlik is. Kennis van hierdie feite moet as voorbereiding vir die lewe en vir die universiteit dien.[1)]

(B) Geleentheid vir selfwerksaamheid in die vorm van versamel, waarmerk en orden van materiaal en probleemoplossing moet gegee word.[2)] Die gewoonte om op te lees en na te vors om later by die lewe en universiteit aan te pas, moet gekweek word.[3)]

(C) Geleenthede moet daargestel word om standaardwerke te raadpleeg sodat met historici kennis gemaak word, wat sal lei tot waardering vir hul bydraes tot die geskiedenis.[4)]

(D) Besoeke aan musea, monumente, geskiedkundige plekke moet moontlik gemaak word om daardeur agting vir die skeppinge van die mens aan te bring. Omdat van hierdie uitstappies in die veld gedoen gaan word, sal die waarde van die bodem en die besef dat goed en bloed daarvoor geoffer is, die leerlinge nie ontgaan nie.

(E) Etnologiese studie moet wys op die verskille maar ook op die ooreenkomste tussen gemeenskappe en volkere sodat die opvoedeling bewus word van sy plek en verpligting in die eie gemeenskap, maar ook buite die eie grense.[5)]

(F) Studie oor die gesinslewe waarin lede van die familie as sosiale wesens aandeel gehad het en in die volksbou het, is nodig.[6)]

(g) Studie.....

1.Swart, op. cit., p.274.
Waterink, J., op. cit., p.11.
T.O.D. Leergang vir Geskiedenis (VI-VIII) 1958.
Roos, J.G. Die skool in die moderne wêreld. Onderwysblad. LXIII, nr. 714. April 1959, p.25.
2.Worts, op. cit., p.77.
Koen, A.J. Enkele gedagtes oor die onderwys van Geskiedenis, Historia. VII, nr. 1. Maart 1962, p.33.
3.Reeson, op. cit., p.283.
Seitz, op. cit., p.20.
4.Koen, op. cit., pp.35 en 36.
Jarvis, op. cit., p.223.
5.Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.76.
Van Dyk, op. cit., p.41.
Moll, op. cit., p.15.
6.Van Zyl, op. cit., p.77.

(G) Studie van die land se natuurlike hulpbronne soos dit van Johan van Riebeeck se tyd aangewend is, die ontdekking en ontginning van nuwe hulpbronne en die konservasie van die land se potensiaal, moet gemaak word.[1)]

(H) Die Here as Skepper en Bestierder word erken en aanbid.[2)]

3. Die vereistes van die moderne gemeenskap moet in ag geneem word.

Die vereistes van die moderne Transvaalse gemeenskap soos dit deur die jare heen ontstaan het, moet in ag geneem word. Die mens as burger van die staat met al sy voorregte en verpligtinge in die staat en teenoor die staat moet aandag geniet sodat alle samelewingsvorme ontdek en ontplooi word.[3)]

4. Die vermoëns, belangstelling en behoeftes van die opvoedeling moet in ag geneem word.

Die dringende noodsaaklikheid dat die vermoëns, belangstellings en behoeftes van die opvoedeling in ag geneem moet word, is alreeds beklemtoon.[4)]

5. Die leerstof moet met ander vakke korreleer-

Geskiedenis as skoolvak korreleer gereedelik met 'n groot aantal leervakke van die leerplan. By die samestelling van die Geskiedenisleergang moet, waar moontlik, integrasie met ander vakke bewerkstellig word.[5)]

/6. Die.....

---

1. Preller, op. cit., p.60.
2. du Plooy, J.L. Geloof in hulle lewe. Historia, I, nr. 1. Junie 1956, p 25.
   Bingle, H.J.J. C.N.O. 'n Referaat. Onderwysblad, LXIX, nr. 753. Julie 1962. p.77.
   Coetzee, J. Chris. Die moderne opvoeding, p.37 en 45.
   Bavinck, op. cit., pp.145-147.
3. Bingle, H.J.J. C.N.O. 'n Referaat. Onderwysblad. LXIX, nr. 753. Julie 1962, p.77.
   T.O.D. Voorgestelde leergang vir Geskiedenis. Graad tot Standerd VIII, uitgegee in 1942, p.2.
   van Jaarsveld, F.A. Geskiedenisonderrig en verantwoordelikheid. Onderwysblad. Deel LXIII, nr. 747, Julie 1959, p.124
4. Bingle, H.J.J. C.N.O. 'n Referaat. Onderwysblad. LXIX, nr. 753, Julie 1962, p.77.
5. Ibid., p.77.
   du Toit, P.K., op. cit., p.109.
   Board of Education, Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.138.

6. Die leerstof moet nuttig wees vir die indiwidu en die gemeenskap.

Alhoewel daar beweer word dat Geskiedenis geen praktiese of kommersiële waarde het nie,[1] het dit intrinsieke waarde in die sin dat die geestelike goedere soos vryheid van godsdiens en staatkundige onafhanklikheid wat die produk van honderde jare se arbeid en stryd is, waardevol is[2] en stimulerend inwerk op die groeiende persoonlikheid wat in 'n ewewigtige kultuurmens ontwikkel. Die kind word opgelei en opgevoed tot 'n volwaardige burger van die samelewing en die staat. As kieser en belastingbetaler weet hy dan om sy verantwoordelikhede na te kom.[3]

7. Die leerstof moet so gekies word dat die kronologiese volgorde so min moontlik versteur raak,[4] die kontinuïteit gehandhaaf bly[5] en die kausale verband opsigtelik is.[6] Die eenheid van die vak word dan behou.

8. Die leerstof moet probleemoplossing bevorder

Indien die denke geprikkel word, moet by die leerlinge 'n soekende, probleemoplossende en wetenskaplike houding aangekweek word.[7] Die leerlinge moet dus probleme vind en oplos.[8]

/9. Die.....

---

1. Worts, op. cit., p.26.
   Rowse, op. cit., p.159.
   The journal of the incorporated association of assistant masters in secondary schools. No. 3. 1945, p.46.
2. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.76.
   Ministry of Education. Pamphlet 19, p.7.
   Jarvis, op. cit., p.8.
   Coetsee, Die leerplan in Geskiedenis as leervak in die Kaaplandse middelbare skole, p.172.
3. Malherbe E.G. Education in South Africa, p.111.
   Wheeler, op. cit., p.4.
4. Hadow Report, op. cit., pp.198 en 203.
   Worts, op. cit., p.15.
5. Pelzer, op. cit., p.108.
   Coetsee, op. cit., pp.170, 180, 211 en 219.
   Ministry of Education. Pamphlet 19, p.12.
6. Coetsee, op. cit., p.158.
   Spens Report, p.129.
   T.E.D. Report 1924, p.116.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.73.
7. Preller, op. cit., p.67.
8. Koen, A.J., op. cit., p.34.
   Spens Report, p.129.
   Fahmy, op. cit., p.41.

9. Die leerstof moet sodanig wees dat dit die leerlinge aktiveer.[1)]

Die leerstof moet so gekies word dat dit die leerlinge prikkel om te werk. Die leerstof moet interessant wees sodat dit hul belangstelling aanwakker. Geskiedenis leen hom tot die beoefening van kinderaktiwiteite soos die maak van modelle, soek na besonderhede, uitknipsels en plakwerk, lees, luister na die radio, bywoning van rolprente, dramatisering en probleemoplossing.[2)]

10. Die leerstof moet aansluit by vorige opgedane kennis.

Om assosiasievorming in die hand te werk, moet die leerstof by vorige opgedane kennis aansluit. Bekende feite en ervarings in die vorige standerds opgedoen, dien as aanknopingspunt vir nuwe werk.[3)]

11. Die leerstof moet geleentheid bied vir die toepassing van sowel die induktiewe as die deduktiewe metode.

In die leerproses word die leerlinge geleer om beginsels en konsepte deduktief toe te pas.[4)] Hierdie metode neem 'n belangrike plek by self-standige studie in.

12. Die leerstof moet geleenthede bied vir oordrag van oefening.

Waar die leerlinge voor nuwe probleme te staan kom, is dit natuurlik dat hulle deur assosiasievorming van aangeleerde vaardighede en opgedane kennis gebruik sal maak. In Geskiedenis sal daar bykans altoos 'n gemeenskaplike faktor tussen die oorspronklike en die probleemtoestand gevind word. Alhoewel geskiedenis hom nie herhaal nie, het soortgelyke toestande en situasies in die verlede ontstaan as die waarmee die leer-linge besig is.[5)]

13. Die leerstof moet die vereistes van die universiteit in ag neem.

Die aanleg, belangstelling en vermoë van die middelbare skoolleer-

/linge.....

---

1. T.O.D. Voorgestelde leergang vir Geskiedenis, Grade tot Standerd VIII. Uitgegee in 1942, p.4.
   T.O.D. Jaarverslag 1925, p.76.
   Heesom, op. cit., p.50.
   Worts, op. cit., p.167.
   Nicolverslag, p.167.
2. Fahmy, op. cit., p.68.
   Jarvis, op. cit., pp.161 en 166.
   Johnson, op. cit., p.221-229.
3. Preller, op. cit., p.69.
4. Ibid., p.70.
5. Trevelyan, op. cit., p.13 en 20.
   Johnson, op. cit., p.60.

linge moet so ontwikkel dat hulle ingestel is op Geskiedenis aan die universiteit [1] en Geskiedenis in sy universiteitskursus kan insluit.[2]

Wanneer die Geskiedenisleergang vir die eerste jaar van die Suid-Afrikaanse universiteite[3] in oënskou geneem word, word gevind dat die meeste van hulle die volgende leerstof voorskryf: Vroeë Westerse Geskiedenis, Algemene Geskiedenis van die middeleeue tot die moderne tydperk, uitbreiding van die Westerse beskawing na Suid-Afrika en die verloop van die vroeë Suid-Afrikaanse Geskiedenis en rasse-geskiedenis in Suid-Afrika.

Blykens die vermelde eerstejaarsleergange moet die leerstof van die Geskiedenisleergang van die middelbare skool aan die volgende vereistes voldoen as dit by die universiteit moet aansluit:

Die leerstof moet uit die volgende geskiedenis gekies word:

'n Algemene oorsig van die geskiedenis van die Westerse beskawing. Europese geskiedenis van die middeleeue tot 1789, die geskiedenis van die Middellandse seegebied in 'n paar hooftrekke. Oorsig van die botsing met Islam.

Uitbreiding van die Westerse beskawing na Suid-Afrika. Portugese en Nederlandse ontdekkingsreise en kolonisasie van die suidpunt van Afrika. Die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie. Geskiedenis van Suid-Afrika in hooftrekke tot die hede.

Immigrasie na Suid-Afrika. Die herkoms en verspreiding van die inboorlingrasse in Suidelike Afrika en die verhouding tussen blank en nie-blank, met inbegrip van slawerny.

Verdere vereistes wat na aanleiding van die tweedejaar- en derdejaar-leergange van die universiteite aan 'n Geskiedenisleergang van die middelbare skool gestel kan word, is:

(A) Hooftrekke van die Europese, Britse, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedenis sal nuttig wees om die universiteitskursusse te fundeer.

(B) Bronnestudie sal onnodig wees. Dog bekendheid met dokumente uit die geskiedenis sal nuttig wees.

(C) Kennis van die Suid-Afrikaanse rasse-aangeleenthede word deur enkele universiteite gestel.

/Opsommend.....

---

1. Hadow Report, p.176.
   Brooks, op. cit., p.261.
2. The journal of the incorporated association of assistant masters in secondary schools, no. 3, 1945, p.96.
   Hadow Report, p.176.
3. Jaarboeke: Universiteite van Pretoria, Natal, Potchefstroom, Kaapstad, Witwatersrand, Oranje Vrystaat, Rhodes en Suid-Afrika.

Opsommend kan beweer word dat daar groot ooreenstemmings in die leergange van die universiteite en die Transvaalse leergang is, dog daar is ook groot verskille.[1)]

14. Die leerstof moet voorsiening maak vir onderlinge verskille.[2)]

Soos reeds vermeld, het die Transvaalse Onderwysdepartement **gedifférensieerde** onderwys ingestel. Deur in agneming van sowel die inhoud as die metode word die onderlinge verskille erken wat daar tussen die leerlinge bestaan. Die al groter wordende middelbare skole se organisasie leen hom vir die toepassing van gedifferensieerde middelbare onderwys.[3)]

Die leerstof moet so gekies word:

(A) Kernleerstof moet gevind word vir leerlinge wat tot Standerd VIII gaan of die skool verlaat aan die einde van die jaar waarin hulle sestien jaar oud word.

(B) Insgelyks moet daar ook kernleerstof wees vir albei die groepe leerlinge wat die skool na Standerd X verlaat.

(C) Omdat Standerd VI-VIII-leerlinge se ruimtebegrip, tydsbegrip en historiese begrip geleidelik aan die ontwikkel is, sal hulle leerstof merendeels uit hooftrekke van die geskiedenis bestaan. Die swak ontwikkelde kausaliteitsbesef sal in aanmerking geneem moet word en oorsake en gevolge eers in 'n minimum hoeveelheid en in elementere vorm aangebied word.

In hierdie laer klasse van die middelbare skool kan die leerlinge in minstens drie groepe ingedeel word, nl. die skrander, vinnige lesers, wat in Geskiedenis belang stel en wat voldoen aan die vereistes wat Geskiedenis as vak stel, die gemiddelde leerlinge wat met deeglike onderrig en aanmoediging Geskiedenis redelik interessant vind en bevredigende werk sal lewer en laastens die swakste groep wat stadig lees, nie in Geskiedenis belangstel nie en hoogstens sal trag om in die vak te slaag. Vir al drie groepe moet afsonderlike leergange opgestel word.

(D) Die Standerd IX en X leerlinge. Hulle beskik met enkele uitsondering oor normale, goeie en superieure verstandelike vermoëns. Diegene wat nie van Geskiedenis hou nie, het die vak, na voltooiing van

/Standerd.....

---

1. Swart, op. cit., p.275.
2. Preller, op. cit., p.77.
3. T.O.D. Verslag van die oorsese sending, pp.71-75.

Standerd VIII, uit hul kursus weggelaat. Origens word twee leergange opgestel, nl. vir diegene wat die Eindeksamen van die Middelbare Skool aflê en die wat die Universiteitstoelatingseksamen aflê.

By die keuse van die leerstof vir die Standerd IX en X- klasse moet die volgende in ag geneem word:

(1) Daar moet 'n kernleerstof vir albei die groepe wees wat sal bestaan uit leerstof wat in Standerd VI-VIII geneem is, sodat aan die konsentriese metode voldoen word en van die bekende na die onbekende gewerk word. Die kernleerstof moet die nodige historiese kennis en insig verskaf wat van elke leerling 'n deugsame en bruikbare landsburger maak. Ten derde moet die kernleerstof inleidend tot die universiteit wees. Selfs leerlinge wat nie universiteit toe gaan nie, moet in staat wees om standaardwerke in Geskiedenis te lees, te verstaan en te waardeer.

(2) Die leerstof moet binne die bestek van vyf skooljare afgehandel word en ook nog genoegsame tyd laat vir herhaling van al die Geskiedenis van Standerd VI tot Standerd X en vir die onderrig in eksamentegnieke.

15. Die leerstof moet voldoende geleenthede verskaf om 'n woordeskat op te bou wat by die vak Geskiedenis tuishoort.[1)]

Talle eksaminatore vir die Transvaalse eksterne eksamens vermeld dat die kandidate se spelling,[2)] woordeskat en kennis van begrippe veel te wense oorlaat.[3)] Geskiedenis, wat 'n studie vir volwassenes is, werk met begrippe wat die adolessente moeilik begryp.[4)] Dit is dus nodig dat die leerstof so gekies word dat die leerlinge hulle leerboeke, aanvullende leesboeke, standaardwerke en resensies in koerante en tydskrifte verstaan. 'n Woordeskat wat by Geskiedenis pas, moet geleidelik opgebou word.

16. Ooreenstemming tussen bestaande leergange moet in ag geneem word.[5)]

/Leergange.....

1. Preller, op. cit., p.79.
2. T.O.D. Verslag van eksaminatore van die Eindeksamen van die middelbare skool, 1951, 1952, 1953, 1955, 1957; van Trap II, 1933; van die Juniorsertifikaateksamen, 1938, 1941, 1942, 1943.
3. T.O.D. Verslag van die eksaminatore van die Juniorsertifikaateksamen 1934 en die Eindeksamen 1941.
4. Rowse, op. cit., p.177.
   Kjeldstadli, op. cit., p.64.
   Van Dyk, op. cit., p.32.
5. Preller, op. cit., p.80.

Leergange van die vier provinsies van die Republiek van Suid-Afrika[1] asook die van die eksamen vir die Juniorsertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika[2] en die Matrikulasie-eksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, Juniorsertifikaat, Intermediêre Sertifikaat en Seniorsertifikaat van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap[3] is die afgelope vyftig jaar, met behulp van onderwysmanne, kommissies van ondersoek, verslae deur die georganiseerde onderwysersverenigings, vakmanne en universiteitsprofessore vir hoër onderwys opgestel. Dit is stellig raadsaam dat by die keuse van leerstof waar daar ooreenstemming is, die bevindinge van die genoemde instansies in aanmerking geneem word.

(A) Indeling in twee kursusse.

Al vier die provinsiale onderwysdepartemente asook die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (nou Hoër Onderwys) deel die Geskiedenisleergang in twee onderafdelings, 'n driejarige junior kursus wat na aflegging van Standerd VIII eindig, en 'n tweejarige senior kursus wat die middelbare onderwys afrond en wat met 'n openbare eksamen afgesluit word.

(B) Konsentriese aanbieding.

Transvaal toon in 'n geringe mate 'n konsentriese aanbieding van leerstof aan waar die leerstof wat in die junior kursus voorkom, ook in die senior kursus vervat is.

(C) Geen kontinuïteit nie.

Die Transvaalse leergang het dit met die ander leergange gemeen dat die Geskiedenis nie as 'n kontinuïteit bestudeer word nie.

(D) Kousaliteit.

Al die Suid-Afrikaanse leergange vereis dat die kausale in die geskiedenis aangetoon word. Oorsaak en gevolg word deurgaans genoem.

(E) Staatkundige Geskiedenis.

As een spesifieke genre aan die Geskiedenisleergange toegedig kan word, dan sou gesê word dat Staatkundige Geskiedenis vereis word.

(F) Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis.

Al die genoemde leergange vereis sowel Suid-Afrikaanse as Algemene Geskiedenis behalwe Natal wat in sy Algemene Geskiedenis die Britse Geskiedenis effens beklemtoon. Die Suid-Afrikaanse en Algemene

/Geskiedenis....

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., pp.182-219.
2. Universiteit van Suid-Afrika, Eksamen vir die Juniorsertifikaat, Handboeke 1936 tot 1958.
3. Gemeenskaplike Matrikulasieraad, Handboek vir die Matrikulasie-eksamen 1962.

Geskiedenis word met mekaar in verband gebring.

(G) Kennis van Aardrykskunde.

Al die leergange vereis kennis van Aardrykskunde maar die Oranje-Vrystaat vereis in sy leergang 'n deeglike Aardrykskundige agtergrond.

(H) Oorloë en veldslae.

Besondere feite van oorloë en veldslae word nie deur die leergange vereis nie.

(I) Die aanvang van die Geskiedenis.

Die verskillende leergange stem ooreen dat die Geskiedenis van die bakermat van die Westerse beskawing geleer moet word.

(J) Oorwëende Westerse geskiedenis.

Die leergange spits hulle toe op die voorskrywing van die geskiedenis van Wes-Europa, veral die wat op Suid-Afrika betrekking het.

(K) Tematiese behandeling van die leerstof.

Transvaal skryf veral in die seniorkursus temas voor soos politieke partye in Suid-Afrika, die Bantoe, die Indiërvraagstuk, die Kleurling-vraagstuk, die ontwikkeling van die V.S.A., Kommunisme, Fascisme, Nasionaal-sosialisme, ens.

(L) Bepaalde tydperke.

Die leergange van Transvaal, die Kaapprovinsie, Natal, die Oranje-Vrystaat en die Gemeenskaplike Matrikulasieraad skryf tydperke voor, alhoewel hierdie tydperke in die verskillende leergange wissel.

(M) Burgerkunde.

Burgerkunde word deur sowel Transvaal as deur die ander onderwys-owerhede vereis. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap bied Burgerkunde as 'n vak aan.

(N) Resente geskiedenis.

Die verskillende leergange vereis dat die leerlinge die resente gebeurtenisse moet ken: Transvaal tot 1939; Oranje-Vrystaat tot 1912; Natal tot 1910; die Kaap tot 1939; Onderwys, Kuns en Wetenskap tot die ontstaan van die V.V.O. wat die Algemene Geskiedenis betref, en tot die ewolusie van dominiale status wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis betref.

(O) Die leerstof self.

Wat die leerstof self aanbetref, word die volgende ooreenstemming met die Transvaalse leergang aangetref:

/1. Algemene.....

(1) Algemene geskiedenis:-

a. Die bakermat van die Westerse beskawing. Die Transvaalse en Kaapse leergange (St: VI) gee geen aanduiding van wat presies vereis word nie terwyl ander leergange meer spesifiek is waar hulle o.a. noem: Hebreërs (Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat,' Natal vir Juniorsertifikaat, Vrystaat vir St. V1) Mesopotamië Natal vir Juniorsertifikaat; Universiteit van Suid-Afrika vir Joniorsertifikaat) Kreta (Natal vir Juniorsertifikaat); Egipte (Universiteit van Suid-Afrika virJuniorsertifikaat, Vrystaat vir St. V1); Fenesië en Persië (Universiteit van Suid-Afrika en Natal vir hul Juniorsertifikaat en die Vrystaat vir St. V1)

b. Griekeland: Transvaal (St.V1) noem net die nalatenskap aan die mensdom terwyl ander departemente meer omskrywend is: stadstate (Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat, Natal vir Juniorsertifikaal en Vrystaat vir St.V1); oorloë, Alexander die Grote en kultuur en handel (Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat, Natal vir Juniorsertifikaat).

c. Rome: Transvaal (St.V1) en die Vrystaat (St.V1) noem vaagweg die nalatenskap van Rome aan die mensdom terwyl Kartago, die Keisers oorloë, ondergang van Rome en die erfenis van Rome genoem word deur die Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat, Natal vir Juniorsertifikaat.

d. Middeleeue: Transvaal vereis die vernaamste kenmerke van die middeleeue St.V1) terwyl ander instansies meer spesifiek is soos die herkoms van die Christendom: (Natal vir Juniorsertifikaat, Vrystaat virSt. V1 ; Kaap vir St. V1); die Kerk; (Universiteit van Suid-Afrika); die Leenstelsel (Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat, Natal vir Juniorsertifikaat, Kaap vir St.V1); Kruistogte: (Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat, Natal vir Juniorsertifikaat); Die Riddertyd (Universiteit van Suid-Afrika vir Juniorsertifikaat); Frankiese Konings: (Natal vir Juniorsertifikaat).

e. Renaissance

Die Transvaalse leergang vereis die uitvindings en ontdekkingstogte gedurende die Renaissance (St.V1) en die Renaissance en die uitwerking daarvan op die staatkunde, die kunste, die wetenskap en die godsdiens (St.V11). Die ander genoemde onderwysddepartemente sluit dit ook in 'n mindere of meerdere mate vir hulle juniorklasse in.

/f.Ontdek-.....

f. Ontdekkingstogte van die Portugese en Nederlanders

Transvaal laat die Portugese handel met die Ooste in Standerd VI behandel terwyl die ander departemente dit vir Standerd VII en die Juniorsertifikaat voorskryf. Die Nederlanders wat om die Kaap seil, word in Transvaal en die Vrystaat deur Standerd VI geneem, die Kaap in Standerd VII en deur die Universiteit van Suid-Afrika en Natal vir die Juniorsertifikaat.

g. Hervorming

Die Hervorming in Duitsland, Frankryk en Engeland word deur al die onderwysdepartemente vir Standerd VII en die Juniorsertifikaat voorgeskryf. Die verskillende departemente noem in sekere gevalle verskillende gebeurtenisse.

h. Teenhervorming

Al die departemente beskou die Teenhervorming geskik vir Standerd VII en die Juniorsertifikaat. Transvaal noem net die Tagtigjarige Oorlog.

i. Die Nywerheidsomwenteling in Engeland

Transvaal behandel die Nywerheidsomwenteling in Engeland in Standerd VII, die Vrystaat in Standerd VII asook vir die Skooleindsertifikaat, die Kaap in Standerd VIII en die Senior Sekondere Kursus, Natal in Standerd VI en die Senior Sertifikaat en die Universiteit van Suid-Afrika vir matriek.

j. Die Franse Rewolusie

Die oorsake en 'n kort verloop van die Franse Rewolusie moet in Transvaal in Standerd VIII gegee word terwyl die Vrystaat sekere temas daarvan in Standerd VII en ander in die Skooleindsertifikaat neem; die Kaap gee dit in Standerd VIII en die Senior Sekondêre Kursus en Natal en die Universiteit van Suid-Afrika in hulle senior kursusse.

k. Napoleon Bonaparte

Napoleon Bonaparte word deur al die departemente genoem: In Transvaal en die Kaap vir Standerd VIII en die ander vir die senior kursusse.

l. Die Weense Kongres

Die kongres van Wenen en die verset teen die Metternichstelsel verskyn in die Transvaalse Standerd VIII-leergang terwyl die ander departemente dit vir hulle senior kursusse geskik ag.

m. Die Tydperk 1848-1871

Frankryk onder Napoleon III: Met uitsondering van Natal wat

/Frankryk.....

Frankryk gedurende die Tweede Ryk in die junior kursus behandel, word Napoleon III se lewe en werke en sy rol in Italië en Duitsland deur al die ander departemente vir die senior kursusse voorgeskryf.

Unifikasie van Italie en die unifikasie van Duitsland:

Al vyf die onderwysdepartemente skryf dit vir hulle senior kursusse voor.

Die opkoms van demokrasie in Engeland:

Dit word deur al vyf die onderwysdepartemente vir hulle senior kursusse voorgeskryf.

Die ontwikkeling van verantwoordelike regering in die Britse Ryk:

Dit word, met verwysing na gebeurtenisse in Kanada, oorsake en stappe wat tot die federasie van Kanada en Australië gelei het deur Transvaal en die ander vier departemente in hulle senior kursusse behandel; dog die ander vier departemente sluit Nieu-Seeland ook in.

n. Die Tydperk 1871-1914.

Die stigting van Drievoudige Verbond en die Drievoudige Entente

Transvaal (senior kursus), Universiteit van Suid-Afrika (matriek), Natal (Seniorsertifikaat) skrywe die stigting van die Drievoudige Verbond en die Drievoudige Entente voor.

Toestande voor die Eerste Wêreldoorlog 1914-1919:

Faktore en gebeurtenisse wat voor 1914 internasionale spanning veroorsaak het en groepering van die moondhede voor die oorlog, word in die leerplanne van die senior kursusse van Transvaal, Natal, Kaap en Universiteit van Suid-Afrika voorgeskryf.

o. Die Tydperk 1914-1939

Die ontwikkeling van die V.S.A. na 1914 as 'n groot moondheid word deur al vyf die onderwysdepartemente voorgeskryf: die Vrystaat vir Standerd VIII en Transvaal en die ander drie vir hulle senior kursusse.

Die opkoms en wese van die Kommunisme in Rusland:

Al vyf die onderwysdepartemente vereis dat dit bestudeer moet word, alhoewel die verskillende departemente hierdie leerstof verskillend benader. Die Vrystaat behandel die werk in Standerd VIII asook vir die Skooleindeksamen; die ander departemente doen dit in die senior kursusse.

Die opkoms van Nasionaal-Sosialisme in Duitsland:

Die opkoms van Nasionaal-Sosialisme in Duitsland wat tot totalitarisme lei, word met die uitsondering van die Vrystaat deur Transvaal en

/die.....

ie ander drie onderwysdepartemente voorgeskryf en wel vir die senior kursusse.

(2) Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

In die Suid-A frikaanse Geskiedenis vind ons die volgende ooreenstemmings met die Transvaalse leergange:

a. Suid-Afrikaanse geskiedenis 1652-1795.

Doel en stigting van die Nederlandse Nedersetting aan die Kaap.

Al vyf die onderwysdepartemente vereis dit in Standerd VI en Juniorsertifikaat.

b. Die Vryburgers.

Die Vryburgers word deur die Kaap vir Standerd VI en die senior kursus gestel, die Universiteit van Suid-Afrika vir die junior kursusse, Natal vir die Juniorsertifikaat en Transvaal vir Standerd VI.

c. Uitbreiding en ontdekking van 1700 en na 1700

Transvaal vir Standerd VI en die Universiteit van Suid-Afrika vir die Juniorsertifikaat vereis die uitbreiding en ontdekking van die Kaap tot 1700 terwyl slegs die Kaap (senior kursus) en Transvaal (Standerd VI) die uitbreiding na 1700 vra.

d. Simon van der Stel.

Drie departemente, Transvaal vir Standerd VI, Kaap vir Standerd VI en die Universiteit van Suid-Afrika vir die Juniorsertifikaat, noem Simon van der Stel in hul leergange.

e. Die Franse vlugtelinge.

Transvaal (Standerd VI) en al die ander departemente, met uitsondering van die Vrystaat, vereis die lotgevalle van die Hugenote aan die Kaap in sowel die junior as die senior kursusse.

f. Die Kaapse samelewing in die begin van die agtiende eeu.

Slegs Transvaal vir Standerd VI, en die Juniorsertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika, verlang dat hierdie stof bestudeer word.

g. Suid-Afrikaanse Geskiedenis: 1795-1872.

Die eerste Britse besetting van die Kaap word slegs deur Transvaal vir Standerd VII en die Kaap vir Standerd VI voorgeskryf.

Die Bataafse Regime.

Transvaal (Standerd VII), die Kaap (Standerd VI) en die Vrystaat (Eindsertifikaat) vereis die Bataafse Regime van die Kaap.

Die Britse Setlaars van 1820.

Hierdie onderwerp word vir die junior kursusse in Transvaal (Standerd VII) en die Kaap (Standerd VI) en deur die ander drie departemente vir

/hul.....

hul senior kursusse voorgeskryf.

Die oorsake van die Groot Trek.

In Transvaal word dit in Standerd VII behandel en in Natal en die Vrystaat in die senior kursusse.

Die Groot Trek.

Die Groot Trek en die stigting van die Boererepublieke word in die junior kursusse in Transvaal (Standerd VII), Natal (Standerd VI), Kaap (Standerd VII) en in die senior kursusse deur Transvaal, Kaap, Natal en die Vrystaat behandel. Die Universiteit van Suid-Afrika vereis die Britse beleid teenoor die Trekkers tot by die Bloemfonteinse Konvensie.

Sir George Grey.

Sir George Grey word in Transvaal in Standerd VII en in die senior kursus behandel en in Natal in Standerd VI en in die senior kursus, in die Kaap in Standerd VIII en in die senior kursus en in die Vrystaat in Standerd VII.

Die Oranje-Vrystaat en die Basoeto's.

Hierdie onderdeel van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis word in Transvaal en die Vrystaat vir Standerd VII en die senior kursus voorgeskryf, in die Kaap vir die senior kursus, en deur die Universiteit van Suid-Afrika in die senior kursus.

h. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1872-1910.

Die ontdekking van diamante.

Dit word in Transvaal vir Standerd VIII en die senior kursus voorgeskryf; Natal vir Standerd VI, Vrystaat vir Standerd VII en in die senior kursus, Kaap Standerd VII en die senior kursus en die Universiteit van Suid-Afrika vir die senior kursus.

Carnarvon se federasie-beleid en die gevolge daarvan.

Die tema word voorgeskryf vir Standerd VIII en die senior kursus in Transvaal en die Kaap; Natal vir Standerd VI en die senior kursus; vir Standerd VII en senior kursus (net oorsigtelik) in die Vrystaat en vir die senior kursus (net in breë trekke) deur die Universiteit van Suid-Afrika.

Die ontdekking van goud en die gevolge daarvan.

Dit word in Transvaal in Standerd VIII behandel en in die senior kursus terwyl dit 'n rol speel in die ekonomiese en politieke ontwikkeling van Suid-Afrika; in Natal in Standerd VI; Vrystaat in

/Standerd.....

Standerd VII en VIII en die Kaap in Standerd VII.

Paul Kruger en Cecil Rhodes.

Kruger en Rhodes word in Transvaal in Standerd VIII en die senior kursus behandel; in Natal in die senior kursus; in die Vrystaat in Standerd VII en senior kursus (op 'n indirekte wyse); in die Kaap in Standerd VIII en senior kursus (op 'n indirekte wyse); deur die Universiteit van Suid-Afrika in die senior kursus (op 'n indirekte wyse).

Die Tweede Vryheidsoorlog.

Die Tweede Vryheidsoorlog word in Transvaal behandel deur Standerd VIII; in Natal deur die senior kursus (slegs die oorsake); in die Vrystaat deur Standerd VII en senior kursus; in die Kaap deur Standerd VII en senior kursus (geen besonderhede word vereis nie); deur die Universiteit van Suid-Afrika vir die senior kursus (geen besonderhede word vereis nie); geneem.

Stappe wat tot die totstandkoming en ontstaan van die Unie van Suid-Afrika gelei het

Transvaal: Standerd VIII (slegs die grondwet en wysigings),
senior kursus (die aanleidende oorsake en stappe wat daartoe gelei het.)

Natal: Standerd VI (as 'n nie-eksamentema),
senior kursus.

Vrystaat: Standerd VIII (die beweging tot Unie 1902-1910, 25 lesure.)

Senior kursus.

Kaap: Standerd VIII. Senior kursus

Gemeenskaplike Matrikulasieraad: Senior kursus.

i. Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1910-1939.

Transvaal: Standerd VIII: Omskrywe nie die leerstof nie.
Senior kursus : die Statebond en Suid-Afrika se plek daarin; Statuut van Westminister.

Natal: Standerd VI. Die dominium, as 'n nie-eksamen onderwerp.
Juniorsertifikaat: Die Statuut van Westminister.

Universiteit van Suid-Afrika: matriek.

Vrystaat: Senior kursus; die ewolusie van dominiale status.

Kaap: Senior kursus; die ewolusie van dominiale status.

/j. Die.....

j. Die Inboorlingrasse van Suid-Afrika:

Transvaal: St. VI: Inboorlingrasse van Suid-Afrika: Boesmans, Hottentotte en Bantoes (oorsigtelik).

Senior kursus. Die Zoeloes, die Basoeto's, die Matabele, die Xhosas.

Natal: Senior kursus: Die Nie-blanke beleid aan die Kaap, Hottentotte en Bantoes.

Vrystaat: Senior kursus: Die Bantoe in Suid-Afrika.

Kaap: Standerd VI en VII: Botsing met die Bantoe aan die Oosgrens.

Standerd VIII: Die Bantoe in die Transkei, in die stedelike gebiede en Ciskei.

Universiteit van Suid-Afrika (senior): Boesmans, Hottentotte, Bantoes, Kleurlinge en Maleiers.

(3) Burgerkunde:

a. Voorregte en pligte van burgerskap: Transvaal (Standerd VIII); Vrystaat (Standerd VIII); Kaap (Standerd VIII).

b. Plaaslike bestuur: Transvaal (Standerd VII); Vrystaat Standerd VIII); Kaap (Standerd VIII).

c. Provinsiale bestuur: Transvaal (Standerd VII); Vrystaat (Standerd VIII); Kaap (Standerd VIII).

d. Uniale regering: Transvaal (Standerd VII); Kaap (Standerd VIII).

e. Belastings en besteding van publieke gelde: Transvaal (Standerd VIII).

f. Die Gemenebes van Nasies en Suid-Afrika se plek daarin: Transvaal (Standerd VIII); Transvaal senior kursus; Kaap (Standerd VIII).

g. Die grondwet van die Unie van Suid-Afrika: Transvaal (senior kursus); Natal (senior kursus); Vrystaat (Standerd VIII); Vrystaat (senior kursus); Kaap (Standerd VIII); Kaap (senior kursus).

(4) Suid-Afrikaanse vraagstukke:

a. Die Naturellevraagstuk: Transvaal (senior kursus); Vrystaat (Standerd VIII en senior kursus); Kaap (Standerd VIII en senior kursus); Universiteit van Suid-Afrika (senior kursus).

b. Indiërvraagstuk: Transvaal (senior kursus); Universiteit van Suid-Afrika (senior kursus).

c. Die Kleurlingvraagstuk: Transvaal (senior kursus); Vrystaat (Standerd VIII); Universiteit van Suid-Afrika (senior kursus).

/5. Ekonomiese.....

(5) Ekonomiese geskiedenis:

a. Portugese handel met die Ooste: Transvaal (Standerd VI).
b. Ontdekking van goud: Transvaal (Standerd VIII); Natal (Seniorsertifikaat); Vrystaat (Standerd VIII); Kaap (Standerd VII).
c. Ontdekking van diamante: Transvaal (Standerd VIII); Natal (Seniorsertifikaat); Vrystaat (Standerd VIII en senior kursus); Kaap (Standerd VII). Die Bantoe en sy rol in die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika: Transvaal (senior kursus).
d. Ekonomiese faktore wat tot Unie gelei het: Transvaal (Standerd VIII); Vrystaat (Standerd VIII).

(6) Konstitusionele geskiedenis:

a. Faktore wat tot die vorming van die Unie van Suid Afrika aanleiding gegee het; Transvaal (Standerd VIII); Vrystaat (senior kursus); Kaap (Standerd VIII); Universiteit van Suid-Afrika (senior kursus).
b. Die ontwikkeling van selfregering in die Kaapkolonie van 1806 tot 1872: Transvaal (senior kursus en Standerd VIII); Vrystaat (senior kursus); Kaap (senior kursus).
c. Die opkoms van demokrasie in Engeland: Transvaal (senior kursus); Natal (senior kursus); Vrystaat (senior kursus); Kaap (senior kursus); Universiteit van Suid-Afrika (senior kursus).
d. Ontwikkeling van verantwoordelike regering in die Britse Ryk: Transvaal (senior kursus); Natal (senior kursus); Vrystaat (senior kursus); Universiteit van Suid-Afrika (senior kursus).

(A) Samevatting-

Uit die vergelyking hierbo blyk dat:

(1) Die verskillende leergange kronologies-progressief opgestel is, begin wat die Algemene Geskiedenis betref met die Antieke Geskiedenis in Standerd VI en eindig met 1914 in die senior klasse. Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis neem 'n aanvang met die stigting van die Nederlandse nedersetting aan die Kaap met die Standerd VI-klasse en eindig in die Standerd X-klas met unifikasie van Suid-Afrika in 1910.

(2) Die leerstof is so saamgestel dat gapings in die geskiedenis ontstaan. Die gevolg is dat die kontinuïteit in die geskiedenis nie konsekwent deurgevoer is nie.

(3) Al vier die provinsies sluit die volgende leerstof in hul

/Geskiedenisleergange....

Geskiedenisleergange in: Die bakermat van die Westerse beskawing; Griekeland en Rome; die Middeleeue; die Renaissance; die Portugese en Nederlandse ontdekkingsreise; die Hervorming; die Teenhervorming; die Nywerheidsomwenteling in Engeland; die Franse Rewolusie; Napoleon Bonaparte; die Weense Kongres en die liberale en nasionale verset teen die Metternichstelsel; Frankryk onder Napoleon III; unifikasie van Italië; unifikasie van Duitsland; opkoms van demokrasie in Engeland.

Die ontwikkeling van die Verenigde State van Amerika as 'n groot moondheid; Die opkoms en wese van die Kommunisme in Rusland.

Die Kaapkolonie 1652-1662; die Kaapkolonie 1806-1834; die Oranje-Vrystaat 1836-1872; Transvaal 1836-1910; Natal 1836-1845; Stappe wat gelei het tot unifikasie in Suid-Afrika; die grondwet van die Unie van Suid-Afrika.

(4) Die volgende leerstof wat Transvaal voorskryf, word nie deur al drie die ander onderwysdepartemente vereis nie: Die opkoms van Frankryk (Mazaryn, Richilieu, Lodewyk XIV); die opkoms van Rusland (Peter die Grote); die godsdiensstryd in Engeland; die ontwikkelings van verantwoordelike regering in die Britse Ryk; stigting van Drievoudige Verbond en Drievoudige Entente; verdeling van Afrika; die Balkanstate en die Nabye Ooste; die algemene toestand voor die oorlog van 1914-1919; die opkoms en wese van Nasionaal-sosialisme in Duitsland; die opkoms van Fascisme in Italië; die uitbreidingsbeleid van Duitsland; Italië en Japan; die Statebond en Suid-Afrika se plek daarin.

Die Kaapkolonie 1662-1806; die Kaapkolonie 1834-1854; Suid-Afrika 1910-1939; die ontwikkeling en selfregering in die Kaapkolonie 1800-1872; Grey en Carnarvon se federasieskemas; die geskiedenis van die Bantoestamme; politieke partye in Suid-Afrika; die Indiërvraagstuk, die Kleurlingvraagstuk; burgerkunde.

Die volgende verskille in die Transvaalse leergange en die van die ander provinsies is opmerklik:

(1) Natalse leergang: Standerd VI het 'n eie doelstelling, nl. om, waar dit enigsins moontlik is, by wyse van biografieë die ryke nalatenskap van ons voorouers op te som. Geen formele kronologiese geskiedenis word voorgeskryf nie. Die prestasies van uitvinders, ontdekkers en wetenskaplikes word gevra en losstaande onderwerpe onder die hoofde: Die wondere van die moderne wêreld; ewolusie van die wêreldeenheidsbegrip; wapentuig deur die eeue heen; opkoms van die

Demokrasie in Suid-Afrika en tydkaarte word gestel.

Ook moes Standerd VI verskillende aktiwiteite uitvoer.

In Standerd VII en VIII word verwag dat die leerlinge by die voorgeskrewe Geskiedenis gestelde onderwerpe sal behandel soos die middeleeuse klooster, optiese lens, die seemanskompas, die ontwikkeling van seevervoer ens.

Die geskiedenis van die eie provinsie Natal kry min aandag terwyl die Britse en Koloniale geskiedenis 'n groter omvang aanneem.

(2) Oranje-Vrystaat se leergang.

'n Aantal lesure in Aardrykskunde gaan die Geskiedenis vooraf, byvoorbeeld 55 lesure in Standerd VI.

In Standerd VI, VII en VIII word bepaalde onderwerpe onder die hoof "Verryking" voorgeskrywe soos ontdekkers, kaarte en die diagramme, plakboeke, werkstukke, nuusbrokkies en brandpunte in die geskiedenis. Dit ontbreek die Geskiedenis aan kronologie met die gevolg dat die draad van die geskiedenis onduidelik word. Die leerstof word tematies aangebied en soms onderverdeel in ekonomiese, konstitusionele en staatkundige geskiedenis.

Die Christendom (11 lesure) is ook ingevoeg.

Die leergang bied ruim geleentheid vir selfwerksaamheid. Die eintlike Geskiedenisleerstof kan net oorsigtelik behandel word.

(3) Kaaplandse leergang.

a. Junior Sekondêre Kursus-

'n Leergang van sowat 216 lesure versprei oor drie jaar, bestaande uit Afdeling A wat verpligtend is en Afdeling B wat opsioneel is, word voorgeskryf. Afdeling B bestaande uit gekose onderwerpe word nie vir openbare eksamens voorgeskryf nie. Met die opstel van die leergang is rekening gehou met die moontlikheid dat daar 'n aantal leerlinge mag wees wat na die tweede jaar nie met die studie van Geskiedenis sal voortgaan nie.

Die leerstof is kronologies-progressief opgestel, strominge is sigbaar en temas kom op die voorgrond.

b. Senior Sekondêre Afdeling-

Die leergang wat in 'n kursus A (Algemene Geskiedenis) en kursus B (Suid-Afrikaanse Geskiedenis) ingedeel is, bied sy Algemene Geskiedenis tematies aan en die Suid-Afrikaanse Geskiedenis ook as onderwerpe aan, met 'n baie swak kronologiese draad.

/Leerstof.....

Leerstof van ander provinsiale onderwysdepartemente

Die volgende is leerstof wat nie in die Transvaalse leergang verskyn nie maar wat in ander leergange vervat is:

Ontstaan van die Christelike Kerk en botsing tussen Christendom en Islam.[1] Spaanse en Engelse ontdekkingsreise met die daaropvolgende kolonisasie;[2] Engeland onder die Stuarts;[3] die Engelse en Franse in Noord-Amerika;[4] die Engelse in Indië;[5] die Amerikaanse Vryheidsoorlog;[6] die Amerikaanse Burgeroorlog;[7] die Agrariese Omwenteling in Brittanje;[8] demokratiese idees in Duitsland, en Frankryk gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu;[9] dei Verenigde Volke-Organisasie;[10] die Volkebond;[11] kolonisasie van Rhodesië en Suidwes-Afrika;[12] die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika 1795-1939;[13] Die protektorate en mandaatgebied in Suidelike Afrika;[14] Kultuurontwikkeling in Suid-Afrika; argitektuur, letterkunde en kuns.[15]

/(b) Ontleding.....

1. Natal (Juniorsertifikaat); Vrystaat (Standerd VI); Kaap (Standerd VIII); Universiteit van Suid-Afrika (Juniorsertifikaat).
2. Natal (Juniorsertifikaat); Vrystaat (Standerd VI); Kaap Standerd VI en VII); Universiteit van Suid-Afrika (Juniorsertifikaat).
3. Natal (Juniorsertifikaat).
4. Natal (Juniorsertifikaat); Kaap (Standerd VII); Universiteit van Suid-Afrika (Juniorsertifikaat).
5. Natal (Juniorsertifikaat).
6. Natal (Seniorsertifikaat); Kaap (Standerd VII)
7. Natal (Seniorsertifikaat).
8. Gemeenskaplike Matrikulasieraad (Matriek); Natal (Standerd VI en Seniorsertifikaat).
9. Kaap (Senior Sekondere Afdeling).
10. Kaap (Senior Sekondere Afdeling).
11. Natal (Seniorsertifikaat); Vrystaat (Skooleindsertifikaat); Kaap (Standerd VIII: Senior Sekondere Kursus).
    Natal (Seniorsertifikaat); Vrystaat (Skooleindsertifikaat); Kaap (Standerd VIII en Senior Sekondere Kursus); Gemeenskaplike Matrikulasieraad (Matriek).
12. Vrystaat (Seniorsertifikaat); Kaap (Senior Sekondere Kursus); Gemeenskaplike Matrikulasieraad (Matriek).
13. Vrystaat (Skooleindsertifikaat); Kaap(Senior Sekondere Kursus).
14. Kaap (Senior Sekondere Kursus); Gemeenskaplike Matrikulasieraad (Matriek).
15. Gemeenskaplike Matrikulasieraad (Matriek).

(B) ONTLEDING EN VERGELYKING

Indien ooreenstemming tussen leergange as 'n kriterium vir leerstofkeuse aanvaar word, behoort die leerstof wat veelvuldig in die genoemde leergange voorkom, in oorweging geneem te word vir insluiting, nl. die bakermat van die Westerse beskawing; die Geskiedenis van Griekeland en Rome; die Middeleeue; die Renaissance en die uitvindings en ontdekkingstogte wat daaruit voortspruit; die Portugese en Nederlandse ontdekkingsreise; die Hervorming en Teenhervorming; die Nywerheidsomwenteling in Engeland; die Amerikaanse Vryheidsoorlog; die Franse Rewolusie; Napoleon Bonaparte; die Weense kongres met die liberale en nasionale verset teen die Metternichstelsel; Frankryk onder Napoleon III; unifikasie van Duitsland; unifikasie van Italië; opkoms van demokrasie in Engeland; die ontwikkeling van die Verenigde State van Amerika en Japan as groot moondhede. Internasionale betrekkinge na 1870: Stigting van Drievoudige Verbond en Drievoudige Entente; die verdeling van Afrika; oorsake van die Eerste Wêreldoorlog.

Didaktuurmoondhede met hul ideologieë nl. Rusland (Kommunisme); Duitsland (Nasionaal-sosialisme); Italië (Fascisme); die Volkebond; die Britse Gemenebes van Nasies; oorsake van die Tweede Wêreldoorlog; die Verenigde Volke-Organisasie.

Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1652 - 1795.

Doel en stigting van die Nederlandse nedersetting aan die Kaap; oorsigtelike behandeling van die Boesmans, Hottentotte en Bantoes; die Vryburgers; uitbreiding en immigrasie onder Simon van der Stel en die ontwikkeling van die verversingspos tot 'n kolonie; die belangstelling van ander moondhede in die Kaap; die eerste Britse besetting; die Bataafse regime; die Tweede Britse besetting; uitbreiding ooswaarts en botsings met die Bantoes; die Britse Setlaars, die Groot Trek; stigting van die Boererepublieke; Grey en Carnarvon se federasieskemas; ontdekking van diamante en goud; die Vrystaat en die Basoeto's; die twee Vryheidsoorloë in Transvaal; unifikasie van Suid-Afrika; Suid-Afrika as lid van die Gemenebes van Nasies.

17. Die leerstof moet die geskiedenis tot die hede voer.

Die konserwatiewe neiging by die opstelling van die Geskiedenisleergang is om nie die Geskiedenis tot die hede te voer nie[1] want 'n

/eietydse.....

1. Rowse, op. cit., p.188.
Ministry of Education, Pamphlet no 23, pp.29 en 30.
Van Dyk, op. cit., p.56.

eietydse geskiedenis waar 'n mens binne die gebeurtenisse lewe, is gevaarliker en moeiliker om te skrywe as verwyderde geskiedenis omdat 'n mens geneig is om menings te reflekteer.[1] Daar is egter diegene wat Geskiedenis tot die hede sou wil deurvoer[2] veral vir die senior leerlinge in die middelbare skool.[3]

Hierdie pleitbesorgers voer aan dat indien die verlede van die hede geskei word, dit sy betekenis inskiet en die verlede nie begryp word nie.[4] Die adolessente stel belang in kontemporêre bewegings[5] en hedendaagse geskiedkundige verwikkelinge,[6] wat hulle nuuskierigheid en verbeelding prikkel. Dit is beter dat die skool leiding gee andersins ontstaan vooroordele wat uit bevooroordeelde gedagte-uitinge, verdraaiinge, verminkte verslae en gewetenlose propaganda ontstaan.[7] Ook dring dit tot die leerlinge deur dat nuwe stof by die reeds bestaande gevoeg word;[8] voorts besef die leerlinge dat hulle die verloop van die Geskiedenis meemaak.[9]

Opvoedkundiges beveel selfs aan dat sake van die dag 'n deel van die Geskiedenisles sal uitmaak[10] want dit bring insig mee[11] en sal goeie burgerskap in die hand werk.[12]

/Om die.....

---

1. Board of Education. Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.425.
   Van Jaarsveld. Probleme by die skrywe van skoolgeskiedenisboeke. Historia. Sewende jaargang, nr. 3. September 1962, p.155.
2. Kjeldstadli, op. cit., p.49.
   Moll, op. cit., p.114.
   Van Jaarsveld Die probleem van die beperking van Geskiedenisleerstof. Onderwysblad. LXVII, nr. 742, Augustus 1961.
3. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.25.
4. Ibid., p.28.
   Kjeldstadli, op. cit., p.70.
5. Petersen, op. cit., p.15.
   Venter, E.A . Die kind van ons volk. Onderwysblad. LXII, nr. 703, Mei 1958, p.53.
6. Moll, op. cit., p.57.
7. Van Dyk, op. cit., p.38.
8. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.18.
   Ministry of Education, Pamphlet no. 23, pp.25-32.
   Prediker, Bantoe-nasionalisme en die Christendom. Dagbreek en Sondagnuus. 15 Maart 1959, p.3.
9. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, pp.32-33.
10. Ibid., pp.29-31.
    Van Dyk, op. cit., p.24.
11. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.77.
    Coetsee, op. cit., p.138.
    Van Jaarsveld, 'n Vertolking van die nasionale kernleergange vir Geskiedenis in die middelbare skool. Historia. Nr. 2. Junie 1970, p.91.
12. Van Dyk, op. cit., p.59.
    Jeffreys, op. cit., p.95.
    Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.77.

Die ontwaking van die Verre Ooste en die Nabye Ooste; die ontwaking van Afrika; die opkoms van nasionalisme in al die onontwikkelde lande en ontstaan van nuwe nasionale state; die einde van imperiale kolonialisme; verdeling van die wêreld in drie strydende groepe met hul ideologieë; die Verenigde Volke-Organisasie; jongste gebeurtenisse in Afrika; Suid-Afrika se rasseprobleme en die moontlike oplossings.[1)]

18. Die leerstof moet lei tot die vorming van wêreldburgerskap.

In weerwil van die feit dat patriotisme en nasionalisme die gewone mens se doen en denke grootliks beïnvloed[2)] en ten spyte van die feit dat internasionalisme nie veld wen nie;[3)] is dit 'n lewenskwessie, die moontlikheid van voortbestaan, dat die opvoedeling deur die keuse en behandeling van die leerstof tot wêreldburgerskap gevorm word.[4)]

19. Die leerstof moet so gekies word dat dit aanneemlik is vir sowel die Afrikaanssprekende as die Engelssprekende bevolkingsgroepe asook vir alle rasse van veelrassige Suid-Afrika wat uit verskillende taal- en kultuurgroepe met andersoortige agtergronde bestaan.[5)]

/Een gemeenskaplike.....

---

1. Venter, op. cit., p.53.
   Moll, op. cit., p.114.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., pp.20 en 77.
   Prediker, Bantoe-nasionalisme en die Christendom, Dagbreek, 15 Maart 1969.
   Fahmy, op. cit., p.60.
   Van Jaarsveld, Geskiedenisonderrig, Handboek of rooskroniek, Onderwysblad. LXII, nr. 712. Februarie 1959, p.389.
   Sake van die T.O., Sosiale studies, Onderwysblad. LX, nr. 684, Oktober 1956, p.259.
2. Findlay, op. cit., p.30.
   T.O.D. leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (St. VI-VIII), November 1958.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.78.
   Koen, op. cit., p.33.
   du Plooy, J.L. Geloof in hulle lewe, Historia, Eerste jaargang, nr. 1. Junie 1956, p.28.
   van Wyk, A.H. du P. Geskiedenis en die onderrig van Geskiedenis, Historia. Sewende jaargang, nr. 2. Junie 1962, p.89.
3. Kuhlen, op. cit., p.421.
   Heesom, op. cit., pp.3 en 4.
4. Coetsee, op. cit., p.158.
   Malherbe, op. cit., p.14.
   Auerbach, F.A. Is't ons ernst? Onderwysblad. LXIV, nr. 737, Maart 1961, p.426.
   Van Dyk, op. cit., p.13.
   Moll, op. cit., p.15.
   Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, p.322.
5. Van Jaarsveld, Skoolgeskiedenisboek en onderwys, Onderwysblad, LXIV, nr. 730. 1 Augustus 1960, p.187.

Een gemeenskaplike Geskiedenisleergang word voorgeskryf vir ongeveer 48 persent Engelssprekende en 52 persent Afrikaanssprekende middelbare skoolleerlinge van Transvaal. Dit sal ook onder die aandag van alle rasse in Suid-Afrika kom, want die leerstof handel oor almal se geskiedenis. Aan die vereistes van onpartydigheid, objektiwiteit, van begrypende simpatie en insig en van die erkenning van die deugde en ondeugde, flaters en suksesse van alle rasse en bydraes van almal tot die vooruitgang en bloei van die gemeenskaplike vaderland moet voldoen word.[1)]

20. Die Aardrykskundige faktore soos klimaat, bodemgesteldheid, topografie en afstande moet by die opstelling van 'n leergang in aanmerking geneem word.

21. Die leerstof moet so gekies en gedetailleer word dat dit vir die leerboekskrywers moontlik is om doeltreffende handboeke op te stel.[3)]

22. Die leerstof moet die bestaande Geskiedenismetodiek in ag neem.

Inleiding.

Alvorens 'n Geskiedenisleergang vir die middelbare skool opgestel kan word, moet kennis geneem word van die bestaande en moontlike metodiek van die Geskiedenisonderrig. Indien Geskiedenis aanspraak op insluiting in die leergang wil maak, moet hy hom geredelik vir onderwysmetodes leen.[4)] Hiervoor is daar vier hoofvereistes.[5)]

(1) Die apparaat benodig, moet goedkoop en maklik verkrygbaar wees;

(2) die onderwyser en leerlinge se aandeel aan die werk moet maklik

/geskei.....

---

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (t. VI-VIII). November 1958.
   Van Jaarsveld, F.A. Probleme by die skrywe van skoolgeskiedenisboeke. Historia. Sewende jaargang, nr. 3. September, 1962, p.147.
   Nicolverslag, p.155.
   Joubert, C.J. Die leerstof in die omgewingsgeskiedenis, Historia. Eerste jaargang, nr. 3. Februarie 1957, p.201.
2. T.O.D. Talle Geskiedenisleergange vereis dat Geskiedenis in samehang met Aardrykskunde bestudeer moet word.
3. Van Jaarsveld. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die nuwe nasionale kernleergang vir die Stds. IX en X. Onderwysblad. LXXIV, nr. 821, Maart 1968, p.568.
4. Bingle, H.J.J. C.N.O., Referaat. Onderwysblad. LXIX, nr. 753. Julie 1962, p.76.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig, p.111.
5. Coetzee & Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p. 190.

geskei kan word;

(3) dit moet geleentheid bied om ander huiswerk as die gewone huiswerk te gee, en

(4) dit moet geleentheid bied om 'n aantal algemene reëls of abstraksies te bereik wat op nuwe stof van toepassing kan wees.

(D) Die metode.

Met die bespreking van die metode van die Geskiedenisonderrig word eerstens die algemene metodes, dan agtereenvolgens die besondere metodes, die hulpmiddels en meting bespreek.

1. Algemene metodes.

Die volgende algemene prosedures kan onderskei word:

(A) Die biografiese, (B) die pragmatiese, (C) die genetiese, (D) die kronologies-progressiewe, (E) die kronologies-regressiewe, (F) die kronologies-degressiewe, (G) die metode volgens konsentriese sirkels, (H) die kultuur-historiese teorie,[1] (I) die ontwikkelingslynmetode, (J) die Happold plan, (K) bronnestudie, (L) globale metode en (M) geskiedenis volgens die almanak.

(A) Die biografiese metode gaan uit van die standpunt dat die kind in die persoonlike belang stel en nie in die algemeen-saaklike nie.[2] Die vraag ontstaan egter of kinders hulle met die lewens van persone in die geskiedenis moet identifiseer?[3] Die heldhaftige strewe en sterwe van Joan d' Arc (Johanna van Arkel), die somber verhaal van Arthur van Bretanje, die onverantwoordelikhede van Clive, Hastings en Nelson, die jagawonture van Paul Kruger en die selfverloëning van Florence Nightingdale, Emily Hobhouse en talle ander kan die leerlinge stellig nie met hulle eie lewens identifiseer nie.

Die biografie is egter die "koninklike weg" waardeur die jeugdiges se belangstelling in die Geskiedenis verkry kan word. Die lewens van manne van daad gryp die verbeelding van bykans elke seun en dogter aan,[4] hetsy om sedelike hetsy om patriotiese redes.[5]

/Daarby.....

---

1. Dit word al dadelik gestel dat daar maar bra min "suiwer" metodes is. Dit bestaan van verskillende metodes gebruik fasette uit ander bekende metodes soos byvoorbeeld die Happold plan.
2. Howse, H.L., op. cit., p.46.
3. Ministry of Education, Pamphlet no. 23, p.20.
4. Howse, op. cit., p.174.
5. Johnson, H., op. cit., p.168.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.114.

Daarby bestaan daar ook aanvoerbare redes waarom die enkeling bestudeer moet word:

(1) Die indiwiduele persoon is 'n eenvoudiger onderwerp om te bestudeer as die ras, stad of volk aan wie hy behoort.

(2) Die leerlinge toon 'n natuurlike en gesonde belangstelling in persone; hulle lewe saam, ly saam en verheug hulle saam met hulle helde en sodoende verdiep hulle hulle ervaring in 'n baie groter mate as wat dit die geval by die studie van groepe sou wees.

(3) Kennis van die edel dade van groot manne en vroue skep die begeerte by kinders om die goeie na te volg. Dit wek 'n afsku vir die slegte.

(4) Die indiwidu kan aangewend word om maatskaplike groepe te verteenwoordig sodat die studie van die karaktertrekke en ondervinding van die indiwiduele persoon in der waarheid die studie is van die karaktereienskappe en ondervinding van die maatskaplike groepe self.[1)]

By die aanwending van die biografie in die Geskiedenis doem 'n paar probleme op:

(1) Die idee om die indiwiduele karakter as tiperend van die tyd waarin hy gelewe het, daar te stel, is nie altyd so maklik nie.[2)] Talle groot manne was juis nie tiperend van hul tyd nie; inteendeel, baie van die groot manne was juis nie kinders van hul tyd nie; hulle was behep met nuwe idees, nuwe ideologieë; hulle was rewolusionêr, het hervormings voorgestaan en nuwe bane bewandel.

(2) Ook sal die denkende opvoeder tog nie sy leerlinge aanmoedig om sommige van die groot manne se afwykende handelinge na te volg nie.[3)]

(3) Ten derde is dit noodsaaklik dat noukeurige keuses van biografieë gemaak word. Alle biografieë is nie vir skoolgebruik geskik nie.[4)]

(4) Groepering van biografieë verdien ook aandag. Al dadelik word twee alternatiewe gebruike opgemerk. Gebeurtenisse word om persone gegroepeer. Om aan die korrekte verhoudingsgevoel te voldoen en om vir kontinuïteit sorg te dra, is dit in biografiese verhale beter om persone om gebeurtenisse in te weef.

/(5) Gebrek.....

---

1. Johnson, op. cit., p.165.
2. Ibid., p.171.
3. Ibid., p.170.
4. Ibid., p.165.
5. Board of Education. Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.426.

(5) Gebrek aan genoegsame en paslike biografieë om die Geskiedenis te leer is een van die beperkende faktore van die biografiese metode.

(6) Nog 'n vraag wat die opvoeder moet oplos is om vas te stel op watter leeftyd en in watter klasse daar van lewensbeskrywings in die Geskiedenisles gebruik gemaak moet word. In Groot Brittanje maak kinders op agtjarige leeftyd kennis met lewensbeskrywings.[1] Die tien- en elfjarige ontvang 'n ruim hoeveelheid stories wat handel oor die mens in sy primitiewe stadium soos grotbewoners, Indiane, seerowers, awonturiers en ontdekkers. As sekondere onderwerpe word kunstenaars, uitvinders, bouers en beplanners van nywerhede (captains of industries) genoem. Ten derde word die lewensgeskiedenis van skrywers, predikers, filantrope, filosowe, onderwysers en geleerdes aangebied.[2] Kinders van elf en twaalf jaar behandel dieselfde werk maar die materiaal is meer biografies en aksie bly die hoofkenmerk.[3] Die neiging is om meer en meer biografiese materiaal aan te bied namate die kinders vorder.[4]

(7) By die aanwending van die biografiese word die tendensieuse verskynsel opgemerk dat grootheid met beroemdheid verwar word. Roem het persone te beurt geval nie omdat in hulle die karaktertrekke van hul geslag te vinde is nie, nie omdat hulle verteenwoordigend was nie, maar omdat hulle nie-verteenwoordigende persoonlikhede was. Ander groothede wat deur hul tydgenote as groot beskou is, is deur latere geslagte vergeet en ander weer wat deur hulle tydgenote nie as groot beskou is nie, is deur die nagesiag aan die vergetelheid ontruk.[5]

(8) Die beginsels van kontinuïteit en kousaliteit kan nie altoos tot uitvoering gebring word nie.[6]

(3) Pragmatiese metode.

Die pragmatiese of lerende geskiedenisskrywing wend die Geskiedenis vir 'n bepaalde nut aan. Tendens is doelbewus teenwoordig. Daar word gestrewe om voorbeelde te vind vir godsdiens, vaderlandsliefde, sedelike lewe en die aankweek van algemene menslike gesindhede. Beweegredes en motiewe kom op die voorgrond.[7] Dog die leerling moet die leerstof verwerk deur self daaroor na te dink, te redeneer, te oordeel en te

/interpreteer...

---

1. Johnson, op. cit., p.167.
2. Ibid. p.167.
3. Wertz, op. cit., p.35.
4. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool. November 1956 (Standerd VI-VIII).
5. Johnson, op. cit., p.172.
6. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.114.
7. Coetsee, op. cit., p.67.

interpreteer. Hy moet sy eie gevolgtrekkings maak. Daardeur geraak hy tot selfstandige oordeelvellings.[1)]

In die Verenigde State word die samelewing in 'n aantal bedrywighede ontleed en dan word bepaal hoeveel die Geskiedenis op skool tot hierdie bedrywighede of lewensterreine kan bydra.[2)]

Hierdie metode is tendensieus en subjektief. Interpretasie en verklaring van die historiese gebeure ontbreek.[3)] Van die middelbare skoolkind word verwag om historiese gebeure objektief te benader en onafhanklik van die leermeester gevolgtrekkings te tref.[4)]

(C) Die genetiese metode.

Die derde prosedure is die genetiese, bespiëlende of begripsmetode.[5)] Volgens hierdie metode bestudeer die leerlinge die Geskiedenis as 'n wetenskap.[6)]

Volgens Happold beteken die leer van Geskiedenis in skole:

> .....die bekwaamheid van die leerlinge om geskiedkundige materiaal te versamel, te ondersoek en om die feite te korreleer en om hul bevindinge in duidelike en heldere vorm, vry van partydigheid en irrasionele vooroordeel te gee, die bekwaamheid om logies te dink en te redeneer en om 'n onafhanklike oordeel deur verkrygbare getuienis te vorm en terselfdertyd te besef dat elke gevolgtrekking beskou moet word net as 'n bruikbare hipotese wat gewysig of verwerp kan word al na gelang van die verkryging van nuwe bewyse. [7)]

By Geskiedenis kan die stof egter nie soos in die eksakte wetenskappe onmiddellik deur die sintuie waargeneem word nie. Die byeenbring van hierdie stof, die kritiese behandeling gevolg deur sintese en eksposisie is 'n metode wat enig onder die wetenskappe is. [8)]

Die Britse doeserende personeel in die middelbare skole het soldc met die wetenskaplike metode genoeë geneem. In sy memorandum "Teaching of History" het die Incorporated Association of Assistant Masters in Secondary Schools dit betwyfel of 'n leerling met 'n paar historiese feite wat hy kan snap, historiese getuienis kan toets en sodoende die idee van oorsaak en gevolg in ruimer omvang kan naspoor. [9)]

/Kinders.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.114.
2. Ibid.
3. Coetsee, op. cit., p.200.
4. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.115.
5. Coetsee, op. cit., p.201.
   T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool. November 1958 (Standerd VI-VIII).
6. Coetsee, op. cit., p.201.
7. Happold, op. cit., p.79. (Skrywer se vertaling).
8. Worts, op. cit., p.1.
9. Incorporated association of the assistant masters in secondary schools, Memorandum on the teaching of History. C.U.P. 1031, 1925.

Kinders moet op ander wyses leer onderskei, opweeg en tot gevolgtrekkings kom.[1] Die wetenskaplike benadering van Geskiedenis hoort nie in die klaskamer tuis nie.[2]

Coetsee is van mening dat die genetiese metode werksaamheid in die vorm van nadenking, redenering en oordeel in die hand werk; daarom vind hierdie prosedure sy beste toepassing by die meer gevorderde leerlinge, nl. by die hoër klasse van die middelbare skool en by alle verdere studie.[3]

By Coetsee vind ons 'n geleidelike en reëlmatige oorgang van die biografie metode in die pragmatiese en eindelik in die genetiese metode.[4]

(D) Die kronologies-progressiewe metode.[5]

Die kronologies-progressiewe metode begin met die historiese leerstof van die vroegste tye in die laagste klasse en gaan dan van tydperk tot tydperk geleidelik voorwaarts totdat met die hoogste klas van die middelbare skool die moderne tydperk bereik word. By 'n strenge toepassing van hierdie metode moet 'n mens dus eers die eerste tydperk volledig afhandel voordat jy met die tweede kan begin; m.a.w., vir elke tydperk sal jy aandaag moet gee aan al die tipes gebeure, nl. politieke, sosiale, godsdienstige ens.[6]

Hierdie metode handhaaf die kontinuïteitsgevoel en die idee van ontwikkeling ontstaan by die leerling. Die leerling moet egter in die laer klasse van die hoërskool die vroegste geskiedenis op dieselfde wyse behandel as die matrikulant. Hiertoe is die Standerd sessie stellig nie in staat nie.[7]

Enkele tegnieke wat aangewend word om die kronologies-progressieve metode te beoefen is:

(1) Hooftrekke van die geskiedenis (Outlines of history)-

In sommige Engelse skole word vir die ouderdomsgroep 11-13 jaar 'n "raamwerk" van die leervak op 'n wetenskaplike grondslag opgestel. In Geskiedenis word dan 'n "Outline Course" gegee waarin die vernaamste staatkundige gebeurtenisse, 'n reeks datums en 'n elementêre waardering

/van die.....

---

1. Worts, op. cit., p.15.
2. Ibid., p.31.
3. Coetsee, op. cit., p.201.
4. Ibid.
5. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerd VI-VIII) November 1958.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.112.
6. Coetsee, op. cit., p.201.
7. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.2.

van die groot manne soos hulle in die leergang verskyn.[1]
'n "Outline of Knowledge" word in die reël deur gebruikmaking van 'n leerboek en die afneem van aantekeninge geleer.

Die idee van ontwikkeling of die kontinuïteit van die historiese lewe is die hoofbeginsel waarop die aanwending van hierdie metode geregverdig word. Die metode bied geleenthede om proefnemings in die konsentriese, gegradeerde, kumulatiewe kursusse te maak.[2]

Die nadele is dat alles op geheuewerk berus. Gevolglik word die verskillende ouderdomsgroepe met feitekennis oorlaai. Geskiedenis word deur die geestelike sloofwerk van kleur en lewenskrag ontdaan.[3]

(2) Brughoofde (Bridgeheads)-

Die brughoof is 'n aanknopingspunt in die geskiedenis waar teenstrydige beweging of strominge in botsing kom wat tot geweldige goeie of slegte gevolge lei, waar opwindende dramas in die lewe van mense en nasies afgespeel word, soos die bekende Val van Konstantinopel (1453). Van hierdie brughoof loop die hoofweë wat die ontwikkeling van die geskiedenis duidelik aandui. So 'n verhaal verduidelik die Geskiedenis en bring geestelike insig.[4]

Die leerlinge versamel materiaal wat uit die tydperk van die brughoof dateer en verwerk dit om so die verlede met die hede te verbind.[5]

(3) Klassifisering in tydsvolgorde (Time sequence).

Klassifisering impliseer die gedagte van wetenskaplike benadering, en wanneer tyd beklemtoon word, dan veronderstel dit 'n besef van tyd. Tydsbesef is voor adolessensie maar effentjies ontwikkel en na adolessensie nie juis sterk nie. Indien dit waar is, moet met omsigtigheid te werk gegaan word wanneer van tydsvolgorde by die middelbare skoolkind aangebring word. Hierdie metode kan op 'n elementêre wyse aangewend word om die Geskiedenis in tydperke in te deel.

(4) Tydperkstelsel (Period system).

Die essensiële struktuur van die Geskiedenisleergang van die Britse "Secondary Modern School" is gebaseer op 'n kronologiese oorsig in tydperke van die geskiedenis.[6]

/Die tydperk.....

---

1. Rowse, op. cit., p.78.
2. Worts, op. cit., p.78.
3. Warner, T. A brief survey of British History.
   Worts, op. cit., p.39.
4. Ibid., p.36.
5. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.23.
6. Ibid.

Die tydperk benadering (period or patch) gaan uit van die standpunt om vir die kennis self soveel moontlik te wete te kom van die aard en hoedanigheid van een of ander tydperk en om daardeur dan die ervaring deur die verbeelding opgedoen, te vermeerder en te verdiep. Die tydperk-studie moet ingevoer word op die tydstip van die leerling se lewe wanneer hy soos die volwassene begin om die probleme deur die geskiedenis vestel, aan te wend om die probleme van die beskawing te begryp.[1)]

As byvoorbeeld 'n studie van Engeland in die dertiende eeu gemaak word, sal alles beklemtoon word wat as erfenis vir die huidige Engelse geslag nagelaat is, soos byvoorbeeld Magna Charta, Simon de Montfort, die Parlement van Eduard I, die verowering van Wallis, die gewoontes, gelowe, die lewe van die grondheer, die gildes en die dorpe, maar in so 'n mate dat die leerling as't ware in die gedaante van die mense van die tydperk onder behandeling inkruip.

Die tydperke word in historiese volgorde geneem. Dit sal in breë, alhoewel vae, trekke die veranderings in ontwikkeling aandui, en dit weer bied 'n kursus in historiese ewolusie aan en wys die kind op 'n erfenis.[2)]

Met verloop van tyd is daar 'n "moderne tydperk" ingestel, nl. van 1815 tot 1900 en later verskuif van 1870 tot 1914.

Die "tydperk"-geskiedenis gaan mank aan tekortkominge. Geskiedenis kan nie na behore geleer word indien dit maar net in gerieflike lengtes ingedeel word om dan in die besonder bestudeer te word nie. Die tydperke maak ook nie onderdele van 'n geheel uit nie. Geen deurlopende verhaal van die mensdom is verkrygbaar nie.[3)] Waar moderne tydvakke (-perke) bestudeer word, is die gebeurtenisse so resent dat hulle nie in die regte perspektief gesien word nie.[4)]

'n Bevredigende leergang wat vir die tydperk-geskiedenis voorsiening maak, is moeilik opstelbaar.[5)]

(E) Die onderwerpstudiemetode.

Die onderwerpstudiemetode is eintlik 'n onderdeel van die tydperk-prosedure want die leergang word op die grondslag van onderwerpe gebaseer en nie soseer op tydperke nie.[6)] Die onderwerpmetode bestaan daarin dat

/die gebeurtenisse.....

---

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die Middelbare skool. (Standerd VI-VIII) November 1958.
2. Ministry of Education. Pamphlet no. 23., pp.15 en 16.
3. Board of Education. Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.429.
4. Hadow Report, p.202.
5. Times, educational supplement, 9th January, 1952.
6. Jeffreys, op. cit., p.34.

die gebeurtenisse van 'n tydperk in 'n reeks van 'n min of meer afgeronde (self-contained) groepe ingedeel word. Die periode 1815-1832 in die Britse geskiedenis kan byvoorbeeld onderwerpsgewys behandel word in die sosiale onrus na 1815, die beleid van die regering, stilstand en hervorming, die Weense kongres, parlementêre hervorming ens.[1] Waar onderwerpe gekies word moet, gedurig weer tot dieselfde onderwerpe of tydperk teruggekeer word, want elke keer sal die leerling meer dinge vind en hom verder verdiep. Gewoonlik kom ander aspekte ook onder die aandag. 'n Sewentienjarige kind benader die saak anders as 'n veertienjarige.[2]

Die onderwerpmetode stel beslis hoë eise aan die leerlinge. Hoe meer algemeen die onderwerp is, hoe groter die graad van abstraksie wat dit vereis. Daarby maak die kousale, wat vir die jeugdige soms moeilikhede oplewer, sy verskyning in die onderwerpmetode.

Die onderwerpmetode kan beswaarlik voorsiening maak vir kontinuïteit in eenheid en tyd en 'n Geskiedeniskursus so rangskik dat dit die bekwaamhede van die leerlinge pas.[3]

Minstens een van die verhoudinge onder die gebeurtenisse wat gegroepeer word, is van 'n kousale aard (een veroorsaak die ander een of dit ontstaan uit een en dieselfde oorsaak). Daarby hou dit die gevaar in dat dit by die klas die idee kan laat posvat dat die hoofoorsaak van 'n gebeurtenis die een is wat in verband met die ander samehangende gebeurtenisse staan.[4]

Die keuse van onderwerpe is problematies, want historici beweer dat alle gebeurtenisse van historiese belang is. Om net die geskiedenis van die Westerse beskawing aan die kinders te wil leer, is om hulle 'n skewe voorstelling van die geskiedenis van die mensdom te gee. Om net sekere gedeeltes van die leergang voor te skryf, maak die geskiedkundige oorsig wat ons aan die leerlinge gee, onvolledig; en dan om net sekere onderwerpe uit sekere tydperke te kies, versnipper geskiedenis sodat amper niks daarvan oorbly nie.[5]

Die onderwerpe moet aangewend word om die verlede te herroep.[6] Hierdie metode word weens die vervelende herhalings veroordeel. Dit laat 'n indruk van onsamehangende feite na en kweek nie by die leerlinge

/die besef.....

---

1. Burston, op. cit., p.113.
2. Ministry of Education. Pamphlet no. 19, p.39.
3. Fahmy, op. cit., p.68.
4. Burston, op. cit., p.121.
5. Ibid.
6. Scottish Education Department. Memorandum on the study of History in Scottish Schools 1907, p.12.

die besef dat gebeurtenisse mekaar opvolg nie en toon nie die verwantskap in uitstaande gebeurtenisse aan nie.[1] Daarby is die ingewikkelde moderne toestande veel moeiliker vir die onervare, onrype jeug om te begryp as die veel eenvoudiger verlede.[2]

Die onderwerpmetode vereis 'n deeglike kennis van Geskiedenis. Die materiaal wat in die laer klasse van die middelbare skool aangebied word, word uit die staatkundige, ekonomiese en maatskaplike geskiedenis gehaal. In die reël word alleen die feite gekies wat die kinders sal help om die toestande waarin hulle lewe, te verstaan. Die kinders moet die hede in die lig van die verlede kan interpreteer sodat hulle kennis van die mensdom, wat hulle leer hoe 'n volk ontstaan, groei en homself organiseer, vermeerder.

(F) Die kronologies-degressiewe metode.

Met gebruik van die kronologies-progressiewe metode en die kronologies-regressiewe metode behandel leerlinge 'n deel van die ouer geskiedenis en slaan hulle oor na 'n jonger deel en probeer so die verbande aantoon. Wanneer van die moderne geskiedenis behandel word, word na die ouere geskiedenis verwys waarvan die gevolge en invloede op die moderne geskiedenis betrekking het.[3]

(G) Konsentriese onderwysprosedure.

In die konsentriese onderwysprosedure word die leerstof as een geheel twee of meer maal gedurende die hele skoolloopbaan van die kind deurloop. Die leerstof kan ook elke leerjaar van begin tot end deurloop word, maar by elke opeenvolgende leerjaar word die kring van die leerstof 'n bietjie wyer getrek en word die leerstof vanuit 'n ander gesigspunt behandel. Die Transvaalse tradisionele leergange behandel die Suid-Afrikaanse Geskiedenis in drie kringe en die Algemene Geskiedenis in twee kringe.[4]

Die konsentriese plan het sy nadele. Ten eerste is dit onmoontlik om die geskiedenis van die vroegste tye tot vandag toe te leer. Die werk is te veel vir die beperkte tyd en geen duidelike beeld kan van die geheel nog van sekere tydperke verkry word nie. Die velerlei en onsamehangende onderwerpe word nie deur die kinders begryp nie en

/gevolglik.....

---

1. Fahmy, op. cit., p.71.
2. Van Jaarsveld & Rademeyer. op. cit., p.113.
   Coetzee & Bingle op. cit., p.202
3. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.113.
4. Ibid., p.113.

gevolglik verloor hulle belangstelling in die vak.[1)]

Soms word met 'n gewysigde konsentriese plan proefnemings gemaak. In die eerste jaar word sosiale en industriële geskiedenis gegee, in die tweede jaar staatkundige geskiedenis en die derde jaar konstitusionele geskiedenis. Gevolglik word die aspekte van die nasionale, uitbreiding, godsdiens en intellektuele ontwikkeling verwaarloos.[2)]

(H) Kultuur-historiese prosedure.

Die kultuur-historiese leergang is gebaseer op die veronderstelling dat daar 'n parallelisme tussen die ontwikkeling van die indiwidu en die van die mensheid bestaan, dat die ontwikkeling van die kind derhalwe 'n herhaling van die ontwikkeling van die mensheid is.[3)] Kinders van die 7e tot die 11e lewensjaar sou belangstelling in die primitiewe mens toon en daarom is kinders van hierdie ouderdomsgroep besig om die vroegste stadia van die menslike ras te rekapituleer.[4)]

(I) Die ontwikkelingslyn-prosedure (Lines of Development).

Die doel van die ontwikkelingslyn-prosedure is nie om die verskillende aspekte van die lewe van mekaar te skei nie, maar om 'n deurlopende reeks lesse te gee wat deur die kinders begryp word. Namate die werk toeneem, moet verskillende "lyne" saamgevat word om 'n verstaanbare beeld te skep (interrelasie van "lyne") en die onderlinge verhouding van die "lyne" aan te dui.[5)]

By die opstelling van 'n leergang vir die ontwikkelingslyn-metode moet min per keer aangebied word, dit moet deeglik behandel word en die kontinuïteit in die temas moet bewaar bly.[6)]

Vir kinders van 11-13 jaar word huise, vervoermiddels, landbougereedskap en skrif aanbeveel. Vir 13-15 jaar moet die werk meer omvattend wees dog nog konkreet soos handel, medisyne, higiëne, oorlogvoering en regeringsvorm. Vir 16-18 jaar kan abstrakte onderwerpe soos politieke geskiedenis, godsdiensvryheid, kultuur en staatsteorieë aangepak word.[7)]

(J) Die Happold-plan.

Happold het die histories-wetenskaplike metode ondersoek en uitgetoets.

/Nuwe.....

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.114.
2. Ibid.
   Coetzee & Bingle op. cit., p.202
3. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.117.
4. Warr, E.B. The new era in the junior school, p.56.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.117.
5. Jeffreys, op. cit., p.37.
6. Ibid., pp.49, 54 en 69.
7. Ibid., p.35.

Nuwe benaderings in die onderrig van Geskiedenis is gedoen met die doel om die massa materiaal van die Geskiedenis meer doeltreffend te assimileer.[1] Dit probeer om die tradisionele vol-prop van gekeurde of arbitrêre menings wat die leerlinge sonder meer moet memoriseer deur 'n beter stelsel te vervang. Hiervoor bied hy die historiese metode of bronneondersoek aan.[2]

Een van die eerste stellings is dat van die geheel uitgegaan moet word en nie van die deel na die geheel nie. Die hele struktuur berus op groei uit barbarisme na beskawing. Elke tydperk (tydvak) word in sy juiste plek in die ontwikkelingsproses geplaas.[3] Derhalwe word 'n goed gegradeerde opleiding in die historiese metode gegee met die klem op historiese juisthede en die vermoë om histories te dink en nie op verkryging van historiese kennis nie. Daardeur word insig in die betekenis verkry en word die vermoë ontwikkel om later selfstandig te studeer.[4] Hy beoog die aankweek van inisiatief by die leerlinge, meer doeltreffende leer van Geskiedenis en samewerking tussen leerling en onderwyser.[5]

(K) Bronnestudie.

Happold vind navolgers van sy metode maar 'n paar opvoedkundiges is voorstanders van 'n meer bepaalde bronnestudie.[6] Bronnestudie aan die middelbare skool word egter om menigvuldige redes verwerp.[7]

(L) Globale metode.

Na aanleiding van die "Gestalt"-gedagte moet enige voorwerp eers in die geheel waargeneem word en dan in onderdele behandel word. Hierdie metode kan aangewend word deur aan die leerlinge in die begin van die jaar 'n oorsig oor die hele jaar se werk te gee (of die twee of drie jaar se werk, indien die hoërskoolkursus konsentries behandel word) en dan die onderdele te behandel. Die verkryging van geheelindrukke laat die leerstof meer blywend bly en gee 'n beter ruimtelike of kwalitatiewe verhouding wat daar tussen dinge bestaan.[8]

/(n) Geskiedenis.....

---

1. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.14.
2. Happold, op. cit., Preface.
   Johnson, op. cit., p.7.
   Trevelyan, op. cit., p.9.
3. Happold, op. cit., Introduction.
4. Ibid., op. cit., Preface.
5. Ibid., p.65.
   Worts, op. cit., p.13.
6. Happold, op. cit., pp.97-98.
   Jeffreys, op. cit., p.48.
   Jarvis, op. cit., p.182.
7. Jeffreys, op. cit.,
8. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.116.

(M) Geskiedenis volgens die almanak.

Die metode om Geskiedenis volgend die almanak, d.w.s. om op die dag waarop 'n gebeurtenis in die geskiedenis plaasgevind het, te behandel, is onprakties. Baie belangrike gebeurtenisse val saam met die skoolvakansies en naweke. Daarby is daar van kontinuïteit en kousaliteit geen sprake nie.[1)]

2. Besondere metodes-

Besondere metodes moet deur die onderwyser aangewend word om die genoemde algemene metodes toe te pas.[2)]

Van die besondere metodes word die volgende vermeld:

(A) Leerboekmetodes; (B) die vertelmetode; (C) aantekeninge (D) die onderwerpmetode; (E) die bronnemetode; (F) die probleemmetode;[3)] (G) vraag-en-antwoordmetode; (H) laboratoriummetode; (I) oorsaak en gevolg en (J) korrelasie.

(A) Leerboekmetode.

Die leerboekmetode met sy voor- en nadele is algemeen in gebruik.[4)] In die reël hou die onderwyser hom by die keuse, volgorde en organisasie van die leerstof soos die leerboek dit bepaal. Die leerboek kan slaafs nagevolg word waar die leerlinge die werk memoriseer en die feite herhaal,[5)] of die leerlinge ontvang opdrag om die werk tuis voor te berei, opsommings te maak en in die klaskamer te bespreek.[6)]

(B) Die vertelmetode. (Verhaalmetode).

Die vertelmetode word hoofsaaklik in die laerskool aangetref. In die middelbare skool vind ons dit in gewysigde vorm.[7)]

(1) Aantekeninge word gedikteer of van die skryfbord afgeskryf nadat die onderwyser in 'n mondelinge les die materiaal behandel het.

/Hierdie.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.116.
2. Ministry of Education. Pamphlet 19, p.37.
3. Coetzee, op. cit., p.203.
4. Ibid., p.205.
5. Board of Education. Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.430.
   Fleming, C.M. Research in the basic curriculum, p.104.
6. Historical association. The journal of education, Vol. 68, no. 1014 January, 1954, p.51.
7. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.119
   T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerd VI-VIII) November 1958.

Hierdie metode word vandag as verouderd beskou.[1)]

(2) Die onderwyser vertel die Geskiedenis en plaas net die hoofpunte op die skryfbord. Die leerlinge skrywe dit as 'n raamwerk af en vul aan.

(3) Wanneer die onderwyser 'n algemene inleiding oor 'n tydperk of onderwerp gee, behandel hy dit mondeling.

(4) Die vertelmetode het stellig sy meeste waarde waar die leerlinge aan die besprekinge deelneem.[2)]

(C) Aantekeninge.

Aantekeninge word of gedikteer of van die skryfbord afgeneem of op wasvelle getik, afgerol en aan die leerlinge verskaf of die leerlinge maak eie opsommings. Dit sluit sketse, prente en kaarte in.[3)] Die afskryf en leer van aantekeninge maak die leerlinge onvergenoegd met Geskiedenis.

> .....of making many notes there is no end and much study of History becomes thereby a weariness of the flesh. [4)]

Sommige onderwysers laat die leerlinge kantaantekeninge in hulle leerboeke maak.[5)]

(D) Die onderwerpmetode.

Die historiese leerstof word in 'n aantal onderwerpe of temas ingedeel, hetsy volgens kronologie hetsy bloot volgens inhoud, en een vir een bestudeer.[6)] Dit kan geskied volgens die seminaar- of indiwiduele metode, d.w.s. elke leerling van die klas kry 'n afsonderlike onderwerp om onder leiding van die onderwyser volledig uit te werk. Van tyd tot tyd word die werk indiwidueel met die leerlinge bespreek en uiteindelik word die onderwerpe in die klas behandel. Die onderwerp kan ook klasgewyse behandel word, d.w.s. die hele klas werk al die onderwerpe gesamentlik en in dieselfde volgorde uit.[7)]

/Hierdie.....

---

1. Fleming, op. cit., p.104.
   T.O.D. Jaarverslag 1922, p.63.
2. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.119.
3. Board of Education. Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.43.
   Jarvis, op. cit., p.135.
4. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.158.
5. Worts, op. cit., p.147.
6. Coetsee, op. cit., p.207.
7. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.124.

Hierdie metode het sy voor- en nadele.[1)]

(E) Die bronnemetode.

In die bron- of laboratoriummetode maak die leerling gebruik van die leerboek of selfs die oorspronklike historiese bronne. Van die middelbare skoolkinders word verwag dat hulle hul leerboek slegs sal aanvul deur gebruikmaking van oorspronklike historiese dokumente soos sekere uitgegewe argiefstukke, standaardwerke, dagboeke, gedenkskrifte, briewe van belangrike historiese persone, reis- en lewensbeskrywings, monumente, reproduksies van bronne, asook van muntstukke, seëls en medaljes.

Die toepassing van hierdie metode vind in verskillende stadia plaas. Dit het sy voordele en nadele.[2)]

(F) Die probleemmetode.

Die probleemmetode bied die leerstof aan in die vorm van 'n reeks probleme wat deur die leerlinge opgelos moet word. Probleme wat deur die voorgeslagte opgelos moes word, word aan die leerlinge gestel en hulle moet dan, met gebruikmaking van die toentertydse situasies en middele, die probleme oplos en hulle oplossings met die van die Geskiedenis vergelyk.[3)] Die onderwyser kan ook sy les in die vorm van 'n probleem aanbied. Dan beplan die klas en die onderwyser saam hoe om die probleem (bv. waarom het die Voortrekkers getrek?) stelselmatig aan te pak en op te los. Daar moet dus vooraf 'n skema (inhoudsopgawe) van die probleem gemaak word; daar moet vasgestel word waar inligting in die verband gekry kan word, hoe die inligting ingewin moet word, hoe dit verwerk, gerangskik en saamgestel moet word.

Dan word die klas na die skoolbiblioteek geneem waar hulle geleer word hoe om van 'n biblioteek gebruik te maak, hoe om boeke en tydskrifte te raadpleeg en hoe om inligting te versamel en aan te teken.

Die volgende stap is dan om uit die inligting op 'n logiese wyse 'n sintese op te bou wat 'n versorgde en afgeronde geheel vorm. Die proses wat die kinders deurloop, moet hulle persoonlik raak: dit moet hulle wees wat die ontberings verduur, hulle wat trek en hulle wat wonder en

/verwagtend.....

1. Burston, op. cit., pp.120-121.
   Fahmy, op. cit., p.68.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.124.
2. Coetzee, op. cit., p.210.
   Happold, op. cit.,pp.97-98.
   Jarvis, op. cit., p.182.
   Worts, op. cit., pp.37 en 43.
3. Coetzee & Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys,p.210
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.124.

verwagtend 'n nuwe vaderland tegemoet gaan.

(G) Vraag- en antwoordmetode.

Wanneer die klas met die feite van 'n gedeelte van die Geskiedenis bekend is, kan die vraag- en antwoordmetode aangewend word. Sowel die onderwyser as die leerlinge stel vrae. Hierdie vrae word volgens 'n stelsel gereël. Die vrae word kronologies gestel sodat die antwoorde die verloop van die gebeurtenisse aandui of dit kan tot oorsake en gevolge lei. Die antwoorde kan as raamwerk op die skryfbord dien.

Sommige onderwysers reël vasvra-wedstryde en die leerlinge word aangespoor om vrae te stel asook om die regte antwoorde te verskaf.[1)]

(H) Laboratorium-metode.

Die bekende Decroly-metode, Dalton-plan en projek-metodes kom daarop neer dat die leerlinge opgelegde take ontvang wat hulle met behulp van die onderwyser en hulpmiddels of indiwidueel of in groepe moet uitvoer. Die leerlinge se selfwerksaamheid, vindingrykheid en selfdenkende word aangemoedig. Hulle is nie meer passief nie, maar aktief.[2)]

(I) Oorsaak en gevolg.

Die term "oorsaak" het in geskiedenis nie dieselfde betekenis as byvoorbeeld in die wetenskap nie. In die wetenskap is dit noodsaaklik om terug te redeneer van gevolge na oorsake. In Geskiedenis word die tenoorgestelde getoon: ons leer die oorsaak en noem die gevolge van die oorsaak soos hulle hulle in die lewe voordoen.[3)]

Die onderwyser moet aantoon hoedat een gebeurtenis ander gebeurtenisse kan beïnvloed.[4)] Die Geskiedenislesse sal die kinders leer dat die hede sy ontstaan in die verlede het en die toekoms kondisioneer, en dat wat in een gemeenskap plaasvind, ander gemeenskappe kan beïnvloed. Geleidelik word die kinders opgelei om te abtraheer dat die groot bewegende idees van persoonlikhede en gebeurtenisse van elke tydperk begryp kan word asook die omstandighede in en deur die idees van die een geslag oorgedra word in die vorm soos hulle gevind is. Alles wat is, is nie blote toeval nie.

/(j) Korrelasie.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.120.
2. Ibid., p.125.
   Moerdyk, C. Die Projekmetode. Historia. Eerste jaargang, nr. 1, Junie 1956, p.14.
3. Worts, op. cit., p.44.
4. Board of Education, Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.402.
   Coetsee, op. cit., p.158.
   Henriques, op. cit., p.103.
5. Scottish Education Department. Memorandum on the study of History in Scottish schools, p.7.

(J) Korrelasie.

Geskiedenis is nie 'n geïsoleerde leervak in die leerplan nie. Dit moet steeds met ander vakke meewerk tot algemene vorming.[1] Aardrykskunde, Godsdiens, tale en Volkekunde leen hulle by uitstek vir hierdie doel.[2] Dit is wenslik dat Suid-Afrikaanse Geskiedenis met Algemene Geskiedenis gekorreleer word[3] en Geskiedenis met Aardrykskunde.[4]

Waar Geskiedenis met Aardrykskunde gekorreleer word, moet gebruik gemaak word van die geografiese toestande van die lande waarin die Geskiedenis hom afspeel. Kaarte, sketse en diagramme sal aangewend moet word.[5]

3. Hulpmiddels.

Die middelbare skool maak van die volgende leermiddels gebruik:

(A) Atlasse, muurkaarte en sketse op die swartbord word gereeld gebruik.

(B) Uitstappies na musea, monumente, historiese geboue en plekke wat blyk waardevol te wees.[6] Tyd op die lesrooster is die hoof struikelblok. Sommige skole reël hul uitstappies gedurende vakansies of met naweke. Die Transvaalse Onderwysdepartement se reisburo het ruim fasiliteite vir plattelandse skole om Pretoria en Johannesburg en baie historiese plekke te besoek.

(C) Die rolprent (Klankfilm).

Die rolprent is een van die aanwinste by oudio-visuele onderwys. Indien doeltreffende rolprente gebeurtenisse uit vervloë tye en die toentertydse atmosfeer, gewoontes en gebruike en veral die waardebepalings in

/10-25 minute.....

1. Jacobs, op. cit., pp.91 en 109.
   Preller, op. cit., pp.64 en 145.
2. Du Plooy, J.L. Geloof in hulle lewe. Historia. Eerste jaargang, nr. 1. Junie 1956, p.23.
   Ministry of Education. The road to the sixth form. Some suggestions in the curriculum of the grammar school, p.41.
   T.O.D. Leerplanne vir die middelbare skool. Handboek uitgegee in 1952, p.10.
3. T.O.D. Jaarverslag 1923, p.216.
   T.O.D. Leerplanne vir die middelbare skool. Handboek uitgegee in 1952.
   Raubenheimer, op. cit., p.78.
4. Van Jaarsveld, F.A., et. al. Geïllustreerde Geskiedenis vir senior sertifikaat Standerds IX en X, p.247.
   T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis, Grade tot Standerd VIII. Uitgegee in 1942, p.4.
5. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis, Grade tot Standerd VIII, 1942, p.4.
   Fahmy, op. cit., p.73.
   Board of Education, Handbook of suggestions for the consideration of teachers and others concerned in the work of public elementary schools, p.432.
6. Stevens, T.W. The teaching of History in the High School. Historia, Eerste jaargang, nr. 1. Junie 1956, p.32.

10-25 minute kan gee, sal die rolprent 'n onskatbare hulpmiddel by die onderrig van Geskiedenis wees.[1)]

(D) Strokiesfilms.

Alhoewel die strokiesfilm vir Geskiedenis nie so goed as vir ander skoolvakke is nie, is dit tog geskik om die verbeelding van die leerlinge aan te wakker. Dit is 'n handige leermiddel.[2)]

(E) Radio.

Die radio as hulpmiddel by die Geskiedenisonderrig word in Transvaal die afgelope kwarteeu aanbeveel. Dit word egter nog nie algemeen in die Transvaalse middelbare skole aangewend nie.

(F) Museums.

Dat besoeke aan musea wat 'n hulpmiddel by die onderrig van Geskiedenis is, word nie betwis nie maar die musea is buite die bereik van die oorgrote meerderheid middelbare skole. Daarby stel min musea hulle uitstallings op so 'n wyse uit dat leerlinge die historiese ontwikkeling kan volg.[3)]

(G) Prentekabinette.

Nog te min skole het 'n aanvang gemaak met 'n eie prentekabinet.[4)] In so 'n kabinet word prente oor plaaslike geskiedenis asook die Vaderlandse Geskiedenis en die Algemene Geskiedenis opgeneem.

(H) Biblioteek.

Elke middelbare skool in Transvaal is met 'n biblioteek toegerus[5)] en elke dorpie het sy eie biblioteekdepot wat die skoolbiblioteek kan aanvul.[6)]

/Die wakker....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.153.
   Nicolverslag, p.171.
   Coetsee, op. cit., p.211.
   Hurlock, op. cit., p.282.
2. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.42.
3. Sake van die T.O., Verslag van streekkonferensie gehou op Schweizer-Reneke op 27 Augustus 1960. Onderwysblad. LXIX, nr. 733, 1 November 1960, p.299.
   Nicolverslag, p.171.
   Mulder, J.J. Die museum laat die Geskiedenis lewe. Onderwysnuusflitse, nr. 22. Maart 1970, p.21.
4. Die Nylstroomse Hoërskool het in 1962 met so 'n prentekabinet begin.
5. Koen, op. cit., p.36.
   Stevens, op. cit., p.33.
   Raubenheimer, op. cit., p.81.
6. Historical Association. The Journal of Education, Vol. 84, no. 993, April 1952, p.159.
   Board of Education. Handbook of suggestions, p. 406.

Die wakker Geskiedenisonderwyser het nog sy eie klasbiblioteek wat meestal aanvullende leerboeke en 'n stel of twee ensiklopidieë bevat.[1]

(I) Albums.

Selfwerksaamheid is 'n kenmerk van goeie onderrig en daarom is albumwerk of deur indiwiduele leerlinge of deur groepies leerlinge waardevol. Die album sal die leerboek aanvul en meer helderheid en insig in die hand werk.[2]

(J) Illustrasies (Prente).

Illustrasies as deel van die Geskiedenisapparaat word aangewend om die historiese lewe vir die leerlinge aanskoulik voor te stel. Dit word veral by die 11-15- jariges aangewend om kleredrag, behuising, vervoer, wapens, oorlogvoering en die samelewing te verbeeld.[3]

(K) Hulpmiddels by die aanleer van tydsbesef.

Om die moeilike probleem van tydsbewussyn te bewerkstellig, d.w.s. om die kind los te maak van sy nafewe tydsbelewing, om sy dimensie tydsdiepte te ontwikkel en om die opeenvolging van gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het, voor te stel word van allerlei tegnieke gebruik gemaak:

(1) Datums word geleer.[5]

(2) Gebeurtenisse word in eeue geplaas.[6]

(3) Gebeurtenisse word by benadering vasgestel, byvoorbeeld die Groot Trek het tussen 1830 en 1840 plaasgevind; R. Tulbagh het ongeveer 'n honderd jaar na Jan van Riebeeck goewerneur geword.[7]

(5) Geskiedenis word in kronologiese volgorde geleer.

/(5) Geskiedenis.....

---

1. Nicolverslag, p.169.
2. Board of Education, op. cit., p.431.
   Ministry of Education. Pamphlet no. 9, p.50.
   Johnson, op. cit., p.212.
3. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, pp.21 en 40.
   Worts, op. cit., p.141.
   Jarvis, op. cit., p.162.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.146.
4. Ibid., op. cit., pp.66-76.
   Worts, op. cit., pp.98-99.
   Findlay, op. cit., p.3.
5. Board of Education, op. cit., p.431.
   Jarvis, op. cit., p.136.
   T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis, Grade tot Standerd VIII, 1942, p.4.
6. T.O.D. Wyziging van de regulaties in zake lagere scholen voor blanke kinderen 1911, p.3.
7. T.O.D. Voorgestelde leerplan vir Geskiedenis, Grade tot Standerd VIII, 1942, p.4.
8. Jarvis, op. cit., p.136.
   Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.19.

(5) Geskiedenis van koningshuise en dinastieë word opgestel.[1)]

(6) Historiese tabelle van persone wat tydgenote of ampsdraers gedurende bepaalde tydperke was, word opgestel;[2)] byvoorbeeld word daar in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis oor die jare 1885-1899 aangedui wie die Kaapse Goewerneurs, ministers van kolonies, goewerneurs van Natal, presidente van die Oranje-Vrystaat en presidente van die Suid-Afrikaanse Republiek was.[3)]

(7) Die verloop van die Geskiedenis word in beeld of diagramme voorgestel.[4)]

(8) Van tydkaarte (time charts) word gebruik gemaak.[5)] Tydkaarte word op verskillende wyses aangewend.[6)] Dit verskaf aan die leerlinge 'n algemene oorsig, 'n panorama oor die Geskiedenis. Die woord en diagram wat uit die teks van die leerboek "gelig" word, is skilderagtiger en betekenisvoller as die woorde en sinne in die leerboek. Die beeld is helderder, prikkelend; dit verwek nuuskierigheid en suggereer vrae.[7)]

(L) Dramatisering.

Dramatisering van toneeltjies uit die Geskiedenis het sy waarde, maar

/dit neem.....

---

1. Tout, T.F. The empire and the papacy 918-1273, Period 11, p.279.
   Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.151.
2. Ibid., op. cit., p.151.
   Van Jaarsveld & van der Walt. Geillustreerde Geskiedenis vir Standerd VIII met werkboekie vir mondelinge huiswerk, toetse en eksamens 1959, pp.70, 139, 153, 173 en 196.
3. Coetsee, A.G., Otto, J.C. & Roodt, A.G. Geskiedenis vir die Senior Sertifikaat, Transvaalse leerplan, pp.73 en 87.
4. Van Jaarsveld & van der Walt, Geskiedenis vir Standerd VIII (Gedifferensieerd), pp.24 en 50.
5. Worts, op. cit., p.106.
   Johnson, op. cit., p.52.
   T.E.D., Regulations governing primary schools for white children (town schools) including the code or courses of instruction to be followed therein, together with instructions and suggestions with regard to the courses for intermediate schools 1923.
   Jarvis, op. cit., p.136.
   T.O.D., Wyziging van de regulaties in zake lagere scholen voor blanke kinderen 1911, p.3.
6. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.150.
   Worts, op. cit., p.107.
   Scotch Education Department. Memorandum on the study of History in Scottish schools 1907, p.5.
7. Madeley, H.M. Time charts, pamphlet no. 50.

dit neem baie tyd in beslag. Kostumering is vir skooldoeleindes 'n onbegonne taak.[1)]

(M) Die sandtafel.

Die bekende sandtafel word veral in die laerskool aangewend. Vir die middelbare onderwys is dit ook te tydrowend.[2)]

(N) Modelle.

Alhoewel die waarde van die maak van modelle nie geringskat word nie, word dit ook nie in die Geskiedenisles van die middelbare skool aangewend nie.[3)]

(4) Meting.

(A) Eksamens.

Meting van gedane skoolwerk deur middel van eksamens is 'n onderwerp wat al baie jare hoofbrekings aan opvoedkundiges oor die hele wêreld besorg het en nog besorg.[4)] Beoordeling deur eksamens gee slegs 'n kwalitatiewe skatting van die skoolprestasies van leerlinge, maar dit skiet kort aan kwantitatiewe noukeurigheid.[5)] Veral by Geskiedenis waar die geheue hoofsaaklik getoets word, is die resultate in 'n groot mate onbetroubaar.[6)]

Om meting deur middel van eksamen so betroubaar moontlik te maak en om te verseker dat die Geskiedenispunte op dieselfde vlak as die van ander skoolvakke gehandhaaf bly, is die volgende prosedure in gebruik geneem:

(1) Keuse van vrae.

Vrae word oor die hele leergang gestel[7)] en die kandidate beantwoord vrae uit 16 vrae[8)] en vyf vrae uit 15.[9)]

(2) Opstel-tipe vrae.

Die tradisionele vrae was van die opsteltipe soos beskrywings, oorsake, redes, gevolge, inhoud, vergelykings, voordele, nadele ens.

/Talle.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.158.
2. Ibid., p.153.
3. Ibid., p.147.
4. **Nicolverslag**, p.199.
   T.O.D. Verslag van die oorsese sending, p.95.
   Worts, op. cit., p.56.
5. ı Toit, P.K., op. cit., pp.59 en 60.
6. Coetsee, p.214.
   ı Toit, P.K., op. cit., p.60.
   Worts, op. cit., pp.58 en 59.
7. Ou vraestelle staaf die bewering.
8. T.O.D. Universiteitstoelatingseksamen 1962.
9. T.O.D.. Eindeksamen van die middelbare skool 1962.
   Voorheen was die keuse nie so liberaal nie.

Talle onderwysers bly voorstanders van die opsteltipe vrae.[1)]

(3) Korter opstel of paragrawe.

Korter opstelle en/of paragrawe is welbekend en gewild.[2)]

(4) Kort-tipe vrae.

Onderwysers is verdeeld in hul menings oor die kort-tipe vrae. Kort-tipe vrae, met behoud van die opstelvrae, word aangeprys.[3)] Indien Geskiedenis in kort vragies ontbind word, is dit met die vak gedaan, meen andere.[4)]

Om die subjektiewe element by die beoordeling van Geskiedenis uit te skakel en om 'n objektiewe skaal vir meting van die Geskiedenisprestasie te vind, word van die Ballard-metode gebruik gemaak. Hierdie metode van meting word slegs vir Standerds VI-VIII aanbeveel en dan moet dit slegs 15 persent van die totale aantal punte uitmaak.[5)]

(B) Die stel van vrae.

Die stel van vrae geniet die aandag van sowel owerhede as van leerkragte. Die Transvaalse Onderwysdepartement vereis drie afsonderlike vraestelle vir die drie kursusse.[6)] Van die eksaminatore vir die

/eksterne.....

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.162.
   Sake van die T.O., Onderwysblad. LXVII, nr. 174. 1 Julie 1960, p.137.
   du Toit, P.K., op. cit., p.62.
   Jeffreys, op. cit., p.48.
   Roodt, A.G. Probleme in verband met die nuwe Geskiedenisleerplan vir Standerd IX en X. Onderwysblad. XLIV, nr. 739. 1 Mei 1961, p.42.
2. Homan, J.H. Vakkomitee, Geskiedenis, Onderwysblad. LVIII, nr. 660. Oktober 1954, p.256.
3. Roodt, A.G. Probleme in verband met die nuwe Geskiedenisleergang, Onderwysblad. XLIV, nr. 739. Mei 1961, p.42.
   Seitz, op. cit., p.41.
4. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.161.
   Van Jaarsveld, Geskiedenis en eksamen, Onderwysblad. LXIV, nr. 729. 1 Julie 1960, p.143.
   T.O.D. Omsendbrief nr. 50 van 22 April 1960.
   Sake van die T.O.D., Onderwysblad. LXVII, nr. 741. 1 Julie 1961, p.137. Die kort vrae van 1958 was teleurstellend.
5. Coetzee & Bingle. Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p.214.
   Onder dekking van skrywe T.O.A. 15/4/1962 van 3 Mei 1962 is die Transvaalse Onderwysdepartement besig om 'n opname van die menings van sy onderwysers oor die wenslikheid al dan nie van die opsteltipe vraag, die kort opstel en paragraaf, die kort-tipe vraag en die Ballard-tipe vrae te verkry.
6. van Wyk A.H. du P. Die toepassing en bevordering van gedifferensieerde middelbare onderwys, Onderwysblad, LXIX, nr. 753. Julie 1962, p.53.
   Verslag van die Oorsese sending, p.83.

eksterne eksamen word verwag dat hul vraestelle so gestel word dat die kandidate begryp wat van hulle verwag word;[1] dit liefs maklik gestel maar streng gemerk word,[2] billik en goed gebalanseerd wees, die vrae oor die hele leergang gestel word, minder geheuewerk-vrae gestel word,[3] dat eksaminatore bestaan uit onderwysers wat die vak doseer en nie uit universiteitsprofessore nie.[4]

(C) Beoordeling.

Ondanks die memorandum van die eksaminatore en deeglike bespreking, leiding en organisasie wat daarop volg, bly die nasien van Geskiedenisvraestelle vir die eksaminator en sy helpers 'n moeilike taak.[5] Eksamens dien as kennistoetse maar is geen wetenskaplike meters nie, en by Geskiedenis die minste van alle vakke.[6] In die eksakte vakke behaal die leerlinge honderd persent. In die matriekeksamen is 100 en meer onderskeidings in ander vakke behaal terwyl daar in Geskiedenis selde 30 onderskeidings per jaar behaal is. Om baie redes huiwer eksaminatore om hoë punte toe te ken en onderwysers voel gefrusteerd as hulle deeglike harde werk met 'n entoesiastiese en intelligente klas nie dieselfde resultate as die ander vakke oplewer nie.[7]

(D) Invloed en uitwerking van eksterne eksamens.

Eksamens met hulle eise het 'n doel op sigself geword[8] en daardeur die doel van die opvoedkunde[9] en die doelstellings van die Geskiedenis-

/onderwys.....

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1927, p.218.
2. Nicolverslag, p.204.
3. Pelzer, op. cit., p.121.
   Nicolverslag, pp.199-206.
4. du Toit, P.K., op cit., p.179.
   Norwood Report, pp.8 en 9.
5. Roodt, A.G. Matriekgeskiedenis. Red voordat dit te laat is. Onderwysblad. LVII, nr. 647. September 1953, p.17.
6. du Toit, op. cit., p.60.
   Jeffreys, op. cit., p.84.
7. T.O.D. Jaarverslag 1927, p.219.
   Homan, Werksaamhede van die Geskiedenis vakkomitee, Onderwysblad, LVII, nr. 644. 1 Junie 1953, p.11.
   T.O.D. Verslag van eksaminatore, Trap II. 1933.
   T.O.D. Verslag van eksaminatore, Junior Sertifikaat-eksamen 1934.
8. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerd VI-VIII) November 1958.
9. Van Jaarsveld. Geskiedenis en eksamen, Onderwysblad, LXIV, nr. 729. 1 Julie 1960, pp.142 en 143.
   du Toit, P.K., op. cit., p.187.

onderwys in die besonder verydel.[1] Daar word ook gestel dat die eise van eksamens die leergang bepaal[2] en daardeur die metodes van Geskiedenisonderrig. Hierdie metodes is daarop ingestel om goeie eksamenresultate te verkry en is dus opvoedkundig verkeerd.[3] Die leerling se waardebepalings wat die Geskiedenis moes aankweek, gaan verlore, asook sy belangstelling in die Geskiedenis veral nadat hy die skool verlaat het.[4]

(E) Interne eksamens.

Geskiedenisonderwysers wil meting deur middel van interne eksamens, gestandaardiseerde toetse en diagnotiese toetse laat plaasvind.[5] As aanvulling word aanbeveel:

.... Aan elke leerling word opgedra om 'n sekere tema binne 'n bepaalde tydperk van twee of drie dae tuis voor te berei en dan die volgende besonderhede te verskaf:

(1) 'n Lys van boeke wat van nut is vir die onderwerp,

(2) aantekeninge oor die onderwerp geneem uit een of meer boeke, met die titels van die boeke en bladsye op elke stel aantekeninge,

(3) bespreking van die onderwerp in twee bladsye,

(4) 'n verklaring deur die leerling dat hy geen hulp ontvang het nie. Die punte word dan as volg toegeken: 30 persent vir die boeklys, 30 persent vir die opstel van die aantekeninge en 40 persent vir bespreking. Hierop kan dan nog 'n gewone geheuetoets volg. 6)

/a. Terloopse.....

---

1. T.O.D., Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerd VI-VIII) November 1958.
2. Nicolverslag, pp.199-206.
   du Toit, P.K., op. cit., p.265.
   Worts, op. cit., p.58.
3. Ibid., p.59.
   McMillan, R.C. Bevordering in die laerskool met die oog op differensiasie in die hoërskool. Onderwysblad. LXI, nr. 697. 1 November 1957, p.337.
   Loubser, Eksamens, Onderwysblad. LIX, nr. 673. November 1955, p.269.
   du Toit, P.K., op. cit., p.188.
   Jarvis, op. cit., p.227.
4. Worts, op. cit., p.55.
   Association of assistant mistresses in secondary schools, curriculum eleven to eighteen. A memorandum based on an enquiry undertaken by a representative panel members of the A.M.M. into the curriculum of grammar schools, p.11.
   Hadow Report, p.176.
   T.E.D. Report 1927, p.68.
   Bavinck, De opvoeding der rypende jeugd, p.73.
   Worts, op. cit., pp.1, 74 en 82.
5. Nicolverslag, p.199.
   Board of Education. Report of the consultative committee on the education of the adolescent. Min. no. 19, pp.11 en 12.
   Sake van die T.O., Onderwysblad, LXVII, nr. 741, 1 Julie 1961. p.137
6. Hierdie stelsel word in die Gimnasium Hoërskool te Potchefstroom toegepas.

a. Terloopse waarneming.

Die wakker Geskiedenisonderwyser het sy vinger op die pols van elke leerling in sy klas. Deur die leerlinge se take wat in die vorm van opstelle, opsommings, kaarte e.d.m. kan wees, te waardeer, deur te let op die klasbespreking en die beantwoording van mondelinge vrae, stel hy vas in hoe 'n mate die leerlinge vorder al dan nie.[1]

b. Mondelinge toetse.

Waar die leerlinge in vasvrakompetisies optree, word vasgestel hoe die leerlinge vorder al dan nie. Sommige onderwysers stel altoos mondelinge vrae voordat daar met 'n les begin word, daardeur word die pligversuimer redelik gou betrap. [2]

c. Opstel.

As huiswerk word opstelle gegee en hierdie opstelle word noukeurig nagegaan en punte toegeken.

d. Diagnostiese toetse.

Wanneer 'n klas se werk onbevredigend is, stel die onderwyser deur diagnostiese toetse vas waar die fout lê. Hy pas dan remediërende onderwys toe. Hierdie diagnostiese toetse is ook 'n vorm van meting. [3]

(F) Gestandaardiseerde toetse.

Die Transvaalse Onderwysdepartement is besig met die opstelling van gestandaardiseerde toetse vir sy middelbare onderwys. Dit word in die vooruitsig gestel dat die peil van die werk van die Geskiedenisklas eendag met wetenskaplike akkuraatheid vasgestel sal word.

(5) OPMERKING

Uit voorgaande word afgelei dat: [4]

(i) soos reeds gese eksponente van die verskillende metodes fasette uit ander metodes gebruik,

(ii) verskillende leermiddels deur dieselfde onderwyser aangewend kan word,

(iii) en verskillende vorms van meting is in die Geskiedenisklas moontlik.

---

1. Van Jaarsveld & Rademeyer, op. cit., p.159.
2. Ibid.
3. Ibid., p.165.
4. T.O.D. Jaarverslag 1964, p.20.

HOOFSTUK VI

BEPALING VAN DIE KRITERIA VIR DIE RANGSKIKKING VAN LEERSTOF

A INLEIDING

In opvolging van die gestelde kriteria vir die keuse van die inhoud van 'n Transvaalse Geskiedenisleergang word in hierdie hoofstuk kriteria vir die ordening van leerstof in die leergang gestel.

Ordening van die leerstof in 'n bepaalde orde is onontbeerlik,[1] maar die doel, die inhoud, die praktyk van die opvoeding en die opvoedeling se aard, vermoë en vereistes behoort in ag geneem te word wanneer die ordening van die leerstof bepaal word.[2]

Voordat oorgegaan word tot die daarstelling van die kriteria vir leerstoforganisasie, sal beskouings in verband met leerstoforganisasie betreffende die doel, die opvoedeling en die opvoedkundige praktyk bespreek word. Die beskouinge wat aangedui is, sal dan in oënskou geneem word en eindelik sal kriteria vir leerstoforganisasie geformuleer word.

B DOEL VAN DIE LEERSTOFORGANISASIE

Die doel van die leerstoforganisasie is stellig om die aanvaarde doelstellings van die Geskiedenisonderwys te verwesenlik. Indien die leerstoforganisasie bereiking van die doelstellings moet bevorder, behoort die volgende beginsels in oorweging geneem te word:-

1. Die ordening van die leerstof behoort vir die leerlinge geleenthede te bied om selfwerksaam te wees deur leerstof te versamel, te verwerk en te rangskik, biblioteke en musea te besoek en aan uitstappies deel te neem.

2. Die ordening van die leerstof moet so gestel word dat verskillende hulpmiddels soos die radio, rolprente, kaarte en tydkaarte aangewend kan word.

3. Die leerstof moet so opgestel word dat probleme aangedui word; ja, probleme moet hulleself aan die leerlinge opdring, en hierdie

/probleme.....

---

1. Heiss, E.D., Obourn, E.S., & Hoffman C.W. Modern science teaching, p.70.
2. Judd, C.H . Psychology of high school subjects, p.336.

probleme moet opgelos word.

4. Die leerstoforganisasie moet ook sorg dra dat bekende en aanvaarde metodes aangewend word, w.o. die induktiewe ontdekking van beginsels en waarhede en deduktiewe toepassing van opgedane kennis.

5. Die ordening van die leerstof moet die kontinuïteit van Geskiedenis, hetsy progressief hetsy regressief, moontlik maak.

6. By die ordening van die leerstof moet die verstandelike vermoëns, vaardighede, aanleg en belangstelling van die opvoedelinge in gedagte gehou word. Geleidelik moet die leerlinge oorsaak en gevolg in die Geskiedenis kan naspeur, 'n ruimte- en tydsbegrip ontwikkel en uiteindelik 'n historiese sin verkry.

7. Die ordening moet sodanig wees dat dit die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing bevorder. In hierdie verband moet gewaak word teen die ewolusiegedagte wat by die junior klasse van die middelbare skool mag ontstaan wanneer die geskiedenis van die vroegste mens of oermens behandel word. Om 'n eie lewens- en wêreldbeskouing deur die leerstoforganisasie aan te vul, moet geleenthede verskaf word vir ontwikkeling van die hoër denkprosesse wat vir die vorming van 'n eie lewensfilosofie nodig is.

8. Uiteindelik moet die leerstoforganisasie tot sosiale vorming van die leerlinge bydra.

C DIE ADOLESSENT EN LEERSTOFORGANISASIE

Die keuse en organisasie van leerstof moet so aangebied word dat dit op die regte tydstip in die behoefte van die opvoedelinge voorsien. Alhoewel die leerlinge drie verskillende kursusse, Standerd VIII, Standerd X en Universiteitstoelating volg, is hulle per slot van rekening almal burgers van die staat, maar ook wêreldburgers wat gelei moet word om probleme op te los, regte gesindhede aan te kweek en belangstelling in nasionale en wêreldgebeure te toon.

Vanweë die genoemde verskille in die verstandelike vermoëns van die leerlinge moet die onderlinge verskille asook die toenemende vermoëns by leerstoforganisasie in aanmerking geneem word. Die leerstof moet dus vir verskillende kursusse verskil en moet 'n stygende orde van moeilikheid toon. Selfs die eie aard van die losbol, die grootprater, die skugtere en die student sal erken moet word.

Vir die leerstoforganisasie word dus verder vereis:

1. Die gemeenskap vereis dat gesindhede en houdinge geleidelik

/aangekweek.....

aangekweek word om by die lewe aan te pas en sosiale probleme aan te durf wat tot die geleidelike verkryging van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing sal bydra.

2. By die rangskikking van die leerstof in 'n stygende orde van moeilikheid moet allereers selfs hierdie kernleerstof vir alle leerlinge gevind word en selfs hierdie kernleerstof behoort van die maklike en die konkrete na die moeilike en die abstrakte oor te gaan.

3. Die leerstof moet georganiseer word om by die logika van die vak aan te pas.

D DIE OPVOEDKUNDE EN DIE LEERSTOFORGANISASIE

Waar enigsins moontlik, moet van die erkende praktyke aangewend word sodat psigologies gesonde leermetodes moontlik is, soos:

1. Van die bekende na die minder bekende word gewerk om sodoende belangstelling en assosiasievorming te verseker. Die onmiddellike omgewing word die uitgangspunt van die leergang. As by die hede begin word, dan kan die retrogressiewe metode toegepas word.

2. Die leerstoforganisasie moet motiverings bevorder. Nuwe kennis moet deur kontakte met ou kennis verkry word. Probleme uit die lewe moet gestel word as 'n uitdaging om opgelos te word. Na die waarom van toestande en die begin van dinge moet gevra word.

3. Die leerstof moet so aangebied word dat 'n analitiese ordening plaasvind waar met die geheel begin word en na die onderdele terug gewerk word. Hierdie benadering sal aan die motiveringsvereistes voldoen want dit sal by die bekende, die konkrete en die hede begin en op die onbekende, die abstrakte en die verlede afstuur. Dit sal prikkel om eie herkoms vas te stel soos familiename, familiewapens en lande van herkoms. Die erfenis wat van die moederlande ontvang is, sal duidelik word. Kultuurgoedere sal na waarde geskat word.

4. Die leerstoforganisasie moet integrasie van leerstof bevorder sodat strominge in die Geskiedenis en ideologieë verstaanbaar word.

5. Die leerstoforganisasie moet sorg dra dat die Geskiedenisleergang met kunste en wetenskappe korreleer. Die Renaissance en die Nywerheidsontwikkeling sal dan verstaanbaarder aangebied kan word.

6. Die leerstof kan georganiseer word in die vorm van eenhede wat onderwerpe of strominge of tydperke kan wees, soos:

(A) Die huidige industrialisasie in Suid-Afrika kan aangewend word om die industrialisasies van die verlede verstaanbaar te maak.

(b) Nasionalisme.....

(B) Nasionalisme in Suid-Afrika kan dien om die opkomende nasionalisme van die verlede in Europa en die Amerika te verklaar, asook die teenswoordige opkomende nasionalisme in Asië en Afrika.

(C) Die ontvolking van die platteland kan as 'n eeue-oue verskynsel bestudeer word.

(D) Kommunisme.

(E) Nasionaal-sosialisme.

(F) Fascisme.

(G) Didakture in Afrika, Rusland, Italië, Duitsland, Spanje, Latyns-Amerika en Asië.

(H) Imperialisme.

(I) Kapitalisme.

(J) Die veranderde wêreldkaarte.

(K) Sake van die dag wat veranderinge in die wêreldpatroon aantoon waarvan oorspronge in die verlede te vinde is.

Bostaande indeling sal dien om die leerlinge te prikkel om selfstandig te studeer. Koerante en tydskrifte, die radio en rolprente sal 'n voller betekenis verkry en 'n induktiewe soeke na waarheid en 'n deduktiewe toepassing van kennis meebring. Ou begrippe soos didakture, goddelike reg van die koning, die volkstem en emansipasie sal opgehelder word.

7. Die organisasie moet probleemoplossing bevorder. Insig moet tot intensiewe denke lei, wat die tradisionele memoriseer van feite tot 'n minimum reduseer. Die leerstof bied ruimskoots geleenthede om probleme op te los, soos:

(A) Die herkoms van die inwoners van die eie klein gemeenskap kan vasgestel word asook die redes van die verhuising.

(B) Die lande van die herkoms en die sedes, gewoontes en geskiedenis van die inwoners kan as probleem gestel word.

(C) Die verskillende standpunte van die verskillende bevolkingselemente van die heterogene gemeenskap kan opgespoor word asook die redes daarvoor.

(D) Ideologieë soos in die eie gemeenskap waargeneem, kan dien as take om nagespeur te word.

(E) Strydvrae wat soms in die openbare pers verskyn, kan dien as leerstof vir probleemoplossing soos plekname, koetsroetes, transportpaaie, slagvelde, wapens, werktuie, blokhuise en begraafplase.

8. Die leerstof moet so georganiseer word dat dit induksie en deduksie bevorder.

/9. Van die.....

9. Van die leergangsamesteller word vereis dat hy sy leerstof so sal aanbied dat dit selfwerksaamheid sal bevorder.

10. Ook moet die organisasie van die leerstof verveling vermy en sorg dra dat afwisseling moontlik is.

E ONTLEDING VAN DIE BESKOUING OOR LEERSTOFORGANISASIE

Twee aspekte van die leerstoforganisasie wat uit die voorgaande opmerklik is, is die plan waarvolgens die leerstof aangebied kan word en die finale vorm van die leergang.

1. Organisasieplan.

Die leerstof kan as volg georganiseer word:

(A) Kronologies-progressief

By die begin van die geskiedenis van die mens word begin en die strominge van die geskiedenis tot die hede word gevolg. So 'n plan gelyk op die vertel van 'n verhaal. Vir die Standerd Sesse begin dit "lank gelede". Hulle verbeelding moet hul in die verlede projekteer en baie van die leerstof sal soos sprokies klink. Namate die leerlinge ouer word en meer gevorderd raak, kom hul nader aan die moderne tydperk van die geskiedenis. In Standerd X maak hulle kennis met die situasie waarin die geskiedenis hulle beland het.

(B) Kronologies-regressief

Die Standerd Sesse begin by die onmiddellike en die bekende en werk terug tot na die begin van die mens se geskiedenis. Wanneer hulle in Standerd X is, het die geskiedenis vir hulle 'n onwerklikheid geword. Die hede met sy probleme het met die verloop van 4-5 jaar vervaag.

(C) Die konsentriese plan

Dit kan of konsentries-progressief of konsentries-regressief wees. Die Geskiedenisleerstof word twee of drie keer in die leerlinge se middelbare skoolloopbaan herhaal. Elke keer word meer gevorderde leerstof bygevoeg. Die leerlinge behou die breë agtergrond en bou gedurig daarop voort.

(D) Tydperk-indelings

Tydperke uit die geskiedenis word bestudeer. Die tydperke kan of progressief of regressief georganiseer wees. Die nadeel is dat die kontinuïteit van die geskiedenis versteur word en die voordeel is dat leerstof gekies kan word sodat net die "belangrikste dele" van die geskiedenis geleer word.

/2. Die psigologiese.....

2. Die psigologiese plan.

By die vasstelling van 'n psigologiese plan word pedosentries te werk gegaan en word motivering, probleemoplossing, afwisseling van die leerstof, selfwerksaamheid, induksie en deduksie, integrasie van die leerstof en van die bekende na die minder bekende in gedagte gehou.

'n Paar van die opvallende nadele is dat die welfwerksaamheid wat met probleemoplossing vereis word, te veel tyd in beslag neem. Die leerlinge sal by die voltooiing van die kursus nie 'n volledige oorsig van die Geskiedenis hê nie. Leerboekskrywers en leergangsamestellers sal beswaarlik leerboeke kan skrywe en leergange saamstel wat deur opvoeders sonder meer aanvaar sal word.

Die voordele van die psigologiese plan is dat dit 'n gedifferensieerde leergang kan aanbied waarin die aanleg en vermoëns van die leerling in aanmerking geneem word.

Gevolgtrekking

Dit is moeilik om net juis een enkele plan aan die hand te doen. Integrasie van planne mag 'n moontlike uitweg wees. By so 'n intergrasieplan moet die volgende in aanmerking geneem word:

(A) Begin by die hede en eie omgewing, m.a.w. by die bekende.

(B) Verdeel die leerstof in eenhede met sentrale gedagtes.

(C) Voorsien die eenhede van subhoofde, maar die leerstof moet oorsigtelik aangebied word.

(D) Verdeel die leerstof in konsentriese sirkels. Die laaste konsentriese sirkel kan in die verlede begin en met die hede eindig.

Hiervolgens word Geskiedenis 'n lewenstaak en nie 'n leervak nie. Dit bring insig en werk spanning teen.

Die vorm van die leergang.

Jare ongeteld is en bly die onderwysers ontevrede met die huidige en tewens tradisionele vorm van die leergang. Die leergang leen hom tot die gedagte dat Geskiedenis 'n leervak is. Omdat die leergang so omvangryk is, word net sekere dele van die leergang deeglik behandel en word eksamenvrae "gespot" - meer as by ander skoolvakke.

F FORMULERING VAN KRITERIA VIR DIE RANGSKIKKING VAN DIE LEERSTOF

Wanneer die leerstof georganiseer word, moet dit ooreenstem met die

/genoemde.....

genoemde doelstellings: dit psigologies, kronologies-regressief of kronologies-progressief ingedeel word en by die omgewing en eietydse geskiedenis begin.

Verder moet die leerstof ingedeel word in tydvakke of strominge in die geskiedenis. Dit moet persoonlike, sosiale, nasionale en inter-nasionale probleme bevat.

Voorts moet dit sorg dra dat daar van die bekende na die minder bekende gewerk word, dat motivering duidelik is, dat materiaal analities behandel word, integrasie plaasvind, probleemoplossing aangemoedig word, induksie en deduksie tot hul reg kom, selfwerksaamheid van die leerlinge en afwisseling van leerstof en leermetodes in gedagte gehou word en dat die indiwiduele verskille van die leerlinge in aanmerking geneem word.

Die leerstof moet in 'n bepaalde vorm aangebied word:-

1. Dit moet in twee konsentriese sirkels ingedeel word, nl. vir Standerds VI tot VIII en Standerds IX en X.

2. Die leerstof moet vir Standerds VI tot VIII vir drie kursusse voorsiening maak, nl. Standerd VIII-kursus, Standerd X-kursus en Universiteitskursus.

3. Die leergang moet by die huidige tydperk begin.

4. Die leergang moet bepaal dat die omgewingsgeskiedenis behandel word.

5. Die leerstof moet kronologies-regressief of kronologies-progressief ingedeel word.

6. Die leergang hoort so saamgestel te word dat die leerlinge sowel by die deurloping van Standerd VIII as by die beëindiging van middelbare skoolkursus in Standerd X, 'n oorsigtelike kennis van die geskiedenis van die menseras sal hê.

7. Die organisasie van die leerstof moet sodanig wees dat die leerling genoegsaam tyd sal hê om aspekte van die geskiedenis waarin hy belangstel, te ondersoek.

8. Die leerstof hoort so opgestel te word dat dit probleme aandui wat vir die leerlinge oplosbaar sal wees.

9. Die leerstof moet so georganiseer word dat die verband tussen die Suid-Afrikaanse Geskiedenis en die geskiedenis buite Suid-Afrika gesien word.

10. Die leerstof moet so ingedeel word dat die leerlinge gedurende die duur van die kursus voortdurend sal besef dat:

(A) daar nie.....

(A) daar nie so iets soos die laaste woord in geskiedenis is nie,[1)]

(B) die toekoms nie voorspelbaar is nie,[2)]

(C) die voortbestaan van die menslike ras van aktuele belang is,[3)]

(D) sy kennis van die algemene verloop van die geskiedenis slegs 'n raamwerk is waarin latere opgedane kennis moet inpas,[4)]

(E) sosiale geskiedenis net so belangrik is as verhalende, militêre en staatkundige geskiedenis,[5)]

(F) groot persoonlikhede en groot gebeurtenisse soms die reaksies van rampe en moeilikhede is,[6)]

(G) nuwe tydperke in die geskiedenis soms deur oorloë en rewolusies ingelui word,[7)]

(H) eenhede in die geskiedenis wat nie aan dieselfde tydperke gemeet is nie, tog met mekaar vergelyk kan word,[8)]

(I) dit moeilik is om die relatiewe belangrikheid van gebeurtenisse te bepaal,[9)]

(J) bykans alle geskiedenis uit vooropgestelde standpunte geskrywe is en dat talle skrywers onbewus is van die feit dat hul geskiedskrywing hul politieke standpunt beliggaam,[10)]

(K) daar selfs ook gevaar lê in die feit dat mens te eerlik wil wees en soms die deugde van ongewilde gevalle oorskat,

(L) die leer van kontemporêre geskiedenis beklemming en spanning meebring.[11)]

11. Die leerstof moet so ingedeel wees dat die kontinuïteit van die geskiedenis behoue bly en dat 'n geheelbeeld van die geskiedenis verkry word. Ofskoon alle leerstof wat die leervak Geskiedenis moontlik kan bevat, nie in 'n leergang opgeneem kan word nie, kan dit tog so gerangskik word dat daar nie onoorbrugbare gapinge ontstaan nie.

/12. Daar die.....

---

1. Toynbee, A.P., Comparing notes. A dialoque across a generation, p.76.
2. Ibid., p.64.
3. Ibid., p.155.
4. Ibid., p.79.
5. Ibid., p.76.
6. Ibid., p.75.
7. Ibid., p.56.
8. Ibid., p.56.
9. Ibid., p.62.
10. Ibid., pp.63 en 116.
11. Ibid., pp.126 en 153.

12. Daar die leermetodes en ook die aanwending van leerstof van skool tot skool verskil, is dit nie moontlik om 'n leergang in kort periodes of weeklikse lesse in te deel nie. Die leerstof moet sodanig georden wees dat die onderwysers hulle eie werkskemas kan opstel wat by hulle eie omgewings en tegnieke aanpas.

13. Die leerstof moet in temas of onderwerpe of tydperke onderverdeel word sodat elke onderafdeling 'n eie beeld omdra. Dit sal lei tot die waarneming van hoe een gebeurtenis tot 'n volgende een lei, van strominge in die geskiedenis en van hoe oorsaak en gevolg ontstaan. Hersiening in Geskiedenis sal derhalwe vergemaklik word.

14. Die leerstofindeling moet die aanwending van die verskillende leermetodes en die daarmee gepaardgaande beginsels van die algemene onderwys moontlik maak.

G ALGEMEEN AANVAARDE STELLINGS EN MENINGS OOR DIE SAMESTELLING VAN 'N GESKIEDENISLEERGANG

Daar die Transvaalse Onderwysdepartement oor 'n groot korps opgeleide, gekwalifiseerde en ervare Geskiedenisonderwysers beskik, kan die opstelling van 'n Geskiedenisleergang binne 'n rekbare raamwerk aan die onderwysers opgedra word.[1] Die omstandighede verskil van skool tot skool: 'n leergang wat by die plaaslike omstandighede aanpas, kan opgestel word.[2]

Die departementele raamwerk wat vir die uitwerk van 'n leergang bedoel is, sal allereers die kernleerstof aandui wat die minimum historiese kennis bevat wat die normale middelbare skoolkind nodig het om as 'n ontwikkelde wese deur die wêreld te gaan.[3]

Die vereiste van die Departement moet dan ook wees dat die leergangsamesteller die hooftrekke van die geskiedenis waarborg[4] wat kronologiesprogressief meegedeel[5] word sodat die leerling, wanneer hy die skool verlaat, 'n geheelbeeld van die geskiedenis sal saamdra.[6] Dit sal dan 'n oorsigtelike geskiedenis ten gevolge he.[7]

/Allerlei.....

---

1. Ginn, op. cit., p.74.
   Prelier, op. cit., p.14.
   Nicolverslag, p.151.
2. Van Dyk, J.d. Geskiedenis as 'n opleiding tot burgerskap, p.63.
3. Draper, E.M. Principles and techniques of curriculum making, p.
4. **Nicolverslag**, p.152.
   Geskiedeniskonferensie, Onderwysblad, LXIV, nr. 727, Mei 1960, p.93.
   Jeffreys, op. cit., p.25.
5. Ministry of Education. Pamphlet 23, pp.25 en 33.
6. Kjaldstadli, op. cit., p.68.
7. Roodt, A.G. Die nuwe Geskiedenis-leergang vir st. IX en X. Onderwysblad. LXIV, nr. 728. Junie 1960, p.121.

Allerlei oorwegings word in ag geneem om 'n prakties uitvoerbare leergang op te stel.

Ten eerste moet die leer van 'n magdom feite nie as die alfa en omega van die Geskiedenis beskou word nie. Hulle word immers amper net so gou vergeet as wat hulle geleer word.[1] Indien 'n leerling in sy latere lewe historiese feite nodig het, is dit voldoende as hy weet waar om hulle te bekom. Die memorisering van feite moet deur een of ander doel gemotiveer word. Dit gaan gewoonlik gepaard met sowel een of ander vorm van fisiese aktiwiteit as die gevoelens van vyandigheid, tevredenheid of onverskilligheid teenoor 'n voorgestelde situasie.[2]

Die leergangsamesteller kan verpligte afdelings stel waaroor eksamenvrae gestel word, en opsionele afdelings wat net gelees moet word;[3] of hy kan die hele leergang vlugtig laat behandel en by hersiening net gekose afdelings herhaal;[4] of hy kan temas as afgeronde eenhede voorskryf deurtrek van verbindingslyne wat klem lê op die groot historiese samehange en die oorsake en werking daarvan.[5] Ook kan hy 'n leergang opstel volgens tydperkindeling en die afbakenmetode aanwend om elke onderafdeling afgerond te laat voorkom.

Elke tema of tydperk word deur 'n doelstelling voorafgegaan om die leerlinge se belangstelling te prikkel, 'n doel voor oë te stel en om nut van die werk aan te toon veral waar die leerling self die nuttigheid en waarde van die geleerde kan insien.[6]

Die omvang van elke tema of tydperk moet beperk word. Ook is dit nodig om die inhoud so te betrek dat dit aansluit by die vermoëns, behoeftes en belangstelling van die bepaalde groep leerlinge vir wie dit bedoel is. Die Hervorming byvoorbeeld sal met omsigtigheid aangepak moet word want dit is te betwyfel of dit vir die juniors van die hoërskool enige opvoedkundige waarde het.[7] Die studie van die Franse Rewolusie vereis ook deurdagte beplanning.

Indien die leergangsamesteller sy leergang in projekeenhede sou wil saamstel, moet die leerstof heeltemal anders benader word.[9]

/Dit is.....

---

1. Kjaldstadli, op. cit., p.67.
2. Coetsee, op. cit., p.67.
3. Van Dyk, op. cit., p.132.
4. Mc Iver, A.O. Die opstel en nasien van Geskiedenisvraestelle en -skrifte. Onderwysblad, LIX. nr. 673, 1 November 1955, p.275.
5. Nason, op. cit., p.70.
6. Charters, W.W. Curriculum p.17.
7. Worts, op. cit., pp.118-120.
8. Bergh, L.J.W. Geskiedenis op skool, Onderwysblad, LVIII, nr. 660. Oktober 1954, p.241.
9. Jeffreys, op. cit., p.41.

Dit is ook onwenslik om in die middelbare skool Geskiedenis onder te verdeel in Ekonomiese Geskiedenis, Kulturele Geskiedenis of Konstitusionele Geskiedenis.[1] Daar moet eerder getrag word om te voorsien in toestande wat tot integrasie van funksies sal lei. Sodoende word die aanpassing by moontlike lewensomstandighede in die vooruitsig gestel.[2]

In 'n kindsentriese leergang is die probleme wat by differensiasie van die leerstof opduik, legio. Talle vraagstukke moet opgelos word, waarvan net 'n paar genoem word.

Die beginpunt van die Geskiedenis lewer probleme. Moet die Standerd VI-klas begin by die teenswoordige en bekende Geskiedenis en Aardrykskunde waarvan hy in die laerskool baie kennis opgedoen het wat hom deeglik in die hede oriënteer? Of moet die Standerd VI-klas sy Geskiedenis met die Steentydperk[3] of met die bekende bakermat van die Westerse beskawing begin?[4] Of moet die uitgangspunt die geskiedenis van die Israeliete wees?

Moet die beginpunt van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis vir Standerd IX 1834 of 1854, en van die Algemene Geskiedenis 1848 of 1789 wees?[5]

Wanneer die beginpunt vasgestel is, is ook vasgestel of die leerstof kronologies-progressief of kronologies-regressief behandel word. Wanneer die beginpunt vasgestel word, sal die onderwyser ontdek dat hoewel die leerlinge dieselfde voorafgaande kursusse meegemaak het, hulle nie oor dieselfde kennis beskik nie; ook sal gevind word dat dieselfde gedifferensieerde groepe se verstandelike, emosionele en sosiale ouderdomme verskil.[6] Die leergangsamesteller sal derhalwe 'n groot verskeidenheid leermiddels, leerboeke en onderafdelings in die leerstof in gedagte moet hou.[7]

In die leergang sal gewaak moet word dat nog die onderwysers nog die leerboekskrywers begrippe soos nasionalisme, patriotisme, Christelikheid,

/Protestantisme.....

---

1. Rowse, op. cit., p.187.
   Worts, op. cit., p.136.
2. Brooks. The psychology of adolescence, p.5.
3. Ministry of Education. Pamphlet no. 23, p.26.
4. T.O.D. Geskiedenisleergang, Standerds VI-VIII 1958.
5. Roodt, A .G. Die nuwe Geskiedenis-leergang vir Standerd IX en X, Onderwysblad, nr. 728, LXIV, 1 Junie 1960, p.121.
6. Sake van die T.O., Verslag van Geskiedenis-bespreking, Onderwysblad, LXIV, nr. 726, April 1960.
   Cole, op. cit., p.115.
7. Ibid.

Protestantisme en Katolisisme op 'n eensydige wyse by die leerlinge sal aanbring.[1)]

Die Geskiedenisonderwyser voel hom onseker oor die aard wat die Eind-eksamenvraestelle sal aanneem en oor die interpretasie van die aanvaarde gedifferensieerde leergang. Hy sal dan geneig wees om die lengte van die leergang te verkort en om sy leergang deur die aard van vorige eksamenvraestelle te laat beïnvloed.[2)]

Ten laaste moet die leergangsamesteller trag om die leerlinge vir hulle volgende vyftig jaar van volwassenheid voor te berei en nie vir hulle eerste twintig lewensjare nie.[3)]

---

1. T.O.D. Jaarverslag 1930, p.57.
   T.O.D. Leerplanne vir die middelbare skool.
   Handboek uitgegee in 1952, p.4.
2. Van Wyk, A.H. du P. Toespraak, Historia, nr. 1,
   Jaargang 1, 1956, p.9.
   Trevelyan, op. cit., p.22
3. Sake van die T.O., Onderwysblad, LXIV, nr. 741. 1 Julie 1961, p.137.

HOOFSTUK VII

KRITIESE BESKOUING VAN DIE FINALE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG 1967

A. DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG GETOETS AAN DIE KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE

1. INLEIDING

Die huidige Transvaalse Geskiedenisleergang bestaan uit twee afdelings, nl.

(A) Finale leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerds VI-VIII) wat in 1967 opgestel is, en

(B) Finale leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerds IX en X) wat ook in 1967 opgestel is.

Die eerste openbare eksamens onder die nuwe leergange, Eksamen vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool en die Universiteitstoelatingseksamen, is in Desember 1969 afgeneem. Vir Standerds VI, VII, VIII en IX word nie eksterne eksamens afgeneem nie.

Ten einde vas te stel in hoeverre hierdie leergang aan die kriteria van leerstofkeuse voldoen, word elke kriterium afsonderlik gestel en die leerstof daaraan getoets. Sowel leemtes as die voortreflikhede van die leergang word dan samevattend aangedui.

Die leergang word in sy geheel as bylae aangehaal.

2. DOELSTELLINGS VAN DIE TRANSVAALSE LEERGANG

(A) Die leergang noem of impliseer doelstellings soos die psigologiese, wetenskaplike, kulturele, internasionale, nasionale en filosofiese vorming van die leerlinge, belangstelling in die geskiedenis wanneer die skool verlaat word en die aankweek van 'n historiese gesindheid sodat die verlede 'n "lewende verlede" is.

(B) Die volgende doelstellings ontbreek:

(1) die pertinente stelling van 'n einddoel en die religieuse vorming van die opvoedelinge,

(2) die teleologiese doelstelling,

(3) propedeutiese doelstelling,

/(4) die aanbring.....

(4) die aanbring van 'n ruimtebegrip en

(5) onder die gestelde kennis ontbreek onder andere kennis van die Ooste en die Latyns-Amerikaanse state.

3. TOETSING VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG AAN DIE KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE

(A) Die leerstof moet so gekies word dat dit 'n eie lewens- en wêreldbeskouing by die leerlinge laat posvat en ontwikkel. Daar die leergang so 'n moontlikheid aanbied, beantwoord dit aan hierdie kriterium.

(B) Die leerstof is gekies in ooreenstemming met die doelstelling van persoonlike en sosiale vorming en voldoen dus aan die gestelde kriterium in soverre dit

(1) historiese feite, hulle oorsake en gevolge en aandeel in die verloop van die geskiedenis, asook die uitwerking daarvan op die gemeenskap aandui,

(2) geleentheid bied vir selfwerksaamheid in die vorm van stofversameling, waarmerk en orden, asook die oplossing van probleme in die vooruitsig stel. Die hoeveelheid leerstof wat vir Standerds IX en X voorgeskryf is, is egter te veel om aan hierdie vereistes volkome te voldoen,

(3) voorsiening maak vir die raadpleging van standaardwerke; dog die Standerd IX en X-leergang is so oorlaai dat die leerlinge slegs enkele leerboeke kan raadpleeg,

(4) besoeke aan musea, monumente en geskiedkundige plekke moontlik maak, mits dit gedurende skoolvakansies plaasvind,

(5) die studie van etnologie insluit waar die inboorlingrasse van Afrika bestudeer word. Die Nie-blanke rasse word behandel, en vraagstukke ten opsigte van die Kleurlinge en Indiërs geniet die aandag,

(6) studie van die gesinslewe moontlik maak waar die sosiale aspekte geleer word, en

(7) voorsiening maak vir die studie van die land se natuurlike hulpbronne.

(C) Die leergang neem die vereistes van die moderne gemeenskap in ag. Dit wys die leerlinge ook op hulle voorregte, regte en verpligtinge. Uit die voorgeskrewe leerstof is dit ook moontlik om die samelewingsvorme te ontdek en te waardeer.

(D) Die leergang neem wel deeglik die vermoëns, belangstellings en

/behoeftes.....

behoeftes van die leerlinge in ag. Die massa leerstof wat bemeester moet word, kan egter vir die leerlinge te veeleisend wees. Indien hulle twee of drie leerboeke moet deurwerk, bly daar nie tyd vir naslaanwerk oor nie.

(E) Die voorgeskrewe leerstof soos in die leergang aangedui, korreleer goed met vakke soos Burgerkunde, Volkekunde, Aardrykskunde, Kuns en die landstale. Integrasie met hierdie vakke vind egter nie plaas nie.

(F) Die leerstof kan so bestudeer word dat dit nuttig vir sowel die indiwidu as die gemeenskap is. Die geestelike goedere soos vryheid, waarheid, godsdiens en staatkundige onafhanklikheid kan voortdurend die aandag geniet. Kultuurgoedere soos die beeldende kunste en letterkunde is egter afgeskeep.

Die leerstof kan, indien dit reg aangebied word, vir die gemeenskap waardevol wees. Dit bring die konstellasie van die huidige Suid-Afrikaanse bevolking pertinent onder die aandag van die leerlinge. Dit toon ook geleidelik aan hoe die verskillende groeperinge ontstaan het en wys op die gesindhede wat die verskillende bevolkingsgroepe teenoor mekaar moet openbaar asook die verpligtinge wat nagekom moet word.

(G) Die leerstof gee egter nie 'n kronologiese geheelbeeld van die verlede nie. Die kontinuïteit word onderbreek. Die kousale in die voorgeskrewe leerstof word vereis, dog die eenheid van die vak bly nie behoue nie.

(H) Alhoewel die leerstof probleemoplossing deur die leerlinge moontlik maak, is die leergang te oorlaai om hierdie aspek van die vak reg te laat geskied. Ten tweede is dit ook moeilik om in die middelbare skool genoegsaam materiaal te vind om probleme op te los. Daar word aanbeveel dat plaaslike geskiedenis hiervoor aangewend moet word.

(I) Die leerstof kan aangewend word om die leerlinge te aktiveer. Die leerstof in Standerd VI bied geleentheid vir die maak van modelle en die soek na materiaal vir plakboeke. Die werk van Standerds VII en VIII kan in biblioteke nageslaan word, terwyl Standerds IX en X heelwat deur die dagpers en radio geprikkel sal word.

(J) Die leerstof van Standerd VI sluit by die bekende aan.[1)]

(1) Die Suid-Afrikaanse geskiedenis behels: Standerd III: Gebeurtenisse wat gelei het tot die ontdekking van die Kaap, stigting van die Nederlandse nedersetting aan die Kaap, Nederlandse goewerneurs, uitbreiding van die Kolonie na die

/binneland.....

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis in die laerskool 1966.

binneland, die leefwyse van die bewoners en die onbestendige jare aan die Kaap.

Standerd IV. Die tweede besetting van die Kaap, die Britse Setlaars, eerste nedersetting in Natal en Natalia.

Standerd V. Die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Republiek, die Oranje-Vrystaat 1848-1868, vooruitgang van die Kaap-Provinsie 1845-1861, die ontdekking van diamante, die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Eerste Vryheidsoorlog, die ontdekking van goud, Britse uitbreidingsbeleid 1871-1899 en die Tweede Vryheidsoorlog.

(2) Algemene geskiedenis.

Standerd III: 'n Sestal temas.

Standerd VI : Ses temas.

Standerd V : Agt temas.

(3) Burgerkunde.

Standerd IV: Provinsiale bestuur.

Standerd V : Ons landsregering, simbole van die Republiek en burgerskap.

Uit bostaande blyk dat wanneer die leerlinge na die middelbare skool gaan, hulle heelwat kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en Burgerkunde opgedoen het. Hulle kennis van die Algemene geskiedenis, as dit met die van 1914 tot 1948 vergelyk word, is maar gering. [1)]

(K) Gedurende die middelbare kursus kan daar deur middel van assosiasievorming van opgedane kennis gebruik gemaak word. Die mens se behoeftes, node en strewinge bly konstant en dit kan as aanknopingspunte vir die aanleer van nuwe kennis dien. Die leerstof soos in die leergang vervat, leen hom vir assosiasievorming.

(L) By die bestudering van die Geskiedenisleerstof wat die Suid-Afrikaanse universiteite in hulle eerste kursusse voorskryf, is gevind dat die Transvaalse Geskiedenisleergang goed hierby aansluit. Die Transvaalse leerlinge het gedurende hulle kursus 'n groot deel van die leerstof behandel wat die universiteite vir die eerste jaar voorskryf.

(M) Die leergang maak genoegsaam voorsiening vir onderlinge verskille. Die leerstof is in kursusse ingedeel om aan drie bekwaamheidsgroepe se vermoëns te voldoen. Dit differensieer egter nie tussen meisies en seuns nie; meer sosiale geskiedenis kan voorgeskryf word om die belangstelling van die meisies te behou. Andersins voldoen die

/leerstof.....

---

1) T.O.D. Jaarverslag 1923, p.106. Inspekteur J.C. Markotter: "Die Geskiedenis by Standerd VI leerlinge sal 'n Matrikulasie leerling nie oneer aandoen nie."

leerstof aan hierdie vereistes want:

(1) 'n Kernleerstof wat alle beskaafde Suid-Afrikaanse kinders moet ken, word aangegee, onverskillig of die leerlinge die skool na Standerd VIII verlaat of na Standerd X.

(2) Die leergang neem die feit in aanmerking dat Standerd VI-VIII-leerlinge se ruimtebegrip, tydsbegrip en historiese sin nog maar swak ontwikkel is. Waar van hierdie junior klasse geverg word om oorsaak en gevolg aan te dui en die kousale in die geskiedenis te begryp, kan dit nie bevredigend verantwoord word nie.

Wat die leerstof van Standerd VI betref, is dit te veel van die leerlinge geverg om begrippe soos demokrasie, outokrasie, kultuurbemiddelaars, Hellenisme, republikanisme en so meer te verstaan. Die regeringsstelsels van die verskillende volkere van die oudheid, die verskillende kunsvorme, die verskillende prestasies in letterkunde, boukuns, regspleging wat geken moet word, veroorsaak spanning by die leerlinge. Die tallose name van persone en plekke asook die datums is vir die Standerd VI-leerlinge oorweldigend en die leer van talle persoonsname gedurende die Renaissance is meestal bloot geheuewerk.

(N) Alhoewel die leergangsamestellers differensieer, moes die verskillende kursusse tog basies dieselfde leerstof aanbied. Soms is leerstof bygevoeg en soms verminder. Ook is werk van die vorige standerds herhaal. Die volgende is opvallend:

Standerd VIII-kursus.

(1) Standerd VI. In die Algemene Geskiedenis is weggelaat:
(Aan die leser: Vir gerieflike kruisverwysing is die onderstreepte nommers onveranderd uit die Departementele omsendbrief geneem).

(a) (ii) Die totstandkoming van ons alfabet.
(a) (iii) Die ontwikkeling van die wetenskap.
(a) (iv) Die ontwikkeling van die kunste: Rome, Akropolis, skilderkuns, beeldhoukuns en letterkunde.
(b) Die stigting van die Christelike Kerk.

In die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is weggelaat:
(a) Hersiening van die werk van die primére kursus deur 'n legkaart (aankoms en verspreiding) van ons bevolking.
(b) (ii) Simon van der Stel: uitbreiding.
(b) (v) en (b) (vi) word net verskillend bewoord, maar wesenlik is dit dieselfde leerstof.

/Hierdie.....

Hierdie vermindering van die leerstof van die Algemene Geskiedenis is hoogstens 'n halwe kwartaal se werk en die van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is minimaal.

Op die keper beskou, is die hoeveelheid leerstof amper dieselfde.

(2) Standerd VII. In die Algemene Geskiedenis is weggelaat:

(i) Die godsdienshervormers Zwingli en Knox en die Jesuïete.

(iii) Die ontstaan van die Verenigde State van Amerika.
Die kolonisasie tot en met die Amerikaanse Vryheidsoorlog.

In die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is weggelaat:

(ii) Die Britse beleid ten opsigte van die Hottentotte, die Bantoe en die slawe.

(iii) Die tydperk van die presidente.

Oor hierdie differensiasie word opgemerk:

1 (iii) Die weglating van die vroeër geskiedenis van die wording van die Verenigde State is stellig 'n fout. Die Verenigde State se rol in die wêreld en sy invloed op Suid-Afrika regverdig 'n paar lesse oor sy geskiedenis. Ook sal die parallelisme in die geskiedenis van hierdie twee lande die leerlinge nie ontgaan nie.

2 (ii) Om tot 'n beter insig te geraak van hoe die huidige Britte en vreemdelinge oor Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling dink, is dit wenslik dat die leerlinge kennis neem van hoe Engeland destyds teenoor die Nie-blankes opgetree het.

2 (iii) Suid-Afrika het 'n president. Die Transvaalse kinders moet immers 'n ietsie van die vorige presidente weet.

(3) Standerd VIII. Weggelaat in die Algemene Geskiedenis:

1 (i) Die Franse Rewolusie. Hierteenoor moet die Standerd VIII-kursus-leerlinge die maatskaplike oorsake van die Franse Rewolusie leer. Dit impliseer tog kennis van die Franse Rewolusie.

1 (ii) Die nywerheidsomwenteling in Engeland en in Suid-Afrika na 1910. Om die opset en struktuur van ons volkslewe te verstaan, moet skoolverlaters tog weet waarom ons nywerhede is soos hulle is, waarom die platteland ontvolk raak, hoe die groot "Bantoe-stede" om ons stede ontstaan het asook die gepaardgaande probleme van afsonderlike ontwikkeling.

1 (iii) Die R.S.A . se betrekking tot die onafhanklike swart state in Afrika. Hoe Suid-Afrikaanse burgers hulle koerante kan lees en na die radio luister sonder om iets van ons betrekkinge met die swart

/state.....

state in Afrika te weet, is bra moeilik verklaarbaar.

In die Suid-Afrikaanse Geskiedenis is weggelaat:

2 (ii) Die Britse Gemenebes van Nasies, die Imperiale Konferensie van 1926 en die statuswet van 1934.

Wat die leergange van Standerds VI-VIII betref, is die leerstof in so 'n mate verdun of verminder dat die leerlinge wat die Standerd VIII-kursus volg, nie baie baat daarby vind nie; inteendeel, hulle mag 'n onvolledige beeld van die geskiedenis kry en sal beswaarlik tot 'n historiese insig kom.

DIE STANDERD IX- EN X- LEERGANG

Oorsigtelik word aangedui hoe die leerstof van die Eindeksamenkursus met die van die Universiteitstoelatingskursus verskil. Die volgende leerstof is in die Eindeksamenkursus weggelaat of verdun (Die leerstof wat reeds in Standerds VI-VIII of in die laerskool behandel is, word in hakies aangedui).

Afdeling A.

Algemene Geskiedenis.

Eerste studie-onderwerp.

1. Die verspreiding van nasionalisme en liberalisme in Europa. Geen.
(Oorsake van die Franse Rewolusie: St. VIII.
Napoleon I : St. VIII).

Tweede studie-onderwerp.

II Demokratisering as 'n uitvloeisel van industrialisering.

B Die Britse Ryk en die Statebond.

1. Sending van Durham.
(Die nywerheidsontwikkeling: St. VIII)

Derde studie-onderwerp.

III Opkoms van Wêreldmoondhede.

Kandidate vir die Eindeksamen neem slegs twee van die drie afdelings, nl. :

(A) Die ontwikkeling van die V.S.A. tot 'n wêreldmag.

(B) Die ontwikkeling van die U.S.S.R. tot 'n wêreldmoondheid.

(C) Die ontwikkeling van Japan tot 'n wêreldmag.

/Vierde.....

Vierde studie-onderwerp.

IV Imperialisme en die betrekkings tussen die Grootmoondhede (1871-1919) en die internasionale bewegings daarna.

C. Die Volkebond.

D. Die Verenigde Volkere-organisasie (St. VIII).

E. (Van die Rewolusie in Afrika sedert 1939 is in St. VIII geleer).

Algemene opmerking: Kandidate vir die Eindeksamen se leerstof is ongeveer een tiende minder as die van die Universiteitsgroep.

Afdeling B.

Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Eerste studiegroep.

1. Immigrasie en uitbreiding in Suidelike-Afrika.

B. Suidwes-Afrika.

5. Ekonomiese ontwikkeling tot 1914.

C. Rhodesië.

5. Ontwikkeling in die twintigste eeu in breë trekke tot aan die einde van die Geoktrooieerde Maatskappy se bewind (1923).

(In St. VI is behandel: Vryburgers, Hugenote en veeboere. In St. VII is behandel: Britse Setlaars, die Groot Trek, immigrasie in Natal. In die laerskool is behandel: Die Vryburgers, die Hugenote, die veeboere, die Britse Setlaars, immigrasie in Natal en die Groot Trek).

Tweede studiegroep.

II Betrekking tussen die Britse Regering en die Boererepublieke met besondere verwysing na Britse imperiale beleid.

C. Die Vrystaat en die Basoeto's. Die leerstof is dieselfde maar vir die Universiteitsgroep is onderafdelings gemaak.

(Van hierdie stof is behandel:

A.5. In St. VII: Weiering van erkenning van onafhanklikheid van Republieke.

B.4. St. V en St. VII: Sandrivierkonvensie.

D. St. V en St. VII: Twis oor die diamantvelde.

E. St. V en St. VII: Anneksasie van Transvaal deur Shepstone.

F.1. St. V en St. VII: Botsing tussen die ideale van Kruger en Rhodes.

F.7. St. V en St. VII: Die ontdekking van goud.

F.7.d. St. V en St. VII: Die Uitlandervraagstuk en Milner.

/f.8. st. V.....

F.8. St. V en St. VII: Die Tweede Vryheidsoorlog.

F.9. St. V en St. VII: Vredeverdrag van Vereeniging.

Derde studie-onderwerp.

III Ontwikkeling van die landsbestuur sedert 1902.

C. Die Unie-grondwet en sy belangrikste wysigings tot 1961.

Hierteenoor is by die Universiteitsgroep weggelaat:

C. Die Republikeinse grondwet.

(Van hierdie leerstof is reeds behandel:

Standerd VIII: Die Republikeinse grondwet.

Standerd VIII: Die totstandkoming van die Unie.

Standerd IV; St. V en St. VIII: Die grondwet van die R.S.A.).

Vierde studiegroep.

IV. Die Nie-blanke bevolking van Suid-Afrika.

A. Die Bantoe: Aanraking met die Blanke:

1. Die Kaap, 2. Natal, 3. Transvaal.

Hierteenoor is by die Universiteitsgroep weggelaat:

A.4. Praktiese implimentering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

A.5. Die Bantoe se plek in die ekonomiese lewe van die Republiek van Suid-Afrika: (a) handel, (b) industrieë, (c) landbou.

(Van hierdie leerstof is reeds behandel:

A. St. VI, St. VII en St. VIII: Die Bantoes.

A.1.d.: St. VIII: Grey se beskawingsbeleid.

B. St. VI, St. VII en St. VIII: Die Kleurlinge.

C. St. VI en St. VIII: Die Indiërs.)

Die leergang is ongebalanseerd.[1] Die geskiedenis van Rhodesië en Suidwes-Afrika word ingesluit maar 'n studie van Portugees-Oos-Afrika en Angola word uitgesluit. Ons het sedert 1836 betrekkings met die buurstaat Portugees-Oos-Afrika. Betrekkinge tussen die Republiek en hierdie buurstaat asook met Angola word by die dag inniger en sterker: Veg daar nie vandag duisende Portugese seuns van hierdie buurstate as't ware in die voorste linies van die Republiek nie?

/Algemene.....

1. Van Jaarsveld. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die nuwe nasionale leergang vir Sts. IX en X. Onderwysblad. LXXIV, nr. 821, Maart 1968, pp.564-568.

Algemene Geskiedenis.

'n Paar opmerkings oor die Algemene Geskiedenis bring die volgende aan die lig:

Die weglating van die volgende in die 1959-leergang maak die finale 1967-leergang minder lywig:

Universiteitstoelatingeksamen:

Frankryk onder Napoleon III: Sy vroeëre lewe; agtergrond van Napoleon III se troonbestyging 1854.

Oorsake, gebeurtenisse en stappe wat tot die federasie van Australië gelei het.

Eindeksamen van die middelbare skool:

Sending van Durham met al die detaillering.

Om tot 'n volledige begrip van die eietydse geskiedenis te kom, is dit jammer dat die volgende weggelaat is:

Die opkoms en wese van die Fascisme in Italië in hooftrekke.

Verder word daarop gewys dat

(1) die leer van die oorsake van die Franse Rewolusie sonder meer, geen nut dien nie. Die leerlinge moet bekend wees met die hooftrekke van die Rewolusie self en

(2) om die beleid van Napoleon III te verstaan, dit wenslik is om iets van Napoleon, die mens, te weet.

In 'n onderhoud verklaar T. van Wyk,[1] leerboekskrywer van die Algemene Geskiedenis,

(1) dat die begrippe nasionalisme en liberalisme soos onder afdeling 1 B, tydperk 1815-1848 behandel, verwarring by die leerlinge sal laat ontstaan,

(2) dat om ruimte vir belangriker leerstof te gee, temas 1C en 1D, die Italiaanse en Duitse eenwording, net in hooftrekke aangebied kon word.

(3) Minder leerstof onder temas II.A.1. "ekonomiese en maatskaplike gevolge van die Nywerheidsomwenteling", veral die detaillering, kon aangebied gewees het.

(4) Dieselfde is van toepassing op II.A.2: Demokratisering van die Britse parlement tot 1918. Veels te veel besonderhede oor die verskillende wetgewings word vereis en dit lei net tot memorisering.

(5) Onder II.B.2: Die ewolusie van dominale status hoef net in hooftrekke geken te word. Suid-Afrika is nie meer 'n dominium nie,

/(6)Afdeling.....

---

1. Onderhoud: Prof. T. van Wyk. Pretoria, Saterdag 26 Oktober 1968.

(6) Afdeling III: Die opkoms van die wêreldmoondhede word te veel gedetailleer. Die V.S.A. geniet te veel aandag. Japan is nie meer 'n wêreldmoondheid nie en het derhalwe nie so baie besonderhede vereis nie.

(7) Afdeling III.e: Die ontwikkeling van die U.S.S.R. tot 'n wêreldmoondheid word hoofsaaklik as staatkunde geleer. Sal 'n studie van die 1936-grondwet nie meer insiggewend gewees het nie?

(8) Die magtige of potensieël magtige Sjina as opkomende wêreldmoondheid is verontagsaam.

(9) Dit is nodig dat die Verenigde Volkere-Organisasie in die leergang van die Eindeksamen ingesluit word.

(10) Daar moet ook 'n plekkie vir die geskiedenis van die Latyns-Amerikaanse state ingeruim word. Hierdie state lê op ons drumpel en Suid-Afrika is besig om met hulle betrekkinge aan te knoop. Die bittereinders wat na die Engelse Oorlog na Argentinië uitgewyk het, bied 'n uitgangspunt aan en

(11) Die Balkan is stellig nie meer die kruitvat van Europa nie. Die brandpunt verskuif na die Nabye Ooste; daarom moet die Nabye Ooste in die leergang betrek word.

Wat die eertydse Suid-Afrikaanse Geskiedenis betref, gaan die Standerd VIII-leergang tot by die heropbou na die Engelse Oorlog (ongeveer 1906) en die Algemene Geskiedenis tot die verdeling van Afrika (ongeveer 1914). Die Standerd X-leergang voer die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tot 1910 en die Algemene Geskiedenis tot 1919. 'n Paar temas bring die geskiedenis wel tot die V.V.O., maar dit is merendeel staatkunde.

Sake van die dag waarvan die beginpunte van 'n groot gedeelte diep in die verlede lê, word nie voorgeskryf nie. Dit verloën die doelstelling van die hede verstaanbaar te maak en 'n "lewende verlede" daar te stel.

(O) Die leerlinge ontvang genoegsaam geleenthede om 'n woordeskat op te bou. Dit is wel waar dat hulle by die deurloop van die kursus nie altoos al die begrippe verstaan nie.

(P) Die Transvaalse Geskiedenisleergang beantwoord aan die kriterium dat dit genoegsaam met die leergang van die ander provinsies ooreenkom. Die kernleergang wat vir al vier die provinsies voorgeskryf is, waarborg hierdie kriterium.

(Q) Die Transvaalse leergang is nie so opgestel dat dit deur al die bevolkingsgroepe aanvaar sal word nie. Dit is bedoel vir die

/blanke.....

blanke middelbare skoolkind. Die leergang kan nie as 'n gemeenskaplike leergang vir die middelbare skoolleerlinge uit verskillende taal- en kultuurgroepe met andersoortige agtergrond beskou word nie. Die leergang kan dus nie aan al die verskillende bevolkingsgroepe aangebied word om 'n bindende faktor in die Suid-Afrikaanse volkslewe te word nie.

(R) As kriterium is gestel dat die leerstof Wêreldgeskiedenis moet insluit. Hieraan voldoen die leergang nie.

(S) Waar dit gestel word om deur middel van Geskiedenis van die leerlinge wêreldburgers te maak, faal die Transvaalse leergang. Die leergang is geneig om onderlinge verskille te onderstreep nieteenstaande die leergang die eenwording van die "blanke bevolkingsgroepe" voorskryf.[7]

(T) Nog 'n kriterium vereis dat die leerstof hom moet leen tot erkende praktyke van die metodiek van onderwys en die resultate van die onderwys meetbaar moet maak. Aan hierdie kriterium voldoen die leergang.

(U) Die evaluering van die Standerd X-leerlinge se werk is volgens skrywer nie deeglik beplan nie. Daar word aanvaar dat die vereistes gestel aan die kandidate wat die Universiteitstoelatingseksamen neem, hoër is as die aan die kandidate van die Eindeksamen Kandidate wat die Eindeksamen skrywe se verstandelike vermoëns sou ietwat laer wees as die van hulle medeleerlinge wat die Universiteitstoelatingseksamen aflê. Hulle sal dan ook stadiger lees en die skriftelike werk langsamer aflê.

Wanneer die twee vraestelle vergelyk word, blyk dit dat die minder begaafde leerlinge twaalf opsteltipe vrae moet deurlees en besluit watter drie hulle moet beantwoord, teenoor die agt, waarvan drie beantwoord moet word, van die Universiteitsgroep. Daarby moet die kandidate vir die Eindeksamen eers 288 kortvrae lees en dan besluit watter 60 hulle wil beantwoord teenoor die 96 kortvrae waarvan 30 beantwoord moet word deur die Universiteitsgroep.

Dus moet die leerlinge wat aan die Eindeksamen deelneem, een derde meer opsteltipe-vrae en een derde meer kortvrae deurlees aleer hulle begin skrywe. Daarby moet hulle die helfte meer kortvrae as die Universiteitsgroep beantwoord. Die tydsduur vir elke vraestel vir albei die groepe is twee uur. Die Eindeksamengroep trek dus aan die kortste end.

./In tabelvorm.....

---

1. T.O.D. Finale jaargang vir Geskiedenis Standerds 6-8, 1968, p.3.

TABEL 2

In tabelvorm word dit soos volg aangedui:

Groep	Aantal opstel-tipe vrae.	Te beantwoord	Aantal kortvrae	Te beantwoord.
Universiteit	8	3	96	30
Eindeksamen	12	3	288	60

Indien die opsteltipe-vrae uit onderafdelings sou bestaan, moet die kandidate vir die Eindeksamen ongeveer nog 'n derde meer onderafdelings oorweeg eer hulle die vraestel aandurf.

(V) Die leergang moet so opgestel word dat die leerstof in samehang met aardrykskundige faktore bestudeer kan word. Die leergang leen hom hiervoor.

(W) Die leergang moet so opgestel word dat erkende leerboekskrywers deeglike leerboeke kan opstel.[1] Hierin skiet dele van die huidige leer gang te kort.[2]

4. TEKORTKOMINGE VAN DIE LEERSTOFKEUSE VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG

Samevattend word gewys op die tekortkominge van die leerstofkeuse soos in die leergang aangebied nadat dit aan die kriteria getoets is: [3]

(A) Die leerstof gee nie 'n geheelbeeld van die verloop van die geskiedenis nie.

(B) Die leerstof word in temas en dus fragmentaries aangebied.

(C) Dit begin nie by die bekende om dan tot die minder bekende oor te gaan nie. Inteendeel, die Standerd VI-leerlinge moet hulle verplaas in die middel van tans nie meer bestaande volkere en hul kultuur van ongeveer vier duisend jaar gelede.

(D) Die huidige toedrag van wêreldsake wat die gevolg van die geskiedenis van die verlede is word nie behandel nie.

(E) Die aanslae van die Tweede Wêreldoorlog op die mensdom is nie ingesluit nie.

(F) Die geskiedenis van Sjina, Indië, die Nabye Ooste is nie ingesluit nie.

/(g) Die.....

1. du Plooy, W.J. op. cit., p.290.
2. Van Jaarsveld. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die nuwe nasionale leergang vir Standerd IX en X, p.564.
3. Vgl. van Jaarsveld. 'n Vertolking van die nasionale kernleergange vir Geskiedenis in die middelbare skool. Historia. XV, nr. 2. Junie 1970, pp.81-92.

(G) Die Latyns-Amerikaanse geskiedenis word nie voorgeskryf nie.

(H) Die herkoms van die Indiërs is weggelaat.

(I) Die herkoms van die nasate van die vroeër slawe ontbreek ook.

B. DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG GETOETS AAN DIE KRITERIA VIR DIE RANGSKIKKING VAN LEERSTOF.

1. INLEIDING

Aansluitend by die toetsing van die keuse van leerstof vir die Geskiedenisleergang word oorgegaan tot die waardering van die leerstof-organisasie na aanleiding van die gestelde kriteria. Die voortreflikhede en leemtes van die ordening van die leerstof van die Transvaalse leergang kan as volg saamgevat word.

(A) Voortreflikhede van die rangskikking van leerstof in die leergang:

(1) Die leerstof voldoen aan die psigologiese kriteria waar dit in kursusse ingedeel is en gevolglik pedosentries is. Die leerlinge se verskillende vermoëns, belangstellings en behoeftes is in aanmerking geneem.

(2) Die leerstof-indeling voldoen gedeeltelik aan die kriterium van konsentriese indeling. Ongeveer een agste van die leerstof van Standerds VII en VIII word in Standerds IX en X herhaal.

(3) Die leerstof dui ontwikkelingslyne aan en is hoofsaaklik kronologies-progressief ingedeel; dit gee darem 'n beeld van die kontinuïteit van die geskiedenis.

(4) In die opstelling van die leergang is die beginsel van kousaliteit in gedagte gehou. Oorsake en gevolge kan afgelei word.

(5) Die kriterium dat die leerstof in tydperke ingedeel kan word, word gedeeltelik in die leergang beliggaam.

(6) Sekere dele van die leergang word tematies behandel.

(7) Die leergang skryf voor dat sekere dele oorsigtelik behandel word.

(8) Die leerstof is so opgestel dat daar voldoen word aan die kriterium dat erkende opvoedkundige metodes en praktyke op die leerstof van toepassing is. Ook kan die genoemde hulpmiddels aangewend word.

(9) Die leerstof is sodanig dat dit meehelp tot die sosiale vorming van die leerlinge.

(10) Die aanbring van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing is nog 'n moontlikheid van die leerstoforganisasie.

/(11) Die.....

(11) Die organisasie van die leerstof bied kernleerstof vir alle leerlinge aan.

(12) Motivering is deurgaans moontlik.

(13) Die leerstoforganisasie sorg dat die Geskiedenis met die kunste en wetenskappe korreleer.

(14) Die leerstof kan georganiseer word in die vorm van eenhede wat onderwerpe of strominge of tydperke kan wees.

(15) Die leerstof is so georganiseer dat die induktiewe en deduktiewe metodes aangewend kan word.

(16) Die selfwerksaamheid van die leerlinge word verseker.

(17) Afwisseling in die organisasie van die leerstof vermy verveling.

(B) Leemtes van die leerstoforganisasie van die Transvaalse finale Geskiedenisleergang.

(1) Dit begin by die onbekende en in die verre verlede. Dit voldoen dus nie aan die kriterium dat van die bekende na die minder bekende oorgegaan word nie. Die leerstof word dus nie in 'n stygende orde van moeilikheid aangebied nie.

(2) Die leerstof word nie aangebied om by die logika van die vak aan te pas nie.

(3) Aan die kriterium dat die leerstof so opgestel moet word dat dit 'n tydsbegrip en ruimtebegrip by die leerlinge bewerkstellig asook geleidelik 'n historiese sin daarstel, word nie voldoen nie.

(4) Die leerstof word aangebied in brokstukke waarvan die opvolgende deel nie met die voorafgaande in verband staan nie. Gapings ontstaan in die geskiedenis. 'n Geheelbeeld van die verloop van die historie, hoe vaag ook al, is vir die meeste leerlinge 'n onmoontlikheid. Die groot strominge in die geskiedenis word nie besef nie.

(5) Die leerstof is nie op analitiese ordening ingestel nie.

(6) Die eintlike geskiedenis eindig by 1910. Die geskiedenis word nie tot die logiese eindpunt, naamlik die tydperk waarin die leerlinge lewe, gevoer nie. Sake van die dag soos dit in die dagpers, radio en in die rolprent verskyn, sal nie met die Geskiedenis geïntegreer kan word nie.

(7) Aan die kriterium dat die leerstoforganisasie die leerlinge tot selfwerksaamheid, versameling en rangskikking van materiaal, die afleiding van gevolgtrekkings, uitstappies na historiese plekke en musea moet aktiveer, word nie voldoen nie. Indien die leerlinge wel selfwerksaam is, is dit nie aan die rangskikking van leerstof te danke nie.

/Gevolgtrekking.....

(C) GEVOLGTREKKING

Uit voorgaande blyk dit dat nog die keuse van die leerstof nog die rangskikking daarvan ten volle aan die gestelde kriteria voldoen. Die opstelling van 'n nuwe Geskiedenisleergang is blykbaar nodig. Daar dit stellig 'n onbegonne taak vir 'n enkele indiwidu is om so 'n leergang aan te bied en te verantwoord, sal skrywer na aanleiding van die vernaamste tendense in die ontwikkeling van die Geskiedenisleergang riglyne vir die daarstelling van 'n Geskiedenisleergang aandui. Dit word in die slothoofstuk gedoen.

HOOFSTUK VIII

VERNAAMSTE TENDENSE IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE GESKIEDENISLEERGANG IN DIE TRANSVAALSE MIDDELBARE PROVINSIALE ONDERWYS EN TENDENSE VAN 'N VOORGESTELDE LEERGANG

A. INLEIDING

Die ontwikkeling van die Geskiedenisleergang in die provinsiale middelbare onderwys in Transvaal sedert 1859 tot 1967 word oorsigtelik weergegee. Die vernaamste en opvallendste tendense word aangedui. Dan word daar gewys op die moontlike rigtings waarin die leergang kan ontwikkel. Ten laaste word 'n tentatiewe leergang aan die hand gedoen.

1. OPVALLENDE TENDENSE VAN DIE TRANSVAALSE GESKIEDENISLEERGANG

Die eerste Geskiedenisonderrig in Transvaal is heel waarskynlik op aandrang van U.G. Lauts deur die Skoolkommissie van 1859 op die lesrooster geplaas. Sowel Vaderlandse as Algemene Geskiedenis is voorgeskryf. Die Kerkskole van die Gereformeerde Kerk het in 1864 die Geskiedenis van Suid-Afrika, veral die van Transvaal en die hoofgebeurtenisse uit die Algemene Geskiedenis laat leer. Die onderwyswet van 1866 het ook Geskiedenis voorgeskryf. Vir hierdie eerste Geskiedenisonderrig in Transvaal kon geen leergange opgespoor word nie.

Die Burgerwet van 1874 skryf ook Geskiedenis voor: Beginsels van die Geskiedenis vir die meer uitgebreide laer onderwys en beginsels van die Geskiedenis en Algemene Geskiedenis vir die hoër onderwys. Vollediger leergange ontbreek.

Gedurende die Interimregering 1877-1881 is voortgegaan met die onderrig van Geskiedenis. Algemene Geskiedenis en die Geskiedenis van die Britse Ryk, die Vaderlandse Geskiedenis en die Geskiedenis van die Kaapkolonie is geleer. Al wat vasgestel kon word, is dat die leergang omvangryk was. Die Transvaalse leerlinge het 'n voorsmaak van die Geskiedenis van die Britse Empire gekry.

Gedurende die laaste jare van die Zuid-Afrikaanse Republiek 1881-1899 is die onderwys op 'm Christelik-nasionale grondslag geplaas.

/In die .....

In die middelbare onderwys sou die geskiedenis van Transvaal en van Suid-Afrika voorrang geniet. Doelstellings vir die Geskiedenisonderrig is nie aangeteken nie. Die Bybel is egter die beginsel van alle geskiedenis. Daar is 'n paar waarneembare tendense in die Geskiedenisonderrig soos:

(A) Openbare eksamens was aan die orde van die dag,

(B) die inspekteurs van onderwys het verslae uitgebring oor die vordering wat Geskiedenis maak;

(C) die eietydse geskiedenis het baie aandag geniet,

(D) die Voortrekkerperiode is van belang geag,

(E) Algemene Geskiedenis en Kaapse Geskiedenis is as ondergeskik beskou,

(F) die leergange is herhaaldelik gewysig,

(G) feitekennis is onderstreep,

(H) vergelykende studie maak sy verskyning,

(I) korrelasie tussen die Vaderlandse en Algemene Geskiedenis ontstaan,

(J) Geskiedenis word in samehang met Aardrykskunde geleer,

(K) Burgerleer is in die leergang ingesluit,

(L) aanduidings van die histories-genetiese opvatting van die geskiedenis is gevind,

(M) 'n plaaslike sosiale "klimaat" en tydsgees is opmerklik,

(N) en die volkshelde moes bestudeer word.

Gedurende die laaste fase van die Engelse Oorlog en die Kroonkolonieperiode 1900-1906 moes Geskiedenisonderrig aangewend word om die Transvaalse leerlinge te angliseer. Van die Kaapse leergange is gebruik gemaak en die leerlinge moes die Cape History en die Geskiedenis van die British Empire leer. Transvaalse Geskiedenis soos die Slag van Bloedrivier en Majoeba is verbied.

In 1903 verskyn die eerste Geskiedenisleergang. Doelstellings ontbreek. Tydperke vir die Algemene Geskiedenis is ingestel. Hierdie tydperk-indeling sou 'n vaste patroon van alle leergange tot 1958 uitmaak. Die tydperk verskil van leergang tot leergang maar andersins is die strekking dieselfde. In hierdie 1903-leergang is die tydperk 1748-1815 onderverdeel in (1) 1748-1763, (2) 1763-1789, (3) 1789-1815. Dit is die geskiedenis van Wes-Europa met sy kolonisasie.

Voortaan sou Europese Geskiedenis as die agtergrond van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis dien. Die blik van die leerlinge sou na buite toe in ruimte en terugwaarts in tyd gerig wees. Aardrykskundige

/agtergrond.....

agtergrond word vereis.

Alhoewel die C.N.O.-skole 'n kort bestaan, van 1902 tot 1907, gehad het, het dit groot invloed op die later leergange uitgeoefen. Die Christelik-nasionale Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek is heringestel en het later leergange soms vaag en dan weer onmiskenbaar duidelik beïnvloed.

Gedurende die vier jaar van verantwoordelike bestuur 1906-1910 is Geskiedenis en Aardrykskunde in alle middelbare klasse gegee. In hierdie tydperk is die Suid-Afrikaanse Geskiedenis afgeskeep. Die medium van onderrig was Nederlands en Engels. Die onderrig van die middelbare onderwys is op toelating tot die universiteit gerig, wat eksterne eksamens sou meebring. Die leergange het in die behoeftes van slegs vyf persent van die middelbare skoolleerlinge voldoen, naamlik vir diegene wat universiteit toe gaan.

Gedurende die eerste tien jaar na Unifikasie was die middelbare onderwys in die kookpot. Daar moes in 'n halfdosyn rigtings gedifferensieer word. 'n Tiental leergange is opgestel. Laer- en middelbare onderwys is aaneenlopend. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad kom in 1918 tot stand. Die eindeksamen van die hoërskool word die toelatingseksamen tot die universiteit. Die leergange bied min doelstellings aan. Die Geskiedenisleerstof word in bykans twee konsentriese patrone aangebied. Geskiedenis en Aardrykskunde word geskei.

Gedurende die jare 1920-1932 sou die middelbare onderwys en gevolglik ook die Geskiedenisleergang gewysig word. Die middelbare onderwys word van die laer onderwys geskei. Drie Geskiedenisleergange, Trap I, Trap II en die Intermediêre eksamen, is ingestel. 'n Nuwe bedeling vir leerlinge wat die skool na Standerd VIII verlaat, is ingebring.

Wat Trap I en Trap II betref, word 'n paar nuwe tendense aangebring, soos die feit dat die eksamen mondeling en skriftelik sou wees, die skoolrekord in aanmerking geneem word. Geskiedenis word 'n opsionele vak. Alhoewel 'n ruim keuse van vrae gegee is, was die vraestelle te lank. Die leerstof is vir sowel die Suid-Afrikaanse as die Algemene Geskiedenis in tydperke ingedeel. Geskiedenis word nie tot die eietydse gevoer nie.

Die kortstondige leergang van die intermediêre skool het 'n paar voortreflike tendense geopenbaar. Die leerstof is verminder, plaaslike en eietydse geskiedenis en burgerleer geniet aandag. 'n Begin is met temas, soos die Sjinese arbeid, opkoms van die Groot Moondhede en mandaat oor Suidwes-Afrika, gemaak. Vir die eerste en laaste keer is die geskiedenis van die Suid-Amerikaanse state ingesluit. Sake van die dag is

/voorgeskryf.....

voorgeskryf. Van hierdie leergang is gesê dat dit vir die leerlinge die wêreld waarin hulle leef, verstaanbaarder gemaak het. Die Ou Geskiedenis gaan oorboord.

Die tydperk 1932-1950 was die era van die Juniorsertifikaat en die Eindsertifikaat van die middelbare skool. Geskiedenisleergange wat die volksonderwys by Standerd VIII sou afsluit (die skoolplaas en die junior-hoërskool) is opgestel. Geskiedenis met inbegrip van die verwante Aardrykskunde en Burgerkunde is ingestel. Die moderne geskiedenis tot 1914 was 'n nuwe tendens. Die leerstof is in tydperke ingedeel en oor drie jaar versprei.

Wat die senior klasse betref, vervang die Transvaalse Eineksamen van die middelbare skool die Transvaalse Middelbareskoolsertifikaat-eksamen. 'n Paar leergange om die leerstof aan te bied en te detailleer is ingestel.

'n Heel nuwe rigting is met die instelling van gedifferensieerde onderwys met drie kursusse ingelui. Die 1959-leergang noem algemene doelstellings soos die opdoen van bepaalde kennis wat tot beter verstandhouding lei en die mens geestelik verryk. Dit leer hoe God 'n volk tot godvrugtige dade lei. Dit bevorder die etiese en sosiale vorming van die mens, asook sy intellektuele ontwikkeling.

Voortaan sou die leergange op die verstandelike vermoëns van die leerlinge gebaseer word. Daar sou slegs een openbare eksamen wees en wel aan die einde van Standerd X. Die leerstof is nog steeds in tydperke en tema-onderwerpe ingedeel. Eietydse geskiedenis is nie voorgeskryf nie.

In 1968 word nasionale onderwys met sy kernleergange van stapel gestuur. Gedifferensieerde onderwys bly nog steeds die vernaamste hoeksteen. In Geskiedenis bly die eietydse geskiedenis agterweë. Die sogenaamde finale leergang vir Geskiedenis dui op geen noemenswaardige tendense nie. Die verlede moet as 'n "lewende verlede" aangebied word. Die doelstellings is wel nader bepaal, maar die tema-opset verbreek die kontinuiteit van die verlede. Dit sal die leerlinge nie sommer die ontwikkeling van openbare sake in hulle land laat begryp nie.

Die proefneming met 'n aantal middelbare skole as projekskole waarin uitgetoets word of hulle beter sal vaar al dan nie, word onderneem.

2 MOONTLIKE RIGTINGS WAARIN DIE GESKIEDENIS-LEERGANGE ONTWIKKEL

Die jongste Transvaalse Geskiedenisleergang vir die middelbare

/onderwys.....

onderwys in Transvaal, nl. Leergang vir Geskiedenis vir die middelbare skool (Standerd VI-VIII), November 1958, Leergang vir Geskiedenis, Standerds IX en X, Junie 1958, Finale leergang vir Geskiedenis, Standerds VI-VIII, 1967 en Finale leergang vir Geskiedenis, Standerds IX en X, 1967 is deur ervare komitees in oorleg met hoogleraars, inspekteurs van onderwys en senior Geskiedenisonderwysers opgestel. Nogtans word die leergange aan kritiek onderwerp.

Twee baie duidelik en miskien onversoenbare standpunte word ten opsigte van die aard en wese van die leergang, die metodiek en evaluering van die vak opgemerk. Ten eerste is daar diegene wat die eksterne eksamen aan die einde van Standerd X wil afskaf. Die genoemde projekskole moet bewys of die onderwysers die leerlinge, wat Geskiedenis betref, vir die lewe kan afrond en genoegsaam onderlê sodat hulle geredelik by die universiteite kan aansluit.

Ten tweede is daar die doserende personeellede van die universiteite wat die mening toegedaan is dat 'n komitee van deskundiges uit al die Geskiedenisdepartemente van die Suid-Afrikaanse universiteite byeengeroep, moet vasstel wat nou werklik vir die hoërskoolleerlinge noodsaaklik is om tot grondslag vir universitere onderrig te dien. So 'n komitee kan dan op 'n later stadium (nadat riglyne vir 'n leergang vasgestel is) 'n komitee van Geskiedenisonderwysers ontmoet om gesamentlik oor die hoofindelings te beraadslaag. Wanneer die hoofindelings gemaak is, moet die gesamentlike komitee die detaillering uitwerk. Dan kan daar net ingebring word wat vir 'n begrip van 'n historiese stroming noodsaaklik is.[1)]

Dit is betekenisvol dat hoogleraars F.A. van Jaarsveld, T. van Wyk, A.N. Pelzer en A.G. Coetsee leerboekskrywers is. Hulle leerboeke sal nolens volens universiteitsgerig wees en 'n eksterne eksamen wat vir toelating tot die universiteit deurslaggewend sal wees, sal steeds vereis word.

In die naaste toekoms sal 'n middeweg gevind moet word om die twee standpunte met mekaar te laat ineensmelt.

3 FAKTORE WAT BY DIE SAMESTELLING VAN 'N TOEKOMSTIGE GESKIEDENISLEERGANG IN AANMERKING GENEEM KAN WORD

Uit voorgaande is dit stellig gewaag vir skrywer om op eie houtjie na aanleiding van gestelde kriteria vir die keuse en rangskikking van leerstof 'n leergang aan te bied en te verantwoord. Daar skrywer tog

/met die.....

1. Van Jaarsveld, Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die nuwe nasionale kernleergang vir Sts. IX en X. Onderwysblad. LXXIV, nr. 821, Maart 1968, p.269.

met die meeste tekortkominge asook die voortreflikhede van die bestaande Transvaalse leergange bekend is, word faktore genoem wat kan meehelp om tentatiewe riglyne by die opstel van 'n voorgestelde leergang aan te dui.

B. LEERSTOF GEKIES VOLGENS KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE

Volgens kriteria kan die leerstof bestaan uit:

1. Wéreldgeskiedenis wat die geskiedenis van die mensdom vertel.
2. Die Geskiedenis van die Ooste.
3. Geskiedenis van die Westerse beskawing.
4. Europese Geskiedenis.
5. Die Koloniale Geskiedenis van die Westerse moondhede.
6. Geskiedenis van die Suid-Amerikaanse state.
7. Suid-Afrikaanse Geskiedenis.
8. Die Geskiedenis van die Midde-Ooste.
9. Die Geskiedenis van die Swart-Afrikastate.
10. Eietydse geskiedenis.

So 'n omvattende geskiedenis kan slegs in hooftrekke aangebied word.

C. DIE RANGSKIKKING VAN DIE INHOUD

Wanneer bovermelde leerstof in 'n leergang opgeneem word, kan dit soos volg georden word:

1. Kronologies-regressief wat by die eietydse geskiedenis begin.
2. Kronologies-progressief wat by die oudste beskawings begin en by die teenwoordige gebeurtenisse eindig.
3. Konsentriese kringe sodat die leerlinge wat die skool na Standerd VIII verlaat, 'n geheelbeeld, al is dit vaag, van die geskiedenis kry. Leerlinge wat die Standerd X-kursus of die Universiteitskursus volg, sal 'n duideliker geheelbeeld bekom.
4. Slegs die hooftrekke van die geskiedenis word voorgeskryf, maar die leerlinge kry die geleentheid om die gedeeltes van die geskiedenis waarin hulle besonder belang stel, te bestudeer.
5. Die leerstof word slegs in breë trekke vir elke standerd bepaal.
6. Die leerstof onder behandeling moet voortdurend met parallele gevalle in die latere of vorige geskiedenis in verband gebring word asook met teenswoordige gebeurtenisse.

Uit die voorgaande kan 'n Geskiedenisleergang vir die Transvaalse middelbare skool soos volg saamgestel word:

/D. TENTATIEWE.....

D. TENTATIEWE LEERGANG

STANDERD VI.

ONS LAND EN SY MENSE.

1. Hersiening van die werk in die primêre kursus deur 'n legkaart, nl. aankoms en verspreiding van ons bevolking: Boesmans, Hottentotte, Bantoes, Nederlanders, Britte, Duitsers, Franse, Kleurlinge, Maleiers, Indiërs, Negerslawe, Uitlanders en die huidige Immigrante.

2. Bedryf en huidige woonplek van die bevolkingsgroepe.

3. Oorspronklike tuislande van die bevolkingsgroepe in (1) genoem, met oorsigtelike geskiedenis.

4. Die rol (in hooftrekke) wat hierdie bevolkingselemente in ons geskiedenis gespeel het en hul bydrae tot die bou van die Suid-Afrikaanse nasie.

STANDERD VII.

1. Die ou beskawings: Sjina, Mesopotamië, Palistina, Fenisië, Persië, Arabië, Griekeland en die Romeinse Ryk.

(A) Hulle bedrywighede.

(B) Erfenisse: Landbou en besproeiing, nywerhede, handel en vervoer, regering en wetstelsel, skryfkuns, kuns en argitektuur, die natuurwetenskappe, letterkunde en taal.

2. Die Christendom, Mohammedanisme, die Kerk in die Middeleeue.

3. Die Renaissance in hooftrekke.

4. Die ontdekkingstogte van die Wes-Europeërs.

5. Die Hervorming.

Opmerking: Ongeveer die helfte van die aantal lesure word aan formele lesse gegee. Die res van die tyd doen die leerlinge selfstandige werk.

STANDERD VIII.

(Slegs in hooftrekke)

1. Die Europese Staatkundige Geskiedenis (1453-1763).

2. Die Amerikaanse Geskiedenis.

3. Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

4. Die opkoms van die Ooste.

5. Die ontwikkeling en die ontstaan van nasionalisme. Die moderne swart state.

Opmerking: Slegs die helfte van die lesure word aan formele lesse gegee. Die res van die lesure word aan selfstandige ondersoek gewy.

/STANDERD IX.....

STANDERD IX EN X.

(Slegs in hooftrekke).

Geskiedenis van die wêreld van 1763, tot die hede.

Die uitwerking wat gebeure op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad het en nog het, moet beklemtoon word.

Opmerking: Aan die begin van elke kwartaal word ongeveer vier weke bestee om die beoogde leerstof oorsigtelik in oënskou te neem. Die leerlinge doen dan selfstandige ondersoek.

E. METING

Geen formele eksamens word afgelê nie.

1. Nadat die leerlinge formele lesse op die tradisionele wyse oor 'n bepaalde deel van die leerstof ontvang het, werk hulle take of werkstukke uit of doen, onder leiding van die onderwyser, navorsing.

2. Met gereelde tussenposes doen die leerlinge verslag oor hulle bevindings.

(A) Deur wetenswaardighede mondeling aan die klas mee te deel.

(B) Deur mekaar se bydraes te lees. Vir hierdie werk ken die onderwyser punte toe. Hy hou verslag van die punte gedurende die jaar toegeken.

(C) Onderaan elke werkstuk skryf die leerlinge 'n paar "nuwe ontdekkings" of minder bekende "feite" neer, bv.: Dirkie Uys is nie langs sy pa deur die Zoeloes doodgesteek nie.

Die dorp Winburg is nie gestig om die oorwinning teen die Matabele op Vegkop in herinnering te bring nie.

(D) Daarop volg eie menings wat die leerlinge opgebou het, bv.:

Napoleon Bonaparte kan deur die Franse volk as 'n held beskou word. Sommige van die ander Europese volke beskou hom as 'n verdrukker en tiran.

(E) Nou volg 'n aantal vrae wat die leerlinge opgestel het. Die antwoorde verskyn op die agterkant van die laaste bladsy.

(F) Aan die einde van elke kwartaal word vasvraewedstryde gereël.

(G) Ten slotte kritiseer die leerlinge mekaar se bevindinge. Hierdie kritiek word aangeteken en bewaar.

Opmerking: Die leiding wat die onderwyser aan die leerlinge gee, moet sodanig wees dat hulle in verskillende aspekte van die geskiedenis belang stel. Die staatkundige, maatskaplike, ekonomiese, kulturele en godsdienstige gebeure van die verlede moet in gedagte gehou word. Die idee dat geskiedenis 'n ontwikkeling is, kan beklemtoon word deur die ontwikkeling van vervoer of die ontwikkeling van die skryfkuns of die

/ontwikkeling.....

omtwikkeling van die krygskuns en dies meer as temas te laat behandel. Aan die einde van elke kwartaal word vasvrawedstryde gereël.

3. Historiateek. Alle bydraes deur die leerlinge word gekeur, geordeen en volgens onderwerpe alfabeties gerangskik. 'n Aantal rakke in die skool se biblioteek word afgesonder om die leerlinge se bydraes tot die geskiedenis te bewaar. Dit vorm die skool se "historiateek."

4. Publikasies. Elke skool trag om soveel moontlik van sy bydrae tot die geskiedenis te publiseer, in die skool se kwartaal- of jaarblad, in Historia Junior, in Historia en in tydskrifte en koerante.

5. Universiteitstoelating: Kandidate wat Geskiedenis as vak vir toelating tot die universiteit aanbied, dien 'n paar werkstukke by die eksaminator in.

F. DIE TENTATIEWE GESKIEDENISLEERGANG VERANTWOORD

1. Tekortkomings.

Die voorgestelde leergang het, soos alle Geskiedenisleergange, sy tekortkomings waarvan die volgende ooglopend is.

(A) Miskenning van die kriterium dat daar van die bekende na die minder bekende gegaan moet word. Feit is egter dat die gemiddelde Standerd VI-leerling in sy laerskoolkursus kennis gemaak het met Geskiedenis en Aardrykskunde in so 'n mate dat hy vertroud is met genoegsaam Algemene Geskiedenis, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, waaronder eietydse geskiedenis en Burgerkunde, wat as die bekende kan dien. Daaruit kan tot die minder bekende en dan tot die onbekende oorgegaan word.[1)]

(B) Die leergang is nie kronologies-regressief opgestel nie. Die aanbieding van die leerstof van 'n kronologies-regressief saamgestelde leergang is moeilik, veral daar van die gevolge na die oorsake terug gewerk moet word. Dit is ook moeilik wanneer nuwe tydperke behandel word om uitgangspunte vir sodanige lesse te vind.

(C) Die voorgestelde leergang wat die geskiedenis van die mensdom wil leer, is te lank. Die geskiedenis kan net oorsigtelik geleer word. In hierdie opsig wyk die leergang te veel van die tradisionele leergange af.

(D) Aan die konsentriese vereistes word nie genoegsaam voldoen nie. Die leerstof van Standerds VI-VIII word maar gedeeltelik in Standerds IX en X herhaal.

/(e) Geen.....

---

1. T.O.D. Leergang vir Geskiedenis in die laerskool.
Uitgegee in 1966.

(E) Geen bepaalde plan word aan die hand gedoen om die leerstof te organiseer nie. Eenhede met sentrale gedagtes ontbreek.

(F) Toetsing deur eksamen is bykans onmoontlik. Die leerlinge se kennis van besondere onderwerpe sal veel van leerling tot leerling verskil. Die opstel van 'n eksterne eksamenvraestel wat die leerlinge se kennis van die Geskiedenis moet waardeer, gaan moeilik wees.

(G) Geen voorsiening is vir die verskillende kursusse, Standerd VIII-kursus, Standerd X-kursus en Universiteits-kursus, gemaak nie. Alle leerlinge van elke kursus volg dieselfde leergang. Die leergang stel die leerlinge egter in staat om ooreenkomstig hulle verstandelike vermoëns en tempo's te werk.

2. Voortreflikhede.

Die voorgestelde leergang het egter ook sy voortreflikhede. Dit word in kort as volg gestel:

(A) Die leergang behandel kronologies-progressief die geskiedenis van die mens van die begin van die beskawing tot die hede. Dit sal dus 'n geheelbeeld van die geskiedenis moontlik maak, hoe vaag die beeld ook al is.

(B) Die kontinuïteit van die geskiedenis, asook die kousale, bly behoue. Minder gapinge in die verhaal van die mens ontstaan.

(C) Die kontinuïteit in die Transvaalse leergang word behou. Ook stem dit ooreen met die bestaande Geskiedenisleergang van die ander provinsies van die Republiek en dit sluit by die leergange van die Suid-Afrikaanse universiteite aan.

(D) Alhoewel die leergang langer is, bied dit die leerlinge geleenthede om hulle met tussenposes te verdiep in aspekte van die geskiedenis waarin hulle belang stel. Dit mag tot gevolg hê dat die leerlinge na die skoolverlating in geskiedenis belang sal stel.

(E) Die voorgestelde leergang voldoen aan die algemene doelstellings van die onderwys en bevredig die besondere doelstellings van 'n Geskiedenisleergang. Geskiedenis as vormingsinstrument trag om sekere duursame en diepe behoeftes te bevredig wat ons as beskaafde en maatskaplike wesens eie is.[1] Van al die vakke in die middelbare skool staan dit ongetwyfeld die naaste aan die lewe.[2] Dit kan ook van hierdie leergang

/beweer.....

1. Geyl, P. Gebruik en misbruik der geschiedenis, pp.1-2.
2. Ploeger, J. 'n Terugblik en perspektiewe in verband met Geskiedenishandboeke in ons middelbare skool. Historia, IX, nr. 2. Junie 1964, p.90.

beweer word, want

(1) Die doelstellings vereis dat die verlede in 'n veranderende wêreld afgebaken en in perspektief aangebring word. By die opvoeding van die hele kind, waar die verstand, liggaam en gees ontplooi word, is die kind besig om binne 'n gemeenskap wat binne die grense van 'n Westerse demokratiese staat geplaas is, tot voorbeeldige burgerskap opgevoed te word.[1] Hierdie opvoeding wat hy aldus ondergaan, kan in vier belangrike riglyne ingedeel word, nl. opvoeding vir leierskap in 'n demokratiese samelewing, die studie van die Vaderlandse Geskiedenis, kennis van Wêreldgeskiedenis en die plek van eietydse geskiedenis. Hierdie doelstelling beoog die stelling van 'n duidelike beeld van die "lewende verlede" wat voortdurend in die "hede" voortwerk.[2] Dit sal daartoe bydra dat misbastings nie ontstaan nie, ou vooroordele nie aangeblaas of nuwe vooroordele geskep word nie.

Omdat beknopte geskiedenis geen geskiedenis is nie,[3] word die leerlinge in die geleentheid gestel om self in die groot en ryke skatkamer van die verlede te delf. Hulle sal hopelik deur eie waarneming tot die gevolgtrekking geraak dat verskillende perspektiewe in die Geskiedenishandboeke waarneembaar is.[4] Namate die bevattingsvermoëns van die leerlinge in die agtereenvolgende standerds vermeerder, sal hulle met leiding die rigtings en stromings[5] in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing besef wat daartoe mag

/lei.....

---

1. Smit, G.J.J. Die leerplanne in Geskiedenis. Historia, IX, nr. 3, September 1964, p.175.
2. Ibid., pp.176-180.
   Boyce, A.N. Some practical suggestions for dealing with this problems created by different interpretations of school histories. Historia. IX, nr. 2, Junie 1964, p.107.
3. Huizinga, J. Over vormverandering der geschiedenis. Mededeelingen der Nederlandsche Akademie van Wetenschappen, Afd. Letterkunde. IV, nr. 3, 1941.
4. Ploeger, 'n Terugblik en perspektiewe in verband met Geskiedenishandboeke in ons middelbare skole. Historia, IX, nr. 2. Junie 1964, p.90.
5. Van Jaarsveld, History teaching and responsibility. Transvaal educational news, April 1959, p.6.
   Die rigtings en stromings is: Geskiedskrywing uit die koloniale standpunt waarin die Britse kolonies as 'n verlengstuk van die Britse Moederland gesien is;
   Die imperiale geskiedskrywing, m.a.w. die van die Britse gesaguitbreiding in die negentiende eeu;
   Geskiedskrywing uit die standpunt van die Boererepublieke;
   Die wetenskaplike benadering van die geskiedenis wat omstreeks die Eerste Wêreldoorlog en daarna sy verskyning gemaak het.

.ei dat die middelbare skoolkinders, wanneer hulle die skool verlaat, deur-
:renk sal wees van ware vaderlandse geskiedskrywing. Hieronder verstaan
ons die geskiedskrywing waarin al die bevolkingsgroepe wat 'n rol gespeel
iet en nog speel in die opbou van ons land, op regmatige wyse beskryf en
.elig word.[1)]

Die leerlinge sal tewens ook met die verloop van hul studie die hoof-
kenmerke van die ou geskiedenisbeeld wat so diep by die ouer geslag
gegraveer is, ontdek,[2)] nl. die stryd tussen die Afrikaner-trekker, veeboer-
republikein, strydende en vegtende om sy vryheid en onafhanklikheid aan die
een kant en die imperialis wat daardie vryheid bedreig en wegneem aan die
ander kant.

'n Tweede geskiedenisbeeld ontstaan uit die onreg wat die volk langs
die pad van anneksasie en stryd gely het.

Ten derde volg die sterk godsdienstige inslag van ons geskiedenis-
voorstelling. Die Calvinisties georiënteerde volk sien die geskiedenis,
maas die skepping en die Skrif, as openbaring van God se leiding en beskik-
:ing in die volkslewe. Hy is hom sterk bewus van sy geroepenheid en van
n taak tot verbreiding vir die beskawing en die Christendom in hierdie
.and.

Ten vierde is daar die Afrikaanse geskiedenisbeeld wat ontstaan het
uit die stryd vir 'n republiek. Hierdie konstitusionele ideaal is die
verhaal van 'n dosyn republieke in die geskiedenis van Suid-Afrika wat
kulmineer in die daarstelling van die een groot Republiek van Suid-Afrika
in 1961.

Ten vyfde vertoon die geskiedenisbeeld 'n lang ry helde en heldedade.

Ten sesde vind die rasseverhoudings 'n duidelike plek in ons
geskiedenis. Hierdie stryd tussen Brit en Boer en tussen die Blanke en
Nie-blanke het groot afmetings aangeneem, onuitwisbare spore nagelaat
wat in een of ander vorm en op talle terreine nog voortleef.

Ten laaste is die geskiedenisbeeld die houding wat ten opsigte van
immigrasie ontstaan het. Die aankoms van Geuse, Hugenote, slawe,
Duitsers, Engelse, Sjinese, Indiërs en, op die huidige tydstip Europeërs,
het groot invloed op die verloop van die geskiedenis uitgeoefen en die
geskiedenisbeeld beïnvloed.

/Coetsee.....

---

1. Ploeger, op. cit., pp.90-92.
   Marquard, D. At last an unracial study, Star, 2 April 1969.
   Van Jaarsveld. Die geskiedenis lyk anders. Die Beeld, 18 Mei 1969.
2. Coetsee. Die vraag na 'n moontlike nuwe benadering van Geskiedenis
   as skoolvak. Historia. nr. 1, Maart 1964, pp.2-5.

Coetsee is van mening dat ons geskiedenisbeeld besig is om 'n metamorfose te ondergaan.[1] Die voorgestelde leergang kan die leerlinge so aktiveer dat hulle die verandering in die geskiedenisbeeld sal ervaar. By republiekwording is talle strydvraagstukke afgedaan. Die taak van nasiebou, waarby die onderwys van Geskiedenis sy bydrae lewer, verskyn op die horison. In die nuwe bedeling sal dit Blank en Nie-blank wees wat die kreukels moet uitstryk.

Ook sal die verandering in die geskiedenisbeeld wat deur die ekonomiese faktor daargestel word, ervaar word. Die plattelander het verstedelik en die land het geïndustraliseer geraak. Van 'n betreklike arm land het die Republiek welvarend geword. Sy handel met die buiteland het internasionale verhoudinge meegebring.[2]

Suid-Afrika se verhoudinge met die buiteland bring wysigings in die ou geskiedenisbeeld. Die Verenigde Volke-Organisasie, waarin die Afro-Asiate die toon aangee,[3] kla die Republiek aan as koloniste, vreemdelinge en oorblyfsels uit 'n vorige eeu. Suid-Afrika is ingetrek in die internasionale politiek wat reoriëntering van die geskiedenisbeeld vereis.

> Die nuwe geskiedenisbeeld wil nie alleen oor die grense van die blanke taalgroepe heen kyk nie, maar moet ook Suid-Afrika se plek in 'n eenwordende maar onsimpatieke wéreld duidelik weerspieël. Net soos wat die onderwys van Geskiedenis in die verlede 'n sterk vormende krag in die volkslewe was, net so moet dit ook in die toekoms bydra om 'n sterk Suid-Afrikaanse volk te bou.[4]

Nog 'n verandering wat ons geskiedenisbeeld ondergaan, is die gesigspunt van die Bantoes. Die visie van die Nie-blanke geskiedskrywing vloei voort uit die ontwaking van 'n nasionale- en politieke besef wat verband hou met die emansipasie en nasionalisme van die Nie-blanke volk van Asië en Afrika. Die Afrikaner se "Een Eeuw van Onrecht" van 1899 word deur die Bantoe se "Three Centuries of Wrong" in 1952 as parallel gestel. Die Bantoe se geskiedenisbeeld is besig om vorm aan te neem en in hierdie beeld sien hy 'n driehonderdjarige stryd van die Nie-blanke teen blanke indringing, veroweringsoorloë en onderwerping. Daar word beweer dat die geskiedskrywing van die blankes onbetroubaar en eensydig is. Die Bantoe hou 'n eie visie daarop na.

/Hierdie.....

---

1. Coetsee. Die vraag na 'n moontlike nuwe benadering van Geskiedenis as skoolvak. Historia. Nr. 1. Maart 1964, p.6.
2. Ibid., p.7.
3. Van Jaarsveld, Visies op die Suid-Afrikaanse geskiedenisbeeld, Historia. IX, nr. 2. Julie 1964, p.103.
4. Coetsee, op. cit., p.7.

Hierdie visie berus op 'n ekonomiese basis: na die Boerefeudalisme volg die Britse stedelike kapitalisme wat opgevolg sal word deur Bantoe-sosialisme.[1)]

Die leerlinge moet ook kennis neem van hierdie Geskiedenisbeeld van die Bantoe. Die voorgestelde leergang hou hiermee rekening.

(2) Die doelstellings impliseer ook oorspronklikheid van die kant van die leerlinge asook die vermoë om die geskiedenis te sien in die lig van 'n lewende verlede wat 'n bepalende faktor vir die hede is.[2)] Dit sal tewens ook 'n groter doelbewustheid en koersvastheid in sowel die persoonlike as nasionale en kulturele lewe gee.[3)]

(3) Die aankweek van gesonde burgerskap[4)] is as doelstelling voorgestel, maar veel meer nadruk moet op burgerskap gelê word.[5)] Dit sal in die voorgestelde leergang plaasvind want die Eietydse Geskiedenis sal burgerkunde gedurig onder die aandag bring.

(4) Die studie van Vaderlandse Geskiedenis is 'n voorvereiste van gesonde burgerskap want dit verduidelik aan die leerlinge die ontstaan en betekenis van huidige staatsinstellinge. Dit verklaar ons bevolkingstruktuur met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike implikasies.[6)] Die vaderlandse geskiedskrywing behandel ook al die bevolkingsgroepe wat 'n rol gespeel het en nog speel in die opbou van ons land.[7)]

(5) As doel is gestel dat rassewording toegelig word.[8)] Namate ons nywerheidsontwikkeling gedurende die dertigerjare in tempo toegeneem het, vind die Bantoetrek na die stede in toenemende mate plaas. Daardeur het die kwessie van rasseverhouding al hoe meer in ons land na vore getree.

/Dog.....

---

1. Van Jaarsveld. Visies op die Suid-Afrikaanse geskiedenisbeeld. Historia, IX, nr. 2, Junie 1964, p.106.
2. de Kock, W.J. Geskiedenis - 'n inleidende woord. Historia, IX, nr. 3, September 1964, p.173.
3. Thorn, H.B. Die posisie van Geskiedenis as skoolvak. Historia, X, nr. 3, September 1964, p.169.
4. Skrywer sou graag 'n kort kursus in burgerkunde vir elke standerd in die middelbare skool wil aanbeveel. Dit is glo nie moontlik om die leergange van die middelbare skool nog verder te belas nie.
5. Smit. Die leerplanne in Geskiedenis. Historia, IX, nr. 3. September 1964, p.177.
6. Ibid., p.178.
7. Ploeger. 'n Terugblik en perspektiewe in verband met Geskiedenishandboeke in ons middelbare skole. Historia. IX, nr. 2. Junie 1964,pp.92 en 94.
8. Ibid., p.92.

Dog Suid-Afrika het ook groot reservate vir die Bantoe geskep en is besig om tuislande daar te stel. Die leerlinge moet hierdie geskiedenis ken en die implikasies begryp wat hy self belewe.[1)]

(6) Geskiedenis moet ook meehelp tot die ontstaan en ontwikkeling van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing by die leerlinge. By die aanwending van die tentatiewe leergang moet 'n eie lewens- en wêreldbeskouing volg, hetsy deur die pragmatiese wat in die geskiedskrywing verskuil is,[2)] hetsy deur die kontak wat hulle met die sienswyse van historiese persoonlikhede maak.

(7) Die leerstof moet die denke van die leerlinge prikkel. Hulle moet redeneer. Die tentatiewe leergang behandel sake van die dag. Dit sal lei tot 'n wyer en intelligenter belangstelling ten opsigte van die vak. Ook sal dit tot die denkende leerlinge deurdring dat hulle aan 'n propagandabombardement onderwerp word wat gerig is op die omverwerping van die bestaande wêreldorde en die vestiging van 'n nuwe wêreldorde. Onder die dekmantel van internasionalisme word subtiel gestrewe om die huidige bedeling wat nog op godsdienstige, etnies-kulturele tradisioneel-nasionale beginsels gefundeer is, omver te werp. Word die denke nie ontwikkel nie, dan sal vyandige propaganda vreemde denkfondamente lê sodat 'n vreemde koers in die denke ingeslaan word.[3)]

(8) Oriëntering. Die leerlinge sal by die aanwending van die tentatiewe leergang opnuut georiënteer word. Die afgelope twee dekades moes Geskiedenis intens met die "praktiese" vakke van die middelbare skool meeding. Die voorgestelde leergang stel geen utopiese nutswaarde van Geskiedenis in die vooruitsig nie, dog dit wil die memorisering van feite verminder en die eksaminering wysig.

(9) Wêreldgeskiedenis.

Die insluiting van wêreldgeskiedenis in die leergang word deur ander instansies aanbeveel.[4)] Ten eerste lewe Suid-Afrika nie in afsondering

/van die.....

---

1. Smit. Die leerplanne in Geskiedenis. Historia. IX, nr. 3. September 1964, p.179.
2. van Wyk, T. The re-interpretation of History. Historia, IX, nr. 2, Junie 1964, p.87.
   Van Jaarsveld, Visies op die Suid-Afrikaanse geskiedenis, Historia, X, nr. 2, Junie 1964.
3. Coertze, P.J. 'n Prinsipiële en feitelike inleiding tot die studie van die bevolkingsverhoudingvraagstuk in Suid-Afrika. Tydskrif vir Rasseaangeleenthede. XVII, nr. 2. April 1966, pp.4 en 5.
4. Ploeger. 'n Terugblik en perspektiewe in verband met Geskiedenis-handboeke in ons middelbare skool. Historia, X, nr. 2. Junie 1964, p.93.
   Smit. Die leerplanne in Geskiedenis. Historia, IX, nr. 3. September 1964, p.179.

van die res van die wêreld nie. Inteendeel, gedurende die afgelope drie eeue het Suid-Afrika vaste skakels met die Ooste en Wes-Europa bekom. Daarbenewens het die strategiese ligging van die Kaap en die toenemende belangrikheid van die onafhanklike Afrika-state die belangstelling van die groot moondhede in die gebeure van Suid-Afrika gaande gehou. Wat die studie-onderwerpe in die Wêreldgeskiedenis betref, kan onderwerpe wat oor Liberalisme en die ontwikkeling van die Britse Ryk gaan, verminder word.[1)]

(10) Eietydse Geskiedenis.

Meer en meer persone is dit eens dat Eietydse Geskiedenis ingesluit word.[2)] Op skool moes Geskiedenis as 'n meer praktiese studie aangebied word wat aan die adolessent die wêreld daarbuite behoorlik kan interpreteer sodat hy die nuusberigte beter kon begryp. Die Eietydse Geskiedenis verloen 'n nuwe aansien en bekoring. Onderwerpe soos toestande in Afrika, die mag van die Afro-Asiatiese groep en die gedaanteverwisseling wat die Britse Gemenebes asook die V.V.O. ondergaan het, moet bestudeer word.[3)]

(11) Seleksie deur leerlinge.

Die voorgestelde leergang is baie omvattend. Die leerlinge moet derhalwe self studie-onderwerpe kies wat hulle nader wil bestudeer. Hierdie beginsel behoort die leerlinge te aktiveer om selfstandig te werk, bronne te bestudeer, probleme op te los, gevolgtrekkings te maak en om nuwe take aan te durf.[4)]

(12) Interpretasie van die geskiedenis.

Dit is stellig 'n gemeenplaas om te beweer dat die leerlinge aan hulleself rekenskap van die geskiedenis moet gee. Met gebruikmaking van 'n stel historiese feite moet die leerlinge deur middel van die historiese verbeelding hulle geskiedenis interpreteer.[5)] Hoe moeilik en hoe onvolmaak dit ook al mag wees, dit het waarde. Miskien is dit een van die

/min gevalle.....

---

1. Smit, op. cit., p.179.
   "Besluite geneem by die Geskiedeniskonferensie te Stellenbosch op 11 April 1964." Historia, IX, nr. 3. September 1964, p.183.
   Ploeger, op. cit., p.96.
   Smit, op. cit., p.180.
   van der Schyff, P.F. Doktore doen dan niks verder. Die Beeld. 29 Maart 1970.
3. Smit, op. cit., p.180.
4. Ibid., p.181.
5. van Wyk. The re-interpretation of History, Historia. IX, nr. 2. Junie 1964, p.86.
   Coetsee. Die vraag na 'n moontlike nuwe benadering van Geskiedenis as skoolvak. Historia, IX, nr. 1. Maart 1964, p.2.

min gevalle waar kennis en vaardigheid deur Geskiedenis opgedoen, oordraagbaar is en in die praktiese lewe nutswaarde het.[1] Dit sal ook in 'n sekere mate die leerlinge los maak van die dwingende van die handboeke veral losmaking van die denkwyse en denkgewoontes wat handboekskrywers gedurende hulle lewensjare ontwikkel het.[2]

(13) Belangstellingsfere.

Die voorgestelde leergang sal die leerlinge in die geleentheid stel om na gelang van hul milieu, aard en opvoeding in bepaalde rigtings belang te stel en navorsing te doen. Daar sal stellig kinders uit Christelike huise wees van wie die ouers Kellerman se "Die Klippe Roep Dit Uit" gelees het, wat die eietydse gebeurtenisse en opgrawings in die Bybellande wil bestudeer.[3] So ook sal kinders van wie die ouers in die argeologie belang stel, nuus in die koerante en oor die radio oor argeologiese ontdekkings betekenisvol inneem. Daar die Afrikaner politiek bewus is en daar die koerante en radio die gedagtewéreld van die leerlinge met politieke toespelinge binnedring, sal die voorgestelde leergang help om sake van die dag vir leerlinge verstaanbaarder te maak.[4]

Die talle ensiklopedieë wat tans in die skool en in die huis beskikbaar is, sal vir die leerlinge 'n ware skatkamer van kennis en genot wees. "Historia", "Historia Junior" en allerlei tydskrifte wat geskiedenisonderwerpe behandel, sal met meer belangstelling gelees word.

(14) Historiese insig.

Skrywer is van mening dat die doelstelling om 'n mate van historiese insig by die leerlinge te ontwikkel, deur die invoering van die voorgestelde leergang moontlik is. Die leerlinge maak vir hulleself 'n opvatting of voorstelling van die geskiedenisverhaal. Hulle benader die geskiedenis as werklikheid vanuit hulle standpunt oor of opvatting van die geskiedenis. Vanuit hierdie standpunt interpreteer hulle die verlede, en dit laat hulle sekere gebeurtenisse of feite onderstreep of benadruk, terwyl ander weer in die skaduwee gestel word.[5]

/(f) Metodiek.....

---

1. De Kock. Geskiedenis - 'n Inleidende woord. Historia, X, nr. 3. September 1964.
2. Ploeger, J. 'n Terugblik en perspektiewe in verband met Geskiedenishandboeke in die middelbare skool. Historia. IX, nr. 2. Junie 1964, pp.90, 91 en 95.
3. Van Wyk. The re-interpretation of History. Historia, X, nr. 2. Junie 1964, p.86.
4. Dagbreek, Groen moet sy geskiedenis beter ken, 22 Feb. 1970. Transvaler, H.N.P.-berig onjuis, sê dr. Retzee, 21 Februarie 1970.
5. Coetsee. Die vraag na 'n moontlike nuwe benadering van Geskiedenis as skoolvak. Historia, X, nr. 1. Maart 1964, p.2.

(F) Metodiek van onderrig.

Van die volgende algemene metodes kan gebruik gemaak word:

(1) Die globale metode waarin die voorgeskrewe periodes in hul geheel gesien kan word.

(2) Die konsentriese metode waarby daar by herhaling dieper en dieper op die leerstof ingegaan word.

(3) Die kronologies-progressiewe metode waar by die verlede begin word en na die hede gewerk word.

(4) Die biografiese metode.

(5) Besondere metodes van onderrig kan aangewend word soos die vertelmetode, raamwerkmetode, ontwikkelinglynmetode, sintetiese metode, bakenmetode, probleemmetode, die naspeuring van oorsake en gevolge, nagaan van strominge en die boek- en leerboekmetode.

(G) Hulp- en leermiddels.

Hulpmiddels soos die bestudering van bronne, die gebruik van leerboeke, die biblioteek, tydkaarte, kategetiese hulpmiddels, aantekenings, films, die radio, museums en dies meer kan aangewend word.

(H) Die opstelling van 'n leergang vir die skool:

Die opstelling van 'n Geskiedenisleergang word toevertrou aan die personeellede wat Geskiedenis doseer.

G SAMEVATTING

Hierdie voorgestelde leergang maak daarop aanspraak dat die leerlinge self onder die besef sal geraak dat daar nie so iets soos "ware geskiedenis" is nie, dat daar nie 'n fotografiese reproduksie van die verlede bestaan nie. Hulle sal deur selfstudie tot die slotsom geraak dat geskiedenis geïnterpreteer word en dat historiese verbeelding aangewend word om van die onvolledige en verspreide brokstukke of spore van die verlede 'n historiese beeld te bou.

H SLOT

Ter afsluiting word weer eens gestel dat die voorgaande Geskiedenisleergang geen aanspraak daarop maak dat dit volledig is nie. Die opstelling van so 'n leergang is die taak van 'n breë komitee. Indien die voorgestelde leergang as 'n aanduiding van die rigtingslyne by die opstelling van 'n nuwe Geskiedenisleergang vir die Transvaalse middelbare onderwys kan dien, dan is dit die skrywer se beskeie mening dat dit sy doel bereik het.

BYLAE 1

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

FINALE LEERGANG VIR GESKIEDENIS STS. VI - VIII
UITGEGEE 1967 [1]

Geskiedenis berus op die begrip van oorsaak en gevolg, die begrip van tyd en die begrip van waardes van 'n juiste verslag. As hierdie begrippe ontwikkel word, beskik die leerling oor die toerusting om die vraagstukke wat hulle voordoen, te verstaan.

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Om die verlede aan te bied as die "lewende verlede". - Om 'n denkbeeld van die erfenis van die verlede en die ontwikkeling van die teenwoordige te vorm.

Om die politieke, maatskaplike en ekonomiese gebeure van die verlede te verstaan en te bestudeer, en die leerling se uitsig op die moderne wêreld te verruim.

Om in 'n mate daardie hoedanighede en waardes wat 'n studie van geskiedenis by elke leerling behoort te bevorder, te ontwikkel, bv. 'n begrip van tyd en verhouding; 'n kritiese benadering van moderne toestande en leefwyse; die vermoë om homself deur middel van die gesproke of geskrewe woord helder uit te druk; om verdraagsaam en onpartydig in sy oordeel te wees; om hom te help om die wisselwerking tussen oorsaak en gevolg te begryp.

Om by die leerling 'n waardering vir geskiedenis in te skerp om hom sodoende toe te rus om die hedendaagse vraagstukke en twispunte te begryp.

Om 'n waardering vir sekere fundamentele waardes en ideale, soos geregtigheid en vryheid, aan te kweek deur die studie van die mens en van volkere oor 'n lang tydperk.

Om die verbeelding te prikkel en die leerling die geleentheid te bied om hom te verplaas na die opvattings en gebeurtenisse van die verlede.

Om die leerling deur die studie van geskiedenis te laat kennis maak met mense wie se lewens en prestasies sy eie persoonlikheid ten goede kan beïnvloed.

Om hom genoegsaam toe te rus om die ontwikkeling van openbare sake in sy eie land te begryp.

Om hom met die belangrikste gebeurtenisse en strominge in die jongste tyd en hul invloed op die huidige Suid-Afrika, bekend te stel.

Om hom bewus te maak van sy voorregte en pligte as 'n burger van die Republiek.

2/.....

1. Spelling en leestekens onveranderd.

Om sy insig te verdiep sodat politieke, maatskaplike en ekonomiese aangeleenthede betekenis en waarde vir hom kan hê.

Om 'n blywende belangstelling in geskiedenis te bewerkstellig sodat die leerling as volwassene nog geskiedenis sal lees.

ALGEMENE OPMERKINGS:

1. Die kursus is opgestel met die doel om aan leerlinge 'n duidelike beeld te gee van die belangrikste kenmerke van ons hedendaagse wêreld soos gevorm deur strominge wat hul veral in die lande van Wes-Europa, Noord-Amerika en Suid-Afrika gedurende die afgelope eeue laat geld. Hierdeur word die studieveld ten opsigte van beide die vaderlandse en die algemene geskiedenis uitgebrei tot die twintigerjare van die twintigste eeu, en in sekere gevalle tot die hede.

2. Hierdie doel kan verwesenlik word deur die bestudering van belangrike strominge wat in die vorm van studie-onderwerpe aangegee kan word. Elke stroming behoort in breë trekke behandel te word. Klem behoort slegs op die belangrikste kenmerke van 'n beweging gelê te word; oordrewe aandag aan onbelangrike besonderhede moet vermy word aangesien so 'n benadering belangstelling doodmaak en verveling in die hand werk.

3. Die studie van elke beweging behoort ten doel te hê om aan leerlinge 'n begrip te gee van die onderlinge verband tussen 'n aantal aaneenskakelende feite en van ontwikkelingsgang as 'n proses. Verder behoort dit die oordeelvermoë te bevorder en goeie menslike verhoudinge aan te kweek.

4. Gebeurtenisse in Suid-Afrika behoort met die buitelandse geskiedenis in verband gebring te word en, waar moontlik, behoort die leerstof ook by die jongste gebeure ingeskakel te word. Daarbenewens behoort die verband tussen die gebeure in die verskeie Suid-Afrikaanse strominge aangedui te word sodat hulle in die lig van 'n wyer samehang gesien kan word.

5. 'n Aantal vraagstukke het ontstaan as gevolg van die inskakeling van die nie-Blanke in ons ekonomiese, maatskaplike en staatkundige lewenspatroon. Studie-onderwerpe wat daarop betrekking het, is derhalwe in die kursus opgeneem.

6. Opleiding in die gebruik van die regte studiemetodes is van ewe veel belang as die verwerwing van kennis. Werkmetodes wat selfstandige studie kan bevorder, behoort gevolglik aangewend te word. Ten einde hierdie doel te verwesenlik, behoort leerlinge toegang tot 'n goed toegeruste naslaanbiblioteek te hê. Verder behoort hulle leiding te ontvang terwyl hulle gegewens vir 'n voorgestelde taak bymekaar bring en hulp te verkry wanneer hulle die gegewens vir 'n bepaalde doel opstel. Voldoende geleentheid behoort geskep te word vir afsonderlike projekte en take in die loop van die studiejaar, ook ten opsigte van die betekenis van bestaande monumente.

7. Die sillabus bestaan uit twee afdelings:
   1. Algemene Geskiedenis
   2. Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

8. Die leerstof vir die Universiteitstoelatingskursus en die standerd X-kursus is dieselfde; differensiasie moet in die aanbieding en die meting geskied.

3/.....

ERGANG VIR GESKIEDENIS: STANDERDS VI, VII EN VIII

IVERSITEITSTOELATINGSKURSUS EN STANDERD X-KURSUS

ANDERD VI

. ALGEMENE GESKIEDENIS

(a) Die Ou Beskawings in die ontwikkelingsgang van die mens, veral met betrekking tot die volgende:
(i) Die ontwikkeling van skr f en skryfmateriaal.
(ii) Die totstandkoming van o s alfabet.
(iii) Die ontwikkeling van die landbou en die wetenskap (mediese ingesluit); verwys bv. na Egipte, Mesopotamië.
(iv) Die ontwikkeling van die Kunste:
(1) Boukuns, bv. piramide, Hangende Tuine van Babel, Salomo se tempel, Akropolis, Rome,
(2) Skilderkuns en Beeldhoukuns,
(3) Letterkunde.

(b) Die stigting en groei van die Christelike Kerk.

(c) Die Middeleeue en die Renaissance: algemene kenmerke en invloed (saaklik).

. SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS: ONS LAND EN SY MENSE

(a) Hersiening van die werk in die Primêre Kursus deur 'n legkaart (aankoms en verspreiding) van ons bevolking:
Nederlanders en Duitsers
Hottentotte en Boesmans
Negerslawe
Kleurlinge
Franse
Maleiers
Bantoes
Britte
Indiërs
Uitlanders
Immigrante (huidige).

(b) Meer gevorderde behandeling van die volgende onderwerpe in die ontwikkeling van ons land:
(i) Van Riebeeck: sy betekenis.
(ii) Simon van der Stel : immigrasie, uitbreiding, landbou, Kaap-Hollandse boustyl.
(iii) W.A. van der Stel : veeboerdery, Adam Tas.
(iv) Tulbagh : verligte despoot, verfraaiing van Kaapstad.
(v) Die eeu van die veeboer en ontmoeting met die Xhosa.
(vi) Die einde van die N.O.I.K. en die oorname van die Kaap deur Brittanje.

TANDERD VII

ALGEMENE GESKIEDENIS

(i) Die Godsdienshervormers, bv. Luther, Calvyn, Zwingli, Knox, Jesuïete.

(ii) Die eeu van ontdekkingsreise en kolonisasie : Portugese, Spaanse, Engelse, Nederlandse.

(iii) Die ontstaan van die Verenigde State van Amerika: Die kolonisasie tot en met die Amerikaanse Vryheidsoorlog.

4/.....

2. SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

(i) Die Britse Setlaars van 1820.
(ii) Britse beleid ten opsigte van die Hottentotte, die Bantoe en slawe.
(iii) Uitbreiding noordwaarts : Die Groot Trek. Stigting van die Boererepublieke en die tydperk van die Presidente.
(iv) Die ontdekking van goud: Kruger, Steyn, Rhodes, Milner : Die Tweede Vryheidsoorlog en die heropbou onmiddellik daarna.

STANDERD VIII

1. ALGEMENE GESKIEDENIS

(i) Die Franse Rewolusie en Napoleon.
(ii) Die Nywerheidsomwenteling in Engeland; in Suid-Afrika na 1910.
(iii) Die verdeling van Afrika. Die ontstaan van onafhanklike swart state im Afrika en die R.S.A. se betrekkinge met hulle.
(iv) Die Verenigde Volkere Organisasie.

2. SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

(i) Vroeëre federasiepogings en die totstandkoming van die Unie, met besondere verwysing na persone wat 'n leidende rol gespeel het. (Die grondwet van die Unie uitgesluit).
